

6.39 718 28

U.V.S. BIBLIOTEK

o' a k T

University Free State



34300000734925

Universiteit Vrystaat

**GRAMMATIKALE EN LEKSIKALE VERSKYNSELS
IN DIE AFRIKAANS
VAN 'N GROEP TSWANASTUDENTE
IN KIMBERLEY**

JOHANNA ELIZABETH CORNELIA BESSINGER

**verhandeling voorgelê om te voldoen
aan die vereistes vir die graad**

MAGISTER ARTIUM

IN DIE

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE

DEPARTEMENT AFRIKAANS EN NEDERLANDS EN MODERNE

EUROPESE TALE

AAN DIE

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

Studieleier: Dr. A.S de Wet
Medestudieleier: Dr. A.G. Jenkinson

Mei 2001

Universiteit van die
Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

28 JAN 2002

UOVS SASOL BIBLIOTEK

Geldelike steun van die National Research Foundation vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet nie beskou word as dié van die NRF nie.

BEDANKINGS

My opregte dank gaan aan:

Dr. A.S. de Wet vir haar bekwame leiding, aanmoediging en geduld.

Dr. A.G. Jenkinson vir sy hulp en bystand as medestudieleier.

Mev. L. Ingram vir die Engelse vertaling van die opsomming.

'n Spesiale woord van dank aan:

My man, Gael, vir sy volgehoue onderskraging, bystand en opofferings.

My kinders vir hulle belangstelling en aanmoediging, in die besonder, Lynn en Danie, sonder wie se hulp ek nie sou klaargekry het nie.

Lana Coetzee en my ander kollegas vir hulle belangstelling en hulp.

My studente vir hulle bereidwilligheid om saam te werk.

My Hemelse Vader sonder wie ek tot niks in staat is nie.

Kimberley

Mei 2001

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

HOOFSTUK 1: ALGEMENE OORSIG

1.1	Probleemstelling	1
1.2	Doel van ondersoek	2
1.3	Aktualiteit van ondersoek	2
1.4	Hipoteses	4
1.5	Opsomming van hoofstukke	5
1.6	Afkortings	6

HOOFSTUK 2: DIE TSWANATAALGEMEENSKAP 7

2.1	Doelwitte	7
2.2	Inleiding	7
2.3	Historiese agtergrond	8
2.4	Huidige omstandighede	13
2.5	Linguistiese gegewens	17
2.6	Die houding van die Tswana teenoor Afrikaans	19

HOOFSTUK 3: NAVORSINGSPROSEDURE 21

3.1	Voorafstudie	21
3.2	Die proefgroep	22
3.3	Dataversameling	23
3.4	Dataverwerking	24

HOOFSTUK 4: TAALVERANDERING EN TAALKONTAK 25

4.1	Inleiding	25
4.2	Faktore wat taalverandering beïnvloed	26
4.3	Uiteenlopende sienings in verband met taalverandering	29
4.4	Taalkontak	31
4.4.1	Ontlening	32
4.4.2	Taalversteuring	35
4.4.2.1	Intertaalteorie	37
4.4.2.2	Die invloed van die T1 op die T2-aanleerproses	38
4.4.2.3	Taalverskuiwing	39
4.4.2.4	Pidginisering	42
4.4.2.5	Redes waarom taalverskuiwing plaasvind	45
4.4.2.6	Verspreiding van variasievorme deur 'n gemeenskap	49
4.5	Die Afrikaans van die Tswanagemeenskap	52
4.6	Ten slotte	54

HOOFSTUK 5: MORFOLOGIESE KENMERKE 55

5.1	Die nomen	57
5.1.1	Meervoudsvorming	57
5.1.1.1	Verwarring tussen enkelvouds- en meervoudsvorming	57
5.1.1.2	Dubbele meervoudsformans	62
5.1.1.3	Verdere variante meervoudsvorme	65
5.1.1.4	Die goed -kontruksie	67
5.1.1.5	Die gebruik van spanne	69
5.1.2	Verkleining	71
5.1.3	Komposita	75
5.1.4	Afleiding	78
5.2	Die voornaamwoord	81

5.3	Die adjektief	85
5.3.1	Fleksievorme	85
5.3.1.1	Attributiewe gebruik	85
5.3.1.2	Predikatiewe gebruik	87
5.3.1.3	Vergelykingskonstruksies	87
5.3.2	Afleiding	88
5.4	Die adverbium	89
5.5	Die werkwoord	91
5.5.1	Hiperkorrekte ge	91
5.5.2	Ge- by onskeibare werkwoorde	92
5.5.3	Ge- by die kombinasie van skakel- en hoofwerkwoorde	92
5.5.4	Weglaat van ge- by die verlede tyd	93
5.5.5	Die deeltjiewerkwoord	94
5.6	Woordsoortelike meerfunksionaliteit	96

HOOFSTUK 6: SINTAKTIESE VERSKYNSELS 99

6.1	Voorsetselgebruik	99
6.1.1	Voorsetseltoevoeging	100
6.1.2	Voorsetselweglating	100
6.1.3	Setselskeiding	102
6.1.4	Setselherhaling	103
6.1.5	Saam met- konstruksie	105
6.1.6	Voorsetselkeuse	108
6.1.7	Die vir- konstruksie	112
6.2	Voornaamwoordgebruik	119
6.2.1	Persoonlike voornaamwoord	119
6.2.2	Besitlike voornaamwoord	125
6.2.3	Betreklike voornaamwoord	131
6.2.4	Anaforiese gebruik van die voornaamwoord	134

6.3	Negativering	136
6.3.1	Weglating	137
6.3.2	Negatiefintensiveerders	138
6.3.3	Te veel negatiefelemente	138
6.3.4	Plasing	139
6.4	Infinitiefkonstruksie	140
6.4.1	Weglating van te	140
6.4.2	Deeltjiewerkwoord met om te	142
6.4.3	om te as vaste konstruksie	142
6.4.4	Woordordevariasie	143
6.5	Die lidwoord	145
6.5.1	Weglating van die lidwoord	145
6.5.2	Toevoeging van die lidwoord	149
6.5.3	Verdere variante gebruik van die lidwoord	152
6.6	Die werkwoord	154
6.6.1	Die passiefkonstruksie	154
6.6.2	Medewerkwoorde	158
6.6.3	Werkwoordfleksie	167
6.6.4	Tempus: kopulakonstruksie met wees	169
6.6.5	Tempus: werkwoord het	170
6.7	Sinsvolgorde	173

HOOFSTUK 7:LEKSIKALE VARIASIE 181

7.1	Leksikon	182
7.1.1	Nomina	182
7.1.2	Adjektiewe	184
7.1.3	Adverba	188
7.1.4	Werkwoorde	194
7.2	Uitdrukkings	209

7.3	Die invloed van Engels	225
7.4	Flaaitaal	234
HOOFSTUK 8: SLOT		240
8.1	Inleiding	240
8.2	Bevindings	240
8.3	Gevolgtrekkings	242
8.4	Slotopmerkings	244
8.5	Moontlike terreine vir verdere studie	246
BYLAAG 1	Opstelle en transkripsies	247
BYLAAG 2	Vraelys	274
BIBLIOGRAFIE		277
OPSOMMING		292

HOOFSTUK 1 : ALGEMENE OORSIG

1.1 Probleemstelling

Kenmerkend van die taalsituasie in Suid-Afrika is die wye verskeidenheid van bevolkingsgroepe wat voorkom en tale wat gepraat word. Die gevolg hiervan is dat die sprekers van verskillende tale in gedurige taalkontak verkeer. Dit is onvermydelik dat hierdie kontak 'n invloed op die onderskeie tale sal uitoefen.

In hierdie ondersoek word die Afrikaans van 'n groep Tswanastudente aan die Phatsimang Onderwyskollege in Kimberley ondersoek. Vir die doel van hierdie ondersoek sal voortaan na hierdie groep se taal verwys word as Tswana-Afrikaans (TswaA). Hierdie groep verkeer in 'n komplekse taalsituasie omdat hulle voortdurend in kontak is met sprekers van verskillende variëteite en tale. Afrikaans is die taal met die hoogste aantal sprekers in Kimberley, naamlik 49,9 persent van die totale bevolking (figuur 2, p.17). Die studente word dus aan verskeie variëteite van Afrikaans blootgestel: binne die kollege is dit **Standaardafrikaans** (vanaf die dosentekorps) terwyl hulle in die wyer omgang (op sosiale vlak) met **Kaapse Afrikaans** en **Oranjerivierafrikaans** - terme wat deur Van Rensburg (1989:438) gebruik word - in kontak is. Die studente het verder kontak met Tswanas wat moedertaalsprekers van Afrikaans is en wat ook 'n **variëteit van Afrikaans** praat. In die studente se kontak met blankes word **gepidginiseerde Afrikaans** dikwels gebruik en in die omgang met ander studente word soms van **groepstaal** (straattaal en flaaitaal) gebruik gemaak. Verder is hulle huistaal **Tswana** of **Afrikaans** of 'n kombinasie van die twee. 'n Hele aantal studente het ook **Xhosa** as huistaal. Op skool en in die Onderwyskollege is die onderrigmedium **Engels**, wat aan hulle 'n groter woordeskat in Engels as in Afrikaans besorg. TswaA weerspieël die invloed van hierdie verskillende variëteite en tale waarmee hulle daaglik in aanraking kom.

1.2 Doel van ondersoek

Hierdie ondersoek het ten doel om:

1. die Afrikaans van 'n groep Tswanastudente aan die Phatsimang Onderwyskollege in Kimberley te ondersoek en 'n beskrywing daarvan te gee op grammatikale en leksikale vlak;
2. die tipiese kenmerke en patroonmatigheede van TswaA vas te stel;
3. die geskrewe en gesproke vorme van hierdie taalvorm met Standaardafrikaans te vergelyk om vas te stel of ons inderdaad hier met 'n variëteit te make het;
4. om die invloed van kontak met ander tale en variëteite daarvan (ontlening en taalversteuring) op die ontstaan en voortbestaan van dié taalvorm te probeer vasstel ten einde 'n volledige beeld te gee van die faktore wat hierdie variëteit help vorm het;
5. 'n databasis saam te stel wat in die onderrigsituasie gebruik kan word.

1.3 Aktualiteit van ondersoek

Die noodsaak van hierdie ondersoek kan op meer as een vlak onderskei word.

Eerstens hou dit verband met die beskrywing van Afrikaans soos dit gepraat word deur al sy sprekers: "n Beskrywing van die variërende aard van Afrikaans is belangrik in die nuutstandaardisering van Afrikaans op 'n breër variasiebasis as wat tans die geval is" (Stander & Jenkinson 1998:34). In hierdie ondersoek na die Afrikaans van die groep Tswanastudente word aangesluit by die beskouing van die Variasietalkunde dat 'n taal uit al die variëteite van sy sprekers bestaan. 'n Polilektiese grammatika behels die beskrywing van soveel variëteite van 'n taal as moontlik. Afrikaans word as sambreelterm beskou vir die onderskeie variëteite van Afrikaans. (Du Plessis 1988:2,13). Du Plessis (1989:472) onderskei tussen 'n primêre en

sekondêre taalgemeenskap. Die Tswanastudente maak hoofsaaklik deel uit van die sekondêre taalgemeenskap van Afrikaans; die niemoedertaalsprekers wie se taal 'n sekere variëteit in die intertaalgradering is. (Vergelyk die bespreking oor intertaal in 4.4.2.1.) Daar is ook studente vir wie Afrikaans 'n huistaal is en alhoewel hulle nie Standaardafrikaans praat nie, maak hulle dus deel uit van die primêre taalgemeenskap van Afrikaans. Met die optekening van die variante van Standaardafrikaans soos wat dit in TswaA na vore kom, kan die databasis van die opgetekende spreektaalvorme van Afrikaans aanmerklik vergroot word. "Die opteken van besondere taagebruiksdata in verband met Afrikaans is 'n terrein wat baie verwaarloos word" (Van Rensburg 1984:9). Die besondere kreatiwiteit wat die Tswanastudente openbaar in die skep van nuwe uitdrukkings en leksikale items, kan dien tot verryking van die Afrikaanse woorde- en idioomskat.

Volgens die variasiebenadering word die variante van 'n taal as gelykwaardig beskou. Hierdie studie kan dus dien om 'n groter bewuswording van en sensitiwiteit en waardering vir hierdie variëteit te kweek by diegene wat met die studente gemoeid is. Dit kan weer daartoe lei dat die studente Afrikaans met groter vrymoedigheid sal gebruik en sodoende nader aan Standaardafrikaans beweeg.

Hierdie beskrywing van die Afrikaans van 'n deel van die Afrikaanse taalgemeenskap lewer ook 'n bydrae op die terrein van taalverandering. Wanneer diachronies na taalverandering gekyk word, is dit duidelik dat binne taalkontaksituasies ontlening en taalversteuringsprosesse 'n wesentlike bydrae tot taalverskuiwing en dus taalverandering lewer (Raidt 1994:17-32; Ponelis 1988:119-130). Grebe (1998:109) beklemtoon weer die belang daarvan om verwante variëteite as 'n pakket te ondersoek, aangesien tale wat in kontak verkeer 'n belangrike bron van taalverandering is. Kontinue variasie kom in elke variëteit voor wat die oordrag en verspreiding van taalverandering meebring.

Hierdie studie kan ook 'n bydrae lewer op die terrein van die onderrig van Afrikaans in 'n multikulturele klaskamer. Deur onlangse studies (Au 1993) is bevind dat in die onderrig aan 'n minderheidsgroep of 'n groep wat 'n niestandaardvariëteit gebruik, die betrokke groep se variëteit en kulturele agtergrond in die klaskamersituasie in ag geneem moet word. Deur die

studente aan die Phatsimang Onderwyskollege se kultuur en daarmee gepaardgaande taalvorm in 'n groter mate in ag te neem, sal groter sukses behaal word om hulle te begelei na die gebruik van Standaardafrikaans in gepaste situasies.

Volgens Van Rensburg is een van die probleme met taalkunde-onderrig dat dit uiters gekompartementaliseerd aangebied word. Deur dan data van niestandaardvariëteite, soos byvoorbeeld die Afrikaans van die Griekwas - of in hierdie geval die Afrikaans van die Tswanas - as studie-onderwerp te neem, verdwyn baie van die kompartementgrense vanself. "Sosiale omstandighede, bevolkingsverspreiding, historiese prosesse, geografiese invloede, ens. kan nou met die taalkunde geïntegreer word in beskrywings waar die verhouding standaard - niestandaardtale die vertrekpunte vorm" (Van Rensburg 1984:8).

'n Studie van 'n aanleedersvariëteit werp lig op sekere faktore wat 'n rol speel by tweedetaalverwerwing en die strategieë wat niemoedertaalsprekers aanwend om te vergoed vir hulle ontoereikende kennis van die doeltaal (De Wet 1998:156). Die data wat met hierdie ondersoek versamel is, sal dus vir dié doel beskikbaar gestel kan word.

Laastens kan hierdie ondersoek dien as vertrekpunt vir verdere studie. Hieroor sal in die slot (8.5) verder uitgewy word.

1.4 Hipoteses

In hierdie verhandeling sal die volgende hipoteses ondersoek word:

1. Die Tswanas van Kimberley praat 'n vorm van Afrikaans wat op verskillende linguistiese vlakke van Standaardafrikaans verskil.
2. Daar is linguistiese kenmerke wat hierdie groep sprekers as 'n gemeenskap bind. Hierdie kenmerke word op onder andere die morfologiese, sintaktiese en leksikonvlak aangetref.

3. As niemoedetaalsprekers van Afrikaans vertoon die vorm van Afrikaans wat hulle gebruik kenmerke van aanleedersvariëteite.
4. Hierdie groep sprekers verkeer in 'n kontaksituasie met sprekers van Standaardafrikaans, gepidginiseerde Afrikaans, Engels, Griekwa-Afrikaans asook Kaapse Afrikaans, en TswaA weerspieël hierdie kontak.
5. Moedertaalinterferensie vind neerslag in hulle gebruik van Afrikaans.

1.5 Opsomming van hoofstukke

In hoofstuk 1 word die **probleemstelling, doelwitte, aktualiteit** van die ondersoek en die **hipoteses** uiteengesit.

In hoofstuk 2 word 'n oorsig oor die **Tswanagemeenskap** in Kimberley gegee. 'n Kort historiese oorsig word as agtergrond geskets en verder word sosiolinguistiese en linguistiese gegewens verskaf.

Die **navorsingsprosedure** word in hoofstuk 3 uiteengesit.

In hoofstuk 4 word **taalverandering en taalkontakprosesse** onder die vergrootglas geplaas.

In hoofstukke 5, 6 en 7 word die **morfologiese, sintaktiese en leksikale** kenmerke van Tswana-Afrikaans onderskeidelik bespreek.

Die slot volg in hoofstuk 8 waarin die **doelwitte en hipoteses** weer van nader beskou word en die **bevindinge en gevolgtrekkings** uiteengesit word.

1.6 Afkortings

Die volgende afkortings word gebruik:

Tswana-Afrikaans	TswaA
Standaardafrikaans	SA
Oranjerivierafrikaans	ORA
Griekwa-Afrikaans	GA
Swartafrikaans van die Vrystaat	SwAV
Richtersveld-Afrikaans	RA
eerste taal	T1
tweede taal	T2
omgangstaal	Om

Opmerkings

In hierdie studie word die term **Tswana** gebruik om na die taalgroep, sowel as die taal te verwys. Die term **Setswana** sal net gebruik word indien 'n skrywer wat van hierdie term gebruik maak, aangehaal word.

Die afkorting **TswaA** verwys na die Afrikaans wat deur die proefgroep van Phatsimang Onderwyskollege gepraat word en wat 'n deelversameling van die Tswanagemeenskap in Kimberley is.

HOOFSTUK 2 : DIE TSWANATAALGEMEENSKAP

2.1 Doelwitte

Die doel met hierdie hoofstuk is om:

1. 'n kort historiese agtergrond van die Tswana te gee om sodoende die invloed wat die verloop van hulle geskiedenis op hulle taalgebruik en taalvoorkeure gehad het, toe te lig,
2. die sosio-ekonomiese agtergrond van die huidige bevolking te skets,
3. linguistiese gegewens in verband met die taalgemeenskap te verskaf en
4. die houding van die Tswana teenoor Afrikaans te bepaal.

2.2 Inleiding

In 'n linguistiese dissipline soos die Sosiolinguistiek is 'n beskrywing van die taalgemeenskap van belang. "Taal is 'n kommunikatiewe gebeure tussen mense in 'n bepaalde sosiale verband". Sosiolinguistiek is dus "die studie van taalgebruik binne die konteks van die gemeenskap en sy kultuur" (Du Plessis 1988 :76).

Spraak word bepaal en beperk deur die gemeenskap waarbinne taal gebruik word. Dit is die hegte band wat tussen taal en gemeenskap bestaan wat die grondslag vir die Sosiolinguistiek vorm.

Daar bestaan uiteenlopende menings onder linguiste oor die presiese betekenis en omvang van die begrip "taalgemeenskap". Sommige linguiste beklemtoon die sosiale, terwyl ander die taalkundige of die geografiese aspekte beklemtoon. Hier sal volstaan word met die volgende omskrywing van Du Plessis: "'n groep sprekers wat van dieselfde linguistiese kode van 'n taal gebruik maak in hul onderlinge kommunikasie en wat ook op sosiale (ingeslote geografiese) gebied heelwat gemeen het" (Du Plessis 1988:38).

Volgens Trudgill (1995:15) het die taalgemeenskap die volgende effek op taalgebruik:

Die **fisiese omgewing** waarin die gemeenskap woon, word in die taalgebruik gereflekteer, veral in die leksikon.

Die **sosiale omgewing** kan ook in byvoorbeeld verwantskapsbenaminge 'n invloed uitoefen.

Die **waardes** van 'n gemeenskap kan ook 'n effek hê op sy taalgebruik, byvoorbeeld sekere woorde wat as taboe beskou word.

Geen taalvorm kan behoorlik verklaar word sonder inagneming van historiese faktore, lokaliteit en funksie nie. "Any attempt to understand communication patterns in a community must begin with data on the historical background of the community, including the settlement history, sources of population, history of contact with other groups, and notable events affecting language issue or ethnic relations" (Saville-Troike 1997:130). Sy gaan verder en noem ander sake wat vir enige etnografiese navorsing oor kommunikasie relevant is, naamlik 'n algemene beskrywing wat topografiese kenmerke, lokalisering van belangrike bakens, bevolkingsverspreiding en -digtheid, bewegingspatrone, bronne en plekke van werkverskaffing, godsdienstige affiliasie en inskrywings by opvoedkundige instellings insluit.

2.3 Historiese agtergrond

In die geskiedenis van die Tswanas van Kimberley het verskeie faktore daartoe bygedra dat hierdie groep met vele volke in aanraking gekom het.

Vervolgens word 'n kort oorsig oor die geskiedenis van die gedeelte van die Tswanabevolking wat in en om Kimberley gevestig is, gegee. Die doel hiermee is om te probeer vasstel waar hulle vandaan gekom het, waarom hulle in hierdie gebied gevestig geraak het en om sodoende die variëteit wat deur hulle gepraat word in die regte perspektief te stel.

Thomason & Kaufman (1988:4) beweer “the history of a language is a function of the history of its speakers, and not an independent phenomenon that can be thoroughly studied without reference to the social context in which it is embedded”.

Die tydperk voor die ontdekking van diamante

Hoewel die feite oor die herkoms van die Tswana nie geboekstaaf is nie, is die algemeen aanvaarde opvatting dat hulle oorspronklik afkomstig is van die Groot Mere-gebied van Oos-Afrika (Erasmus 1978:20). Die Tswanas het Suid-Afrika in die loop van die 16de eeu uit die huidige Botswana binnegetrek en in 'n groot aantal onafhanklike stamme versplinter. Die Tswanas bestaan uit meer as vyftig stamme waarvan die Tlhaping, die Tlharo en die Rolong die belangrikste stamme is wat in Noord-Kaapland woonagtig is (Bruwer 1956:37).

Die geskiedenis van die Tswana word gekenmerk deur interne versplintering en verdeling wat die ontstaan van talle onafhanklike hoofmanskappe tot gevolg gehad het (Maylam 1989:44). Die woorde “Tswana” werp volgens Erasmus lig op die etniese en kulturele omstandighede waarin die Tswanas hulleself bevind. Die woord is vermoedelik afgelei van ba + itswana (betswana) wat die “kleintjies wat hulle afskei” beteken. Dit blyk dat die benaming 'n bewys is van hulle neiging om etnies te fragmenteer eerder as om te integreer en groter eenhede te vorm (Erasmus 1978:20).

Hoewel die Tswanastamme nooit 'n politieke eenheid gevorm het nie, handhaaf hulle wel noue kulturele bande. Dit blyk onder meer uit die feit dat die talle Tswana-dialekte in baie gevalle slegs in geringe mate van mekaar verskil.

Daar is talryke bewyse van die Tswana se interaksie met naburige Khoisangroepe. Die Rolong was in konflik met die Kora, 'n Khoigemeenskap, terwyl die Tlhaping weer 'n beleid van vreedsame naasbestaan gevoer het. Teen die middel van die 18de eeu het die dominante Tlhaping-afstammeling huweliksalliansies met die leier-Korafamilies aangegaan. Ook van die Nguni het tussen die Tlhaping inbeweeg en hulle taal en kultuur oorgeneem, maar hulle identiteit as onafhanklike hoofmanskappe behou (Maylam 1989:46).

Die gebied wat in die vroeë 19de eeu deur die suidelike Tswana bewoon is, is in die suidooste deur die Vaal- en Oranjeriviere, en in die noordweste deur die Kalahari-woestyn begrens. Dit was 'n droë gebied, maar daar was tog volop wild. Die suidelike Tswana was hoofsaaklik jagters en veeboere. Volgens Shillington (1985:11) sou dit misleidend wees om aan te neem dat die suidelike Tswanagemeenskap in die vroeë 19de eeu 'n bestaansekonomie bedryf het. Dit was 'n surplusproduserende ekonomie en die vee-eienaars kon die surplus vir kapitale goedere en "weelde-artikels", soos ysterimplemente, koper en tabak, verhandel. Teen die laat 18de eeu het die suidelike Tswana reeds 'n aktiewe handel met die Kora en die Griekwa aan hulle suide ontwikkel.

Een van die hoofredes vir die behoud van die eenheid in die Tswanageledere kon moontlik hulle kontrole oor die handel tussen die noorde en die suide gewees het. Toe die handel in ivoor en vuurwapens in die vroeë 19de eeu toeneem en die Tswana nie langer in staat was om 'n dominerende beheer daaroor te behou nie, het die stamme verder versplinter. Shillington (1985:16) en Maylam (1989:47) maak ook melding van oorlogvoering tussen die Tswana-hoofmanskappe teen die einde van die 18de en vroeë 19de eeu. As moontlike oorsaak hiervoor word wrywing as gevolg van 'n tekort aan landbougrond en weiding en die groeiende handel tussen verskillende stamme, genoem.

Hierdie gebrek aan eenheid en samehorigheid het die Tswana besonder weerloos gemaak tydens die *difaqane*, 'n tydperk in die geskiedenis wat gekenmerk is deur botsings tussen verskeie swart stamme en wat 'n kettingreaksie van oorlogvoering met gepaardgaande politieke, ekonomiese en sosiale ontwigting en hergroepering tot gevolg gehad het (Van Aswegen 1989:248). Die *difaqane* het veral 'n verwoestende uitwerking op die Tswana gehad. Behalwe die aanvalle deur ander swart stamme wat die suidelike Tswana tydens hierdie tydperk die hoof moes bied, is die Tlhaping en Tlharo ook deur goedbewapende groepe Kora en "Bergenaar" Griekwas vanaf die Oranjerivier en Langeberg aangeval. Die beweegrede was hoofsaaklik 'n stryd om gebiedsbesit en dit het bygedra tot die finale versplintering van die suidelike Tswana (Shillington 1985:12).

Die ontdekking van diamante

In 1867 is diamante naby die plek waar die Vaal- en Oranjerivier byeenkom, ontdek. Dié gebied is bewoon deur ongeveer 3 000 Griekwas, klein groepies Khoi (Kora), Tswana (Barolong en Bathlaping) en groepe Boere met hulle arbeiders. Een van die onmiddellike gevolge van die ontdekking van diamante was die ontstaan en vinnige groei van Kimberley, genoem na die Britse Koloniale Sekretaris. Duisende mense van alle rasse en agtergrond en van beide binne en buite die grense van die kolonie het na die gebied gestroom. Binne 'n paar jaar het die bevolking tot oor die 30 000 aangegroei. Meer as twee derdes hiervan was swart en bruin mense. Kimberley het naas Kaapstad tot Suid-Afrika se grootste dorp gegroei (Pampallis 1991:17).

Sommige van die mense het vir kort tydperke in Kimberley gebly en weer vertrek. Soos die tyd verloop het, het van die swart mense, veral dié wat nie mynwerk verrig het nie, hulle in Kimberley gevestig. Teen 1880 was daar 9 000 swart mense wat permanente inwoners van Kimberley was. Hulle het die middelpunt van 'n nuwe swart werkersklas gevorm (Pampallis 1991:18). Volgens Shillington (1985:61) was die suidelike Tswana van Griekwaland-Wes die eerste slagoffers van die uitbreiding van die koloniale regering ná die begin van die mynbouevolusie. Kimberley se bevolking moes gevoed word en die swart en blanke boere kon voordeel trek uit die nuwe mark wat ontstaan het. 'n Nuwe klas swart kleinboere het ontstaan, ook onder die Tlhaping van Griekwaland-Wes. Melk, vee en graan is in groot hoeveelhede aan Kimberley en omliggende dorpe gelewer. Sommige van die Tlhaping, onmiddellik noord van Kimberley, het vuurmaakhout, asook dekgras met waens na Kimberley vervoer. (Pampallis 1991:19). Soos wat die bedrywighede op die delwerye gevorder het, was daar al hoe minder plek vir die groot getalle klein delwers wat hulle geluk daar kom beproef het.

Kimberley ná die ergste stormloop verby was

Kimberley van die 1890's het feitlik onherkenbaar verander van die mynplakkersdorp wat so vinnig in die vroeë 1870 ontstaan het. Teen 1890 was Kimberley 'n maatskappydorp, oorheers deur een groot maatskappy, De Beers Consolidated Mines Limited. Die stigter, Cecil John

Rhodes, het eers die klein delwers en daarna die baie ander klein maatskappye opgekoop. Dit het voorspoed vir die diamantbedryf tot gevolg gehad (Willan 1984: 28).

Hierdie ontwikkeling in die diamantbedryf het die karakter van die dorp Kimberley verander. Die inwonertal het verminder en dele van die dorp was feitlik verlate. Baie mense is genoodsaak om die dorp te verlaat en elders 'n heenkome te soek. Die meeste van die ongeskoolde arbeid is deur swart trekarbeiders verskaf. Die "old roughness", soos een vername besoeker aan Kimberley dit in 1894 gestel het, is vervang deur "order and comfort". Kimberley was nie langer 'n kamp vir avontuursoekers nie, "but a town inhabited by intelligent people who read and study". Die openbare biblioteek was volgens die mening van 'n ander waarnemer wat baie gereis het, "one of the largest and best stocked that I saw in the Colonies" (Willan 1984:28).

Afgesien van duisende trekarbeiders wat in kampongs gehuisves is, was Kimberley die tuiste van 'n groter en meer permanente bevolking van Indiërs, bruin en swart mense. Laasgenoemde was in digbewoonde residensiële gebiede (lokasies) wat rondom die vier groot myne ontstaan het, woonagtig. Hulle het meestal geld verdien deur kleinskaalse handel, deur huishoudelike arbeid vir die dorp se blanke bevolking te verrig, of deur vir De Beers of die Kimberley Munisipaliteit te werk.

Onder hierdie gemengde groep van ongeveer 20 000 mense was 'n groep bestaande uit 'n paar honderd swart mense wat 'n gemeenskaplike agtergrond gedeel het, naamlik sendingonderwys. 'n Groep jong swart mans wat hulle opleiding in sendingskole soos Lovedale en Healdtown in die Oos-Kaap ontvang het, het na Kimberley gekom om o.a. as onderwysers, in die polisie diens, as klerke, maar veral in die Kimberley Poskantoor of as tolke vir die hof te kom werk. Sommige van die beste tolke in die Suid-Afrikaanse howe was Tswanas. Onder hierdie groep was 'n jong Tswana, Solomon Plaatje, wat as skrywer, joernalis, politieke segsman en leier van sy mense 'n groot rol sou speel in die sosiale en politieke lewe van sy volk (Willan 1984:29).

2.4 Huidige omstandighede


Inwonertal

Volgens gegewens wat van Makroplan (1995) verkry is, het Kimberley 'n inwonertal van plus minus 167 060 wat saamgestel is soos op die volgende grafieke aangedui word..

In die volgende grafieke word net beduidende getalle wat vir die ondersoek van belang is, in ag geneem.

Persentasieverspreiding van bevolkingsgroepe in Kimberley

Figuur 1



(Bron: Makroplan – Oktober 1995)

Die swart bevolkingsgroep maak die grootste deel, naamlik 51,5% van die bevolkingsamestelling van Kimberley uit, teenoor die blankes wat 20% en die kleurlinge wat 27,7% verteenwoordig. In die lig van die historiese agtergrond van die Tswana is dit duidelik waarom daar so 'n groot Tswanabevolking in Kimberley saamgetrek is.

Woongebied en sosio-ekonomiese omstandighede

Tans woon die meeste Tswanas in Galeshewe, 'n stedelike gebied wat ongeveer 100 jaar gelede ontstaan het en 'n oppervlakte van 1200 ha beslaan (Johnson 1984:6). Voor die instelling van die beperkende groepsgebiedewetgewing het die swart bevolking gebiede soos Greenpoint, Malay-Camp en Kenilworth bewoon.

Galeshewe is vernoem na 'n Tswana-kaptein wat in 1897 die Langeberg-rebellie gelei het. Volgens oorlewering is hierdie onsuksesvolle rebellie ontketen deur 'n bevel deur die regering van die Kaapkolonie dat alle vee van kant gemaak moes word om te verhoed dat die gevreesde runderpes onder die vee epidemiese afmetings aanneem. Die opstand is onmiddellik onderdruk en kaptein Galeshewe is gevange geneem.

Die naam Galeshewe (soos Soweto) sluit 'n aantal woonbuurtes in, byvoorbeeld Vergenoeg, Ipopeng, Rederile, Kwanobantu en Retshwelele. Tans het Galeshewe 'n inwonertal van nagenoeg 100 000. Op 1 Desember 1983 het Galeshewe die eerste outonome swart stadsraad in die Republiek van Suid-Afrika gekry. Onder die nuwe bedeling het hierdie stadsraad ontbind.

Daar is 'n hele aantal stadsbeplanningsmaatskappye werksaam in Galeshewe en verskeie meesterplanne vir die ontwikkeling van die gebied is aan die gang. Die ontwikkeling van die gebied het onvermydelik die ekonomiese en sosiokulturele ontwikkeling van die inwoners bevorder. Sommige inwoners het geleidelik wegbeweeg van die ou "lokasie-tipe"-nedersetting en beter huise wat aan aanvaarbare standarde voldoen, begin oprig.

Gemeenskapsfasiliteite soos gemeenskapsale, sportfasiliteite, crèches, ouetehuse, klinieke, 'n sakekern, poskantoor, riolering, water- en elektrisiteitsvoosiening is ontwikkel. In Galeshewe alleen is daar 23 laer- en 9 hoërskole, 1 tegniese kollege en 1 onderwyskollege. Die studente wat as proefgroep gebruik is, is almal studente aan hierdie onderwyskollege. Phatsimang Onderwyskollege is in 1984 gestig en in 1997 is dit met Perseverence Onderwyskollege geamalgameer.

Die statistiese gegewens wat tydens die 1996-sensusopname verkry is in verband met die inkomste, beroepe en professionele kwalifikasies van die inwoners van Galeshewe korreleer glad nie en is dus nie geskik vir gebruik nie. Volgens inligting wat van Makroplan, stads-en streeksbeplanners wat steekproewe in Galeshewe uitgevoer het, verkry is, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die grootste persentasie van die inwoners van Galeshewe, soms tussen 90% en 100% in sekere woongebiede, in die lae inkomstegroep val.

Die swak sosio-ekonomiese toestande gee aanleiding tot werkloosheid met gevolglike armoede en swak maatskaplike toestande. Hierdie omgewing waarin die meeste van die studente grootword, word in baie van hulle vertellings en taalgebruik weerspieël.

Familiename

“Die grootste invloed gaan uit van die taal wat deur die ekonomies, militêr of kultureel sterkste groep gepraat word” (Odendal 1983:27). Hierdie waarheid blyk ook in die naamgewing onder die Tswanas van Kimberley.

Opvallend is die groot aantal Afrikaanse vanne, soos Du Preez, Louw, Wessels, Barnard, Basson en andere wat onder die Tswanas van Kimberley voorkom. Dit getuig van langdurige kontak met Afrikaanssprekendes, asook van die invloed wat die blankes as werkverskaffers in die Tswana se verlede gespeel het, aangesien hierdie vanne heel waarskynlik van die blanke werkgewers oorgeneem is.

'n Ander opvallende verskynsel in die naamgewing van die Tswana is die baie Afrikaanse dierename wat as vanne voorkom, byvoorbeeld Buffel, Bosvark, Olifant, Seekoei, Leeu, Harnoster, Hartbees, Bobbejaan, Steenbok, Duiker, Skilpad, Springbok, Wildebees en Jakkals. Tswana-inwoners van Kimberley by wie die ondersoeker navraag gedoen het, kon self nie hiervoor 'n verklaring verskaf nie. Volgens Peires (1986:45) het die bande van verwantskap onder die Tswana alle verwante huisgesinne omvat en volwasse mans met nou verwantskapsbande het 'n geslagslyn uitgemaak. Die meeste mense kon hulle geslagslyn nie verder as die sewende of agtste generasie terugvoer nie, maar hulle het elkeen met dieselfde

familienaam, lofuitinge en totemdier as familie aanvaar. Soos wat die politieke gemeenskappe onderverdeel het, het die onderskeie groepe soms wel die oorspronklike naam (van die totemdier) behou (Omer-Cooper 1989:15).

Die Tswanas is verdeel in sowat 25 totemgroepe wat elk met 'n spesifieke dier geïdentifiseer word. Lede van dieselfde totem erf hulle affiliasie in die manlike lyn en kon binne hulle eie totemgroep trou (West & Morris 1984:120). Erasmus beskryf hierdie selfde verskynsel by die Hurutshe, een van die Tswanagroepe. Daar bestaan 'n mistieke verband tussen die mens en sekere diersoorte en daar is sekere verbodsbepalings wat in verband met die totemdier nagekom moet word. Dit is byvoorbeeld taboe om die vleis van die totem te eet, aan hom te raak of sy vel te gebruik. Die eland (phofu) was die oorspronklike totem van die Hurutshe, maar is later as totem deur die bobbejaan (tshwene) vervang. Hierdie gebruike word nie meer onder die jonger geslag volgehou nie (Erasmus 1978:44).

Waarom die dierename verafrikaans is, is nie seker nie, maar by navraag word telkens verwys na ander Tswana-vanne wat verafrikaans of verengels is om beter werksgeleenthede onder blankes te bekom of om as kleurlinge geklassifiseer te word weens soortgelyke redes. As voorbeeld word die Tswana-vanne Mtimkhulu wat Grootboom geword het en Mogatle wat McGulty geword het, aangehaal. 'n Ander moontlike rede vir die Afrikaanse vanne is dat die blanke werkgewer die van nie kon, of wou reg uitspreek nie en dit toe self verander het tot iets wat naastenby soos die oorspronklike van klink. Volgens die familietradisie het Solomon Plaatje se oupa op 'n Afrikaanssprekende Griekwaboer se grond gebly. As gevolg van die vorm van sy kop of die feit dat hy so kort was, of omdat die boer die familienaam, Mogodi, nie kon of wou uitspreek nie, het hy hom "Au Plaatje" genoem. Dié naam het behoue gebly. (Willan 1984:10).

Uit hierdie gegewens blyk die groot rol wat die stryd om ekonomiese voortbestaan in die Tswanas van Kimberley se leefwyse gespeel het. Om te kon oorleef, was hulle genoodsaak om aan te pas by die kulturele omstandighede van die blanke werkgewers en dit het ook die gebruik van Afrikaans ingesluit.


2.5 Linguistiese gegewens

Anders as wat miskien vermoed word in 'n stedelike gebied soos Kimberley met 'n sterk veeltalige verlede, blyk dit uit die jongste sensusopname (1996) dat Afrikaans die taal is wat deur die grootste persentasie van die bevolking gepraat word.

Figuur 2

Persentasieverspreiding van huistaal in Kimberley

Figuur 2




(Sensusopname 1996)

Volgens die grafiek is Afrikaans die huistaal van die grootste groep sprekers, naamlik 49,9% van die totale bevolking, gevolg deur Setswana met 32,9%, terwyl slegs 7,6% Engelssprekend is. Hierdie getalle is 'n aanduiding van die groot invloed wat Afrikaans op die swart stedelinge van Kimberley het.

Figuur 3

Persentasieverspreiding van huistale onder die drie grootste bevolkingsgroepe in Kimberley

Figuur 3



(Sensusopname 1996)

As die huistale van die drie grootste bevolkingsgroepe vergelyk word, is dit insiggewend dat 20% van die swart bevolkingsgroep Afrikaans as hulle huistaal aandui, terwyl slegs 7% Engelssprekend is. Onder die kleurlingbevolking is 86% en onder die blankes 79,7% Afrikaanssprekend. Dit dui weereens op die groot invloed wat daar vanuit die Afrikaanssprekende gemeenskap op die Tswana kan inwerk.

2.6 Die houding van die Tswanas teenoor Afrikaans

“Wanneer die spektrum van taalgedrag beskryf word, is dit in die reël onlosmaakbaar verbonde aan bepaalde houdings van die sprekers” (Platt en Platt 1975:52 soos deur Van Rensburg 1983:12 aangehaal). In ’n empiriese ondersoek na die stand van Afrikaans onder die Tswanas van Kimberley wat in 1989 vir sy M.A.-verhandeling deur P.J.Badenhorst gedoen is, het hy die volgende bevindings gemaak. Daar is bevind dat Afrikaans redelik vry as omgangstaal deur die Tswanas gebruik word. By heelwat respondente het tog ’n duidelike negatiewe houding teenoor Afrikaans na vore gekom. Baie beskou Afrikaans slegs as ’n brood-en-botter-taal waarmee geld verdien word en waarin hulle met blanke werkgewers kommunikeer, en nie as ’n noodsaaklikheid vir hoër opvoedkundige kwalifikasies nie. Afrikaans word dus eerder om praktiese oorwegings as uit vrye keuse gebruik (Badenhorst 1989:79).

Hierteenoor tree Engels sterk op die voorgrond as die taal wat as skryf- en prestigetaal ’n prominente plek in hulle ervaringswêreld inneem. Die meeste respondente verkies Engels, met Afrikaans in die tweede plek, bo ’n Afrikataal as skoolvak en onderrigmedium vir die hoër primêre en sekondêre skoolfase.

Die volgende redes, waarvan baie stereotipies is, word vir die houding teenoor Afrikaans aangegee:

1. Afrikaans is die taal van die onderdrukker.
2. Afrikaans is ingewikkeld terwyl Engels as makliker ervaar word.
2. Afrikaans hoef nie as skoolvak geneem te word nie, want blanke leerlinge neem nie ’n Afrikataal op skool nie.
4. Afrikaans word net in Suid-Afrika gepraat, terwyl Engels ’n wêreldtaal is.

'n Ander remmende faktor is die feit dat die onderwysers wat Afrikaans as tweede taal aanbied, meestal nie moedertaalsprekers is nie. Weens hul onvermoë om die taal vlot en vloeiend te gebruik, vind hulle dit moeilik om in die tweede taal te kommunikeer en daardeur kommunikasievaardighede oor te dra. Die vak word ook afgeskeep as gevolg van die feit dat daar dikwels nie genoegsame voorsiening op die skoolrooster vir Afrikaans ingeruim word nie. Stander ondervind dieselfde probleem in Qwaqwa, naamlik dat die onderwysers wat Afrikaans as T2 onderrig, self T2-sprekers van Afrikaans is (Stander 1998:5).

Die beleid van die vorige Departement van Onderwys en Opleiding het allermens bygedra tot die bevordering van Afrikaans. Onderwysers en leerders het in baie gevalle 'n weerstand teen Afrikaans ontwikkel omdat dit om politieke redes op die swart leerders afgedwing is in plaas daarvan dat dit toegelaat is om op 'n natuurlike wyse te ontwikkel en so tot sy reg te kom (Badenhorst 1989:30).

Die finale bevinding aangaande die Tswana se houding teenoor Afrikaans is dat die taal nie 'n groot aanhang onder die Tswanas het nie ten spyte daarvan dat so 'n groot persentasie dit as hulle huistaal aangedui het. Afrikaans en die moedertaal verkeer dus in 'n redelik swak posisie teenoor Engels, waarvan die gewildheid aan die toeneem is.

Die navorser het self nog nie 'n sterk negatiewe houding teenoor Afrikaans onder die studente ervaar nie, hoewel Engels tog in die algemeen 'n hoër status geniet. Dit is waarskynlik omdat Engels as onderrigmedium 'n groter woordeskat- en taalkennis tot gevolg het sodat die student die vrymoedigheid het om die taal vir hoër funksies aan te wend. Engels geniet voorkeur in vergaderings en vir byvoorbeeld afkondigings, terwyl Afrikaans weer die taal is wat as omgangstaal diens doen en wat die meeste in gesprekke tussen die studente gehoor word. Dit sal insiggewend wees om weer 'n empiriese ondersoek te doen om vas te stel of daar sedert Badenhorst se werk in 1989 'n verandering in die houding van die Tswanas teenoor Afrikaans ingetree het.

HOOFTSUK 3 : NAVORSINGSPROSEDURE

Die doel met hierdie hoofstuk is om die navorsingsprosedure uiteen te sit. Die proefgroep word beskryf, sowel as die metodes van dataversameling en -verwerking.

3.1 Voorafstudie

As dosent in Afrikaans by die Phatsimang Onderwyskollege het die navorser die geleentheid om oor lang tydperke in noue kontak met die studente te verkeer en sodoende 'n vertrouensverhouding op te bou wat weer bevorderlik is vir dataversameling.

Uit waarneming wat uit gesprekke met studente en uit geskrewe werk van die studente gemaak is, het die vermoede ontstaan dat ons hier met 'n variëteit van Afrikaans te make het wat hoofsaaklik as gevolg van veelvuldige inwerking van ander tale, variëteite en omgewingsfaktore ontstaan het. "Random sampling" het gelei tot 'n volskaalse ondersoek. Uit hierdie voorlopige data is (i) unieke kenmerke (ii) ooreenstemming met Kaapse Afrikaans en (iii) ooreenstemming met Oranjerivierafrikaans opgeteken.

Verskeie werke van ander taalvariasieondersoeke is bestudeer. In verband met die Afrikaans van Afrikataalsprekers is A.H. Klopper se M.A.-verhandeling (1981) met die titel **Die stand van Afrikaans onder die Suid-Sotho in die R.S.A.: 'n sosiolinguistiese ondersoek**, geraadpleeg. Deur middel van fouteanalise word die fonologiese, sintaktiese, morfologiese en leksikale afwykings in die Afrikaans van die Suid-Sotho ondersoek en met SA vergelyk. In E. Stoltz se M.A.-verhandeling (1982), **Gepidginiseerde Afrikaans in wit-swart-interaksie** word die Afrikaans wat Afrikaanse moedertaalsprekers teenoor Afrikataalsprekers gebruik, beskryf.

As voorbeeld van Kaapse Afrikaans is die werk van E.F.Kotzé **Afrikaans in die Maleierbuurt: 'n Diachroniese perspektief** en **Kleurling-Afrikaans: Die taal van die Griekwas en Rehobothbasters** deur J.H. Rademeyer (1938), asook H. Dreyer se M.A.-verhandeling (1986), **Die beskrywing van Kaapse Afrikaans as 'n variëteit van Afrikaans**, bestudeer.

Die Afrikaans van die Griekwas van die Tagtigerjare, 'n RGN-ondersteunde ondersoek wat onder leiding van M.C.J. van Rensburg (1984) deur die Universiteit van die Oranje-Vrystaat onderneem is, asook die M.A.-verhandeling van J.J. Fourie (1985), **Aspekte van die Afrikaans van Riemvasmakers** waarin hy die Afrikaans van dié groep met veral SA en GA vergelyk, is as voorbeelde van Oranjerivierafrikaans bestudeer. In A.S. de Wet se Ph.D.-proefskrif (1996) **Swartafrikaans as 'n aanleedersvariëteit in die Vrystaat: 'n studie aan die hand van intertaalteorie** vergelyk sy sekere aspekte van Swartafrikaans as 'n aanleedersvariëteit met Griekwa-Afrikaans as 'n moedertaalvariëteit van Afrikaans.

Ander taalvariasieondersoeke wat onder andere in oënskou geneem is, is die volgende: M. Stander se M.A.-verhandeling (1990) **Sosiolinguistiese variasie en aspekte van die fonologiese en grammatiese realisering daarvan in Afrikaans** en W.J. Bezuidenhout se M.A.-verhandeling (1992), **'n Studie van hedendaagse Oosgrensafrikaans**.

3.2 Die proefgroep

Die proefgroep bestaan uit geselekteerde studente (getalle word in 3.3 Dataversameling verskaf) tussen die ouderdom van 18 en 30 jaar wie se huistaal Tswana is. Al die segspersone het in Kimberley of onmiddellike omgewing grootgeword of skoolgegaan. Almal is of was ingeskrewe studente van Phatsimang Onderwyskollege en het dus standerd tien geslaag. Vraelyste is gebruik om die segspersone te identifiseer (sien Bylaag 2) sodat die proefgroep uit 'n redelik homogene sosiale groep bestaan.

Daar is gekonsentreer op dié informante wat aangedui het dat hulle 'n redelik vlot vertelling in Afrikaans kan doen en wat gewillig was om te praat. Sommige van die informante wat Tswana as huistaal aangedui het, het later erken dat hulle nie seker is of Afrikaans of Tswana hulle huistaal is nie, aangesien hulle die tale om die beurt by die huis gebruik wanneer daar met verskillende ouers gekommunikeer word.

Die opnames is in al die gevalle in klasverband in redelik klein groepies gemaak; dus vir die informante in 'n natuurlike omgewing. Hudson (1980:144) bevind "it is important that all the speech should be collected under the same circumstances, so far as this is possible".

3.3 Dataversameling

Die data wat vir die ondersoek gebruik word, is op die volgende wyse versamel:

3.3.1 Opnames

Die ondersoek is gebaseer op dertig bandopnames van onderhoude met dertig verskillende studente. Mondelinge data is deur middel van gestruktureerde onderhoude, informele vertellings en gesprekke met studente verkry.

Vir die opnames is hoofsaaklik van 'n Sanyo M-1119 kassetopnemer op TDK-D 60-kassetbande gebruik gemaak.

3.3.2 **Geskrewe data** is uit eksamenvraestelle en toetse van honderd proefpersone verkry. Dit sluit skeppende werk, soos opstelle, briewe, dialoë en die beantwoording van letterkundevrae in. Daar is gekonsentreer op werk wat in die eksamen gelewer is, aangesien dit as gevolg van die tydsfaktor meer spontane skryfwerk oplewer as byvoorbeeld in voorbereide werk in die klassituasie.

3.3.3 Van **vraelyste** is soos volg gebruik gemaak:

- 1) om die proefgroep te identifiseer,
- 2) as kontrolemiddel om vas te stel of sekere leksikale items en uitdrukkings idiolekties is en of dit aan ander lede van die proefgroep bekend is en/of deur hulle gebruik word.

- 3) In die geval van groeptaal is data hoofsaaklik vanaf vraelyste wat anoniem beantwoord is, verkry (sien bylae 2) aangesien die meeste studente onwillig is om sleng te gebruik, veral as hulle waargeneem word. In hierdie geval is slegs van data met 'n hoë gebruiksfrekwensie gebruik gemaak.

Uit die aard van die navorser se langdurige kontak met die segspersone word sekere taalverskynsels wat gereeld voorkom en deel van die studente se omgangstaal is, ook soms by die data gevoeg en met (Om) aangedui. Slegs die ondersoeker het as veldwerker opgetree.

3.4 Dataverwerking

Breë transkripsies is op konvensionele manier van die opnames gemaak, aangesien fonetiese gegewens nie vir die doel van hierdie navorsing van toepassing was nie. Daarna is die mondelinge sowel as die skriftelike data op morfologiese, sintaktiese en leksikale vlak ontleed. Die variëteit Tswana-Afrikaans is deurgaans vergelyk met SA en ander variëteite, soos Griekwa-Afrikaans en Kaapse Afrikaans. Daar is ook aandag gegee aan die rol van moedertaalinterferensie en die invloed van Engels op TswaA.

HOOFSTUK 4 : TAALVERANDERING EN TAALKONTAK

Die doel met hierdie hoofstuk is om 'n oorsig oor taalverandering, met besondere verwysing na taalkontakprosesse, te gee om sodoende die variëteit Tswana-Afrikaans, wat hoofsaaklik die gevolg van taalkontak is, in die regte perspektief te stel.

4.1 Inleiding

Een van die belangrikste feite in verband met menslike taalgebruik is dat dit gedurig aan die verander is. Ou variëteite sterf uit, nuwes ontstaan, uitspraak verander, nuwe woorde en konstruksies word aanvaar en oues aangepas by nuwe gebruike. Soms is die verandering vinnig, ander kere neem dit dekades of selfs eeue om te voltrek en op enige gegewe tydstop is sommige linguistiese strukture aan die verander, terwyl ander stabiel bly. Milroy sien dit soos volg:

“change seems to be inherent in the nature of language: there is no such thing as a perfectly stable human language” (Milroy 1992:1).

Tale verander nie vanself nie, want 'n taal is gekoppel aan sy sprekers: “language without speakers do not change” (Trudgill 1992:vi in Milroy). Namate die behoeftes van sy sprekers verander, sal daar nuwe eise aan die taal gestel word as dit die primêre funksie as kommunikasiemiddel doeltreffend wil verrig. Elke nuwe geslag sprekers en elke individuele spreker moet die taal van voor af verwerf, gebruik en oordra.

“A language changes as a result of what its speakers do to it as they use it to speak to one another in everyday face-to-face interactions” (Trudgill 1992: vi).

Dit is ook waar dat 'n taal op enige gegewe tydstop veranderlik is. Tale is nooit uniforme entiteite nie; dit kan geografies of sosiolinguisties varieer in ooreenstemming met die konteks of situasie waarin dit gebruik word (Milroy 1992:1).

Ontwikkeling of verandering in 'n taal is dikwels onvoorspelbaar en onverklaarbaar. 'n Nuwe verskynsel kan byvoorbeeld in die taalgebruik van 'n individu of van 'n klein groepie sprekers voorkom en binne 'n betreklik kort tydperk oor 'n hele taalgebied versprei. Daar kan egter ook bepaalde faktore wees wat so 'n verskynsel teëwerk sodat dit in omvang beperk bly en mettertyd heeltemal verdwyn (Raidt 1991:171).

Voordat die werklike taalveranderingsprosesse ondersoek word, sal eers kortliks na die redes vir taalverandering gekyk word.

4.2 Faktore wat taalverandering beïnvloed

Volgens Aitchison word daar reeds van die vroegste tye af deur linguïste gespekuleer oor die oorsake van taalverandering. "In the past, language change has been attributed to a bewildering variety of factors ranging over almost every aspect of human life, physical, social, mental and environmental" (Aitchison 1998:105).

Aitchison verdeel die oorsake vir taalverandering in twee breë kategorieë: eksterne sosiolinguïstiese faktore, dit is sosiale faktore wat buite die taalsisteem lê en interne psigolinguïstiese faktore, naamlik linguïstiese en psigologiese faktore wat uit die taalstruktuur voortvloei en wat in die denke van die sprekers gesetel is (Aitchison 1998:106).

Odendal (1985:27) verdeel ook die faktore wat op taalverandering inwerk in twee kategorieë, naamlik eksterne en interne faktore.

Eksterne faktore

Eerstens verander taal soos wat die **behoefte van sy sprekers** verander. Taal dien as instrument vir sy sprekers in 'n veranderende samelewing en wanneer sprekers van 'n taal in ander omstandighede beland, byvoorbeeld van woongebied verander, sal die behoeftes van sy sprekers verander aangesien vreemde lewensaspekte benoem moet word (Odendal 1985:27). Volgens Aitchison (1998:117) is dit veral die leksikon wat hierdeur beïnvloed word. 'n Studie

van variëteite bied 'n interessante kyk na waarom sommige ou vorme in gebruik gebly het, terwyl ander in onbruik geraak het.

Tweedens bring **taalkontak** met groepe en volke wat ander tale praat ook verandering mee. Volgens sommige linguïste vind die meeste taalveranderinge as gevolg van die infiltrasie van vreemde elemente in die taal plaas (Aitchison 1998:110). Volgens Odendal (1985:27) gaan die sterkste invloed meestal uit van die taal van die groep wat ekonomies, militêr of kultureel die sterkste is, hoewel die swakker groep ook invloed op die taal van die sterker groep kan uitoefen. Die vernaamste faktore wat hier ter sprake is, is **ontlening** en **taalversteuring**. Dit word later in taalkontak (4.4) verder bespreek.

Interne faktore:

In die afwesigheid van bogenoemde eksterne faktore, verander tale nogtans. Oor die dieperliggende oorsake van interne taalverandering is ons nog maar swak ingelig en bly ons in gebreke om dit te verklaar (Odendal 1985:28).

Sommige taalkundiges het geglo dat taalverandering in 'n **bepaalde rigting** geskied. Edward Sapir bespreek in sy werk Language (1921) die verskynsel van variasie tussen dialekte binne 'n taal. Volgens hom is daar 'n gelykmakende invloed aan die werk binne tale; 'n invloed wat gedurig besig is om dialektologiese verskille uit te stryk en om variasies terug te bring na die standaardvorm. Hy stel dit dus duidelik dat taal in 'n sekere rigting beweeg afgesien van die willekeurige individuele variasie in taalverwerwing. "Language moves down time in a current of its own making. It has a **drift**. If there were no breaking up of a language into dialects, if each language continued as a firm, self-contained unity, it would still be constantly moving away from any assignable norm, developing new features unceasingly and gradually transforming itself into a language so different from its starting point as to be in effect a new language" (Sapir 1921:150).

Volgens Raidt bedoel die linguïst in die eerste plek "normale taalverandering" as hy van taalverandering praat; dit is die "inherente neiging en ontwikkeling van 'n taal in die rigting van

óf 'n analitiese óf 'n sintetiese taal, 'n proses waarvoor daar nog geen bevredigende verklaring gevind kon word nie" (Raidt 1994:16). Die Indo-Germaanse tale het byvoorbeeld deur die eeue 'n geleidelike verlies aan fleksie met 'n ooreenstemmende toename in die gebruik van setselkonstruksies en die vestiging van 'n vaste(r) woordorde getoon (Odendal 1985:28; Grebe 1998:96).

'n Ander oorsaak van interne taalverandering kan **die rol van kindertaal** wees omdat kinders 'n taal nooit presies op dieselfde wyse aanleer as wat hulle dit hoor nie (Odendal 1985:28).

Odendal (1985:28) noem **luiheid met die uitspraak van woorde** as 'n verdere oorsaak van taalverandering. Aitchison (1998:125) sluit hierby aan: "there are tendencies which are inevitably built into language because of the anatomical, physiological and psychological make-up of human beings" Sy verwys vervolgens na onder andere ontwikkelinge wat herhaaldelik plaasvind en nog besig is om plaas te vind in die tale van die wêreld, naamlik assimilasie en konsonantweglating aan woordeindes, wat sy as 'n normale proses beskou (Aitchison 1998:125,128).

Modeverskynsels kan verantwoordelik wees vir sommige taalveranderinge. Die Nederlandse bry-r het waarskynlik in die 16de en 17de eeu in die regeringskringe van Den Haag ontstaan in navolging van die Franse "r". Dit was mode om aan die hof by voorkeur Frans te praat (Odendal 1985:28).

Behalwe hierdie vertikale verandering wat reeds bespreek is, is daar verandering wat horisontaal is, met ander woorde, wat op grond van geografiese faktore plaasvind. As sprekers nie gedurig met mekaar in kontak is nie, verander hulle taalgebruik en dit gee aanleiding tot die ontstaan van **dialekte**. As voorbeeld noem Odendal (1985:29) onder andere die gebrek aan kontak tussen die Nederlandssprekendes in die moederland en dié aan die Kaap, wat in 'n hoë mate verantwoordelik was vir die wyse waarop moderne Nederlands en Afrikaans verskil.

Laastens kan genoem word dat taalverandering ook simptome is van **sosiale, politieke en ekonomiese veranderinge** wat in 'n gemeenskap plaasgevind het of wat besig is om plaas te

vind. Hierdie sosiolinguistiese redes tree dikwels eerder as katalisators op wat neigings wat reeds in 'n taal bestaan, aanmoedig en versnel.

4.3 Uiteenlopende sienings in verband met taalverandering

Hoewel linguïste verskeie sienings ten opsigte van taalverandering huldig, is daar meestal vele raakpunte in die verskillende benaderings en staan dit nie noodwendig opponerend teenoor mekaar nie. Dikwels blyk dit dat een benadering byvoorbeeld 'n wyer betekenis aan 'n bepaalde verskynsel heg as dié van 'n ander siening, soos uit die bespreking duidelik sal word.

In aansluiting by die verskillende faktore wat aanleiding gee tot taalverandering, gaan vervolgens gekyk word na die twee benaderingswyses ten opsigte van taalverandering, naamlik die **Niekonteksgevoelige Sisteembenadering** en die **Konteksgevoelige Variasiebenadering**. Grebe (1998:96) ontleed die hoofaksiomas en teoretiese uitgangspunte van beide benaderings. Hierdie twee benaderings verskil fundamenteel in hul sienings oor die wese van taalverandering en elke benadering beklemtoon 'n ander aspek van taalverandering.

Die Niekonteksgevoelige Sisteembenadering laat die klem slegs val op die sistemiese aard van taalverandering en die gevolge van taalverandering soos wat dit uit die grammatikale beskrywing van opeenvolgende linguïstiese stadia afgelei kan word. Dit beteken dat sistematiese analise van reeds voltooide prosesse van taalverandering geheel buite konteks gesien, spesiale aandag ontvang. Die studie-objek is dus essensieel 'n geïsoleerde idiolek en sosiale diversiteit word deurgaans as teoreties irrelevant beskou. Volgens Grebe(1998:96) word van die volgende aangeleenthede nie voldoende rekenskap gegee nie:

Wat is die redes vir die aanvanklike ontstaan van innovasies (vernuwings)?

Hoe kan die verloop van die proses van verandering verklaar word?

Wat is die rol wat kontekstuele faktore soos variasie en sosiale stratifikasie binne 'n spraakgemeenskap as geheel speel?

Hoewel die sistemiese aard van taalverandering nie ontken kan word nie, is dit dikwels linguistiese heterogeniteit wat die bron is waaruit taalverandering voortspruit. Sosiale toestande voed weer hierdie bron. Grebe het bevind dat daar van die strukturele, sowel as van die sosiale konteks waarbinne hierdie sisteem funksioneer, rekenskap gegee behoort te word om taalverandering ten volle te begryp. Die twee benaderings moet dus nie as algeheel opponerend beskou word nie, maar as aanvullend tot mekaar (Grebe 1998:96).

Hierteenoor beklemtoon die Konteksgevoelige Variasiebenadering die feit dat taalverandering 'n volgehoue proses is. Die sistematiese verhoudings tussen verskillende stadia van 'n taal is dus van groot belang, so ook die psigologiese, sosiale en kulturele kontekste waarbinne taalverandering plaasvind.

Aangesien die studie van die Afrikaans van die Tswanastudente gegrond is op 'n variasiebenadering tot taalverandering, sal vervolgens op hierdie benadering gekonsentreer word.

Die Konteksgevoelige Variasiebenadering

Hierdie benadering verskuif die fokus van die grammatika na die gedrag van groepe individuele sprekers binne sosiale verband. Soos die naam aandui, beklemtoon hierdie benadering die veranderlike aard van taal en die feit dat sinchroniese variasie 'n noodsaaklik voorvereiste vir diachroniese verandering is. "Verandering is ten nouste verbonde met variasie en kan net ten volle verstaan word as dit vanuit die perspektief van die stryd tussen variante beskou word" (Grebe 1998:104).

Dit is belangrik om te beseft dat die variasiegerigte benadering ook die sisteemgerigte aard van taal en taalverandering beklemtoon. Die reëls en eenhede van die sisteem word nietemin as veranderlik en as ondergeskik aan 'n spesifieke konteks wat sosiale determinante insluit, beskou.

Taalvariasie kan die sleutel bied tot die meganisme van taalverandering. Daar is reeds gekyk na interne en eksterne faktore wat taalverandering beïnvloed. Hierdie twee tipes verandering kan in verband gebring word met die linguistiese begrippe interne en eksterne variasie.

Interne variasie is variasie wat binne 'n taal self ontstaan en word nie deur kontak met 'n vreemde taal gevoed nie (Du Plessis 1988:20). Faktore wat binne die taalsituasie self aanwesig is, gee aanleiding tot hierdie tipe variasie. Die gebruikers van die taal (die linguale subjekte) en die gebruik van die taal (die linguale objek) veroorsaak hierdie soort interne variasie (vgl. Stander & Jenkinson 1992:30). Binne interne variasie kan ons dus onderskei tussen gebruikersvariasie (dialekte) en gebruiksvariasie (styl- en registerwisseling) (Du Plessis 1988).

Die dialekgeografiese benadering gaan uit van die standpunt dat dialekte naas mekaar in 'n spraakgemeenskap kan voorkom en mekaar wedersyds beïnvloed. In 'n taalvariasiestudie moet die verskillende dialekte dus saam bestudeer word as 'n geïntegreerde sisteem (Grebe 1998:104).

4.4 Taalkontak

Dit is onvermydelik dat tale wat met mekaar in kontak kom mekaar wedersyds sal beïnvloed. Die struktuur van die een taal sal 'n invloed op die ander uitoefen en omgekeerd. Steyn omskryf 'n taalkontaksituasie soos volg: "In 'n taalkontaksituasie gebruik dieselfde mense verskillende tale - hulle is tweetalig (of meertalig) en praat die ander taal in sommige opsigte soos hulle eie taal" (Steyn 1982:7). Steyn verwys na die assimilasiëproses van persone wat op drie maniere kan verloop en pas dit dan toe op tale waarvan die sprekers in dieselfde gebied met mekaar in kontak kom: Die tale kan vermeng raak sodat 'n nuwe taal ontstaan, die een taalgemeenskap kan die taal van die ander aanneem of daar kan 'n min of meer stabiele twee- of meertalige situasie (die ekwivalent van "kulturele pluralisme") ontstaan (Steyn 1982:7).

Daar word veral onderskei tussen twee verskillende kontaksituasies, naamlik **ontlening** en **taalversteuring** deur gebrekkige aanleer of taalverskuiwing (Thomason & Kaufman 1988:20; Grebe 1998:105; Raidt 1994:19).

4.4.1 Ontlening

Volgens Dulay, Burt & Krashen (1982:113) is ontlening die inkorporering van linguistiese materiaal van een taal in 'n ander. Dit is 'n normale gevolg van natuurlike kontak van tale in meertalige gemeenskappe. Grebe omskryf dit nader as die inkorporering van "vreemde kenmerke in 'n bepaalde taalgemeenskap se moedertaal deur sprekers van die taal self" (Grebe 1998:104). Die moedertaal word dus gewysig deur die toevoeging van ontleende kenmerke.

Leksikale items is sonder uitsondering die eerste ontleende elemente wat 'n taal so binnedring (Grebe 1998:106). Dit is leksikale items wat óf nuwe konsepte uitdruk wat vreemd is vir die groep wat ontleen óf sake wat van besondere belang is in 'n gegewe kontaksituasie (Dulay, Burt & Krashen 1982:113). Volgens Aitchison word elemente wat maklik van die taal waarvan ontleen word, losgemaak kan word en wat nie die struktuur van die ontlende taal sal affekteer nie, die algemeenste ontleen. As voorbeelde noem sy Franse voedselname wat ook weens die prestige wat dit besit, maklik oorgeneem word (Aitchison 1998:114).

Die ontleende woorde behou die algemene klankpatroon van die oorspronklike woord, maar pas aan by die fonetiese en fonologiese sisteem van die taal wat ontleen het. Die ontleende items ondergaan ook veranderinge om by die ontlener se taalstruktuur in te pas hoewel die lener gewoonlik nie bewus is van die veranderinge nie. Die woorde word in die grammatikale struktuur van die ontlende taal geïnkorporeer en word nuwe woorde in die taal (Dulay, Burt & Krashen 1982:113; Aitchison 1998:114).

Ontleende woorde mag so 'n wydverspreide gebruik binne 'n taalgemeenskap hê dat sprekers van die ontlende taal dit van mekaar mag leer sonder om die oorsprong van die woorde in die ander taal te ken. As dít plaasvind, word gesê dat die woorde "geïntegreerde ontlings" (integrated borrowings) is. Aan die ander kant leer tweetalige sprekers gewoonlik om 'n stel interlinguistiese reëls van "kreatiewe ontlings" te gebruik gedurende 'n kommunikasiesituasie. As 'n spreker byvoorbeeld tydens die gebruik van sy moedertaal 'n konsep wil uitdruk wat baie nou verbonde is aan aktiwiteite of kulturele waardes van die ander taal, kan 'n geskikte vreemde woord wat nie gewoonlik deur die tweetalige gemeenskap ontleen word nie, ingespan

word en deur middel van die “productive rules of correspondence” in die gemeenskap geïnkorporeer word. Sulke kreatiewe ontlenings verskaf ’n addisionele linguistiese bron waaruit tweetaliges kan put om hulle kommunikasievaardighede te verbeter (Dulay, Burt & Krashen 1982: 114).

As langdurige sosiale druk deur die brontaalgemeenskap toegepas word, volg, behalwe leksikale items, ook strukturele kenmerke, byvoorbeeld fonetiese, fonologiese, morfologiese en sintaktiese kenmerke. Leksikale ontlening geskied dikwels sonder wydverspreide tweetaligheid terwyl indringende strukturele ontlening egter wel intensiewe tweetaligheid oor ’n redelik lang tydperk by minstens ’n belangrike seksie van die ontlenende taalgemeenskap vereis.

Tyd speel ’n belangrike rol in ontlening. In die geval van taalverandering deur ontlening was voortgesette taalkontaksituasies oor etlike honderde jare nodig om diepgaande strukturele veranderinge teweeg te bring. Die graad van tweetaligheid is ook bepalend. As net ’n beperkte getal sprekers van die ontlenende taal die taal waarvan ontleen word, goed magtig is, sal gewoonlik net woorde ontleen word. As tweetaligheid egter by ’n groot getal sprekers voorkom, en ’n hoë graad van tweetaligheid lank voortduur, sal intensiewe strukturele ontlening waarskynlik plaasvind. Intensiewe tweetaligheid is dus ’n belangrike bron van wesenlike taalverandering (Grebe 1998:104).

Aitchison (1998:115) beweer ook dat ’n taal geneig is om vir ontlening daardie aspekte van die lenertaal te selekteer wat redelik naby ooreenkom met aspekte wat alreeds in die moedertaal bestaan.

’n Finale kenmerk van ontlening wat Aitchison noem, is dat ontlening nie ’n skielike versteuring in die basiese struktuur van ’n taal veroorsaak nie. Net minimale aanpassings word op ’n keer aan die struktuur van die taal gemaak en vreemde elemente infiltreer nie ’n ander taal lukraak nie. Individuele woorde word wel maklik en dikwels oorgeneem aangesien dié soort inkorporering nie enige strukturele veranderinge in die ontlenende taal veroorsaak nie, maar as ander elemente oorgeneem word, is dit gewoonlik dié wat met net minimale aanpassings aan die bestaande struktuur aanvaar kan word. As so ’n element ingebring is, berei dit die taal voor

op die volgende. Vreemde elemente maak gebruik van bestaande neigings in die taalgemeenskap en versnel veranderinge wat alreeds op pad is (Aitchison 1998:116).

Kodewisseling

Kodewisseling word dikwels met ontlening verwar. Volgens Dulay, Burt & Krashen (1982:114) is dit ook 'n aktiewe, kreatiewe proses waardeur materiaal van beide tale van 'n tweetalige in die kommunikatiewe situasie geïnkorporeer word.

“It involves the rapid and momentary shifting from one language into another” (Dulay, Burt & Krashen 1982:114). Hierdie verwisseling kan vele kere binne 'n enkele gesprek plaasvind en is nie ongewoon binne enkele sinne nie.

Die spoed en outomatiese manier waarop die verwisseling plaasvind, laat dikwels die indruk ontstaan dat die spreker nie die strukture van die twee tale beheers nie en dit voor die voet meng. Die teenoorgestelde is egter waar. Kodewisseling word dikwels juis deur tweetalige sprekers wat die tale goed beheer, gebruik, trouens kodewisseling gehoorsaam, behalwe die grammatike reëls, ook redelik streng struktuurreëls van elk van die tale in gebruik.

Soms behels dit die invoer van 'n enkele woord of 'n kort frase binne 'n enkele sin; soms behels dit hele frases met 'n komplekse interne grammatikale struktuur.

Dulay, Burt & Krashen (1982:116) noem die volgende funksies van kodewisseling.

1. Dit simboliseer etniese identifikasie. Persone wat tale verwissel, doen dit net as met ander lede van die groep gesels word of om simbolies aan te dui dat 'n nielid as lid in 'n groep aanvaar word.
2. Verwant aan hierdie gebruik word kodewisseling gebruik om sekere nuanses wat net in dié spesifieke taal uitgedruk word, oor te dra.
3. Dit simboliseer sekere waardes wat met spesifieke gemeenskappe geassosieer word.

Kodewisseling is dus 'n sistematiese en betekenisvolle wyse van kommunikasie vir baie tweetalige gemeenskappe. Dit is nie versteuring of 'n abnormaliteit in die spraak van 'n persoon nie, intendeel, kodewisseling verteenwoordig die kreatiewe gebruik van beide tale deur die tweetalige gemeenskap. Soos wat tweetalige sprekers die gebruiksnorme van twee of meer tale binne die gemeenskap leer, word dit gebruik om die totale kommunikasieproses te fasiliteer (Dulay, Burt & Krashen 1982:118). Kodewisseling as kommunikasiestrategie word in leksikale variasie verder bespreek (7.3.1).

4.4.2 **Taalversteuring**

Binne die kontaktsituasie gebeur dit byna nooit dat kontaktale mekaar ewe veel beïnvloed nie. Die dominante taal sal gewoonlik 'n sterker invloed op die ander taal uitoefen (Du Plessis 1988: 25). Die nielinguistiese faktore wat hier 'n rol speel, word in 4.4.2.5 bespreek.

Daar bestaan onder linguïste verskeie beskouings oor en definisies van taalversteuring en taalbeïnvloeding wat mekaar soms oorvleuel en ook van mekaar verskil. Vervolgens word na 'n paar van hierdie sienings gekyk.

Weinreich omskryf versteuring soos volg:

“Those instances of deviation from norms of either language which occur in the speech of bilinguals as a result of their familiarity with more than one language, i.e. as a result of language contact, will be referred to as interference phenomena” (Weinreich 1964:1).

Die wedersydse beïnvloeding van kontaktale op mekaar veroorsaak “patroonmatige versteuring of interferensie” in die struktuur van die tale (Du Plessis 1988:25). Daar kan óf primêre óf sekondêre versteuring in die taalgedrag van sprekers voorkom. By sekondêre versteuring word die norme van die moedertaal op die ander taal toegepas, of die norme van die moedertaal versteur die norme van die tweede taal (moedertaalinterferensie of -versteuring). Aspekte van die taal wat so versteur raak, kan wees dat die leksikon van die moedertaal in die tweede taal gebruik word en uitspraak en sintaktiese patrone van die moedertaal op die tweede taal toegepas

word. Die omgekeerde kan ook plaasvind, naamlik versteuring van die primêre of moedertaal. Hier pas die taalgebruikers die norme van die tweede taal op hulle moedertaal toe, byvoorbeeld Afrikaanssprekendes wat baie Engelse woorde in hulle woordeskat opneem (Steyn 1982:7, Raidt 1994:19).

Donaldson en Raidt verwys na Van Wyk (1976:42) se kritiek op Weinreich omdat hy nie duidelik genoeg tussen wat hy versteuring (interference) en beïnvloeding (influence) noem, onderskei nie. Van Wyk definieer beïnvloeding soos volg: “die oorname in moedertaalgebruik van aspekte van die grammatika van ’n ander taal”. Hy gebruik beïnvloeding as ’n allesomvattende term vir verskynsels waarna Donaldson verwys as “complementary and competitive phenomena”, byvoorbeeld Anglisismes (Donaldson 1991:133). Versteuring is volgens Van Wyk ’n taalgebruiksverskynsel wat eers voorkom as ’n tweede taal (byvoorbeeld Afrikaans) ná die moedertaal (byvoorbeeld Engels) aangeleer word en dus ’n direkte gevolg is van tweedetaalverwerwing. Versteuringsverskynsels is onstabiel en personaal (terme deur Van Wyk gebruik) omdat dit van persoon tot persoon en van geleentheid tot geleentheid by dieselfde persoon wissel. Volgens Van Wyk kom egte versteuring juis nie in die moedertaal voor nie. Donaldson verskil hier van Van Wyk en beweer dat die invloed van die tweede taal op die moedertaal as versteuring móét begin (Donaldson 1991:134).

Ponelis onderskei tussen geleidelike en ingrypende taalverandering. Geleidelike taalverandering veroorsaak net minimale verskil tussen die basissisteem en die veranderde sisteem “sodat die twee sisteme in die hoogste mate kontinu met mekaar bly” (Ponelis 1988:119). As voorbeeld gebruik hy die hedendaagse Nederlandse omgangstaal wat wel van die sewentiende-eeuse omgangstaal verskil, maar geen van die subsisteme, byvoorbeeld die pronomina, die fleksie van die naamwoord, die werkwoord, die adjektief, die plasing, die klankleer en die leksikon het wesenlik verander nie.

Hierteenoor stel hy ingrypende taalverandering wat hy aan taalversteuring gelykstel. Dit vind vinnig binne ’n taalkontaksituasie plaas en lei tot ’n breuk tussen die basissisteem en die veranderde sisteem. Afrikaans het ingrypende taalverandering ondergaan. Dit is histories ’n dialek van Nederlands en wyk sterk af van Nederlandse dialekte (Ponelis 1988:119).

Vervolgens word die taalversteuring wat as gevolg van gebrekkige aanleer van die doeltaal ontstaan, ondersoek. Hier is verskillende terme en teorieë ter sprake, naamlik die **intertaalteorie** en **taalverskuiwing** (language shift) of **substratumteorie**.

4.4.2.1 Intertaalteorie

In 'n taalkontak situasie waarin volwasse moedertaalsprekers daarna strew om 'n ander taal, die doeltaal, aan te leer, praat hulle op 'n gevorderde stadium 'n taal wat nie meer baie moedertaalkenmerke vertoon nie, maar wat ook nie presies aan die doeltaal gelyk gestel kan word nie. So ontstaan variante van die doeltaal as gevolg van volwassenes se pogings om die doeltaal aan te leer. "Die taalvlakke tussen die doelwittaal en die sprekers se variante vorme daarvan, word *intertaalvlakke* genoem" (Du Plessis 1994:26). Stander sien die intertaalvorm wat deur T2-sprekers gepraat word, as 'n variëteit van die standaardvorm van 'n taal, 'n taalsisteem "met sy eie reëls en karakter en dit word deur T2-sprekers ontwikkel" (Stander 1998:10). Volgens Brown is taalversteuring een van die belangrikste prosesse wat verantwoordelik is vir die aanleerder se intertaal – die idiosinkratiese dialek wat die leerder uit die linguistiese toevoer konstrueer en wat 'n kontinuum is tussen sy moedertaal en die teikentaal (Brown 1987:48). Onder intertaal verstaan Ellis twee verwante, maar verskillende konsepte: "interlanguage refers to the structured system which the learner constructs at any given stage in his development", en tweedens verwys die term na 'n reeks ineenskakelende sisteme wat die intertaalkontinuum vorm (Ellis 1992:47). Die Tswanas, as deel van die niemoedertaalsprekers van Afrikaans, se taalgebruik lê iewers op die intertaalkontinuum.

Ponelis (1988:121) voer sekondêre taalverwerwing as rede aan waarom taalversteuring, eerder as geleidelike taalverandering binne 'n besondere taalkontak situasie plaasvind. Primêre taalverwerwing geskied by die kind voor die einde van die sesde jaar. Gedurende hierdie periode is die kind se primêre verwerwingsvermoë aktief en word hy deur interaksie met sy ma intensief en langdurig aan die taal wat verwerf word, blootgestel. "Talig gesproke is dit volwassenes wat tale sekondêr en dus gebrekkig verwerf weens die afstomping van die taalverwerwingsvermoë". Dit is dus die vernaamste rede waarom 'n vreemde taal wat deur vreemdtaliges aangeleer word tot 'n gebroke taal of interlek vervorm word (Ponelis 1988:121).

Intertaal, 'n konsep wat deur Selinker (1972) ontwikkel is, verwys na die wysiging of variëteit van die doeltaal wat deel is van die implisiete linguistiese kennis of vaardigheid van die T2-leerder. Hy of sy vorder deur 'n reeks intertale op sy/haar weg na algehele beheersing van die doeltaal. Intertaal is nie 'n soort taal iewers tussen die eerste en die tweede taal met struktuurkenmerke van beide nie, maar dit is eerder "an intermediate system characterized by features resulting from language-learning strategies" (Appel & Muysken 1987:83).

Dit is T2-leerders se ideaal om T1-bekwaamheid in die doeltaal te bereik, maar baie leerders, veral volwasse leerders en dié wat afgesonder is van die doeltaal, bereik dit nooit nie. Hulle steek vas in een van die tussenstadia. Fossilering van intertaalstrukture vind plaas en het 'n min of meer stabiele intertaal tot gevolg. Alle kenmerke van intertaal kan fossieleer, ongeag die leerstrategie waarvan dit 'n gevolg is. As die intertaal van baie leerders op dieselfde plek van bv. 'n struktuur fossieleer, kan 'n nuwe variëteit van die doeltaal ontwikkel. Grootse tweedetaalaanleer bevorder dus taalverandering (Appel & Muysken 1987:92).

4.4.2.2 Die invloed van die T1 op die T2-aanleerproses

Tweedetaalaanleer word grotendeels deur die moedertaal beïnvloed. Die bewys is duidelik in die vreemde aksent wat gewoonlik in die T2-spreker se uitspraak voorkom. Die leerder se T1 beïnvloed ook die ander taalvlakke, naamlik woordeskat en grammatika hoewel dit miskien nie so onmiddellik sigbaar is nie (Ellis 1992:19).

Daar is algemeen aanvaar dat die meeste "foute" wat in T2-aanleer voorgekom het, die gevolg was van die outomatiese toepassing van T1-strukture op die T2 (Dulay, Burt & Krashen 1982:96). Die algemene opvatting was dat die mate van ooreenkoms of verskil tussen die eerste en tweede taal die sukses of mislukking van die leerproses bepaal (Appel & Muysken 1987:83).

Weinreich (1964:1) is van mening dat: "The greater the difference between the systems i.e. the more numerous the mutually exclusive forms and patterns in each, the greater is the learning problem and the potential area of interference."

Om die probleemareas te identifiseer, is 'n prosedure naamlik Kontrastiewe Analise (KA) ontwikkel deur onder andere Fries en Lado (Dulay, Burt & Krashen 1982:98). Dit was gebaseer op die aanname dat dit moontlik is om die probleme in T2-verwerwing te voorspel deur die linguistiese verskille tussen die leerder se T1 en T2 vas te stel. Volgens die KA-hipotese is die outomatiese oordrag van T1-strukture op die T2-gebruik "negatief" as die T2- en T1-strukture verskil en "positief" as die strukture ooreenstem. Negatiewe oordrag sou volgens die KA-hipotese "foute" tot gevolg hê terwyl positiewe oordrag korrekte konstruksies sal voortbring.

Vanaf die sewentigerjare is die KA-hipotese deur baie taalkundiges gekritiseer. Die siening dat T1-vaardighede T2-aanleer sterk beïnvloed, is heftig betwis. Daar is aangeneem dat die gang van die aanleerproses deur die strukturele aard van die doeltaal en van die leersistiem bepaal word en nie net deur ooreenkomste en verskille tussen die doel- en die brontaal nie. "Foute" wat T2-leerders maak, is nie as gevolg van bron- of doeltaalverskille nie, maar as gevolg van die kenmerke van doeltaalstrukture. In die meeste gevalle is die "foute" die gevolg van verkeerde veralgemening en vereenvoudiging (Appel & Muysken 1987:85).

Onder vereenvoudiging verstaan Appel & Muysken dat die leerder 'n eenvoudiger struktuur in sy/haar intertaal skep as die een wat kenmerkend is van die doeltaal. Dit blyk dat tweedetaalleerders, veral in die eerste stadia van ontwikkeling, die inhoudswoorde van die doeltaal so veel as moontlik gebruik, terwyl baie funksiewoorde en morfeme weggelaat word, naamlik: persoonlike voornaamwoorde, lidwoorde, hulpwerkwoorde, voorsetsels en morfeme wat tyd aandui. Die gebruik van 'n vereenvoudigde intertaal wat hoofsaaklik uit inhoudswoorde bestaan, maak tog relatief voldoende kommunikasie moontlik. Veralgemening kan ook in 'n sekere sin beskou word as vereenvoudiging, want dit impliseer ook die reduksie van die reeks moontlike strukture (Appel & Muysken 1987: 90).

4.4.2.3 Taalverskuiwing (Language shift)

'n Begrip wat by die intertaalteorie aansluit, is taalverskuiwing. Onder taalverskuiwing of substratumversteuring word 'n subtipte versteuring verstaan wat die gevolg is van onvolkome

groepsverwerwing tydens 'n proses van taalverskuiwing. 'n Hele groep sprekers wat na 'n doeltaal verskuif, bly in gebreke om die doeltaal volkome te verwerf (Grebe 1998:106).

“Because multi-lingual situations are never stable, there will always be some kind of *shift*”
(Appel & Muysken 1987:39).

Taalverskuiwing is 'n proses wat in baie tweetalige lande plaasvind. Meer en meer sprekers gebruik die meerderheidstaal op gebiede waar hulle vroeër die taal van die minderheid gebruik het. Hulle aanvaar die meerderheidstaal as hulle gereelde kommunikasiemiddel, dikwels hoofsaaklik omdat hulle van mening is dat die gebruik van daardie taal beter geleentheid skep om sosiaal uit te styg en ekonomies sukses te behaal. In sulke gevalle loop die minderheidstaal gevaar om uit te sterf (Appel & Muysken 1987:32).

Dit wil voorkom asof die meeste taalkundiges onder taalverskuiwing (shift) 'n totale oorbeweeg na 'n ander taal verstaan. Thomason & Kaufman sien dit as volg: “a complete language shift results in the disappearance of the shifting group's original language from the community” (Thomason & Kaufman 1988:11).

Steyn (1982:8) haal verskeie benamings vir die proses van taalverskuiwing aan, naamlik taalverplasing (E.B. van Wyk); taalverwisseling (H. Rooseboom); taaloornam (A.J.J. Oosthuizen). Hy definieer die proses soos volg: “die proses waarvolgens 'n groep mense hulle eie taal laat vaar en 'n nuwe taal aanneem”. Fasold beweer “that a community gives up a language completely in favour of another one”. Hy stel dit teenoor taalhandhawing “the collective decision to continue using the language or languages it has traditionally used” (Fasold 1984:213). Hierdie taalverplasingproses kan op twee maniere plaasvind, naamlik lede van die “ou taalgemeenskap” kan die nuwe taal as tweede taal aanleer na puberteit, of hulle kan die nuwe taal van kleins af as eerste taal aanleer, dalk saam met die “ou taal” wat hulle dan met verloop van tyd verloor (Steyn 1982:10).

Thomason en Kaufman laat die klem val op veranderinge wat in die doeltaal plaasvind as gevolg van taalverskuiwing. Kenmerke van die onvolkome intertaal van die verskuiwende

gemeenskap kan in die taal van die doeltaalsprekers beland ten spyte van die feit dat dit gestigmatiseerde taalkenmerke sal wees. Volgens Thomason & Kaufman (1988:39) en Grebe (1998:105) sal ander sosiale kenmerke hier dus hier swaarder weeg as prestigewaarde.

Eerstens noem hulle die getalleverhouding tussen die doeltaal en brontaalsprekers. As die verskuivende groep klein is in verhouding tot die doeltaalgemeenskap, sal die invloed op die doeltaal gering wees, want die frekwensie van die "foute" wat hulle maak, sal relatief laag wees in verhouding tot die taalgebruik van die moedertaal.

Tweedens speel sosiale integrasie ook 'n rol. Indien noue sosiale integrasie voorkom, kan dit aanleiding gee tot taalverwerping deur kinders van die doeltaalgemeenskap op basis van die taalgebruik van die verskuivende gemeenskap.

Derdens speel die tydsfaktor ook 'n bepalende rol in die verskuiwingsproses. Taalverskuiwing kan stadig plaasvind en vir verskeie geslagte voortgaan, maar veral in veranderde sosiale situasies, soos in die geval van immigrantegroepe, kan dit 'n redelik vinnige proses wees (Appel en Muysken 1987:41). Indien 'n groot groep of hele gemeenskap binne een of twee geslagte na die doeltaal verskuif, is dit onwaarskynlik dat hulle goed tweetalig sal wees voor verskuiwing plaasvind. Aansienlike substratuminvloed kan dus in die doeltaal verwag word. Indien die verskuiwingsproses egter oor 'n langer tydperk verloop, kan 'n hoër graad van tweetaligheid verwag word en sal die invloed van die substratum minder wees (Grebe 1998: 106).

In die geval van die Tswana se kontak met Afrikaans het daar geen noemenswaardige, indien enige, invloed van die brontaal op die doeltaal uitgegaan nie. As gevolg van die politieke omstandighede in die land was daar feitlik geen sprake van sosiale integrasie nie. 'n Verdere bydraende faktor is die groot verskil tussen die taalsisteem van die bron- en doeltaal, in hierdie geval Tswana en Afrikaans.

Volgens Appel & Muysken (1987:32) hoef taalverskuiwing nie noodwendig gelykgestel te word aan "shift towards the majority or prestigious language" nie, want taalverskuiwing is 'n

neutrale konsep en daar kan ook verskuiwing in die rigting van die minderheidstaal plaasvind. Na 'n tydperk van verskuiwing na die meerderheidstaal, is daar dikwels 'n neiging om die proses om te keer as mense van die taalgemeenskap begin besef dat die minderheidstaal besig is om te verdwyn en dan word pogings aangewend om die gebruik van die taal te bevorder.

Die literatuur beklemtoon dit gewoonlik dat 'n hele minderheidsgroep in die proses is om van een taal na 'n ander te verskuif en verskille tussen individue word nie genoem nie. Minderheidsgroepe is egter nie ongedifferensieerde monolitiese eenhede nie, maar bestaan uit verskillende subgroepe met verskillende kulturele opvattinge en politieke sienings. Hierdie verskille mag na vore tree as taalgedrag. Taalverskuiwing is nie onvermydelik nie en individue mag die gebruik van die minderheidstaal in die huishouding bevorder (Appel & Muysken 1987: 42).

4.4.2.4 **Pidginisering**

Taalverandering kan egter ook plaasvind in 'n spesifieke kontaksituasie waaruit 'n pidgin of kreool kan ontwikkel. (Raidt 1994:21) De Wet gee 'n volledige oorsig oor die vernaamste ontstaansteorieë, verspreiding en kenmerke van pidgins en kreole (De Wet 1996:66). Vir die doel van hierdie bespreking sal op die kenmerke van pidgins gekonsentreer word, aangesien dit vir die bespreking van TswaA relevant is.

Volgens Van Rensburg (1985:43) vertoon 'n intertaal sistematiek op verskillende intertaalvlakke wat die taalverwerwer bereik op pad na 'n doelwittaal. Op grond van die intertaalvlak kan 'n klienvoorstelling gemaak word waarop pidgin en kreool geplaas kan word. Op hierdie klienvoorstelling is pidgin volgens Du Plessis die onderste vorm wat baie van die moedertaalkenmerke van die T2-spreker vertoon (Du Plessis 1988:26). Hierdie primêre versteuringsfase is 'n veranderlike en hoogs gereduseerde vorm en word gevolg deur sekondêre versteuring en kreolisering (Ponelis 1988:124).

Volgens Du Plessis ontstaan 'n pidgin in 'n kontaksituasie waar sprekers van die nedominante taal of tale probeer om die dominante taal te praat. In hierdie sin is dit dus 'n intertaalvorm,

maar dit bly 'n kompromis tussen die dominante taal en die ander taal of tale binne die kontaktsituasie (Du Plessis 1988:29).

Thomason & Kaufman (1991:173) is van mening dat verwerwing van die doeltaal nie in alle omstandighede die hoofdoel van pidginsprekers is nie. Ook Du Plessis beweer dat dit nie 'n uitgemaakte saak is "dat pidgin 'n poging is van 'n spreker om 'n doelwittaal te beheers nie, want pidgin kan eweneens 'n verskeidenheid kenmerke van 'n brontaal (of selfs brontale) insluit" (Du Plessis 1988:27). Die behoefte aan 'n gemeenskaplike kommunikasiemiddel in 'n meertalige kontaktsituasie gee dus eerder aanleiding tot die ontstaan van hierdie besondere soort kontaktaal.

Ponelis onderskei tussen fases en grade van versteuring. Volgens hom is die taalvorm van die pidginiseringsfase "gebroke taal" en 'n primêre of onstabiele pidgin. Daarna kan die primêre pidgin stabiliseer en is dan 'n sekondêre of stabiele pidgin, bv. Pidginafrikaans (Ponelis 1988: 25).

As 'n pidgin tydens kreolisering 'n primêre taalgemeenskap verwerf wat die pidgin as moedertaal gebruik, ontstaan 'n kreool (Ponelis 1988:125). 'n Kreool kan dus gedefinieer word as 'n voormalige pidgin wat die moedertaal van 'n spraakgemeenskap geword het (Aitchison 1998:193). Op die intertaalklien word 'n kreool dus hoër as 'n pidgin geplaas aangesien "die proses van kreolisering die strukturele kompleksiteit en die stilistiese trefkrag van pidgintale uitbrei" (Du Plessis 1988:30).

Raidt maak 'n onderskeid tussen ontlening, taalversteuring (gebroke taal) en pidginisering. Sy verwys na Pheiffer (1976:279) se werk oor die gebroke taal van die vroeë Franssprekendes aan die Kaap en onder andere op grond van sy bevindinge dat die versteurings in dié taalvorm onpatroonmatig en hoofsaaklik morfologies van aard was, onderskei sy tussen gebroke taal en pidgins. By pidgins kom beslis patroonmatige veranderinge voor en daar is juis op sintaktiese vlak ingrypende veranderinge, bv. verlies van inversiepatrone en gevolglike vaste woordvolgorde (Raidt 1994:28). Hierdie siening van Raidt is in 1978 in 'n artikel deur haar uitgespreek en is weer in 1994 in 'n bundel opgeneem.

Ponelis kritiseer hierdie onderskeid wat Raidt tref tussen gebrekkige taalverwerwing (gebroke taal) en pidginisering/kreolisering. Volgens hom is fleksie juis 'n sintaktiese verskynsel en verlies aan fleksie is in Afrikaans 'n ingrypende sintaktiese verandering. Vervolgens bespreek Ponelis die eienskappe van gebroke taal wat weens gebrekkige verwerwing ontstaan en "hoogs gereduseerd en veranderlik, en vol ontlenings" is (Ponelis 1988:127).

Tipiese pidgin- en kreoolkenmerke word deur verskeie skrywers, o.a. Markey (1982), Ponelis (1988), Van Rensburg (1994) en De Wet (1996) opgesom. Hierdie kenmerke sal vervolgens gegee word ten einde te bepaal of soortgelyke kenmerke in die versamelde data van TswaA aangetref word.

1. Fleksieloosheid by die naamwoord, werkwoord en adjektief.
2. Geen naamwoordelike genus- en getalonderskeid (enkelvoud en meervoud) nie.
3. Geen tempus (imperfekta) of getalskongruensie by die werkwoord nie.
4. Gebrek aan adjektiewiese graadfleksie en attributiewe fleksie.
5. Gebrek aan suppleisie (onreëlmatige fleksieverbande), bv. *goed-beter, stad-stede*.
6. Die gebruik van sinspartikels wat onmiddellik na die onderwerp geplaas word, onder andere vir ontkenning.
7. Die neutralisasie van die onderskeid tussen sterk en swak werkwoorde, manlike en vroulike pronominale vorme, en die nominativering van nie-onderwerpsvorme.
8. Relatief- en komplementsinne kom min voor.
9. Gebrek aan kopulakonstruksies, naamwoordelike en adjektiewiese predikate word sonder koppelwerkwoorde gebruik.
10. Passiefkonstruksies ontbreek.
11. Die woordvolgorde is gewoonlik SVX.
12. In plaas van enkelvoudige spesifieke vraagwoorde, soos *wat, wie, waar* en *wanneer* word sintaktiese konstruksies, soos *watter ding/mens/plek/tyd* gebruik.
13. Die superstraat dien gewoonlik as die leksikon se basis, maar dit word ook gekenmerk deur leenwoorde van ander tale.

Thomason & Kaufman (1988) onderskei tussen taalverskuiwing met normale oordrag en sonder normale oordrag, naamlik abrupte kreolisering. In hierdie geval gaan die kreoolse tale nie deur 'n goed ontwikkelde pidgin stadium tot eerstetaalwording nie. Abrupte kreolisering geskied aanmerklik vinniger as wat dit vir 'n pidgin neem om te stabiliseer omdat 'n primêre taal dringend noodsaaklik is.

4.4.2.5 Redes waarom taalverskuiwing plaasvind

Wat veroorsaak dat een taal in getalsterkte groei terwyl ander tale kwyn of heeltemal verdwyn? Wat lei tot die prosesse van taalverskuiwing of taalverandering? Vervolgens sal hierdie redes in oënskou geneem word en in 4.5 sal die relevansie daarvan vir die Tswanataalgemeenskap bespreek word.

Appel & Muysken (1987:33) gebruik die model van Giles, Bourhis & Taylor (1977) wat taalverskuiwing aan drie hooffaktore, naamlik **status**, **demografie** en **ondersteuning deur instellings** toeskryf. Hulle kombineer die drie faktore in een faktor wat hulle etnolinguistiese vitaliteit noem en beskryf dit soos volg: “[the] vitality of an ethnolinguistic group is that which makes a group likely to behave as a distinctive and active collective entity in intergroup situations” (Appel & Muysken 1987:33). Hieruit kan afgelei word dat etnolinguistiese minderhede wat min of geen groeps vitaliteit het nie, uiteindelik sal ophou om as onderskeidende groepe te bestaan. Dit impliseer dat hoe meer vitaliteit 'n linguistiese groep besit, hoe meer waarskynlik is dit dat dit sal oorleef en floreer as gesamentlike entiteit in 'n intergroepekonteks. Hoë vitaliteit sal dus waarskynlik lei tot behoud van hul taal of selfs verskuiwing na uitgebreide gebruik en lae vitaliteit sal uitloop op verskuiwing na die meerderheidstaal of, in sommige gevalle, na 'n ander omgangstaal met meer status. Steyn voer hoofsaaklik dieselfde faktore aan as redes vir die oorbeweeg na 'n ander taal as moedertaal (Steyn 1982:54).

Die eerste hoofkategorie wat deur Giles et al onderskei word, is **status**.

Ekonomiese status is 'n prominente faktor in feitlik alle studies oor taalbehoud en taalverskuiwing. Waar minderheidstaalgroepe 'n relatief lae ekonomiese status geniet, is daar 'n sterk neiging om na die meerderheidstaal te verskuif. Steyn (1982:54) beweer dat hoe ryker 'n taalgemeenskap is, hoe meer anderstaliges die taal sal wil aanleer. Ekonomiese mag trek armes na ryk streke en in 'n meertalige land lei dit tot taalverplasing onder die armes.

Ekonomiese veranderinge soos modernisering, industrialisasie en verstedeliking is die belangrikste veranderlikes in die beskrywing van taalhandhawing en -verskuiwing. In tye van modernisering kry minderheidstale dikwels 'n dubbele stigma: dit word deur die arm en tradisioneel outydse mense wat hulle nie met die werklikhede van die moderne leefwyse kan vereenselwig nie, gepraat (Appel & Muysken 1987:33).

Sosiale status hang grootliks af van ekonomiese status. Verskuiwing vind dan plaas na die taal met 'n hoër sosiale status.

Sosiohistoriese status hang af van die etnieslinguistiese groep se geskiedenis. Baie groepe kan verwys na tydperke waarin hulle hulle etniese identiteit of onafhanklikheid moes verdedig, byvoorbeeld die Vlaamse stryd teen Franse oorheersing. Hierdie historiese gebeure kan gesien word as mobiliserende simbole wat individue geïnspireer het om as lede van etnieslinguistiese groepe vir hulle gemeenskaplike belange te veg (Appel & Muysken 1987:34).

Taalstatus kan 'n belangrike veranderlike in twee- of meertalige gemeenskappe wees. Dit is makliker om 'n taal met internasionale of hoër status te behou. Volgens Steyn kan taalpropaganda of -stigmatisering taalgemeenskappe positief of negatief stem teenoor 'n betrokke taal. Sodoende word een taal bevoordeel en die ander benadeel (Steyn 1982:54).

“The self-ascribed language status will be low especially if the minority group speaks a dialect of the language in question” (Appel & Muysken 1987:34).

As hulle hulle taal beskou as “net 'n dialek” of 'n tipe “border slang” en nie as 'n werklike taal nie, sal dit lei tot 'n gevoel van linguistiese minderwaardigheid. Hierdie gevoel is besonder

sterk in geval van minderheidstaal wat nie gestandaardiseer en/of gemoderniseer is nie. Om hierdie rede sal 'n kreoolse taal soos Haities 'n lae status in New York hê waar daar 'n groot gemeenskap van Haitiese immigrante en vlugtelingen is. Tale met 'n lae status loop gevaar om in onbruik te raak. Of dit sal gebeur, hang af van die status van die kompeterende taal wat dikwels die meerderheidstaal sal wees (Appel & Muysken 1987:34).

Hierby kan **kulturele status** gevoeg word wat gepaard gaan met 'n hoë beskawingspeil. 'n Waardevolle kultuur kan help om onder gunstige omstandighede kennis van die taal te verbrei en onder ongunstige omstandighede kan die kultuur die taal help bewaar (Steyn 1982:54).

Demografiese faktore verteenwoordig die tweede hoofkategorie van Giles et al (1977) se model.

Hier handel dit oor die aantal lede van 'n linguistiese minderheidsgroep en hulle geografiese verspreiding. Die werklike getal sprekers van 'n bepaalde taal raak belangrik as dit aan die kwyn is. So 'n ontwikkeling impliseer dat die taal minder nuttig raak, wat weer sal lei tot verskuiwing weg van die minderheidstaal.

Militêre en politieke mag kan demografiese prosesse en ook taalverplasing aan die gang sit. Koloniseringslei altyd tot migrasie. Militêre mag kan ook misbruik word deur die taal van die swakker gemeenskappe in die staatsdiens en onderwys af te skeep. Taalimperialisme kan ook voorkom as die sterkste volk sy taal op die ander afdwing. Dit sal noodwendig met verlies van hoë funksies gepaard gaan asook met winste vir die heersers (Steyn 1982:54).

Die geografiese verspreiding van minderheidsgroepe beïnvloed taalinstandhouding en taalverskuiwing aansienlik. As minderheidsgroepe in 'n sekere gebied gekonsentreerd bly, het hulle 'n beter kans om hulle taal in stand te hou. Op dieselfde wyse kan die verspreiding van minderheidstaalsprekers verander as gevolg van immigrasie- en emigrasiepatrone.

Landelike en stedelike verskille is ook belangrik in die analisering van taalverskuiwingspatrone. In die algemeen is landelike groepe meer geneig om 'n minderheidstaal in stand te hou as stedelike groepe.

Dit wil voorkom asof die geografiese verspreiding op sigself nie die hoofrede vir taalhandhawing of -verskuiwing is nie, maar verwante kommunikasiepatrone en die afwesigheid of teenwoordigheid van daaglikse sosiale druk om die statustaal te gebruik. Op 'n plaas waar die bure byvoorbeeld lede van dieselfde minderheidstaalgroep is, is daar nie veel rede om die meerderheidstaal te gebruik nie. Die huis is die belangrikste gebied vir taalgebruik en hierdie domein is gereserveer vir die minderheidstaal. Aan die ander kant sal stedelinge in verskeie situasies verplig word om die meerderheidstaal daaglik te gebruik, wat weer die posisie van die minderheidstaal sal verswak (Appel & Muysken 1987:36).

Ondersteuning deur verskillende instellings van 'n volk, 'n streek of 'n gemeenskap is die derde groep faktore wat deur Giles et al (1977) voorgestel word. Taalhandhawing word ondersteun as die minderheidstaal deur die verskillende instellings van die regering, kerk, kulturele organisasies, ens. ondersteun word. In politieke goedgeorganiseerde minderheidsgroepe is minderheidstale dikwels 'n middel tot uitdrukking.

Die **massamedia** kan taalverskuiwing grotendeels beïnvloed as minderheidstale gebruik word. As die minderheidstaal ook die taal van die **godsdienst** is, kan dit verder bydra tot die behoud van die minderheidstaal. Die voorsiening van **regerings- of administratiewe dienste** in die moedertaal kan taalbehoud stimuleer. As die medium vir kommunikasie op hierdie gebied altyd in die meerderheidstaal is, sal die nut van die minderheidstaal verminder. Die **onderwys** is 'n baie belangrike terrein vir taalhandhawing. As kinders se vaardigheid in die minderheidstale op skool bevorder word, sal dit bydra tot instandhouding.

Behalwe hierdie faktore noem Steyn ook nog **die aard van die taalstruktuur** wat mense kan afskrik of aanmoedig om dit aan te leer, asook **die tydgees** wat verander en 'n invloed het op die vooruitgang en agteruitgang van tale. Dinge wat byvoorbeeld in die vorige eeu aanvaarbaar was, is in die huidige bestel ondenkbaar (Steyn 1982:55).

Daar moet in gedagte gehou word dat, alhoewel die verskillende faktore afsonderlik behandel is, dit sterk mag korreleer. 'n Groep met 'n lae ekonomiese status sal dikwels ook 'n lae sosiohistoriese status hê; dit sal nie beheer oor die massamedia hê nie en sal nie in staat wees om opvoedkundige programme in die minderheidstale te bevorder nie. Aangesien so baie faktore 'n rol speel, is dit onmoontlik om taalhandhawing of -verskuiwing vir sekere groepe te voorspel. Die meeste navorsing op hierdie gebied is nog suiwer *ad hoc* en deskriptief en 'n volledige teorie van taalbehoud is nie beskikbaar nie (Appel & Muysken 1987:38).

4.4.2.6 Verspreiding van variasievorme deur 'n gemeenskap

“Every speaker is constantly adapting his speech habits to those of his interlocuters; he gives up forms he has been using, adopts new ones, and perhaps oftenest of all, changes the frequency of speech forms without entirely abandoning old ones or accepting any that are really new to him” (Bloomfield 1933:326).

Vir die variasietaalkundige is dit belangrik om te bepaal waarom sekere vorme in 'n taal uitsterf terwyl ander deur die gemeenskap aanvaar word.

Ons kan aanvaar dat “kontinue variasie binne elke dialek voorkom as 'n strukturele element en in verhouding staan tot sekere ander linguistiese en nielinguistiese faktore” (Grebe 1998:108). Die variasiekunde sien taalverandering as 'n voortgaande proses wat oor geslagte heen voortbeweeg. Variasie binne 'n taalgemeenskap dien as meganisme waardeur sekere vorme in onbruik raak of veld wen (Grebe 1998:108).

Aitchison (1998:49) onderskei tussen bewustelike en onbewustelike taalverandering en voer aan dat hierdie verskil waarskynlik die wyse waarop die verandering versprei, beïnvloed. Bewustelike verandering kan beskryf word as die verskynsel waar taalgebruikers besef dat die verandering aan die plaasvind is en dit aktief aanmoedig. Aan die ander kant vind die verandering plaas sonder dat dit waargeneem word. Aitchison voeg by dat dit nie altyd moontlik is om verandering in een van hierdie twee kategorieë te groepeer nie.

As voorbeeld van bewustelike taalverandering beskryf Aitchison Labov se studie oor klankverandering in New York City (Labov 1978:43). Die verandering vind plaas as die sprekers bewustelik begin om 'n formeler praatstyl te gebruik en die "r"-dialekvorm as 'n prestigemodel beskou.

Labov se ander studie op Marthas Vineyard (1978:1) word as voorbeeld van onbewustelike taalverandering voorgelê. 'n Groepie vissermanne het begin om 'n reeds bestaande tendens in hulle spraak te beklemtoon. Hulle het dit klaarblyklik onbewustelik gedoen om hulle as onafhanklike groep met superieure status te vestig. Van die eilandbewoners het hierdie groep beskou as verteenwoordigers van ou waardes wat hulle bewonder en onbewustelik hulle manier van spraak nageboots. Geleidelik het meer en meer mense op hierdie manier begin praat totdat dit die norm vir die eilandbewoners geword het.

Hierdie twee voorbeelde het twee dinge gemeen. Eerstens het die veranderinge nie uit die bloute ontstaan nie. Die "ou" vorme was altyd in die spraak van sommige sprekers in die gebied teenwoordig. Tweedens het die veranderinge plaasgevind toe die een groep die ander as hul rolmodel aanvaar het.

Dit bring ons by die wyse waarop taalverandering van een persoon na 'n ander in die gemeenskap versprei.

Verandering ontstaan uit elemente wat alreeds in die taal teenwoordig is en wat deur lede van die taalgemeenskap aanvaar en beklemtoon word (Aitchison 1998:74). Taalverandering word dus gekenmerk deur geleidelike verplasing van 'n ou vorm deur 'n nuwe terwyl beide die ou en nuwe vorm naas mekaar in die spraakgemeenskap bestaan. Daar bestaan 'n uniforme normsisteem in die gemeenskap as geheel en sekere variante word deur die gemeenskap as sosiaal eenders beoordeel. Dit mag dus lyk asof daar net 'n reël tot die taal toegevoeg is, terwyl dit in werklikheid deur die sosiale oordeel van die gemeenskap teweeggebring is (Grebe 1998: 105).

Van Rensburg voer aan dat taalverandering in ooreenstemming met die variasiesiening nie as 'n fisieke proses gesien word nie. Een taalstadium is nie 'n toestand wat *oorgaan* in 'n ander toestand nie, maar dit gaan oor die "*verplasing van ou norme* in 'n taal deur nuwes uit 'n ander variëteit". In plaas van taalverandering vind daar *normverplasing* in 'n veranderde taalgemeenskap plaas. As 'n nuwe groep sprekers wie se taalvorm verskil van die toonaangewende groep, die magsoorsig begin inneem, gebruik hulle hul eie taal of variëteit om 'n eie stempel af te druk. Die taal van die vorige sosiaal dominerende groep *verdwyn* nie; dit word net op die agtergrond geskuif (Van Rensburg 1994:170).

Volgens Aitchison (1998:75) vind bewustelike taalverandering gewoonlik plaas in die rigting van spraakvorme met prestige, soos standaardtaalvorme, of spraakvorme wat deur die lede van die gemeenskap as sodanig beskou word. Verandering beweeg ook dikwels wég van klaarblykbare prestigevorme as die gebruike en gewoontes van 'n groep bewonder word, soos in die geval van bendetaal.

Taalverandering beweeg van groep tot groep via mense wat toevallig in kontak met mekaar kom. In gesprekke sal hulle waarskynlik op klein skaal hulle spraak by mekaar aanpas en dan uiteindelik mekaar se spraakvorme oorneem en dit dan weer na hulle vriende oordra (Aitchison 1998:75).

As 'n onbewustelike verandering wat vir 'n hele tyd aan die gang is die vlak van sosiale bewuswording in die gemeenskap bereik, of as dit in botsing kom met 'n ou goedgevestigde taalkenmerk, vind daar soms 'n wedywering tussen die ou en nuwer vorm plaas wat vir dekades of selfs eeue kan voortgaan (Aitchison 1998:75).

Die verspreiding van taalvorme is dus essensieel 'n sosiale fenomeen wat veranderlike sosiale status reflekteer. Verandering vind nie plaas as dit nie een of ander prestigewaarde besit nie. Dit is merkers van groeplidmaatskap en persone buite die groep kan bewustelik of onbewustelik tot die groep toetree (Aitchison 1998:75).

i 1553 8291

D.O.V.S. BIBLIOTEK

4.5 Die Afrikaans van die Tswanagemeenskap

'n Groot deel (22%) van die Tswanagemeenskap van Kimberley het Afrikaans as hulle moedertaal aanvaar. Hoe en wanneer hierdie taalverskuiwing presies plaasgevind het, is nie bekend nie, maar dit is redelik seker dat dit as gevolg van langdurige kontak met blanke werkgewers ontstaan het. Du Plessis verwys na 'n soortgelyke geval waar 'n groep Batswana, die inwoners van Thlabane naby Rustenburg, met verloop van tyd heeltemal geïsoleerd geraak het op plase waar hulle as arbeiders gewoon het. Hulle het mettertyd verlear om Setswana te praat en het die Oosgrensafrikaans van die plaasarbeiders aangeleer en het dit as moedertaal aanvaar (Du Plessis 1994:128).

Van die faktore wat tot die Tswana se aanleer van Afrikaans aanleiding gegee het, is ekonomiese status waarskynlik van dié wat die swaarste geweeg het. Swak sosio-ekonomiese toestande in die verlede het hulle verplig om die blanke werkgewer se taal aan te leer. Huidige swak ekonomiese toestande wat vir die grootste gedeelte van die stedelike bevolking geld, is 'n sterk bydraende faktor tot die feit dat die moedertaal ondergeskik aan byvoorbeeld Afrikaans of Engels beskou word. Baie van hulle glo dat die gebruik van die moedertaal vir hulle lae ekonomiese status verantwoordelik is.

Die taalstatus wat Afrikaans en Engels bo die moedertaal geniet, is ook 'n bydraende faktor tot die taalverskuiwing van die Tswana. Soos uit die empiriese ondersoek na die Tswana se houding teenoor Afrikaans en Engels blyk (2.5), word Engels gesien as die taal met internasionale status; die taal van akademiese en ekonomiese vooruitgang, terwyl Afrikaans die omgangstaal is en die taal wat werk kan verskaf. Baie Tswanas beskou die Afrikaans wat hulle praat as minderwaardig en 'n straattaal, en dit dra weer by tot die negatiewe houding wat by baie Tswanas teenoor Afrikaans bestaan.

Die Tswana se taalvorm word verder gevoed deur demografiese faktore. Jarelange isolasie weens afgebakende woongebiede het die blootstelling aan Standaardafrikaans beperk. In die verlede het die inheemse tale nie veel mediablootstelling of ondersteuning van staatsinstellings

gehad nie. Aan die ander kant het hierdie bymekaarwoon in taalgroepe waarskynlik bygedra tot die behoud van die moedertaal ten spyte van die negatiewe inwerking van ander faktore.

Die groep Tswanas wat Afrikaans as moedertaal het, praat nie Standaardafrikaans nie en hulle variëteit word weer aan hulle kinders oorgedra. Dikwels word die kinders deur grootouers grootgemaak en dan is die relikvorme wat in die taalgebruik van die jonger geslag voorkom, opvallend. Hoe lank hierdie moedertaaloordrag van Afrikaans nog sal voortduur, is onseker, want soos uit die ondersoek na die houding van die meerderheid Tswanas teenoor Afrikaans blyk, word Engels as die prestigetaal beskou. Tans word Engels ook deur regeringsinstansies bevoordeel.

Die variëteit van Afrikaans wat deur die proefgroep gepraat word, is 'n voorbeeld van 'n aanleedersvariëteit van Afrikaans, hoewel die meeste van die studente reeds in 'n beperkte mate op voorskoolse vlak daarmee kennis gemaak het. Taalkontak met Griekwa-Afrikaans en Kaapse Afrikaans dra verder by tot die eiesoortige aard van die taalvorm. Die invloed van Engels is duidelik in die veelvuldige ontlenings en kodewisseling wat voorkom. Op moedertaalversteuring en die intertaalkenmerke van hierdie variëteit sal in die dataverwerking verder ingegaan word.

Afrikaans word hoofsaaklik as omgangstaal deur die studente gebruik en daarom vind daar nie groot styl- en registerwisseling plaas nie. Hulle bemeestering van die Afrikaanse grammatika en leksikon laat hoofsaaklik informele styl toe en as hulle op die gebied van formele styl moet beweeg, byvoorbeeld formele briewe of gesprekke, toon hulle taalgebruik baie beperkte woordeskat en uitdrukkingsvermoë.

Fossilering van sekere taalvorme het by baie sprekers ingetree. Hieruit blyk duidelik dat taalgebruik, veral uitspraak, wat op 'n vroeë ouderdom vasgelê is, byna onmoontlik is om te verander. Tydens die opnames het geblyk dat, sodra die informante van die onderhoudsituasie vergeet en nie op hulle taalgebruik konsentreer nie, op gevestigde (gefossileerde) taalvorme teruggeval word. Stander wys ook op die probleem van fossilering van taalvorme en bevind die

volgende: “hierdie probleme manifesteer gewoonlik op tersiêre vlak en dit raak te laat en selfs onmoontlik om dit te verander” (Stander 1998:3).

Die informante maak ook dikwels en vrylik van kommunikasie- en kompensasiestrategieë gebruik (De Wet 1996:60). Hier openbaar die segspersone buitengewone vindingrykheid en kreatiwiteit wat aan die variëteit ’n eiesoortige karakter en kleurvolheid verleen. In die dataverwerking sal weer daarna verwys word.

4.6 Ten slotte:

In hierdie hoofstuk is die faktore wat taalverandering beïnvloed, bespreek. Daar is ook aandag gegee aan die twee hoofbenaderings in verband met taalverandering, naamlik die Niekonteksgevoelige Sisteembenadering en die Konteksgevoelige Variasiebenadering. Die variasiebenadering is as raamwerk gebruik waaronder die taalkontakprosesse, naamlik ontlening en taalversteuring, behandel is. Die intertaalteorie, moedertaalinterferensie in T2-aanleer, taalverskuiwing en pidginisering is vervolgens bespreek. Daarna is gekyk na die redes vir taalverskuiwing, asook prosesse waardeur taalverandering deur ’n gemeenskap versprei. Ten slotte is ’n kort oorsig gegee van die wyse waarop hierdie kontaksituasie in TswaA neerslag vind.

HOOFSTUK VYF: MORFOLOGIESE KENMERKE

Inleiding

In hoofstuk vier is gewys op die groot mate waarin kontak met verskillende taalgroepe 'n invloed uitoefen op die Afrikaans van die Tswanastudente en hoe dit bydra tot die variasievorme wat in hulle taalgebruik voorkom.

In hoofstuk 5, 6 en 7 word die variasie wat in die geskrewe, sowel as in die gesproke variëteit, Tswana-Afrikaans, voorkom, bespreek en met Standaardafrikaans en ander variëteite van Afrikaans, naamlik Griekwa-Afrikaans (GA) en Kaapse Afrikaans vergelyk. Die invloed van Engels en moedertaalinterferensie word ook aangedui. Die hoofdoel van die bespreking is nie om die geskrewe en gesproke vorme met mekaar te vergelyk nie, maar waar opvallende verskille tussen die geskrewe en gesproke vorme voorkom, sal dit aangedui word.

Die doel van hoofstuk 5, 6 en 7 is dus

1. om 'n beskrywing te gee van die morfologiese, sintaktiese en leksikale variante wat in die Afrikaans van 'n groep Tswanastudente van Kimberley (TswaA) opgeteken is,
2. om vas te stel in watter mate TswaA met SA en ander variëteite, soos GA en Kaapse Afrikaans, ooreenkom en daarvan verskil,
3. om die invloed wat taalkontak op die ontstaan en voortbestaan van hierdie variëteit het, aan te dui.

In hoofstukke 5, 6 en 7 sal die volgende werkwyse gevolg word:

1. 'n **Nommer** (in hakies na 'n variant) dui aan dat die voorbeeld in die geskrewe taal van die spesifieke student voorgekom het (1-100).
2. **Voorletters** (in hakies na 'n variant) beteken dat dié voorbeeld in die gesproke taal van die betrokke student voorgekom het, byvoorbeeld (AM).
3. Indien 'n variant dikwels in die **omgangstaal** gehoor word en in gesprekke met studente opgeteken is, word dit met (Om) ná die variant aangedui.
4. Die ooreenstemmende SA-vorm volg, waar nodig en ter verduideliking, ná die TswaA-variant direk na 'n X.
5. Woorde tussen enkele aanhalingstekens (bv. '...') dui op Engelse woorde en uitspraak.
6. Voorbeelde word met hoofletters begin as dit aan die begin van 'n sin voorkom. Indien die voorbeelde nie die begin van 'n sin vorm nie, word dit met kleinletters begin.

Opmerking

Alhoewel studente as proefpersone gebruik word, is dit nie studentetaal as sodanig wat ondersoek word nie, maar wel hulle vorm van Afrikaans. Die proefgroep verteenwoordig 'n deelversameling van die Tswanagemeenskap in Kimberley. Hiermee word nie voorgegee dat hierdie variëteit deur alle lede van die taalgemeenskap of deur net dié spesifieke taalgemeenskap of nét deur Tswanas in die algemeen gepraat word nie.

In hierdie variasiestudie word hoofsaaklik gekonsentreer op 'n beskrywing van die grammatikale en leksikale variante wat van SA verskil en wat frekwent of volgens 'n vaste patroon in TswaA voorkom. Daar word nie van frekwensie-indekse gebruik gemaak nie.

5.1 DIE NOMEN

5.1.1 Meervoudsvorming

In Tswana behoort die soortnaamwoorde tot verskillende klasse. Die meervoud word gevorm volgens die klasprefiks waartoe die soortnaamwoorde behoort, bv. **motho** – **batho** (Setshedi 1981:71,72). In SA word onder andere van uitgange (-e en -s) en vokaalverandering (in kombinasie met -e) van die stam gebruik gemaak om meervoud aan te dui. Hierdie radikale verskil in meervoudsvorming lei tot verwarring by die aanleer van enkelvoudsvorm- en meervoudsvorme.

5.1.1.1 Verwarring tussen enkelvoudsvorm- en meervoudsvorme

Hierdie verskynsel kom uitgebreid in TswaA voor. Volgens Van Rensburg (1994:173) is die feit dat enkelvoud en meervoud nie by naamwoorde onderskei word nie, 'n tipiese kenmerk van pidgin- en kreoolse tale; dus 'n intertaalkenmerk.

'n Bydraende faktor tot hierdie tipe verwarring is die feit dat die meervoud nie in Tswana, soos in Afrikaans, deur middel van agtervoegsels gevorm word nie, maar met behulp van voorvoegsels (Setshedi 1987:43). Stoltz (1982:88) beskou hierdie verskynsel nie primêr as moedertaalversteurings nie, maar eerder as 'n onvermoë om 'n vreemde taal baas te raak.

(i) Weglating van die meervoudsuffiks waar SA dit wel gebruik

In TswaA toon hierdie tipe variasie 'n patroonmatigheid wat betref die woorde wat die substantief voorafgaan. Dit kom veral voor waar die substantief met 'n telwoord of woorde wat meervoudigheid aandui (kwantore en versamelname), verbind. Die volgende voorbeelde is opgeteken.

1. Die gedig bestaan uit drie strofe. In stroof een sien ons ... (6)
2. Ek sal nou net twee keuse maak (AM)

3. Daar is baie rede hoekom hy dit doen (4)
4. Daar is baie party wat ook kan wen (12)
5. omdat hy my baie probleem gee (38)
6. Vroumense met baie sak geld (ST)
7. ou klomp ding wat kan uitbrand (1)
8. al die taxi gaan Soweto toe (76)
9. al die onderwyser en onderwyseres het ook van haar gehou (87)
10. Die meeste van die lid het gery (68)
11. Meeste van die huis het krag en telefoon (6)
12. Vir my aborsie bring meer probleem (24)
13. Na paar sekonde het dit verdwyn (56)

In Setswana kom die telwoord ná die selfstandige naamwoord, bv. **onderwysers tien**. Volgens Setshedi (1987:73) is 'n moontlike verklaring vir die gebruik van die enkelvoud ná die telwoord dat die Tswanaspreker voel dat die telwoord alreeds gebruik is om "meer as een" aan te dui en hy dus nie die substantief in die meervoud hoef uit te druk nie.

By substantiewe met 'n e-auslaut soos in 1 tot 3 kan die moontlikheid ook bestaan dat die segspersoon dit reeds as 'n meervoudsvorm beskou. By 1 is dit beslis die geval aangesien daar na die "enkelvoud" van **strofe** as **stroof** verwys word.

14. So het baie mense doodgegaan saam met die kind (9)
15. as hulle swanger word en nie meer kind soek nie (24)
16. as jy klaar kind gekry het (90)
17. hy kan nie boek oortrek nie (AM)
18. Die kinders maak die huise vuil met die voet (78)

Dit wil voorkom asof die enkelvoudsvorm in voorbeelde 14 tot 18 reeds 'n meervoudsbetekenis het in 'n min of meer vaste uitdrukking. In die omgangstaal word die uitdrukking "ek wil nie nou al kind hê nie" dikwels gehoor. Vergelyk ook in hierdie verband Links (1989:34) se

voorbeeld uit Kharkams: 'n klomp kind en 'n lap kind. Die moontlikheid bestaan ook dat die enkelvoud hier bedoel word en die lidwoord dus ontbreek.

- | | |
|--|------|
| 19. My suster sy kinders het my <u>probleem</u> gegee | (34) |
| 20. As ek <u>geldprobleem</u> het | (35) |
| 21. Hulle is interessante mense met verskillende <u>persoonlikheid</u> | (57) |

Waar "moeiliker" meervoudsvorme onbekend is of spelprobleme kan oplewer, word die meer bekende enkelvoudsvorm waarskynlik ook verkies, soos in voorbeelde 19 tot 21.

- | | |
|--|------|
| 22. Eendag het <u>een van die plaasseun</u> | (1) |
| 23. Aborsie is <u>een van die misdad</u> wat mense doen | (7) |
| 24. Die trein het nie by <u>een van die stasie</u> gestaan | (30) |
| 25. <u>Een van my vriend</u> het my gehelp | (37) |
| 26. Ons het <u>een van ons beste skopper</u> gevra | (55) |
| 27. Sy't eers <u>een van sy sak</u> gebêre | (JS) |

Wat voorbeelde 22 tot 27 betref, is 'n moontlike verklaring dat die gebruik van die telwoord **een** voor die substantief verwarring kan veroorsaak en dus die enkelvoudsvorm van die substantief tot gevolg het.

(ii) **Toevoeging van die meervoudsuffiks waar in SA die enkelvoud gebruik word**

(a) Die eerste groep substantiewe waarby hierdie variasie in TswaA voorkom, is **maatnaamwoorde**. As maatnaamwoorde in verbinding met **bepaalde hooftelwoorde** gebruik word, neem dit in SA nie 'n meervoud nie. (Ponelis 1985:47). In TswaA word die meervoudsvorm in hierdie geval dikwels aangetref. Volgens Setshedi (1987:76) kry alle soortnaamwoorde in Tswana 'n meervoudsprefiks wanneer dit met 'n telwoord verbind. Sy skryf hierdie "versteuring" toe aan die verskil tussen die Afrikaanse en Tswana-maatnaamwoorde.

Volgens Ponelis (1985:47) verskyn die meervoud van maatnaamwoorde na bepaalde hoofelwoorde onder Engelse invloed. Die volgende is van die voorbeelde wat opgeteken is.

Die vrees wat Delpport vir <u>nege jare</u> gehad het	(5)
Toe ek <u>sewe en twintig jare</u> maak X jaar oud word	(30)
Ek het net <u> twee ure</u> geslaap	(18)
Hulle was gedeel vir <u>drie djare</u> X in drie jaar ingedeel	(ST)

(b) Die volgende is voorbeelde van **massanaamwoorde** wat normaalweg nie in SA meervoudsvorme het nie, maar in TswaA wel. Volgens Klopper (1981:288) word die "kollektiewe aard van die betrokke begrip nie as sodanig aangevoel nie" en dus word die meervoudsuffiks gebruik om meervoudigheid aan te toon.

Soos in SA vertoon die massanaamwoord in Tswana nie getalsonderskeid nie. Daar is egter sekere Afrikaanse massanaamwoorde wat in Tswana as soortnaamwoorde optree en gevolglik word meervoudsuitgange by dié massanaamwoorde gevoeg, byvoorbeeld, kosse, vleise en lekkergoede (Setshedi 1987:74).

ek het geen <u>nuuste</u> ontvang	(17)
dat die blankes ons mense se <u>gelde</u> vat	(25)
dat die drie mans da' <u>gelte</u> ingooi	(YL)
Die <u>kosse</u> kan nie gekoop word nie	(88)
die <u>modders</u> in die huis in trap	(78)
betaal ek die <u>skulte</u>	(83)
Die rowers gan hom <u>houde</u> vat X sy hout	(YL)
lat ek weer <u>suikerse</u> steel'ie	(DB)
Hulle drink die <u>dranke</u> ; nou nie die drankie wat ons by die lokasie doen nie	(KM)
sterk <u>drankes</u>	(65)

Die gebruik van die woord **goed** het 'n baie hoë gebruiksfrekwensie in TswaA omdat die behoefte aan 'n spesifieke leksikale item ontstaan by gebrek aan die nodige woordeskat. Verskillende meervoudsuffikse by **goed** (-te/ -de/ -des) is opgeteken. (Verdere meervoudsvorme

van **goed**, asook dubbele meervoudsvorme wat in bogenoemde voorbeelde voorkom, word in 5.1.1.2, dubbele meervoudsformans, bespreek.)

jy mag nie iemand se <u>goete</u> steel nie X goed	(43)
jy sal jou <u>goete</u> regkry X sake	(66)
voor ons al die <u>goete</u> gehet'et X goed	(RP)
en ek dink net my eie kop se <u>goete</u> X gedagtes	(JS)
Ek het bietjie baie moeilike <u>goete</u> gekry vandag X ervarings gehad	(JS)
gaan die <u>goede</u> nie mooi loop nie X sake nie reg verloop nie	(56)
Sy <u>binnegoede</u> is vrot X binnegoed	(45)
sulke <u>goedes</u> X goed	(50)

(c) Soms word die meervoudsvorm saam met die **onbepaalde lidwoord** of die **telwoorde een** of **elke** gebruik. Hier stem die meervoudsuitgang ooreen met SA, maar word binne 'n enkelvoudskonteks gebruik. Voorbeelde van hierdie gebruik is:

'n <u>Mense</u> wat aborsie maak, lewe nie soos 'n normale <u>mense</u> nie	(24)
Aborsie is nie goed vir 'n <u>mense</u> nie	(42)
'n <u>vroumense</u> moet net <u>een manmense</u> verlief had	(43)
vir 'n drie <u>maande</u>	(82)
dit is 'n groot <u>probleme</u>	(34)
Suid-Afrikaners kom bymekaar om <u>een Suid-Afrikaners</u> te wees	(6)
Daar was nie eers <u>een pille</u> nie	(80)
Voor 1994 <u>elke lande</u> het sy eie leier	(6)
Ek dink <u>elke mense</u> moet	(24)

(d) In sommige gevalle word redelik **vaste uitdrukkings** gewysig omdat dit as meervoudsvorme beskou word.

dat jy Desembermaand by <u>die huise</u> sal wees	(18)
moet <u>te voete</u> patroleer	(25)

Ons gaan <u>pieknieke</u> hou	(56)
Ons gee mekaar <u>adviese</u>	(58)
As hulle <u>verloffe</u> toe gaan X met verlof gaan	(AM)
onse <u>jeuge</u> van onse kerk	(KM)
in hulle se <u>ouderdomme</u>	(TS)

(e) Onder **Engelse invloed** kom die volgende voor.

Hy begin nou om <u>politieks</u> te prat X politiek	(MG)
die eerste <u>tweelings</u> van my X tweeling	(LG)
Hy't so <u>brille</u> aan X bril	(DO)
'n Huis so van ' <u>sports</u> ' X plesier	(DB)

5.1.1.2 Dubbele meervoudsformans

Seker die opvallendste kenmerk van meervoudsvorming in TswaA is die gebruik van die **dubbele meervoudsformans**, veral in die omgangstaal van die Tswanastudente. Deur middel van analogievorming word die **se**-allomorf aan feitlik enige substantief gevoeg. Selfs as daar uit 'n handboek voorgelees word, word die dubbele meervoudsvorm dikwels gebruik, bv. *dassiese, diertjiese*.

Die volgende is van die voorbeelde wat in die geskrewe data opgeteken is.

klasmatsse X klasmaats	(90)
klasmaatsse X klasmaats	(23)
lakense X lakens	(11)
pastoriese X pastorieë	(14)
skaapribbetjiese X skaapribbetjies	(13)
storiesse X stories	(34)
my studiesse X my studies	(59)

Die volgende voorbeelde is uit die gesproke data opgeteken.

anderste	(21)
blikkiese X blikkies	(KM)
boutjiese X boutjies	(SM)
broerse (van die kerk)	(KM)
dermse	(KM)
djuffrouense X juffroue/ens	(LG)
goeterse X goed	(KM)(BK)
klein goetertjiese, onnodige goetertjiese	(JM)
inspuitingse	(RP)
kinderse	(8 voorbeelde is opgeteken)
krummelse	(DB)
leuense	(30)
meisiekinnerse	(KM)
oupase	(KM)
pertierse X portuur	(LG)
rowerse	(YL)
Sotho'se	(AO)
tekkiese X tekkies	(RP)
tjommiese X tjommies	(DB)
toornaarse X towenaars	(JS)
vingerse	(SM)
vrouense	(TS)(IM)
Dit was nie <u>e'se</u> nie; dit was <u>b'se</u>	(Om)

Ook waar Engelse woorde in die woordeskat voorkom, word die -e-formans dikwels by die meervoud gevoeg. Studente praat byvoorbeeld soos volg:

Watter 'novels'e doen ons vanjaar?

Ek weet ek moet my sokse optrek

Die volgende is ook opgeteken.

betriese X 'batteries'	(KM)
'buns'e X 'buns'	(BK)
'biscuits'e	(DB)
'coins'e	(ST)
'fits'e X 'fits'(stuipe)	(KM)
'holidays'e	(AM)
'hostels'e	(KM)
'hot cross buns'e	(ET)
ieste 'eggs'e X 'easter eggs'	(MG)
'moods'e X buie	(AM)
'nuts'e/ 'nuts'iese/ 'peanuts'e X grondboontjies	(SM)
'photos'e	(AS)
'primus' stoufse X primusstowe	(RP)
'shanties'e	(KM)
tjommiese X maats	(DB)

Jenkinson (1984:238) en De Wet (1996:111) wys ook op die hoë voorkoms van hierdie dubbele meervoudsvorm in die Afrikaans van die Griekwas. Du Plessis (1984:376) beskou hierdie vorm as 'n -e-meervoudsvorm en nie as 'n dubbele meervoud -s + e nie. Du Plessis skryf die hoë voorkoms van hierdie vorm in Griekwa-Afrikaans toe aan die ontstaan daarvan. Gedurende die 17 de eeu was die -s-vorm die dominante vorm onder niestandaardsprekers terwyl die -en (-e)-meervoud 'n "deftige merker" was. Aangesien die Griekwas hulleself as 'n "verhewe" groep beskou het en hulleself as groep wou identifiseer, is voorkeur aan die hiperkorrekte -se-meervoudsvorme gegee. Vergelyk ook Fourie (1985:69) en Links (1989:33) in hierdie verband. Die hoë voorkoms van hierdie vorm in TswaA dui dus logieserwys op noue taalkontak met Griekwasprekers.

5.1.1.3 Verdere variante meervoudsvorme

In TswaA heers daar 'n groot mate van verwarring ten opsigte van die gebruik van die verskillende meervoudsuitgange; dus speel **analogievorming** 'n groot rol. Die volgende variante is opgeteken.

(i) **Hiperkorrekte t-vorme** soos ook in GA opgeteken is, kom voor (Jenkinson 1984:238).

geloofte X gelowe	(RP)
buste X busse	(MG)
klasmate X klasmaats	(12)
doringdrate X doringdrade	(34)
staaldrate X staaldrade	(KM)

In die laaste twee voorbeelde kom ook oorveralgemening van die ontstemmingsreël voor. Die stemhebbende konsonant **d** aan die sillabe-einde bly stemloos wanneer dit "deur morfeemtoevoeging aan die begin van 'n sillabe te staan kom" (Kotzé 1984:46).

(ii) **Verwarring tussen die e- en die s-uitgang**

Sommige **-s**-uitgange wat in TswaA gebruik word, kom nie in SA voor nie. In die volgende voorbeelde speel Engelse invloed 'n definitiewe rol.

dorpskools X dorpskole	(14)
engels X engele	(ET)
koeldranks X koeldranke	(BK)
probleems X probleme	(33)
riviers X riviere	(RP)
slangs X slange	(66)

Soos in Griekwa-Afrikaans (Du Plessis 1984:366) gee TswaA ook voorkeur aan die **-e**-uitgang waar SA oorwegend die **-s**-uitgang gebruik.

Die volgende is opgeteken.

ghellinge X gellings	(AM)
passasiere X passasiers	(28)
koeëlle X koeëls	(13)
klasmate X klasmaats	(36)
bedde X beddens	(CM)

(iii) **Verdere variante meervoudsmorfeme**

kasse X kaste	(CM)
grondpadde X grondpaaie	(31)
skilpatte X skilpaaie	(KM)
pae X paaie	(83)
kinder X kinders	(2)(9)(24)(79)(94)
sporte X sportsoorte	(MG)
suurlamoense X suurlamoene	(MW)
masjiense X masjiene	(43)
hoedse X hoede	(94)

Die laaste drie voorbeelde is waarskynlik na analogie van die dubbele meervoudformans **se** soos in **kinderse** gevorm.

Net een vorm **sonder die umlautvorm** van die vokaal is opgeteken, naamlik

Snaksegeite X snaaksighede (BK)

Die gebruik van **-geite** in plaas van **-hede** kom ook in informele Afrikaans voor.

(iv) Ongewone -e/-te-uitgange by Engelse woorde

'biscuit'e X beskuitjies	(KM)
'drink'e X drinkgoed/koeldranke	(KM)
'guava juice'e X koejawelsap	(BK)
'nurs'te X verpleegsters	(19)
'police'te X polisie	(35)
'result'e X uitslag	(87)
'salad'te X slaaie	(KM)
'statement'e X verklarings	(16)
'stuff'e X voorrade	(MG)
'slip'pe X kwitansies	(SM)
'tip'pe X footjies	(23)

Volgens Du Plessis (1984:366) vorm Griekwa-Afrikaans oorwegend meervoude op *-e*, terwyl Standaardafrikaans aan die *-s*-uitgang voorkeur verleen. Ook in TswaA word die *-e*-uitgang verkies. 'n Verdere bydraende faktor tot hierdie voorkeur is moedertaalinterferensie. Die Afrikatale het 'n oop-lettergreepstruktuur, dit wil sê "alle lettergrepe, en dus ook alle woorde, eindig op vokale, behalwe in enkele, streng beperkte, uitsonderingsgevalle" (Van Wyk 1966:43). Woorde wat op konsonante eindig, verskaf dus probleme en die logiese oplossing is om vokale ná die slotkonsonante by te voeg (Van Wyk 1966:43).

5.1.1.4 Die goed-konstruksie

Jenkinson (1984:250) en De Wet (1996:112) bespreek die voorkoms van die **goed**-konstruksie in SA en ORA. In SA kom die konstruksie voor as kollektiewe skakelwoord in byvoorbeeld **skottelgoed** en **beddegoed** en dui gewoonlik op lewelose entiteite. Die **goed**-konstruksie soos dit in ORA voorkom, verwys weer hoofsaaklik na lewende entiteite en verskil dus van die **goed**-samestelling in SA en kom eerder ooreen met die **hulle**-konstruksie soos dit in SA voorkom, in byvoorbeeld, **Pa-hulle**. Jenkinson kom verder tot die gevolgtrekking dat die **goed**-

konstruksie 'n "eg Griekwa-Afrikaanse skepping is omdat dit die **hulle**-konstruksie grootliks vervang" in ORA (Jenkinson 1984:252).

Vermoedelik kom die **goed**-konstruksie meer frekvent onder die ouer Tswanas met Afrikaans as spreektaal voor, maar in die omgangstaal word dit heel dikwels onder die studente gehoor, hoewel dit min in die skryftaal voorkom. In die geskrewe data het net twee voorbeelde voorgekom.

In die volgende voorbeelde is **goed** meervoudaanduidend. Hier kan dit met die voornaamwoorde **hulle** of **wie** vervang word.

Die polisie het gevra saam <u>wie-goed</u> het die kind vandag gespeel		(77)
ek weet'ie <u>wie-goed</u> was dit gewees'ie		(LM)
<u>Ali Baba-goed</u> het baie sjeld		(YL)

Soms kan uit die konteks afgelei word dat **goed** in die konstruksie derdepersoonsverwysend is, maar van die persoonlike voornaamwoord in die enkelvoud.

<u>Portia-goed</u> is ook huis toe	(sy)	(23)
da' by <u>Bebe-goed</u>	(hom)	(SK)
Toe gryp <u>Modgiana-goed</u> gou daai mes	(sy)	(YL)
My <u>ma-goed</u> weet'ie wat reël ons'ie	(sy)	(PB)

Soms kom beide **goed** en **hulle** gelyktydig in dieselfde konstruksie voor. Jenkinson verwys ook na die voorkoms van hierdie kongruensie-konstruksies in Griekwa-Afrikaans (Jenkinson 1984:252). Net een voorbeeld is in TswaA opgeteken.

Da by Jingles-goed-hulle

Fourie (1985:77) wys daarop dat die **goed**-konstruksie ook **onbepaaldheid** kan uitdruk aangesien dit saam met die vraende voornaamwoord gebruik word.

ek weet'ie wie-goed was dit gewees'ie (LM)

Een voorbeeld is opgeteken waar **goed** met 'n Engelse woord verbind.

Ons het so 'bout' one-goed by die kerk gegaan X ongeveer eenuur (PB)

Volgens Le Roux (1923:83) is die **goed**-konstruksie 'n letterlike vertaling van die suffiks **-gu** uit die Khoi-taal. Dié suffiks word gebruik om die meervoud van die manlike substantiewe te vorm, byvoorbeeld: khoib - die man

khoigu - die manne

Die suffiks is eintlik die enklitiese vorm van die manlike derde persoon, meervoud, van die persoonlike voornaamwoord en beteken dieselfde as die Afrikaanse **hulle**. Later het dit verbreed geraak en ander betekenis-kategorieë het ontwikkel (Links 1989:32).

Die voorkoms van die ander aanwending van **goed** in TswaA word in 1.1.2 bespreek aangesien dit op semantiese vlak verskil van die **goed**-konstruksie soos hierbo bespreek.

5.1.1.5 Die gebruik van spanne

Hierdie konstruksie het 'n hoë gebruiksfrekwensie in die omgangstaal van die Tswanastudente. Die volgende gesprekke is in die omgangstaal opgeteken.

Dosent : Watter boeke wil jy koop?

Student: Die spanne wat gemerk is, wil ek koop, maar die anner spanne nie.

en

Student 1: Is daar nog van die bokse oor?

Student 2: Nee, hulle is kla'. Da's nog net van die plankspanne oor X kissies

In SA is die substantief **span** 'n versamelaanduidende naamwoord en dui op lewende entiteite, byvoorbeeld **jongspan** en **kleinspan**, of meer letterlik, **atletiekspan** en **perdespan**, asook in die gebruik van die kwantor voor die naamwoord, bv. 'n **span osse** of die **span kinders**. In idiomatiese betekenis word na die kerkraad verwys as die **swartspan** en Kempen (s.j.:56) haal die voorbeelde aan: **spanne wors** wat beteken baie wors en **ek het dit spanne geniet** (Kempen s.j.:56). In Straatpraatjies, 'n voorbeeld van vroeë Afrikaans, word ook na die boere verwys as **die ou span** (1996:46). Ook in informele Afrikaans word op soortgelyke wyse na 'n groep persone verwys.

In TswaA dien die gebruik van hierdie konstruksie as 'n handige vervanging weens 'n gebrek aan die nodige woordeskat. De Wet skryf die gebruik van verskillende vorme van **goed** in SwAV aan dieselfde rede toe en bring dit in verband met kommunikasie-strategieë by 'n taalaanleerder. "Hulle maak dus gebruik van 'n semanties leë superordinaat in plaas van die hiponieme" (De Wet 1996:114).

1. Dar's daai spanne wat nou nie leer nie X leerlinge (JM)
2. Ek het meer as twaalf 'photos'e van verskillende spanne X meisies (AS)
3. Die lokale spanne wat ek sommer hier vastrap X plaaslike meisies (AS)
4. Die jongspanne doen verskriklike goeterse X jongmense (KM)
5. Ons is die bêdlokspanne wat niks regkry nie X 'bad luck' (50)
6. Die onderwysers kry baie geld, maar die skropspanne sukkel X arbeiders (50)
7. Moenie saam met die stoutspannetjie loop en speel nie X groep maats wat verkeerde dinge doen (92)
8. Die spanne wat jy nie verstaan nie X vakke (43)
9. Daai ronne spanne X pype (DB)
10. Ek sal met 'coins'e kom; daai anner spanne X muntstukke (83)
11. Ek het hierdie span nou nie meer werk nie X kwartaal (72)
12. Dis die Sondagspanne wat ek aanhet X klere wat gewoonlik Sondae gedra word (Om)

Hierdie konstruksie verskil van SA deurdat dit hoofsaaklik in die meervoudsvorm voorkom. In twee voorbeelde, nommer 7 en 10, word dit egter wel in die enkelvoud gebruik. In beide SA en TswaA is dit egter meervoudaanduidend. In 8 tot 12 het in TswaA 'n betekenisverbreiding plaasgevind na nie-lewend.

Bespreking

Kenmerkend van die meervoudsvorming in TswaA is eerstens die **verwarring tussen enkelvoudsvorm- en meervoudsvorm** en tussen die verskillende **meervoudsuitgange** in Afrikaans. Volgens De Wet (1996:114) is die taalaanleerders bewus van morfeme in Afrikaans, "maar weens gebrekkige strukturele kennis word dit nie soos in SA gebruik nie". Origens speel die wyse waarop die meervoud in die moedertaal gevorm word en wat radikaal van SA verskil, valse analogievorming en Engelse invloed ook 'n rol. Die hoë voorkoms van **dubbele meervoudsuitgange** en die gebruik van die **goed**-konstruksie dui weer op die invloed wat daar van Griekwa-Afrikaans uitgaan. Die gebruik van leksikale items, soos telwoorde of die **goed**-konstruksie om meervoud aan te dui, is ook tipiese intertaalkenmerke (De Wet 1996:114).

5.1.2 Verkleining

Die verkleining van die substantief het 'n hoë gebruiksfrekwensie in TswaA. Dit kom meer dikwels in informele gesprekke voor om 'n gemoedelike trant aan die gesprek te verleen.

Opvallend is die gebruik van die sogenaamde **dubbele diminutief**. Hierdie verskynsel kom selde in die geskrewe taal voor, maar word hoofsaaklik in die spreektaal waargeneem. Volgens Links (1989:34) en Jenkinson (1984:241) is die doel met die gebruik van hierdie vorm om, behalwe verkleining, 'n groter mate van affektiwiteit en intensivering te verkry. Volgens Jenkinson is dit moontlik by sommige woorde nie werklik 'n dubbele diminutief nie, "maar die allomorfe [ici] wat saam met die betrokke stam (simpleks) gebruik word" (Jenkinson 1984:241). Hierdie vorme kom selde in die geskrewe taal voor. Die volgende voorbeelde is in die gesproke taal opgeteken. Links reken dat 'n moontlike verklaring is dat hierdie vorme na analogie van

woorde wat net in die diminutiefvorm voorkom, byvoorbeeld mandjietjie, kierietjie, ens. gevorm word (Links 1989:35).

Hoog, so <u>plekkietjie</u> , so	(PM)
wat by 'n ander <u>plekkietjie</u> gebore is	(MP)
Da word nou nie swak <u>prekietjies</u> gapreek'ie	(ET)
Dit is nou onse <u>huisietjie</u>	(MP)
sodat ek kan <u>huisietjie</u> bou	(Om)
Hy het drie <u>vissietjies</u> op die nek	(CM)
Dan moet ek net 'n klein <u>koppietjie</u> kry	(YL)
Sy stap so twee <u>stappietjies</u>	(AS)
Toe dra ek nog so klein <u>rokkietjies</u>	(LG)
Bêre nou julle se <u>grafiekiekies</u> bo-aan die bladsy X teken julle grafiekies bo-aan die bladsy (proefles aan graad 2)	(Om)

De Wet (1996:114) verwys na die kenmerkende perifrastiese markering van die verkleiningsvorm met die leksikale item **klein** wat in SwAV voorkom en afwyk van SA aangesien dit nie gepaard gaan met 'n diminutiefmorfeem as naamwoorduitgang nie. Hierdie verskynsel kom ook in TswaA voor en hier is weer net in die geskrewe data voorbeelde aangetref.

Hulle vat die <u>klein kind</u>	(41)
vernaam <u>klein kinders</u>	(1)(6)(64)
my vriendin se <u>klein suster</u>	(23)
Toe ek nog 'n <u>klein seun</u> was	(75)
of as 'n <u>klein meisie</u> nie ouers het nie	(10)
Dit is 'n baie <u>klein probleem</u>	(9)

'n Verdere opvallende kenmerk van verkleining in TswaA is die hoë mate waarin **verkleiningsvorme** van **persoonsname** en **verwantskapsterme** gebruik word. Hier verskil die gebruik van die verkleinwoord van SA omdat 'n betekenisverskuiwing ook plaasvind. Die verkleinwoord **seuntjies** word byvoorbeeld dikwels gebruik om na groot seuns te verwys.

Die skoolseuntjies is stout X hoërskoolseuns (33)

die een seuntjie ... ek was so kwaad vir daardie seuntjies X groot seuns wat haar wil
aanval (86)

Broertjie en sustertjie word gebruik om na 'n jonger broer of suster te verwys, al is hulle reeds jongmense. 'n Segspersoon stel die ondervraer voor aan 'n meisie. Op die vraag of dit sy suster is, antwoord hy:

Nee, dit is nie my suster nie; my sustertjie X jonger suster

My ma het my broertjie dorp toe gestuur X jonger broer (MM)

Hy sê die boetie. Nou toe kom die boetie X jong man (DO)

Dis 'ie oompie wat verkoop daai X man wat eetgoed op die trein verkoop (BK)

Toe's da 'n oompie wat so verbykom X man (DB)

Verskillende verkleiningsvorme van die woord **man** kom dikwels voor as na seuns verwys word. Jenkinson (1984:243) wys ook op hierdie gebruik in Griekwa-Afrikaans.

Daar het 'n groep manneljies gestaan X seuns wat wil steel (54)

Ma het hom las week gebore. Dit was 'n manneljie X seuntjie/baba (70)

Die manneljie dink ek is sy pertier X jong seun (LG)

Ek kan sam met die jong manneljie trou X jongman (CM)

Hy's 'n ou-ou manneljie (PB)

paar van die manneljies ôk X seuns (MW)

Ander "ongewone" verkleiningsvorme wat opgeteken is.

Hierdie vorme ontstaan waarskynlik as gevolg van valse analogie en kan ook idiolekte wees.

Die allomorf **-kie** geniet voorkeur.

Hy't brille aan; so die dun briltjies X brilletjies (DO)

Hulle hou van speelkies X speletjies (10)

Na 'n <u>tykie</u> X tydjie	(38)
<u>probleemkie</u> X probleempie	(51)
<u>lappertjies</u> X lappies	(54)

Die volgende is waarskynlik ook idiolekte en word net vir die interessantheid genoem.

Na 'n <u>lang rukk</u> ie het hy opgestaan X taamlike lang ruk	(54)
Hulle se pa het die <u>erfpors</u> gevat X erfposie	(IM)

In eersgenoemde word die verkleinwoord gebruik waar dit in SA nie die geval is nie en in die tweede geval word die verkleiningsuitgang van 'n woord wat in SA oënskynlik net in die verkleiningsvorm voorkom, weggelaat.

Bespreking

Opsommend kan gesê word dat die **verkleinwoord** en ook die **dubbele diminutief 'n hoë gebruiksfrekwensie** in TswaA het. Dit kom veral na vore in meer informele gesprekke en vertellings om meer effek en kleur aan die vertellings te verleen. In die gebruik van verkleinwoorde vir **persoonsname** en **verwantskapsterme** verskil TswaA van SA omdat betekenisverskuiwing plaasgevind het. Voorbeelde van **deflektering** (klein seun, klein dogter) waardeur die kongruensie tussen die perifrastiese merker (klein) en die diminutiefuitgang, wat afwesig is, dus verbreek word, kom ook voor. Volgens De Wet is laasgenoemde 'n tipiese intertaalkenmerk (De Wet 1996:115).

Setshedi (1987:80) bevind dat die Tswanaleerders nie probleme ondervind met die bemeestering van die verkleiningsreëls in Afrikaans nie en sy skryf dit toe aan die feit dat die reëls om verkleining in Tswana te vorm, baie ingewikkelder as dié van Afrikaans is.

5.1.3 Komposita

Op hierdie gebied is TswaA baie produktief en as gevolg van 'n woordeskattekort word eie samestellings gevorm. Sommige van hierdie samestellings is idiolekties, maar ander word frekwent in die omgangstaal gehoor.

5.1.3.1 Opmerklik is 'n aantal komposita met 'n substantief as woordkern en 'n **onverboë adjektief of nomen as die eerste komponent**. Volgens Van Rensburg (1994:173) is die verlies van attributiewe fleksie 'n kenmerk van intertale. Die volgende voorbeelde word dikwels in die omgangstaal gehoor.

Jy moet <u>langmoed</u> hê X lankmoedigheid	(83)
Deur <u>langmoed</u> gaan jy die jaar lekker uitsien X lankmoedigheid/geduld	(100)
Toe kom 'n anner motor op 'n <u>hoogspoed</u> X teen 'n hoë spoed	(86)
My ma het so <u>hoogbloed</u> X hoë bloeddruk	(75)
'n <u>goudhorlosie</u> X goue horlosie	(96)
<u>oudmense</u> X oumense	(40)
Fiela is 'n <u>hardwerker</u> X harde werker	(32)

5.1.3.2 In 'n volgende groep komposita vind daar **fleksie** of **afleiding** in die **eerste deel van die kompositum** plaas, of 'n **verbindingsklank** word ingevoeg waar dit in SA nie plaasvind nie. Dit blyk meestal voorbeelde van taalversteuring te wees aangesien die spreker verskillende vorme van dieselfde woord verwar.

<u>begrafstene</u> X grafstene	(53)
Aan die <u>regshand</u> van Moeder Makou X regterkant	(CM)
<u>kindershuis</u> X kinderhuis	(57)
<u>herstellingskoste</u> X herstelkoste	(18)
<u>dwelmsgebruik</u> X dwelmgebruik	(58)
'n oupa wat <u>skoewinkel</u> gehad het X skoenwinkel	(YL)
<u>boekesak</u> X boeksak	(12)

<u>volstruise-eiers</u> X volstruiseiers	(15)
<u>troueplan</u> X trouplan	(25)
<u>beursiegeld</u> X beursgeld	(71)

In 'n paar gevalle, veral by langer komposita, word een deel van die kompositum weggelaat.

<u>bloedtappings</u> X bloedoortappings	(ST)
<u>vingerdrukke</u> X vingerafdrukke	(20)

5.1.3.3 'n Ander verskynsel is die vorming van komposita waar **een van die komponente** eintlik **onnodig** is. Dit word waarskynlik vir effek of beklemtoning gebruik.

die <u>wagbank</u> in die hoof se kantoor X bank (waarop leerlinge sit en wag)	(91)
Hulle koop dit by die <u>kroegwinkels</u> X kroeg	(KM)
Onse <u>kombuishuis</u> X kombuis ('n kamer buite die huis waar gekook word)	(KM)
die <u>buurmense</u> X bure	(LG)
<u>troupantvoël</u> X trou pant	(CM)
<u>vrykêrel</u> X kêrel	(21)
<u>vrymeisie</u> X meisie	(AM)

5.1.3.4 Soms word 'n **vereenvoudigde** of **letterlike beskrywing** van benoemde saak gegee. Die nodige woordeskat ontbreek en dan maak die segspersoon gebruik van die woorde wat wel aan hom/haar bekend is. Eie samestellings word ook gevorm waar SA van omskrywings gebruik maak. Hiermee is die sprekers van TswaA baie kreatief.

<u>begraweplek</u> X begraafplaas	(50)
<u>partytjiekaart</u> X kaartjie om iemand uit te nooi	(70)
<u>gesondkaart</u> X kaartjie om beterskap toe te wens	(6)
<u>bankplêstiek</u> X banksakkie van plastiek	(SM)
Die <u>keerman</u> van die span X doelwagter	(85)

<u>pynkoppe</u> X hoofpyne	(90)
<u>oujare</u> X vroeëjare	(95)
<u>kopvleis</u> om dik te eet X afval	(98)
Hy span sy <u>vleisbundels</u> saam X spiere	(16)
<u>towenaarsdokter</u> X toordokter	(53)
<u>tikketbeampte</u> X kaartjiesondersoeker	(16)
As die <u>trollieman</u> so verbygan X man wat verversings verkoop op die trein	(BK)
daar was ook <u>witpakkemanne</u> X mans in hoë posisies	(BK)
<u>ongeluksplate</u> X riffels in die pad om ongelukke te voorkom	(63)
<u>reispadgeld</u> X reisgeld	(20)
ek gaan maak <u>losgeld</u> X kleingeld	(64)
Hy is 'n <u>kopslater</u> X bakleier wat met die kop slaan	(AS)
<u>maagopspoel</u> X diarree	(69)
studeer eers jou <u>inhalingswerk</u> X werk wat jy moet inhaal	(100)
<u>skoolbegins</u> X die begin van my skooljare	(10)
Dis net 'n <u>dankiesê</u> vir Ma X iets om mee dankie te sê	(82)
<u>nagskool</u> X aandklasse	(AM)
<u>rooikeel</u> X seerkeel	(RP)
<u>stoutskool</u> X verbeteringskool	(Om)

5.1.3.5 Samestellings met man en seun

Daar was so 'n ander manniekind X seun (LG)

Hierdie samestelling is waarskynlik gevorm na analogie van meisiekind wat ook baie gebruik word. 'n Ander waarskynlikheid is dat dit 'n verkorte vorm van mannetjiekind is. Hierdie vorm kom algemeen voor, veral in die spreektaal.

<u>mankinners</u> X seuns	(JM)
Niemand van die <u>manmense</u> kan kind kry nie X mansmense/mans (na analogie van vroumense)	(DO)(LG)
<u>seunkind</u> X seunskind	(93)

5.1.4 Afleiding

Afleiding in TswaA geskied hoofsaaklik na analogie van ander bekende afleidingsvorme in Afrikaans.

5.1.4.1 Die afleidingsformans **-heid as substantiveerder** het in SA 'n hoë gebruiksfrekwensie, asook die variant **-geit** in meer informele gebruik. In TswaA word die volgende afleidingsvorme wat ook in SA in die omgangstaal gehoor word, dikwels gehoor. Die variasie lê verder in die uitspraak.

Hy het aspris <u>stourigheid</u> gemak X stoutigheid aangevang	(SM)
Nou dié ding van <u>stoudigheid</u> X stoutigheid	(DB)
Daai week van <u>lawwigheit</u> X lawwigheid	(DB)
Ons mag'ie <u>laffigeit</u> doen nie X lawwigheid	(JM)
Ek doen net al <u>snaksegeite</u> X snaaksighede	(BK)
Is dit nou <u>asprisgeit</u> dié, X moedswilligheid	(SM)

Die volgende afleidings verskil egter van SA en is waarskynlik na analogie van ander afleidings op **heid** gevorm.

Gedagtes van my <u>kleinsheid</u> X kinderdae	(23)
Toe kom die jaar van <u>druipenheid</u> X waarin gedruip is	(23)
jou <u>swangerheid</u> X swangerskap	(18)
Ek het met <u>swaartigheid</u> hier gekom X swaarheid/moeite	(Om)
Ek skryf met groot <u>hartseerheid</u> X hartseer	(82)

5.1.4.2 **-ery** as substantiveerder

Na analogie van vorme soos **lopery** en **singery** word die agtervoegsel **-ery** op 'n skynbaar willekeurige wyse aan bv. die s.nw. en b.nw. gevoeg.

- Is nou net die skoondogtery X die gebruike wat vir skoondogters geld (RP)
- Mense wat bestuur met hulle dronkerye X dronkenskap (8)
- Dit was 'n gebebloedery X baie bloeiery (by ongelukstoneel) (67)
- In die laaste voorbeeld het 'n kontaminasievorm ontwikkel uit **gebloeiery** en **bebloed**;
waarskynlik om te beklemtoon.

5.1.4.3 **Afleiding op -e/-te/-se**

- dit is sy doene dat ... X dit is deur sy optrede (25)
- jou gevoelente seermaak X gevoelens
- Laasgenoemde vorm kom ook in SA onder ouer sprekers voor. (79)
- die koute van die oggend X koue (55)
- dis my eie goeite X goedheid (71)
- Al die vuilse wat in jou liggaam bly X vuiligheid (as gevolg van dwelmmisbruik) (41)

5.1.4.4 **-ing as substantiveerder**

Hierdie verskynsel is baie produktief in TswaA.

- Die kinders het 'n besluiting gemaak X besluit (85)
- om die studering van kinders te verbeter X studies (48)
- Sy nodig nog baie oppassing X sy moet nog baie opgepas word (65)
- die verhoogting van die figuur X verhoging (25)
- elkeen moet sy gevoeling praat X sê hoe hy voel (40)
- verkraging X verkragting (4)
- kleuring van 'teaching aids' X inkleur van (67)
- 'n verbasing X dit het my verbaas (55)
- gebeuring X gebeurtenis (55)

5.1.4.5 Ander afleidingmorfeme

Hier speel afleiding as morfologiese proses 'n rol, maar die afleidingsproses geskied nie volgens die Standaardafrikaanse patroon nie. Vergelyk die volgende voorbeelde:

sy <u>luiskap</u> X luiheid	(98)
<u>misdader</u> X misdadiger	(20)
<u>wraker</u> X iemand wat wraak neem	(10)

In SA vorm **-skap** wel 'n abstrakte substantief, bv. baasskap of vriendskap. So ook is **-er** wel 'n persoonsvormer in SA, bv. spreker of wreker. Hier is dus sprake van reëlveralgemening.

<u>oorskietens</u> X oorskietstukkies	(54)
Pa het baie dinge gedoen in <u>suksele</u> X terwyl hy gesukkel het	(60)
in ons <u>regs</u> daar was 'n bus X aan ons regterkant	(63)
die <u>misgebruik</u> van dwelms	(31)
die <u>misbehandel</u> van kinders	(31)
<u>mengels</u> X mengsels	(KM)

Alhoewel die Tswanastudente 'n beperkte woordeskat van Afrikaans het, skep hulle nuwe woorde op 'n oorspronklike en produktiewe manier. In die afdeling **leksikon** (7.1) sal meer van hierdie voorbeelde bespreek word.

5.2 DIE VOORNAAMWOORD

In TswaA is daar 'n hele aantal voornaamwoorde wat variante vorme vertoon wanneer dit met SA vergelyk word.

5.2.1 Ene X een/elkene elke ene X elkeen

Die vorm **ene** in plaas van **een**, wat ook in SA dikwels gebruik word, het in TswaA 'n hoë gebruiksfrekwensie in die spreektaal. Die volgende is van die voorbeelde wat opgeteken is. Al hierdie voorbeelde het in die spreektaal voorgekom.

Dan abba hy nog die klein <u>ene</u>	(KM)
'n vrou <u>ene</u> X 'n vroulike een (hond)	(AO)
die <u>ene</u> loop crèche	(ST)
Nou die anner <u>ene</u> sê vir die anner <u>ene</u>	(MG)
wat dji sal nou minder as die anner <u>ene</u> liefhê	(TS)
die <u>ene</u> kruip oener die stoel weg	(CM)
Da' was 'n <u>ene</u> wat R400 gewen het	(MG)
Daar was net 'n <u>ene</u> wat geswem het	(MG)

Ook die onbepaalde voornaamwoord **elkeen** word op dieselfde wyse gevarieer.

<u>Elkene</u> kom sê iets daarvan X elkeen	(ET)
<u>Elkene</u> 'label' as die ene ytkom X elkeen word gemerk as hy uitkom	(CM)
<u>Elke ene</u> wat wil baklei X elkeen	(MG)

5.2.2 Variante vorme van so/so 'n/sulke

Volgens Ponelis (1985:118) verbind die deiktiese voorbepaling **so/sulke** met **iets**, **iemand** en met substantiewiese onbepaalde voornaamwoorde.

In TswaA word hierdie voornaamwoorde ook so gebruik, maar die vorm ondergaan aansienlike variasie. In die spreek- en skryftaal het die volgende voorbeelde wat waarskynlik 'n verwarring van **so 'n** en **sulke** is, voorgekom. Die uitspraak van **so 'n** kon ook hier 'n rol gespeel het.

Dit was vir my 'n les om nie by <u>soon</u> (so 'n) plekke te ry nie X sulke plekke	(13)
Op <u>soon</u> manier sal hulle gelukkig bly X so 'n manier	(65)
Ek wil met <u>soon</u> kar ry X so 'n	(MP)
By Mevrou-hulle daar's nie <u>soon</u> goete nie X sulke	(RP)
en geniet <u>sulle</u> lewe met <u>sulle</u> oom en tante X so 'n	(63)
<u>selke</u> probleme X sulke probleme	(25)
in my straat is daar <u>so</u> slote X sulke	(DM)
Jy moenie <u>so</u> vloekwoorde gebruik nie X sulke	(Om)

Die agtervoegsel **-lik/like** het 'n hoë gebruiksfrekwensie in TswaA soos blyk uit die volgende voorbeelde wat waarskynlik na analogie van ander afleidingsvorme op **-lik** gevorm word.

Ook by die skool het <u>soonlike</u> ding gebeur X so 'n	(90)
'n <u>Solike</u> een X so een	(AO)
Hy's in <u>solike</u> bottel X so 'n bottel	(KM)
Hy moet <u>solike</u> vrou vir hom tweede vrou vat X so 'n vrou	(SM)
As hulle prat van <u>solike</u> ding X so 'n ding	(TS)
Is 'n groot hond en weer 'n <u>solike</u> een, 'n vrou ene X so een	(AO)
<u>solike</u> groot glasse X sulke groot ruite	(BK)

5.2.3 Aanwysende voornaamwoord daardie/daai

Volgens Ponelis kan **hierdie** en **daardie** nie as tipiese voornaamwoorde beskou word nie omdat hulle oorwegend attributief gebruik word. Hy wys egter ook daarop dat die selfstandige gebruik van hierdie voornaamwoorde aan die toeneem is. Engelse invloed word vermoed waar **hierdie/daardie** in die plek van **dit** gebruik word, bv. Waar het jy *hierdie/daardie* gekry?

Meervoudsvorme kom ook in hierdie funksie voor, bv. *Hierdies* is beter as *daardies* (Ponelis 1985:90).

Jenkinson bespreek ook hierdie verskynsel in GA. Soos in SA word hierdie voornaamwoorde in GA ook aanwysend of selfstandig gebruik, maar in GA word die voornaamwoord gesubstantiveer deur 'n morfeem daaraan te voeg. Die morfeem is dus 'n deiktiese substantiveerder, bv. **hierdieste deel, dies wat nie huur betaal nie**, ens. (Jenkinson 1984:246).

In TswaA word die voornaamwoord **daardie** in gesproke taal baie frekwent gebruik en wel die fonologiese variant **daai** wat ook in Omgangsafrikaans voorkom. 310 gevalle waarvan net 7 as **daardie** uitgespreek is, is in die gesproke taal opgeteken. By van die segspersone kom die voornaamwoord tot 60 keer voor in die plek van die lidwoord. Hier volg 'n paar van die voorbeelde wat opgeteken is. Die spreektaaluitspraak vind ook in die skriftelike voorbeelde neerslag.

In die meeste gevalle word die voornaamwoord soos in SA **attributief** gebruik.

Ek mis weer <u>dai</u> lekker geselskap van jou	(43)
Ek sal nooit weer <u>daai</u> droom vergeet nie	(46)
Jy mag nie jou hart seer maak oor <u>daai</u> ding nie	(66)
Daai's'ie <u>daai</u> ding'ie X dit is nie so (daardie ding) nie	(BK)
<u>Daai tyd</u> gaan ons nou na die tweede woord X dan	(ET)
Nou <u>daai tyd</u> die deur is toe X toe was die deur toe	(PB)

Soms word die voornaamwoord **selfstandig** as aanwysende voornaamwoord gebruik.

Ek was te kwaad om <u>daai</u> te sê X daardie woorde	(60)
Nou was ek die helper van <u>daai</u> X van daardie ding/werk	(ST)
Mevrou, <u>daai</u> was baie lekker X daardie dae	(KM)
<u>Daai's'ie</u> daai ding'ie X dit (daardie ding) is nie so nie	(BK)

Soos in GA word die voornaamwoord ook soms **gesubstantiveer deur 'n morfeem daaraan te voeg.**

Plekke soos daais gesien X daardie (ST)

5.2.4 Die gesubstantiveerde gebruik van anders/anners X ander

Die gebruik van **anders/anners** het 'n hoë gebruiksfrekwensie in TswaA. Engelse invloed ('the others') is hier nie uitgesluit nie. Die volgende voorbeelde is aangeteken.

ek verlang baie aan jou en die anders (40)

die anders loop miskien da' annerkant (ET)

Anderste word siek X ander (MG)

Die anners het weggehol (IM)

Maar die anners is mos nou die lokale spanne (AS)

Anders het geval en anders gesteeke deur die doringbome;
anders het tande gebreek X sommige; ander; ander (66)

Anders melk die koeie; die anders gee die hoenders die pitte van die vrugte X
sommige; ander (73)

5.2.5 Vreemde voornaamwoorde en vraende bywoorde

Ek weet skaars waarvandanaf kom die kos'ie X waarvandaan (SK)

hy ken'ie waantoe is ek'ie X waarnatoe/warheen (SM)

Waantoe bring julle die lyk X waarheen (BK)

djy kan waantoe gan X waarheen (TS)

Watse Masala soek die miestris X watter (GM)

Hoelike goete soek jy X watter soort goed/hoe moet die goed wees (Om)

5.3 DIE ADJEKTIEF

5.3.1 Fleksievorme

5.3.1.1 Attributiewe gebruik

In Afrikaans is die verbuiging van die adjektief afhanklik van die fonologiese struktuur van die woord. 'n Adjektief met 'n agtervoegsel word altyd verbuig in 'n attributiewe posisie, byvoorbeeld **vriendelik, pragtig**, ens. By adjektiewe sonder agtervoegsels speel die slotklanke van die woorde 'n beslissende rol, byvoorbeeld **klein, groen, fyn, mooi, ou**, ens. kry nooit 'n -e nie, maar wel: **ronde, trotse, vaste**, ens. (Raidt 1991:210).

Volgens Raidt is die ontwikkeling van hierdie verbuigingsproses nog nie heeltemal afgesluit nie. "In hedendaagse Afrikaans gaan die neiging tot defleksie nog steeds voort, byvoorbeeld by **dubbel, dooi, kou, sleg**, e.a." (Raidt 1991:210).

(i) Adjektiewe in TswaA sonder die verbuigingsmorfeem waar SA wel verbuiging toon

Hierdie verskynsel kom in TswaA veral in die geskrewe taalgebruik voor. Dit blyk dat daar veral verwarring bestaan tussen die gebruik van die grondvorme **lang** en **jong** en die verboë vorm van hierdie adjektiewe.

Dit was 'n <u>lank</u> tyd ek hom nie gesien nie X lang tyd	(34)
met klomp <u>jonk</u> meisies en seuns X jong meisies	(49)
'n <u>stokoud</u> man X stokou man	(CM)
Dit was net 'n <u>goed</u> straf X goeie straf	(32)
Eendag het hy vir ons 'n baie <u>lief</u> ma gekry X liewe	(57)
Dit is darem baie <u>sleg</u> nuus X slegte nuus	(64)
om jou werk in <u>vroeg</u> tyd klaar te maak X vroeë	(41)
Die kar het met 'n <u>hoog</u> spoed gekom X hoë	(74)
Hy het net <u>vas</u> geld X vaste geld	(SM)

Meerlettergrepige woorde op **-lik** het 'n hoë gebruikfrekwensie in TswaA (vgl. 5.2.2).

Ma het vir ons baie <u>smaaklik</u> padkos gemaak	(39)
Hy is 'n <u>vriendelik</u> persoon	(44)
dit was <u>maandliks</u> toetse	(68)
Die <u>moelik</u> ding	(78)
'n <u>skierlik</u> partytjie	(43)
Hy was 'n <u>lieflik</u> man	(9)
tot ek by 'n <u>gevaarlik</u> hoek probeer draai	(32)

Ander voorbeelde

Hulle het die <u>beseer</u> mense by die hospitaal geneem	(16)
Dit was 'n baie <u>besig</u> dag	(76)
en ons het 'n <u>direk</u> skop gekry	(85)
dat my vriende nie <u>lojaal</u> en eerlike mense is nie	(73)
Hy was 'n <u>woelig</u> man	(42)

(ii) **Verbuigingsmorfeem waar SA geen verbuiging toon nie**

vernaam vir die <u>swarte</u> mense	(6)
Die <u>lange</u> man wou die kind vang	(34)
Ons wil die kinders 'n <u>betere</u> geleerdheid gee	(88)
Hy het my 'n <u>warme</u> klap gegee	(60)
Djy kan dit in <u>warme</u> water, <u>kookwarme</u> water sit	(ST)
Toe gooi sy my met 'n <u>warme</u> vetkoek	(SM)
Saam met al die <u>onnosele</u> kinders	(BK)
Jakkals is 'n <u>skelme</u> dier	(34)
Ek het baklei met hierdie <u>vreesliker</u> ding	(22)

Hier kan dalk sprake wees van die **emotiewe -e** wat nie noodsaaklik is nie, maar die gebruiker se houding, of emosionaliteit te kenne gee (Combrink 1990:285). Jenkinson (1984:233) bespreek hierdie verskynsel in Griekwa-Afrikaans as hiperkorrekte vorme en skryf dit ook toe aan die moontlikheid van figuurlike of affektiewe betekenis. Ook in Kaapse Afrikaans kom verboë adjektiewe waar SA die onverboë vorm gebruik, redelik algemeen voor, bv. 'n **ryke** man, 'n **kleine** bietjie (Kotzé 1984:53).

5.3.1.2 Predikatiewe gebruik

In SA verbuig die adjektief nie as dit predikatief gebruik word nie, maar in TswaA kom dit dikwels voor, veral in die geskrewe vorm. Dit kan aan reëlveralgemening toegeskryf word. Die studente weet daar vind soms verbuiging plaas, maar is nie presies seker wanneer nie en voeg dus maar 'n -e aan die stam.

as dit so gebeur dan is die suiker weer <u>hoë</u>	(62)
Toe hulle <u>jong</u> was, was hulle baie stout	(24)
Ons het gedink dat die petrol <u>klare</u> is	(73)
Vandag se tye is baie <u>gevaarlike</u>	(49)
my oudste suster se kinders is ook nog <u>woelige</u> hier langsaan haar	(62)
ek sal nie <u>lastige</u> wees nie	(97)
Daardie dag was baie lekker en <u>interessante</u>	(83)
Ons was baie bang en <u>ontvriendelike</u> met die man	(76)
moet baie <u>vriendelike</u> wees, <u>behulpsame</u> wees	(40)

5.3.1.3 Vergelykingskonstruksies

Volgens Setshedi (1987:79) kom vergelykings baie min in Tswana voor. Ook in TswaA is min voorbeelde opgeteken. Die volgende voorbeelde het voorgekom.

Daarna het ons by die <u>nabyste</u> huis gegaan X naaste	(74)
Hy is die <u>goedste</u> kok van almal X beste	(37)
Ek was <u>jonker</u> as die ander moeders X jonger	(21)

Miskien is dit die <u>enige</u> kind wat God aan jou gee X enigste	(9)
Dit was 'n bietjie <u>annerste</u> X anders	(34)
Die 'currency' is bietjie <u>waarder</u> as hulle se geld X het 'n hoër waarde	(ST)

In bogenoemde voorbeelde wil dit voorkom of dit bloot gevalle van intertaalversteuring is.

Gevalle waar die perifrastiese graadbywoorde **meer** en **mees** voorkom, is ook opgeteken.

Dan is dit <u>meer moeilik</u> X moeiliker	(99)
Dit het <u>meer swaar</u> geword X swaarder	(94)
Die <u>mees belangrike</u> ding X belangrikste	(87)
Die uitslag is <u>meer slegter</u> as jy nie deur is nie X slegter	(100)
Doen net die <u>meeste belangrikste</u> notas X belangrikste	(100)

Ook in Griekwa-Afrikaans kom hierdie tipe konstruksie voor. Volgens Jenkinson is dit voorbeelde van normale taalverandering. "Dis bekend dat die Germaanse (en Romaanse) tale in hul analitieswording sekere fleksiemorfeme vervang deur perifrastiese grammatikale woorde wat dieselfde grammatiese kenmerke markeer" (Jenkinson 1984:233).

5.3.2 Afleiding

Variante afleidingsvorme kom frekwent by die adjektief voor. Heelwat van hierdie variante word dikwels in die omgangstaal gehoor, maar baie hiervan is eie skeppings.

Die morfeem **-lik(e)** kom baie produktief in TswaA voor.

Ons doen maar die <u>gewoonlike</u> dinge X gewone	(24)
Dis 'n <u>hartseerlike</u> oggend X hartseer	(16)
Pa ek is <u>hartseerlik</u> om vir julle te sê X hartseer	(48) (20) (66)
Dit was 'n <u>onverwaglike</u> gebeurtenis X onverwagte	(84)
Dit is baie <u>skaamlik</u> X skandelik	(10)

Ander voorbeelde

'n Vrou wat nou nie <u>ytkykerig</u> is nie X wat nie rondkyk na ander mans nie	(SM)
<u>vallige</u> water X vallende/waterval	(67)
Ek was <u>woordeloos</u> X sonder woorde/sprakeloos	(89)
Hy is nou <u>werkeloos</u> X werkloos	(6)
Dit was vir my 'n <u>onglobare</u> storie X ongelooflike	(90)
om <u>on gehoorsamig</u> te wees X ongehoorsaam	(13)
Hulle is so ' <u>jam</u> 'merig X klouerig/vatterig	(BK)

5.4 DIE ADVERBIUM**5.4.1 Fleksie by die adverbium**

Soos by die adjektief kom fleksie ook by die bywoord voor. In sommige van hierdie gevalle kan dit blote uitspraakvariasie wees. Vergelyk byvoorbeeld **dieselle**.

<u>Partymale</u> kry ek so jammer	(KM)
Ons begrawe <u>dieselle</u> X dieselfde	(RP)
Dit sal jou <u>sukksesvolle</u> uitneem X suksesvol	(21)
dit sal jou <u>sukksesvolle</u> maak X suksesvol	(50)
<u>Nogals</u> wil ek julle dank X nogmaals	(13)
Hulle sterf nog <u>jong</u> X jonk	(45)
Ek het <u>lang</u> getrou en my kinders geplan X lank gewag voordat ek getrou het	(14)

Afleiding**-lik (e) as adverbialiseerder**

Ek verlang jou baie; ek voel so <u>alleenlik</u> sonder jou	(25)
Ek voel so <u>alleenlik</u>	(97)
Hy het <u>hartseerlik</u> gehuil	(55)
Jy het my klaar <u>kranklik</u> gemaak	(LG)
Hulle kan <u>doodlik</u> byt X dodelik	(TS)

-ig/erig

Ons het <u>tydsamig</u> gery	(32)
Toe ek aan jou <u>hartserig</u> dink X hartseer	(10)

Bespreking

De Wet (1996:119) bevind die gebruik van fleksie en afleidingsmorfeme in SwAV is baie "idiosinkraties en onvoorspelbaar wat tiperend is van die onstandvastige pidgin stadium." Ook in TswaA kom hierdie onvastheid in die gebruik van verboë en onverboë vorme van die adjektief voor en dit wil soms voorkom asof die gebruik van hierdie vorme willekeurig plaasvind. Eenrigtingdeflektering vind nie plaas nie: in TswaA kom geflekterde vorme voor terwyl in SA ongeflekterde vorme gebruik word, bv. die suiker was weer **hoë** X die suiker was weer **hoog**. Die teenoorgestelde vind ook plaas, naamlik die gedeflekterde vorm word ook soms in TswaA gebruik in gevalle waar in SA 'n geflekterde vorm vereis word, bv. Dit is darem baie **sleg** nuus X Dit is darem baie **slegte** nuus. Wat afleiding betref, vind daar 'n uitruiling en stapeling van afleidingsmorfeme plaas, byvoorbeeld **on gehoorsamig** en **onglobare**, soos wat Kotzé dit ook in Kaapse Afrikaans ervaar het (Kotzé 1984:53).

Vergelykingskonstruksies kom baie selde voor. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die Afrikatale nie trappe van vergelyking ken nie en volgens De Wet (1996:119) is die lae frekwensie van vergelykingskonstruksies 'n tipiese intertaalkenmerk.

5.5 DIE WERKWOORD

5.5.1 Hiperkorrekte ge- van die verlede deelwoord

In SA geld die algemene reël dat die verlede deelwoord wat met **be-**, **ge-**, **her-**, **er-**, **ont-** en **ver-** begin nie met die premorfeem **ge-** gevorm word nie (De Klerk e.a. 1985:311).

Combrink (1990:219) bevraagteken hierdie reël wat in die deursnee grammatikaboek verskyn en stel dit dat net SA daardeur gedek word en dat in Substandaardafrikaans die **ge-** (of sy klankvariant **ga**) voor feitlik enige werkwoord aangetref word om die verlede tyd of passief aan te dui.

Volgens Ponelis (1985:191) verskyn **ge-** voor eensillabige of beginbeklemtoonde VD (voltooide deelwoord)-vorme, bv. **het gegaan** en **het genéúrie**. “By meersillabige werkwoorde sonder aanvangsaksent tree **ge-** in die standaardtaal nie op nie.” As voorbeeld word **het ontbind** gegee. Hy noem egter ook dat **ge-** in die omgangstaal wel soms gehoor word:

Hy is gebegrawe

Hulle het dit geaanvaar.

Hierdie reël vir perfektumvorming word egter in TswaA frekwent veralgemeen en die **ge-** word “hiperkorrek gegenerer” soos Jenkinson (1984:248) dit ook in die idiolek van sommige Griekwa- Afrikaanssprekendes beskryf.

Hier volg enkele van die vele voorbeelde wat in die skryftaal opgeteken is.

het ons <u>gebesluit</u>	(33)(63)(73)(78)(87)
Al die onkoste sal ... <u>gebetaal</u> word	(66)(69)(72)(83)
Sy het van dit in sy droom <u>gegesels</u>	(12)(19)
het ek my pa se kar <u>gegebruik</u>	(37)(41)(100)
Vrees het sy lewe <u>geverander</u>	(24)(40)

Hy het my slegte nuus <u>gevertel</u>	(31)(73)(96)(JS)
Ek het die ongeluknuus <u>geontvang</u>	(19)(25)(55)(40)

Setshedi (1987:77) teken ook hierdie variant in die Afrikaans van die Tswanasprekende aan. Sy skryf dit toe aan veralgemening van die reël **ge** + **werkwoordstam** om perfektief in SA uit te druk. Hulle ken die reël, maar nie die uitsonderings nie.

Pheiffer haal talle voorbeelde uit Straatpraatjies aan waar Piet Uithalder hierdie reëls verontagsaam, byvoorbeeld, **gebedek**, **geverlei**, ens. Hy noem hierdie verskynsel “’n konsekwente deurvoering van ’n morfologiese reël wat in standaardtaal êrens in sy ontwikkeling bly vassteek het terwyl dit as ’n nie-standaard-variant in die taal van die werkersklas tot ’n logiese konsekwensie deurgevoer is” (Pheiffer 1996:152).

5.5.2 Ge- by onskeibare werkwoorde

In SA geld die reël: “onskeibare samegestelde werkwoorde, d.w.s. werkwoorde waarby die klem op die tweede deel val, kry nie **ge-** in die verlede tyd nie” (De Klerk e.a. 1985:311). Combrink (1990:219) vind nie fout met hierdie reël nie, behalwe dat dit weer net SA dek. In TswaA word hierdie reël ook dikwels verontagsaam. Net ’n paar voorbeelde is opgeteken.

Hulle het vir Pa <u>geondersoek</u>	(19)
het weer bloed bietjie <u>geondersoek</u>	(ST)
Kopers moet nie <u>geonderskat</u> word nie	(40)
my jongste nuus wat ek <u>geondervind</u> het	(83)
Voordat hy sy eerste sin <u>gevoltooi</u> het	(13)(27)

5.5.3 Ge- by kombinasies van skakel- en hoofwerkwoorde

In SA kan die skakelwerkwoord in hierdie kombinasies wel **ge-** neem of dit kan ontbreek (Ponelis 1985:192). In TswaA is voorbeelde opgeteken waar dit wel voorkom.

het hulle 'n groot wind <u>gehoor aankom</u>	(1)
Ek het vriende <u>gehoor sê</u>	(95)
hom <u>gelaat roep</u>	(73)
Ek het hom <u>gelaat val</u>	(PB)
die bestierder het die bus <u>gelat staan</u>	(MG)
sommer die bus so met die kant <u>gelat dryf</u>	(MG)

Soms word die **ge-** aan die hoofwerkwoord gelas.

An het 'n aborsie <u>probeer gedoen</u>	(6)
my moeder moes ons kom <u>gehaal het</u>	(33)

5.5.4 Weglaat van ge- by die verlede tyd

Die volgende voorbeelde is in die geskrewe data aangetref.

Die mense het die spoor <u>volg</u> X gevolg	(1)
Ek het die wasgoed op twaalfuur klaar <u>was</u> X gewas	(61)
Ek het gedoen soos hulle my <u>sê</u> het X gesê	(75)
hoekom het ek nie vir ons buurmense <u>roep</u> nie X geroep	(80)
het my ma vir my <u>leer</u> om te kook X geleer	(14)

In die volgende voorbeelde waarin twee handelinge met **en** verbind word, word die **ge-** net aan die eerste werkwoordstam gevoeg om die verlede tyd aan te dui.

Ek het <u>geskree</u> en sommer huis toe <u>gaan</u> X gegaan	(82)
ek het in my kompartement <u>gesit</u> en die boek <u>lees</u> X gelees	(16)
Hy het van die hek <u>gekom</u> en <u>skel</u> X geskel	(18)
Ek het die wasgoed <u>gevat</u> en <u>was</u> X gewas	(61)

Tswana maak gebruik van die perfektiewe suffiks om perfektiewe aan te dui. Hierdie variasie kan dus nie aan moedertaalversteuring toegeskryf word nie, “maar aan gebrek aan taalgebruikskennis” (Setshedi 1987:78).

5.5.5 Die deeltjiewerkwoord

In SA word die laaste lid van die skeibare saamgestelde werkwoord van die **ge**-premorfeem voorsien (Jenkinson (1984:248). Soos in Griekwa-Afrikaans word die reël waarvolgens die **ge**-by die deeltjiewerkwoord vooropgeplaas word in TswaA ook soms veralgemeen en word die **ge**- frekwent by die deeltjiewerkwoord **vooropgeplaas**.

Setshedi beweer dat deeltjiewerkwoorde onbekend is by die Tswana. “Deeltjiewerkwoordtransformasie kom dus nie voor in Setswana nie” (Setshedi 1987: 60).

Hy het altyd vir Delport <u>geaanmoedig</u>	(5)
ek het dit altyd mooi <u>geoppas</u>	(16)
was daar dinge wat ons nie <u>getoelaat</u> het nie	(68)
ons het ons sweetpak <u>geaantrek</u>	(66)
toe ons <u>geytgan</u> dasô	(ST)
Hy het onse troue so <u>gedeurmekaargemaak</u>	(AM)

In die laaste voorbeeld word die twee reëls selfs saamgevoeg.

Die skeiding van die dele van die deeltjiewerkwoord vind in TswaA nie konsekwent plaas nie. Soms word die **dele** van die deeltjiewerkwoorde **geskei** waar dit **in SA nie plaasvind nie**.

Met die gebruik van **het**

die ander een het <u>neer</u> teen die grond <u>geval</u>	(11)
ek het hom nog nie <u>reg</u> gaan <u>maak</u> nie	(38)
Toe ons daar kom, het sy al <u>af</u> van die bed <u>geval</u>	(79)
het net soos 'n mal mense <u>rond</u> in die dorp <u>geloop</u>	(81)

Met die gebruik van **sal**

dat Ritter hom <u>dood</u> sal kom <u>maak</u>	(21)
Ek was bang dat my ma my <u>weg</u> sal <u>jaag</u>	(39)
nie meer <u>deel</u> sal <u>neem</u> nie	(45)
Die wedstryd sal <u>plaas</u> kom <u>vind</u>	(85)

Verdere voorbeelde van die **skeiding van die dele** van die deeltjiewerkwoord waar dit in SA nie plaasvind nie.

Hulle kan nie <u>stil</u> in die erf <u>sit</u> nie	(78)
Toe sê die vrou ek moet <u>terug</u> na die huis <u>kom</u>	(70)
'n nuwe kafee wat <u>oop</u> gaan <u>maak</u>	(71)
om met my vriende <u>uit</u> gaan <u>kamp</u>	(47)
Nou moet ek ook nog weer <u>staat</u> op hom <u>maak</u>	(BM)

Soms word die **dele** van die deeltjiewerkwoord in TswaA **nie geskei nie** terwyl dit in SA wel geskei word.

Ek wens net jy <u>inhaal</u> al die werk	(55)
Ek <u>aanmoedig</u> nie aborsie nie	(42)
want dit <u>seermaak</u>	(97)
dan <u>wegkruip</u> ons	(SM)

Die gebruik van die **infinitief** saam met die deeltjiewerkwoord. In 6.4.2 word hierdie verskynsel verder bespreek. In die infinitiefkonstruksie met **om** word die dele van die deeltjiewerkwoord dikwels nie geskei nie.

dis gevaarlik om daar te <u>opklim</u>	(28)
ons probeer om onself te <u>voorberei</u>	(90)
ek moet kom vra om saam met hulle te <u>uitstap</u>	(100)

het nie weer kans om te <u>weghardloop</u>	(86)
om ons presentjies te <u>uithaal</u>	(96)
om hierdie probleem te <u>oplos</u>	(99)
om te die vlooi te <u>doodspyt</u>	(ST)

By die werkwoord is die hiperkorrekte gebruik van **ge-** in perfektumvorming, die plasing van **ge-** by onskeibare werkwoorde, skakelwerkwoorde en deeltjiewerkwoorde, asook die weglaat van **ge-** by verledetydsvorming opvallende kenmerke van TswaA. Die willekeurige skeiding of samevoeging van die dele van die deeltjiewerkwoord wat verskil van SA is 'n ander opvallende kenmerk. Die deeltjiewerkwoord word verder in 6.4.2 (infinitiefkonstruksie) bespreek.

5.6 WOORDSOORTELIKE MEERFUNKSIONALITEIT

In TswaA kom heelwat voorbeelde van funksiewisseling voor. Sommige segspersone is baie produktief op hierdie gebied.

5.6.1 Ander woordsoorte as werkwoord gebruik

Hy het altyd vir Max en An <u>gevoertuig</u> as hulle so vlug X vervoer	(2)
Hy sal die dokters wysheid gee om jou te <u>geneesheer</u> X genees	(17)
An se kind wie sy het <u>geaborsie</u> X aborsie laat doen het	(7)
Hulle het my hele liggaam <u>gesement</u> X in die gips (sement)	(66)
Dat die mense wat <u>motordief</u> meer doodstraf gegee word X wat motordiefstal pleeg	(93)
Ek het <u>gebede</u> dat ek hom kry X gebid	(19)
Hy het ons net <u>gehalfpad</u>	(86)

Verby word baie algemeen as **werkwoord** gebruik. Klopper (1981:229) teken 'n soortgelyke gebruik in die Afrikaans van die Suid-Sotho aan en skryf dit toe aan die feit dat **verbygaan** een woord is, nl. **feta** terwyl **gaan** weer met 'n ander woord vertaal word, naamlik **ya**. Die **gaan** in

verbygaan word dus weggelaat. In Tswana kom dieselfde twee werkwoorde (**feta** en **ya**) met dieselfde betekenis as in Suid-Sotho voor en die verklaring kan dus ook vir TswaA geld.

Net da <u>verby</u> die predikant	(PM)
Djulle <u>vôrby</u> mekar net hie'sô. Dis net hier war djulle ontmoet, dis da' wa' djulle <u>vôrby</u> mekar	(ST)
Nou da' <u>verby</u> so twee manne op die straat. Sien, die man wat da' <u>verby</u> ...	(PM)
Toe gan <u>vas</u> daai ding die hond se gasig	(MW)
Minah, ek <u>dankbaar</u> jou vir alles	(83)
toe ons gaste van Potchefstroom by ons skool <u>welkom</u>	(86)

5.6.2. Werkwoord as selfstandige naamwoord gebruik

My pa het die <u>dagvaar</u> betaal X dagvaarding	(15)
Dit was 'n aangename <u>uitgaan</u> saam met my vriende X aangenaam om saam met my vriende uit te gaan	(29)
Maak tyd vir jou <u>studeer</u> X studies	(55)
Dit was my grootste <u>geskrik</u> in my lewe X skok	(56)
om terug te gaan is my beste <u>kies</u> X keuse	(82)
Daar was <u>krioel</u> mense by die sokkerveld X dit het krioel van die mense	(40)
Toe gan ons da' by die <u>baklei</u>	(SM)
om vir julle te sê van my <u>beland</u> in die hospitaal	(48)
Dit was 'n aangename <u>uitgaan</u> saam met my vriende	(29)

5.6.3 Selfstandige naamwoord as bywoord gebruik

Hier kan dit ook 'n geval van voorsetselweglating wees.

ons sing <u>dagbreek</u> X ons sing tot dagbreek	(ET)
my ouma stuur my ' <u>yeast</u> ' X my ouma stuur my vir 'yeast'	(SM)
djy trek ' <u>tradition</u> ' an	(RP)

Funksiewisseling vind plaas as 'n tipe kommunikasie-strategie waar die nodige woordeskat ontbreek. Volgens Van der Merwe beweer sommige taalkundiges, soos Schuchardt en Hesseling, dat funksiewisseling kenmerkend is van kreoolse tale, terwyl Boshoff weer klem lê daarop dat funksiewisseling 'n algemene taalverskynsel is en nie noodwendig 'n kenmerk van 'n kreoolse taal nie (Van der Merwe 1977:128). Jenkinson (1984:235) wys ook op 'n aantal voorbeelde van woordsoortelike meerkunksionaliteit in GA.

Bespreking

Die opvallendste morfologiese kenmerke van TswaA is die volgende: Aan die een kant kom willekeurige en idiosinkratiese vorme voor, soos uit die meervoudsvorming en ander fleksie- en afleidingsmorfeme blyk, maar op ander gebiede, soos die frekwente gebruik van die dubbele meervoudsformans, die hoë voorkoms van die dubbele diminutief en die hiperkorrekte generering van die **ge-** in perfektumvorming, is daar 'n groot mate van patroonmatigheid. Ander opvallende kenmerke is die gebruik van die **goed**-konstruksie waar SA van **hulle** gebruik maak, asook die hoë voorkoms van die leë superordinaat **spanne**.

In die bespreking van die data is telkens verwys na die invloed wat Griekwa-Afrikaans, Kaapse Afrikaans, Engels en moedertaalinterferensie op die vorming van TswaA uitoefen, asook op die tipiese intertaalkenmerke wat in hierdie variëteit voorkom.

HOOFSTUK SES: SINTAKTIESE VERSKYNSELS

Soos in Griekwa-Afrikaans word die sintaktiese verskynsels in TswaA ook gekenmerk deur 'n groot mate van sintaktiese vereenvoudiging. Volgens Van Rensburg (1984:96) tree sintaktiese vereenvoudiging as sneller op vir sintaktiese kompleksiteit. TswaA is in sekere opsigte veel minder kompleks as SA, maar in ander opsigte word sintaktiese eenvoud deur reëlkomplisering gebalanseer en het die reëlvereenvoudiging veel kompleksere konstruksies as in SA tot gevolg.

6.1 VOORSETSELGEBRUIK

Pleksetsels in Afrikaans funksioneer in 'n "verskeidenheid stelsels van plekaanduiding en oriëntasie" en kan fyner betekenisonderskeiding as byvoorbeeld bywoorde ten opsigte van ruimtelike sowel as vertikale plasing uitdruk (Ponelis 1985:328).

Hierteenoor het die Afrikatale slegs een "ongedifferensieerde plekaanduiding" as ekwivalent vir al die plekaanduidende voorsetsels van SA, naamlik 'n lokatiewe agtervoegsel of 'n partikel (Stoltz 1982:126). Die vele voorsetsels in SA sal dus vir die T2-aanleerder verwarrend wees. Aangesien hy nie in staat is om fynere betekenisonderskeidinge te tref nie, word een vorm vir talle betekenisonderskeidinge gebruik.

De Wet wys daarop dat die korrekte gebruik van voorsetsels in SA selfs vir moedertaalsprekers probleme oplewer, "waarskynlik onder andere ook omdat voorsetsels dikwels nie letterlike betekenis aandui nie" (De Wet 1996:120).

Engelse invloed speel ook 'n rol in die variante gebruik van voorsetsels in Afrikaans (Donaldson 1991:261). Die studente word gedurig in die kollege aan Engels blootgestel aangesien die onderrigmedium in Engels plaasvind. Dit kan verdere verwarring by die Tswana-leerder veroorsaak.

In TswaA kom voorsetselvariasie baie frekwent voor op die volgende gebiede.

6.1.1 Voorsetsetoevoeging waar SA geen voorsetset gebruik nie.

Hierdie verskynsel kom nie baie verbreid in TswaA voor nie. Dit is hoofsaaklik die voorsetsets **met, van, aan, na, op** en **vir** wat ingevoeg word.

In die veld het hulle <u>met</u> baie diere <u>ontmoet</u> X In die veld het hulle baie diere ontmoet	(19)
Sy het lankal <u>met</u> Pa <u>geskei</u> X Sy en Pa het lankal geskei	(91)
Die vrou <u>skel</u> elke aand <u>met</u> hom X Die vrou skel hom elke aand	(PM)
Die tabak het <u>altwee van</u> Piet se longe geëet X Die tabak het altwee Piet se longe geëet(beskadig)	(51)
in die <u>jaar van</u> 1987 X in die jaar 1987	(77)
Ons was 'n <u>groep van</u> seuns X Ons was 'n groep seuns	(67)
Dit is 'n <u>soorte van</u> meerkat X Dit is 'n soort meerkat	(CM)
'n lokasie <u>van langs</u> aan die Kaap X 'n lokasie langs die Kaap	(ST)
Ek dink ons <u>verstaan aan</u> mekaar X Ek dink ons verstaan mekaar	(30)
toe ek <u>na Kaap toe gaan</u> X toe ek Kaap toe gaan	(67)
Van my leuwe tot <u>na my toekoms</u> toe X van my leuwe tot my toekoms	(TS)
<u>Op Sondag</u> toe voel my ma beter X Sondag	(78)
Toe't ek nou <u>by die matriek geskryf</u> X toe het ek nou matriek geskryf	(AM)

In bogenoemde voorbeelde speel Engelse invloed 'n rol soos in die geval van **ontmoet met** ('meet with') en by op voor tydsaanduiding ('on Sunday'). **Vir** word in 6.1.7 vollediger behandel.

6.1.2 Voorsetsetweglating waar SA wel 'n voorsetset gebruik

Volgens De Wet (1996:123) kom die "niegebruik van voorsetels" baie min in ORA voor en kan waarskynlik as verspreking beskou word. Hier verskil TswaA dus van ORA aangesien voorsetsetweglating dikwels voorkom en ook 'n mate van patroonmatigheid vertoon. By die geskrewe sowel as die gesproke voorbeelde word die voorsetset meer dikwels by bepaalde werkwoorde weggelaat as by ander. Klopper skryf die weglating van voorsetsets wat in die

Afrikaans van die Suid- Sotho en Xhosa voorkom, toe aan moedertaalversteuring (Klopper 1981:234).

Voorsetsels word dikwels in verbinding met die volgende werkwoorde weggelaat: **luister**, **kuier**, **verlang**, **sê**, **kyk**, **baklei**, **kom**, **trou** en **wag**.

Ons luister - mekaar X luister na mekaar (58)

Hy lyster - my nie X nie na my nie (LG)

In die volgende voorbeelde word **kuier** en **besoek** waarskynlik verwar, terwyl Engelse invloed ook 'n rol speel.

om - jou te kom kuier X by (5)

Ek gan kuier da' - djulle se ouers X by (LG)

Ek verlang - jou baie X baie na jou (9)

My pa sê nou - my ma X aan/vir (BK)

ons kyk net - onse moeder X na (78)

Kyk - my; as djy - my nie kyk nie X na (DO)

Dan baklei sy miskien - haar susters X met (DO)

Die ding los die honde en kom agter ons - X aan (3)

Ek gaan - haar nie trou nie X met (TS)

Ek het - Katriena by die stasie gewag X vir (PL)

Ander voorbeelde van setselweglating

gelyk asof dit - een plek staan X op (11)

Hulle kan nie - mekaar speel nie X met (34)

dan sal jy werk en - jou kind sorg X vir (94)

die kinders het - my geskinder X oor/van (87)

hulle het - my almal nie gepraat nie X almal nie met my (AM)

Toe vat hulle my mos - die biblioteek toe X na (AM)

wat altyd inkom en kom <u>oplei</u> - die werk X vir	(AM)
Ons <u>sing</u> - dagbreek toe X tot	(ET)
Hy sien ek <u>is</u> - hom <u>bang</u> X vir	(LG)
Hulle sal sam met ons - een hys <u>bly</u> X in	(CM)

6.1.3 Setselskeiding

Setselskeiding is nie ongewoon in SA-spreektaal nie. Donaldson (1991:266) wys op die rol wat die invloed van Engels op hierdie verskynsel het, maar wys daarop dat setselskeiding meer in gesproke Nederlands as in Afrikaans voorkom. Ponelis (1985:122) erken ook die feit dat Engelse invloed gewone setselskeiding waarskynlik so sterk gestimuleer het "dat gewone setselskeiding vandag in die Afrikaanse omgangstaal dié tipe setselskeiding is."

In TswaA is heelwat voorbeelde van setselskeiding opgeteken.

6.1.3.1 Volgens Ponelis is alle voorsetsels onveranderlik van vorm, behalwe **met**, **tot** en **vir**. TswaA gebruik oorwegend die vormvariante **mee** en **voor** wat voorkom as die betrokke setsels as agtersetsels gebruik word nie, maar maak gebruik van **met + dit** en **vir + dit**. **Tot** as voorsetsel is nie opgeteken nie.

Ons was almal gereed <u>vir dit</u> X daarvoor	(85)
iemand wat <u>met dit</u> te doene kry X daarmee	(49)
My ma weet niks <u>van dit</u> nie X daarvan	(71)
My hart was diep seer <u>oor dit</u> X daaroor	(27)
Sy kan ook 'ie weer <u>sonder dit</u> 'ie X daarsonder	(BM)
belowe ek om goed <u>na dit</u> te kyk X daarna	(15)
En <u>na dit</u> wil ek trou X daarna	(TS)

6.1.3.2 Wat-skeiding in betreklike konstruksies

Du Plessis (1983:60) beskryf hierdie tipe skeiding as kenmerkend van JOT (Johannesburgse Omgangstaal) en dus van Niestandaardafrikaans, maar volgens Ponelis (1985:179) is dit

kenmerkend en oorheersend in die Afrikaanse spreektaal. Ook in TswaA kom hierdie konstruksie dikwels voor en is die SA-gebruik die uitsondering. Die volgende is voorbeelde uit TswaA.

Treine <u>wat</u> hulle <u>met</u> reis X waarmee	(16)
In SA kom wel voor: Treine <u>wat</u> hulle <u>mee</u> reis	(28)
<u>Met wat</u> sal jy die mense se geld terugbetaal X waarmee	(76)
Ek sê: " <u>Met</u> 'n <u>wat</u> ?" X waarmee	(PB)
die toordery <u>wat</u> my ma <u>van</u> vertel het X waarvan	(JS)
en my musiek <u>wat</u> ek hou <u>van</u> X waarvan	(TS)
'n Sustertjie <u>wat</u> ek baie lief is <u>voor</u> X vir wie	(BM)
<u>Vir wat</u> slaap jy met 'n man X waarvoor/waarom	(4)

In 6.2.3 (betreklige voornaamwoorde) word hierdie verskynsel verder bespreek.

6.1.4 Setselherhaling

Volgens Raidt (1991:224) het die neiging tot herhaling, onder andere voorsetselherhaling, reeds in die neëntiende eeu baie verbreid in die Afrikaanse spreektaal voorgekom. Dit is waarskynlik oorgeërf uit die Hollandse dialekte waar ook dieselfde neiging tot oormatige aanduiding voorkom. Ook Pheiffer (1980:217) haal voorbeelde van setselherhaling uit die Fransman Barbier se geskrifte aan. Hy beskou dit egter nie as kenmerkend van gebroke taal nie.

“Die voorsetsel-agtersetselgroep van plek *in* + *in* soos in:

IN die Kaap IN is sagtevrugte 'n groot industrie is dialekties gekleurd”, volgens Ponelis (1985:327). Hy beskou dit egter as Standaardafrikaans indien die voorsetsel-agtersetselgroep deur 'n maatbepaling voorafgegaan word, byvoorbeeld:

“Die varkore groei 'n *entjie verder IN die bos IN.*”

Fourie (1985:92) bevind dat die gebruiksfrekwensie van die herhalingskonstruksie in RA beperk is tot die herhaling van **in** en **uit**. Ook in GA is die frekwensie-indeks baie laag (Du

Plessis 1984:129). Kotzé het ook slegs **in** en **uit** in herhalingskonstruksies in Kaapse Afrikaans teëgekem by werkwoorde wat 'n statiese toestand sowel as plekverandering aandui (Kotzé 1984:57).

Hierdie neiging tot voorsetselherhaling word ook in TswaA aangetref. Min voorbeelde is in die skryftaal aangetref terwyl die spreektaal wemel van voorbeelde, maar soos in RA is die herhaling beperk tot die voorsetsels **in** en **uit**.

Du Plessis (1984:129) onderskei tussen “oënskynlike voorsetselherhaling” wat eerder na “deeltjiewerkwoorde + voorsetselgroep” lyk en “werklike voorsetselherhaling”.

6.1.4.1 Voorbeelde van eersgenoemde groep wat in TswaA opgeteken is.

Die spoor het uit die kraal <u>uitgekem</u>	(1)
ek kan hulle nie uit die huis <u>uitjaag</u> nie	(78)
<u>Kom</u> djulle <u>yt</u> die klas <u>yt</u>	(KM)
Toe <u>gaan</u> ek nou <u>uit</u> die troue <u>uit</u>	(AM)
Daai kwaan sal'ie kan <u>ytgan</u> <u>yt</u> my <u>yt</u> 'ie	(BK)
Toe ons <u>in</u> die trein <u>inklim</u>	(39)
Jy het baie dinge <u>in</u> jou kop <u>ingedruk</u>	(90)
<u>hardloop</u> ek <u>in</u> die koembi <u>in</u>	(BK)
die rowers het <u>in</u> daai grot <u>ingegaan</u>	(YL)
Toe <u>sien</u> ek <u>in</u> sy hart <u>in</u>	(LG)
daai lyk <u>kom</u> nie <u>in</u> die djart <u>in</u> 'ie	(RP)
Djy kan dit <u>in</u> warme water <u>insit</u>	(ST)

6.1.4.2 Werklike voorsetselherhaling

Net twee voorbeelde van die voorsetsel **uit** en een voorbeeld van **af** is hier opgeteken, terwyl 75 voorbeelde van die herhaling van **in** opgeteken is.

Hierdie tipe voorsetselherhaling kom veral in die gesproke voorbeelde voor.

Eendag was ek <u>uit</u> geld <u>uit</u>	(81)
Ek trou reeds <u>uit</u> liefde <u>uit</u>	(TS)
'n klein bietjie <u>af</u> van die verstand <u>af</u>	(DB)
<u>In</u> Suid-Afrika <u>in</u> aborsie is nou toegelat	(9)
Ek het net vier rand gehet <u>in</u> my sak <u>in</u>	(81)
Ek loop nie <u>in</u> die aand <u>in</u> nie	(86)
Toe wonner hy wat is da' <u>in</u> daai sakke <u>in</u>	(YL)
Toe mak hy vier <u>in</u> die stouf <u>in</u>	(CM)
Jy gaan hulle <u>in</u> die pad <u>in</u> eet	(BK)
Mense verloor eenklik moed <u>in</u> die lewe <u>in</u>	(DM)
My ouma is somme' siek <u>in</u> 'ie bed <u>in</u>	(AO)
Tienuur <u>in</u> die oggend <u>in</u> het hy uitgestap	(MM)
Hy gan my <u>in</u> die hand <u>in</u> kry	(LG)
die kerk begin drie-uur <u>in</u> die middag <u>in</u>	(ET)
Toe loop ons <u>in</u> 'ie reën <u>in</u>	(KM)
Toe kry ek die tweede kind <u>in</u> my troue <u>in</u>	(AM)
toe loop huil ek nou da' <u>in</u> 'ie hek <u>in</u>	(SM)
die lyk slap <u>in</u> die hys <u>in</u>	(RP)
Daai twee (kinders) wat ons gemaak het <u>in</u> blydskap <u>in</u>	(ST)

Uit die frekwensie van die voorbeelde blyk dat dit beslis nie idiolektiese variasie is nie, maar feitlik by al die segspersone in die gesproke taal voorkom en dus as 'n kenmerk van hierdie variëteit beskou kan word.

6.1.5 Saam met-konstruksie

In TswaA kom die **saam met**-konstruksie redelik verbreid voor, veral in die spreektaal. Volgens De Wet (1996:121) dien die gebruik van **saam** "as semantiese versterking" by die voorsetsel **met** in SwAV. Die volgende voorbeelde van hierdie tipe is in TswaA opgeteken.

In kombinasie met die werkwoorde **gesels/praat/bespreek** kom **saam met** baie frekwent voor.

Hy was nie tevrede om <u>saam met</u> haar te gesels nie	(4)
Hulle is gewoon om <u>saam met</u> my suster te praat	(34)
<u>saam met</u> jou ouers te bespreek	(95)
Nou praat my pa so onderlangs nou <u>saam met</u> my	(BK)
as hy <u>sam met</u> my kinderse prat	(CM)

Saam met die werkwoorde **trou/vry** kom **saam met** ook dikwels in die spreektaal voor.

Toe trou hy <u>sam met</u> my ouma	(KM)
Ek kan <u>sam met</u> die jong mannetjie trou	(CM)
dié manniekind wil <u>sam met</u> my vry	(LG)

Ander voorbeelde van die gebruik van **saam met** is die volgende:

Ons het gebaklei <u>saam met</u> die kinders	(70)
Ek het gedink dit sou nooit <u>saam met</u> my gebeur nie	(87)
Hy het nou nie weer mense wat hy <u>sam met</u> hulle sit so deur'ie dag'ie X mense by wie sy deur die dag sit	(AO)
Sê vir hulle dat julle <u>saam met</u> julle onderwyser <u>saamstem</u> X dat julle met julle onderwyser saamstem	(90)
Nou hulle kan <u>sam met</u> mevrou Makou <u>sambly</u> ; net <u>sam met</u> kindertjies van haar X by Mevrou Makou bly; en ook haar kindertjies	(CM)

Voorbeelde waar **saam met** gebruik word in die plek van 'n ander voorsetsel of woord. Hier verkry dit telkens 'n ander semantiese waarde.

so het baie mense doodgegaan <u>saam met</u> die kind X en ook	(9)
Die ouma het probeer om <u>saam met</u> daardie dinge te praat X oor	(55)
Die broerse was baie goed by ons <u>saam met</u> die susters X en ook	(KM)

Ek bly <u>sam met</u> hulle X by	(KM)
Ek het nie <u>saam met</u> my boek gekom nie X my boek saamgebring nie	(DB)
Ek het <u>saam met</u> my hond gekom X my hond saamgebring	(13)
Jy moet <u>saam met</u> lekkers kom X saambring	(98)
Hulle gaan <u>saam met</u> die groot dorp speel X teen	(64)

Onder Engelse invloed word die **saam** soms weggelaat waar dit wel in SA vereis word.

Sy het <u>met</u> haar vader gekom X saam met	(5)
een van my vriende se groot suster sal <u>met</u> ons ry X saam met	(51)
Ek woon <u>met</u> mense in die huis X saam met	(70)
Ek het <u>met</u> my meisie en my vriende motor gery X saam met	(74)
My pa moes <u>met</u> ons die naweek deurbring X saam met	(79)
Hy stuur die mannikind <u>mét</u> meneer Thiba na my toe X saam met	(JM)
Ek loop <u>met</u> haar X saam met	(JM)
Toe werk ek <u>met</u> mevrou Coetzee X saam met	(AM)

In twee gevalle is die **met** weggelaat en is **saam** in die betekenis van **met mekaar** gebruik.

Eers kon ons'ie <u>sam</u> praat'ie X met mekaar	(JM)
Toe gan trou hulle <u>sam</u> X met mekaar	(YL)

Net drie voorbeelde van die **met** ... **saam**-konstruksie soos dit in ORA (De Wet 1996:121) voorkom, is opgeteken.

Die mense speel sweepy nou da' <u>met</u> die sente <u>sam</u> X met	(SM)
Jy moet <u>met</u> jou boek <u>saam</u> loop X jy moet jou boek saamneem	(44)
Maak die huis vuil <u>met</u> die voet <u>sam</u>	(35)

6.1.6 Keuse van voorsetsels

By die keuse van voorsetsels kan die invloed van Engels in sommige voorbeelde duidelik gesien word; andersins blyk die keuse baie willekeurig te wees. Volgens Klopper (1981:261) is 'n gebrekkige aanvoeling vir of kennis van die korrekte voorsetel of gebrek aan fynere betekenisonderskeiding verantwoordelik vir die willekeurige voorsetelkeuse.

Hulle dink nie <u>van</u> hulle toekoms nie X aan	(7)
Jy moet <u>van</u> ons luister X vir/na	(95)
Die ou mense is baie bly <u>van</u> die 'pension' wat hulle kry X oor	(12)
Ek is nou oud en tevrede <u>van</u> my familie en van my werk X met	(14)
Sy was <u>van</u> meneer Osmond getroud X met	(KM)
Ek is gestamp <u>van</u> die koembi X deur	(BK)
Ons is stuk <u>van</u> vyf X of	(DB)
Ek het gewoonte gerak <u>van</u> geld X aan	(LG)
so het ek <u>met</u> die venster uitgespring X by	(21)
Wanneer hy daar <u>met</u> sy kant lê X op (kombi)	(56)
Ek het Sipho <u>met</u> sy voetjie gevang X aan	(61)
Die mense moet <u>met</u> vrede lewe X in	(69)
Ek bly <u>met</u> die kinders X by	(78)
Ons het <u>met</u> onse ma en pa, ouma gebly X by	(MW)
Die hele familie sal doodgan <u>met</u> die messe X deur	(RP)
hulle verskil <u>met</u> kleur X in/van	(CM)
Delport het verlief geraak <u>aan</u> Malia Domingo X op	(5)
Suid-Afrika word <u>aan</u> 'n swart president gelei X deur	(6)
Ek verlang <u>aan</u> my vrou wat dood is X na	(55)
Ek was baie lief <u>aan</u> hom X vir	(57)
hoe belangrik is my ouers <u>aan</u> my X vir	(60)
Ek het jou altyd <u>aan</u> my gebede gebêre X in	(99)
Elk met sy sakkie <u>aan</u> sy rug X op	(67)
Hy't so brille <u>aan</u> X op	(DO)

Ek is baie jammer om te hoor <u>oor</u> jou ongeluk X van	(4)
Hy is baie trots <u>oor</u> my X op	(14)
Sewe maande <u>oor</u> my ma se dood X na	(59)
hy het <u>op</u> my geraas X met	(13)
weer <u>op</u> pad geval X in die pad geval	(18)
Dit was <u>op</u> 'n Maartmaand X gedurende	(22)
My vriend wat <u>op</u> die hospitaal was X in	(32)
Alles is <u>op</u> orde X in	(33)
<u>op</u> twaalfuur X om	(61)
<u>Op</u> my gedagte X in	(82)
Die onderwyser het hoop gehad <u>op</u> my X vir	(91)
Toe klim hulle die boom <u>op</u> X in die boom	(MW)
Nou da' verby so twee manne <u>op</u> die straat X in	(PM)
Rosy, ek wil <u>na</u> jou sê X aan	(7)
as ons nie <u>na</u> ons vriende kuier nie X by	(14)
die ding wat <u>na</u> my gebeur het X met	(89)

Die voorsetsel **by** het 'n besonder hoë gebruiksfrekwensie in TswaA. Stoltz (1982:127) voer as moontlike verklaring hiervoor aan dat die voorsetsel **by** in Afrikaans minder "gemerk" is as die ander voorsetsels wat plek aandui. Hierdie voorsetsels word dan ook heel dikwels deur Afrikaanssprekendes in hulle gesprekke met Afrikataalsprekers gebruik. Klopper (1981:197) skryf hierdie verskynsel, wat ook in die Afrikaans van die Sotho's voorkom, daaraan toe dat **by** ook in Afrikaans 'n baie hoë gebruiksfrekwensie het en dus meer deur anderstaliges wat met Afrikaans in aanraking kom, gebruik sal word. In TswaA is 50 voorbeelde van die variante gebruik van **by** opgeteken. In die meeste voorbeelde word **by** saam met 'n bewegingswerkwoord gebruik om beweging na die lokatief of na die deiktiese sentrum aan te dui terwyl dit in SA hoofsaaklik as lokatiewe voorsetsel optree.

Daardie dag gaan ek vroeg <u>by</u> die stasie X na	(16)
Piet het gou <u>by</u> ons toe gehardloop X na	(19)
vat ons haar <u>by</u> die hospitaal X na/hospitaal toe	(80)

Ek het djou broer vanoggend al <u>by</u> die dorp gestuur X	(MM)
Ek het sy sak gevat <u>by</u> anner klas toe X na	(KM)
Toe gan ek da' <u>by</u> die baklei X na	(SM)
Toe gooi hy sommer daai neklys <u>by</u> die grond X op	(CM)
Toe gan smeer hy 'n kryns <u>by</u> die deur X aan	(YL)
Toe klop iemand <u>by</u> die deur X aan	(CM)
Hy lê omtrent 'n maand <u>by</u> die hospitaal X in	(93)
soos ons sien <u>by</u> die prent X op	(CM)
of ek gaan <u>by</u> die heuwelik bly X in	(AM)
Sy is die heel eerste <u>by</u> die meisies X van	(JM)
Die broerse was baie goed <u>by</u> ons X vir	(KM)
Ek is groot <u>by</u> jou X teenoor jou	(AM)
Toe gan smeer hy 'n kryns <u>by</u> die deur X aan	(YL)

Vir

Ek verlang na almal, veral <u>vir</u> Maria X na	(4)
Delport was ook verlief <u>vir</u> An X op	(4)
Hy is simpatiek <u>vir</u> Delport X teenoor	(4)
Die meeste werkers was ook vriendelik <u>vir</u> mekaar X met	(71)
Ek was baie bly <u>vir</u> die wen X oor	(85)
Hulle is baie trots <u>vir</u> my X op	(46)
Ons het nie uit mekaar gegaan <u>vir</u> baklei nie X weens/as gevolg van	(AM)

Agter word dikwels onder Engelse invloed soos volg gebruik.

<u>Agter</u> 'n tykie het die telefone gehuil X na	(33)
Hy was baie dronk <u>agter</u> die partytjie X na	(6)
Elke <u>agter</u> dertig minute X na elke	(43)
hy moet eers wag tot <u>agter</u> skool X na	(DM)
Celia het <u>agter</u> my gemaak (matriek) X na	(AM)

In

<u>In</u> die pad huis toe X op pad	(33)
Ons het al <u>in</u> die slaap geraak X aan	(73)
Ek is altyd <u>in</u> jou kant X aan	(93)
Ek wens jou geluk <u>in</u> jou eksamen X met	(53)
Hy is nie meer <u>in</u> hierdie aarde nie X op	(54)
Dit het darem mens ôk geleer <u>in</u> 'n manier X op	(JM)
Goed geslaan hier <u>in</u> 'ie stê:re X op	(KM)
Het dji nie <u>in</u> 'ie TV nou las gesien nie X op	(KM)

Langsaan word gebruik in die plek van **langs**

Hy is hier <u>langsaa</u> n haar X langs	(62)
Nou ek dink hier <u>langs</u> an die sypaadjie X langs	(JS)
Lokasie van <u>langs</u> an die Kaap X langs	(ST)
Plekkietjie <u>langs</u> an die see X langs	(MP)

Ander voorbeelde van voorsetselgebruik is die volgende:

ek kyk <u>binne</u> die oë van 'n ding X in	(3)
of honderd dae <u>binne-in</u> die tronk X in	(15)
Jou oë val <u>binne</u> X in	(52)
Jy praat nie so <u>teen</u> jou pa nie X met/teenoor	(47)
Hulle vreet jou longe <u>af</u> X op	(49)
kos eet wat <u>uit</u> die water gekook is X in	(62)
Die beste <u>tussen</u> hulle is Lena X van	(58)
Nou moet ons met seer harte <u>deur</u> hom bly X as gevolg van hom	(50)
Hy is in die hospitaal <u>ter wille van</u> dwelms X as gevolg van	(50)
<u>Oor</u> twee weke was Kassiem dood X na	(YL)

6.1.7 Die vir-konstruksie

6.1.7.1 Herkoms

Volgens Raidt (1994:116) is die gebruik van die voorsetsel **vir** voor 'n persoonsobjek 'n opvallende kenmerk van die Afrikaanse taalstruktuur. Die herkoms van hierdie **vir**-konstruksie word gewoonlik toegeskryf aan ontlening aan Kreools-Portugees en ook aan die Maleis van die slawe aan die Kaap, terwyl Nederlandse spreektaalkonstruksies ook 'n rol kon gespeel het (Raidt 1994:118).

Ponelis noem dat hierdie verskynsel in die hedendaagse omgangstaal steeds aan die toeneem is (Ponelis 1985:202). Volgens De Wet (1984:383) kom **vir** volop in GA voor "hoewel nie as 'n reël nie".

6.1.7.2 Die vir-konstruksie in TswaA

Hier gaan veral gekonsentreer word op voorbeelde waar **vir** opsioneel is, maar wel in TswaA voorkeur geniet.

(a) Vir + indirekte objek

Volgens De Wet bepaal die posisie van die indirekte objek in die sin die noodsaaklikheid van die gebruik of weglaat van **vir**. Indien die indirekte objek vóór die direkte objek geplaas word, is die gebruik van **vir** opsioneel (De Wet 1984:385).

In hierdie groep is 69 voorbeelde in TswaA ondersoek. Al die indirekte voorwerpe wat in hierdie sinne voorgekom het, is menslik, hoofsaaklik persoonsname. Volgens Ponelis (1985:204) is menslikheid die sentrale veranderlike by die gebruik van **vir**.

'n Ander bepalende faktor is die aard van die werkwoordkeuse. Volgens Carstens (1999:60) en Ponelis (1985:205) is sekere oorganklike werkwoorde, soos **sê, gee, bring, vra, voel** en **lyk** meer geneig om **vir** te neem.

My ma het <u>vir</u> ons 'n skaftin kos <u>gegee</u>	(11)
Hy't <u>vir</u> my geld <u>geou</u> X geld <u>gegee</u>	(AM)
en <u>vir</u> my niks daarvan <u>gesê</u> nie	(30)
belowe om <u>vir</u> Ma en Pa 'n nuwe sitkamerstel te <u>koop</u>	(33)
alles wat jy <u>vir</u> my <u>vertel</u> het	(53)
Sy het <u>vir</u> ons ook verskillende bome <u>gewys</u>	(66)
Dan <u>bring</u> hulle <u>vir</u> jou die kos	(16)
Ons het <u>vir</u> hom só <u>geroep</u> (genoem)	(JM)
die skoolwerk wat ek <u>vir</u> jou <u>gestuur</u> het	(5)
die kamera wat ek <u>vir</u> jou <u>geleen</u> het	(38)
Toe het ek <u>vir</u> hom die die werk <u>verduidelik</u>	(38)
Hulle het <u>vir</u> my die les <u>geleer</u>	(14)

In die volgende voorbeelde is **vir** egter verpligtend. Indien die direkte voorwerp voor die indirekte voorwerp voorkom, is **vir** nie weglaatbaar nie. Van hierdie tipe is net een voorbeeld opgeteken.

Ek het my storie vir die man vertel. (71)

As **vir** voorafgegaan word deur 'n bepaling, is die **vir** ook verpligtend.

'n vriend wat <u>dareem</u> <u>vir</u> my in kennis stel	(53)
praatjies wat Mamma <u>nou</u> <u>vir</u> my vertel	(31)
ek het <u>nog</u> <u>vir</u> haar gesê	(4)
ek sê <u>toe</u> <u>vir</u> hom	(5)
ek het <u>weer</u> <u>vir</u> jou 'n opsomming ingesluit	(5)

In die volgende gevalle kan die weglating van **vir** dubbelsinnigheid tot gevolg hê.

Hy't <u>vir</u> my kos gebring	(AM)
het hy <u>vir</u> my goed gekoop en vir my kom gee	(AM)
Nee, ek sal <u>vir</u> jou kos bring. Dan bring sy vir my.	(AM)

(b) **Vir** + direkte objek

Volgens De Wet (1996:385) sou die volgende sinne grammatikaal heeltemal aanvaarbaar wees sonder **vir**. Die gebruik van **vir** is selfs oorbodig, klink ongewoon en word slegs vir beklemtoning of groter effek gebruik.

Kempen (1984:93) beweer dat 'n voorsetsel 'n terrein het waarbinne dit optree en dat dit vermoedelik nooit volkome "inhoudloos" is nie. Die gebruik van **vir** in die volgende sin is dus wel funksioneel.

Ons sien vir jou, teenoor

Ons sien jou

In die eerste sin openbaar die spreker 'n groter mate van affek teenoor die aangesprokene as in die tweede sin.

In hierdie kategorie is 95 voorbeelde in TswaA ondersoek. In al die gevalle kom **vir** voor persoonsobjekte voor.

dat die leerlinge <u>vir</u> jou so baie <u>kwaad maak</u>	(2)
dit beteken nie dat <u>hy</u> vir hulle haat nie	(2)
Elke politieke party het iemand wat <u>vir</u> die mense <u>bystaan</u>	(12)
My ouers het my geleer om <u>vir</u> ander mense te <u>respekteer</u>	(14)
Ek dank <u>vir</u> u vir alles	(36)
en hulle het <u>vir</u> my daar uitgehaal	(41)
besluit om <u>vir</u> haar te <u>opereer</u>	(65)
Ek het <u>vir</u> my kêrel so <u>jammer gekry</u>	(73)

Die ambulans het <u>vir</u> hulle uit die veld <u>kom haal</u>	(11)
Hulle sal <u>vir</u> my <u>uitlag</u>	(49)
God sal nie <u>vir</u> sy kinders <u>los</u> nie	(54)
Hulle het <u>vir</u> hom net 'n maand <u>toegesluit</u>	(80)
hy <u>groet vir</u> hom vriendelik	(MM)
Toe hy <u>vir</u> my dorp toe <u>stuur</u>	(MM)
Toe <u>los</u> hulle vir ons	(LM)
Ek weet nie hoe <u>betaal</u> hulle <u>vir</u> haar'ie	(BM)
Almal het <u>vir</u> meneer Thiba <u>gevrees</u>	(JM)
kan die man <u>vir</u> hom soontoe <u>vat</u>	(YL)
toe <u>noui</u> Ali Baba se seun <u>vir</u> die man	(YL)
Toe <u>sien</u> hy nou <u>vir</u> die Blouvisvanger	(CM)
en <u>vir</u> die beseerde passasiers <u>gehelp</u>	(39)
Die polisiemanne het <u>vir</u> die ambulans <u>gebel</u>	(30)
Hoekom het ek nie <u>vir</u> ons buurmense <u>geroep</u> nie	(80)
Ek kan mos <u>vir</u> my kinderse <u>oppas</u>	(AM)
Toe <u>slag</u> sy <u>vir</u> die 'khudu'	(KM)
Toe <u>roep</u> sy <u>vir</u> al sy vriende	(KM)

'n Interessante voorbeeld is die volgende waar **vir** saam met die refleksiewe voornaamwoord gebruik word. Volgens Kotzé verbind wederkerende voornaamwoorde "feitlik kategoriaal" met **vir** in Kaapse Afrikaans (Kotzé 1984:58).

Ons het <u>vir onself</u> voorberei.	(39)
--------------------------------------	------

In die volgende sinne word **vir** deur 'n bepaling voorafgegaan en die gebruik van **vir** is dan verpligtend.

maar ek kan <u>nie vir</u> hom vergeet nie	(57)
toe hierdie bobbejaan <u>toe vir</u> my sien	(11)
as ons <u>nou vir</u> julle los	(93)

want hulle kan <u>nooit vir</u> ons slaan nie	(JM)
Nou stuur sy <u>nou vir</u> my uit	(PB)
Ons hou <u>net vir</u> hom dop	(DB)
Daai meneer wou <u>hoeka vir</u> ons geslaan het	(JM)
want hulle kan <u>nooit vir</u> ons slaan nie	(JM)

Die volgende twee voorbeelde kan dubbelsinnigheid tot gevolg hê as **vir** weggelaat word.

Julle moet <u>vir</u> my maats nooi	(27)
Hy het <u>vir</u> my goed hanteer	(48)

(c) **vir + adjunk/bywoordelike bepaling**

In die voorbeelde wat hier opgeteken is, is **vir nie** werklik **noodsaaklik nie** en word hoofsaaklik vir **beklemtoning** gebruik.

Pa het <u>vir 'n maand</u> in die hospitaal gelê	(19)
mense wat <u>vir jare</u> sit sonder werk	(25)
Ek het daardie radio <u>vir meer as vyf jare</u> gehad	(30)
<u>Vir die afgelope vakansie</u> was ek baie besig	(71)
Hieroor spyt ek my <u>vir my hele lewe</u>	(89)
tot ek so gesukkel het <u>vir daai djare</u>	(AM)

In die volgende twee voorbeelde verleen die gebruik van **vir 'n betekenisverskil** aan die sin. Die gebruik van **vir** bepaal die tydsbestek

My pa het my <u>vir die eerste dag</u> sy kar geleen	(32)
as jy <u>vir die vakansie</u> kom kuier	(90)
Ek het bietjie ytgegaan <u>vir hierdie naweek</u>	(MS)

(d) **Vir word ook soms in die plek van 'n ander voorsetsel gebruik**

Ons verlang ook <u>vir</u> jou baie X na	(55)
Hy is simpatiek <u>vir</u> Delport X teenoor	(4)
was ook baie vriendelik <u>vir</u> mekaar X met ons was baie bly <u>vir</u> die wen X oor	(85)
ons was hartseerlik <u>vir</u> die ma X oor	(78)
Oorsese plekke het Suid-Afrika weggelos <u>vir</u> daardie rede X om/oor	(40)
Delport was ook verlief <u>vir</u> An X op	(4)
Hulle is baie trots <u>vir</u> my X op	(46)
ek wens julle geluk <u>vir</u> alle die mooi goete X met	(68)
en sommer loop kantoor <u>vir</u> kantoor X na	(60)

(e) **Koppelwerkwoord + vir**

In die eerste twee voorbeelde is **vir** weglaatbaar, maar in die laaste drie is dit verpligtend.

Dit lyk <u>vir</u> my hulle het	(2)
dit klink <u>vir</u> my soos 'n beer se geluid	(5)
(Ponelis 1985:219)	
dit is <u>vir</u> my 'n blydschap om hierdie brief aan jou te skryf	(5)
As dit <u>vir</u> jou 'n probleem is	(50)
dat julle daar <u>vir</u> my is	(14)

(f) **Vir vir affek**

My vriend het <u>vir</u> hom boeglam geskriek	(22)
Ons moet probeer om <u>vir</u> ons te gedrag	(24)
Ek mis <u>vir</u> jou baie	(55)
Ek het <u>vir</u> my kêrel so jammer gekry	(73)

Die volgende gebruik van **vir** kom ook in SA, veral in die spreektaal, voor. **Vir jou** word hier as eenheid gesien en vervul 'n ander semantiese funksie as **vir** as voorsetsel. Hier druk dit sprekerhouding of vertellersperspektief uit.

Hy is <u>vir jou</u> brandmaer gekrimp	(51)
dit gaan <u>vir jou</u> maande kos om die eensaamheid te verdryf	(55)
daar was <u>vir jou</u> mooi presentjies	(96)
daai vleis was <u>vir jou</u> klomp	(MG)
hier kom nou <u>vir jou</u> 'n ding	(JM)
En dié meneer is <u>vir jou</u> woedend	(JM)

(g) **Vir weggelaat waar 'n voorsetsel vereis word**

om - jou te kom kuier	(5)
dan gaan hulle - jou luister	(12)
wat ons sal nodig hê - die pad	(8)
jou ouers het vertel dat jy - kos bang (is)	(10)
Ek het - Katriena by die stasie gewag	(JS)
Hulle het – 'height' gekyk	(RP)
Eleke Sondag het ek - my die tert gemaak	(AM)

Bespreking

Voorsetselgebruik in TswaA is oor die algemeen patroonmatig en word veral gekenmerk deur **setseltoevoeging**, **-weglating**, die gebruik van die **saam met**-konstruksie, **voorsetselkeuse** wat verskil van SA, asook die hoë voorkoms van die **vir**-konstruksie. **Setselskeiding** wat ook deurgaans voorkom, is volgens De Wet (1996:127) tipiese perifrastiese vorme wat kenmerkend is van pidgin en kreools. Klopper beweer dat 'n duidelike 'drift' wat deur die invloed van Engels versterk word, in die uitbreiding van talle voorsetsels in Afrikaans merkbaar is. Dit is dus te verstane dat taalaanleerders daarmee probleme sal ervaar "aangesien dit 'n simptoom van taalbeheersing by die aanleer van 'n vreemde taal is" (Klopper 1981:200).

6.2 VOORNAAMWOORDGEBRUIK

Taalkontak met onder andere ORA, Kaapse Afrikaans en Engels, asook moedertaalinterferensie het tot gevolg dat daar veral op die gebied van voornaamwoordgebruik 'n groot verskeidenheid variante in TswaA voorkom. As bydraende faktor kan ook die gepidginiseerde Afrikaans wat in taalkontaksituasies deur blanke sprekers gebruik word en wat op hierdie gebied produktief is, genoem word (Stoltz 1982:84).

6.2.1 Persoonlike voornaamwoorde

6.2.1.1 Opheffing van geslag in TswaA

In Afrikaans is daar 'n duidelike onderskeid tussen die manlike en vroulike voornaamwoorde van die derde persoon in die enkelvoud. Die voornaamwoorde **hy** en **sy** word gebruik om natuurlike geslagsverskille by mense en veral groter diere aan te dui (Ponelis 1985:58).

Volgens Setshedi is daar in Tswana, anders as in Afrikaans, geen onderskeid tussen vroulike en manlike voornaamwoorde nie. Hierdie verskil tussen Afrikaans en Tswana veroorsaak vir die Tswanaleerder probleme by die aanleer van Afrikaans aangesien die moedertaalpatroon net so op Afrikaans oorgedra word en daar dus geen onderskeid tussen vroulike en manlike voornaamwoorde gemaak word nie (Setshedi 1987:38).

Die persoonlike voornaamwoorde in Tswana is soos volg:

Enkelvoud: nna (ek), wena (jy), **ena (hy/sy)**

Meervoud: rona (ons), lona (julle), bona (hulle)

Tswana onderskei dus nie vormlik tussen manlike en vroulike voornaamwoorde van die derde persoon nie (Setshedi 1987:39).

Opvallend is ook die hoë frekwensie van die opheffing van die onderskeid tussen die manlike en vroulike vorm van die voornaamwoord.

Du Plessis (1984:105) verwys ook na die voorkoms van hierdie verskynsel in GA waar die voornaamwoord in anaforiese gebruik nie “sonder meer die geslag van die referent” aandui nie.

(i) Die gebruik van die manlike voornaamwoord vir verwysing na vroulike persone.

Die volgende voorbeelde is enkeles van dié korpus wat opgeteken is. Opvallend baie voorbeelde word in die spreektaal aangetref.

Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die segspersone wel bewus is van die SA-vorm van die voornaamwoord en dat hulle in geskrewe taalgebruik harder konsentreer om die SA-vorm te bemeester as wat in spontane taalgebruik van die omgangstaal die geval is.

net die been was aan <u>sy</u> gesig (sussie) X haar	(11)
dat hulle <u>hom</u> nou kan 'rape' (meisie) X haar	(42)
<u>Hy</u> lê daarsô. Toe sê hy (Moeder Makou) X Sy	(CM)
Mevrou ken <u>hom</u> , Prudence X haar	(AM)
my ma sit in die voorhuis en <u>hy</u> wag vir ons X sy	(MM)
Katriena as <u>hy sy</u> voet by die roltrap sit dit vat <u>hom</u> boontoe en <u>hy</u> was so dom X sy, haar, haar, sy	(PL)
Wat <u>hy</u> trugkom, <u>hy</u> soek mos nou (ma) X sy	(MW)
Dan abba <u>hy</u> nog die klein ene ... Hoe vorder <u>hy</u> (ma van kind) X sy	(KM)
daai ousie ... <u>hy</u> 't uitgevind X sy't	(SM)
die vrou ... as <u>hy</u> my liefhet ... mar as <u>hy</u> my nie liefhet'ie, sy gan ... X sy	(TS)
Die vrou was te slim. Toe prat <u>hy</u> nou met 'n dik stem X sy	(YL)
My ouma was somme' siek want <u>hy</u> het'ie weer mense ... X sy	(AO)

(ii) **Die gebruik van die vroulike voornaamwoord vir manlike referente kom ook voor, hoewel minder frekvent.**

Stoltz (1982:88) skryf die feit dat die manlike vorm bo die vroulike verkies word, daaraan toe dat die manlike vorm waarskynlik as minder “gemerk” aangevoel word.

Die volgende voorbeelde is opgeteken.

My pa ... en <u>sy</u> het nie tyd om te speel nie X hy	(32)
<u>Sy</u> wil nie bakleiery gehad het nie. Sy wou hê ... toe sê <u>sy</u> my ... (meneer) X hy	(AM)
eendag loop <u>sy</u> so in die veld in ... toe kry <u>sy</u> 'n 'khuudu' (oupa) X hy	(KM)
Die mannikind, elke naskool <u>sy</u> gaan na my kamer toe X hy	(LG)
My broer ... mens het eintlik gedink <u>sy's</u> my ouma se kind X hy	(BM)

Dit is opvallend dat daar dikwels in dieselde sin van die manlike na die vroulike voornaamwoord verwissel word terwyl na dieselfde persoon verwys word, wat dui op totale onvastheid wat betref geslagsonderskeiding by die voornaamwoord.

6.2.1.2 Opheffing van die onderskeid tussen menslike en niemenslike verwysing

(i) **Die gebruik van hy/hom vir lewelose entiteite**

Ponelis beweer taalverandering “is besonder sterk aan die werk by voornaamwoordelike anaforiek”. Hy verwys verder na die verdringing van **hulle** deur **dit** en die konkurrensie tussen **hy** en **dit** “'n stryd waarin *hy* op verskeie terreine die oorhand kry” (Ponelis 1985:584).

Volgens Du Plessis (1984:103) is bevind dat daar in Griekwa-Afrikaans 'n algehele verdringing van dit deur hy is.

Ook in TswaA is verskeie voorbeelde van bogenoemde verdringing opgeteken, hoofsaaklik in die spreektaal waar veral voorbeelde van die anafoor **hom** aangetref is. In die volgende voorbeelde word na **abstrakte** sake of referente wat as 'n **eenheid** gesien word, verwys.

<u>Hy</u> is nie reg nie (aborsie)	(42)
Ja, hie's <u>hy</u> geskryf: elkeen veg sy eie oorlog	(AS)
Ek dink <u>hy</u> 's mos'ie in die 'Constitution' daai van vroue	(TS)
dinge nie gesien'et soos ek miskien <u>hom</u> nou sien nie	(BM)

In die volgende voorbeelde is die referente **konkreet** en **telbaar**.

<u>Hy</u> (wilde waatlemoen) lyk soos 'n watlemoen	(LM)
Marie haal die ring uit en bêre <u>hom</u> in sy sakkie	(72)
Hulle stuur <u>hom</u> hiernatoe (vis)	(ST)
Ek maak <u>hom</u> met buskits (tert)	(AM)
en ek praat die resitasie en ek los <u>hom</u> toe halfpad	(BK)
Toe loop sit ek in die kamer en <u>hom</u> eet (vetkoek)	(SM)
die koeie ... net ek vat <u>hom</u> 'ie so nie	(JS)

In die bogenoemde voorbeeld verwys **hom** na 'n meervoudsvorm (die koeie).

Net een voorbeeld waar **dit** deur **hulle** verdring is, is opgeteken.

<u>Hulle</u> rol nou net af (trane)	(JM)
-------------------------------------	------

(ii) Die gebruik van **dit** vir lewende entiteite

Volgens Ponelis het die voornaamwoord **dit** in SA te doen met "nie-lewendheid". "*Dit* word byvoorbeeld nooit anafories met 'n lewende referent verbind nie" (Ponelis 1985:58).

In TswaA kom wel enkele voorbeelde voor.

Die slang het gespring en gespring, want <u>dit</u> het baie geëet; toe kan hy niks maak nie X hy	(1)
--	-----

- Die beer ... toe gooi my ma hom met die kookwater en toe hardloop dit weg X hy (5)
 in plaas van daardie kind te vat en dit aan soon mens te gee X hom (9)
 Toe hierdie bobbejaan toe vir my sien, het dit baie kwaad geraak X hy (11)
 ons die bobbejane gewys en die kos wat dit eet X hulle (66)

6.2.1.3 Afwisselende gebruik van die onderwerps- en voorwerpsvorm

Hierdie variante vorme wat in TswaA voorkom, dui op verwarring tussen die onderwerpsvorme **ek, jy, hy, sy** en die ooreenstemmende voorwerpsvorme **my, jou, hom, haar**.

- my ma het vir ek en my broer gestuur X my (5)
 Toe stuur my pa toe vir ek en my suster X my (BK)
 Toe vat hy nou vir ek X my (AM)
 Sy het ook net soos my gevoel X ek (23)
 Die een is kleiner as my X ek (PB)
 om jy te vertel X jou (76)
 dis deur hy dat Ritter tronk toe is X hom (4)
 Onse harte was baie seer om iemand soos hom te verloor X hy (21)
 Ek is net een jaar ouer as hom X hy (LG)
 Hulle se pa het sy ge'like' X haar (IM)
 Dan sien hulle reeds ek en sy X my en haar (PB)

6.2.1.4 Variante gebruik van die persoonlike voornaamwoord u

Hierdie variante kom net in geskrewe TswaA voor en wel in informele briewe. Om een of ander rede word die skryf van 'n brief met formele taalgebruik geassosieer en al is die brief aan 'n vriend/in gerig, word heel dikwels van die **u**-aanspreekvorm gebruik gemaak.

Die volgende voorbeelde is opgeteken.

Voor 'n mens stembus toe gaan, moet <u>u</u> eerste gaan registreer X jy	(2)
die nuwe wet sê <u>u</u> kan doodmaak X 'n mens	(10)
Dit is met blydskap om hierdie brief aan <u>u</u> te skryf (aan vriendin) X jou	(10)
<u>u-hulle</u> , ek stuur vir <u>u-hulle</u> my brief X julle	(11)
<u>U</u> moet nou die herstelkoste betaal, want dit is u wie die radio gemors het (brief aan 'n maat) X jy	(30)
maar ek hoop <u>u</u> sal verstaan (vriendin) X jy	(96)

6.2.1.5. Weglating van voornaamwoordelike dit

Ponelis onderskei onder andere tussen 'n referensiële **dit** en 'n leë/formele **dit** (Ponelis 1985:70/73). In die voorbeelde wat in TswaA opgeteken is, is dit op een uitsondering na telkens die referensiële **dit** wat weggelaat is en veronderstel word.

die spoor gevolg tot - diep in die veld verdwyn	(1)
Toe was - te laat	(8)
Ons het - geniet om hout te saag	(11)
ek het gedink - is my moeder	(33)
By die kollegeparty was - lekker	(36)
dan wil jy sê - is die Here se wil	(42)
Miskien is - die ding wat ... wil verbygan	(JS)
dan lyk - of sy's bietjie mal	(DO)
maar - was darem lekker	(BK)

Net een voorbeeld waar die leë **dit** weggelaat is, is opgeteken.

koop truië as - winter is	(57)
---------------------------	------

Ander voorbeelde van voornaamwoordweglating

Ek het net met - vinger gewys X my	(3)
ek het - boeglam geskrik X my	(11)
en toe sien ons - sustertjie X ons	(26)
dat sy gepla was van - hart X haar	(79)
Ek het - gehou om dorp toe te gaan X daarvan	(81)
Sy hou baie - om saam met ander mense te werk X daarvan	(87)

6.2.2 Besitlike voornaamwoord

Net soos in SA tree die besitlike voornaamwoord in Tswana as bepaler voor die selfstandige naamwoord op en dui besit aan. In Tswana is die besitlike voornaamwoorde soos volg:

Enkelvoud:

ya me (myne), ya gago (joune), **ya gagwe (syne/hare)**

Meervoud:

tsa rona (ons s'n), tsa lona (julle s'n), tsa bona (hulle s'n)

Die besitlike voornaamwoorde in Tswana onderskei dus geen geslag by die derde persoon enkelvoud nie (Setshedi 1987:39). Hierdie verskynsel, sowel as die feit dat SA vir beide die vroulike subjekvorm en die manlike besittingsvorm die voornaamwoord **sy** gebruik, veroorsaak groot verwarring in Tswana.

6.2.2.1 Die gebruik van die voorwerpsvorm hom as besitlike voornaamwoord word baie frekwent in TswaA gebruik.

Die volgende voorbeeld illustreer hoe verwarrend die besitlike voornaamwoord in SA vir die Tswanaleerders is.

Tydens 'n proefles leer die student die leerders die volgende liedjie om die gebruik van die besitlike voornaamwoord in te skerp.

Sy soek na **haar** kinders

die kinders van **haar**.

Hy soek na sy kinders

die kinders van hom.

Dit is duidelik waarom almal telkens, na analogie van die eerste twee reëls, gesing het:

Hy soek na **hom** kinders

die kinders van **hom**.

Bydraend tot hierdie verwarring is die feit dat hierdie variant ook dikwels in die omgang onder Afrikaanssprekendes gehoor word. Die volgende is van die voorbeelde wat in TswaA opgeteken is.

- | | |
|---|------|
| My vriend ... het <u>hom</u> hande op <u>hom</u> kop gesit X sy | (22) |
| Ek het die motor geneem sonder <u>hom</u> toestemming X sy | (27) |
| Daar was 'n man met 'n 'strip' op <u>hom</u> wang X sy | (33) |
| En my broer het <u>hom</u> presentjie ook uitgehaal X sy | (96) |
| Eendag kry hy ook <u>hom</u> kans X sy | (DB) |
| Die rowers gan <u>hom</u> houde vat X sy | (YL) |
| Hy neem <u>hom</u> lewe X sy | (DM) |
| Hy het geweet dit is <u>hom</u> ma X sy | (BM) |

Onse juffrou ... <u>hom</u> klas se kinders X haar	(JM)
Die man nou kom met <u>hom</u> kar X sy	(RP)
hy moet solike vrou vir <u>hom</u> tweede vrou vat X sy	(SM)
Die man het <u>hom</u> rykdom gelos (weduwee) X haar	(CM)

6.2.2.2 Voorbeelde van die gebruik van die manlike vorm van die besitlike voornaamwoord vir die vroulike vorm.

Sy sustertjie was baie maer, <u>sy</u> oë was groot X haar	23)
ek kom kry <u>sy</u> romp is verdwaal X haar	70)
Ma het gesê <u>sy</u> kop is seer X haar	80)
Dit was <u>sy</u> beste vriende (Moeder Makou) X haar	CM)
Ek het Katriena gesien da' onner met <u>sy</u> bagasie X haar	PL)
<u>Sy</u> naam was Stella X haar	KM)
Toe sy dar kom, het sy <u>sy</u> broertjie gesê X haar	(YL)
Sy sê <u>sy</u> man was mooi X haar	(CM)
seker wat sy ma' <u>sy</u> hele lewe X haar	(BM)
<u>sy</u> kind is oorle' (ma) X haar	(IM)
toe's klaar die helfte van <u>sy</u> 'nuts'e verkoop (vrou) X haar	(SM)

Geen voorbeelde van die gebruik van die vroulike besitlike voornaamwoord vir manlike verwysing het voorgekom nie.

6.2.2.3 se/s'n-konstruksie

In SA kom die **se**-konstruksie slegs voor in kombinasie met 'n eienaam, soortnaam of onbepaalde voornaamwoord (De Wet 1996:130).

Volgens Jenkinson (1984: 244) word die “morfologies suppresiewe vorme my/jou/sy/haar” nie in Griekwa-Afrikaans gebruik nie, maar wel die “perifraetiese *se*-konstruksie”. As voorbeelde word onder andere die volgende gegee:

hy se kos

hulle se goete

Hiervan word afgelei dat die gebruik van die besitlike voornaamwoord **onse** nie na analogie van die Nederlandse verboë vorm, **onze**, gebruik word nie, maar dat dit “die perifraetiese” **ons se is**, soos in: **ons se hys**. In Kaapse Afrikaans is die kenmerkendste verskynsel by besitskonstruksies die “kategoriale verbuiging van *ons* in die attributiewe posisie”, terwyl die uitbreiding van *se* in verbinding met **julle** en **u** ook voorkom (Kotzé 1984:56).

In TswaA het die *se*-konstruksie ’n baie hoë gebruiksfrekwensie. Die volgende vorme kom voor.

Die masker lyk soos <u>hy s'n</u> X syne	(7)
Sy sien dit lyk soos <u>hy se</u> gesig X sy	(8)
Jy is moes <u>hulle se</u> kind X hulle	(45)
Die kinders hou aan met <u>hulle se</u> laweheit X hulle	(78)
<u>Hulle se</u> harde was omtrent seer	(87)
<u>hulle se</u> goetes ... <u>hulle se</u> ouderdomme ... hulle se pa se erfpos X hulle	(IM)
Die mense het <u>hulle se</u> 'stuff'e gekoop X hulle	(MG)
Ali Baba het <u>hulle se</u> lewe met hout gelat loop X hulle	(YL)
Ek trek <u>hulle se</u> klere an	(RP)
En hulle moet <u>hulle se</u> galoof mak	(RP)
<u>Julle se</u> dogter X julle	(67)
Haal yt <u>djulle se</u> boeke X julle	(SK)
Dis <u>djulle se</u> storie dié X julle	(BK)
Praat met <u>u se</u> ouers X u	(45)
Dankie vir <u>u se</u> eksamenkaart X u	(48)

In die geskrewe voorbeelde word hierdie voornaamwoord waarskynlik ook as die perifrastiese **ons se** aangevoel en dus hoofsaaklik ook so geskryf. Vergelyk ook Klopper (1981:280) en De Wet (1996:131) in hierdie verband.

Die volgende voorbeelde is onder andere opgeteken.

die polisie het <u>ons se</u> name gevra X ons	(15)
<u>Ons se</u> harte was baie seer X ons	(21)
het ek so lekker gesit by <u>ons se</u> huis	(96)
gewys hoe <u>onse</u> vriendskap verhoog	(25)
<u>Ons se</u> vaders los alles by <u>onse</u> moeders	(60)
Dit was baie ver van <u>onse</u> huis af	(53)

In die gesproke taalgebruik is 33 voorbeelde opgeteken.

hy tok so an <u>onse</u> deur X ons	(BK)
Toe't hy so <u>onse</u> troue gedeurmekaarmaak X ons	(AM)
Mammie, <u>onse</u> miestris soek Masala X ons	(GM)
ons val in <u>onse</u> heppie hel in X ons	(PM)
Nou ons het ôk <u>onse</u> eie paaie gevat nou	(MG)
Ons het met <u>onse</u> ma en pa gebly	(MW)
vir <u>onse</u> jeuge van onse kerk	(KM)
<u>onse</u> trou is baie mooi	(RP)
dan moet ons <u>onse</u> hande in warme water sit	(ST)
<u>onse</u> huisietjie	(MP)

6.2.2.4 Verdere variante besittingsvorme

In SA verskil die patroon vir die vorming van die selfstandige besitlike voornaamwoorde by enkelvoudige persoonlike voornaamwoorde van dié by meervoudige persoonlike voornaamwoorde en leksikale naamwoorde. **Myne** en **syne** bewaar die **n** wat in **my** en **sy** deur

ausloutverlies verlore gegaan het. In **joune** het die **n** ingedring na analogie van **myne** en **syne**. (Ponelis 1985:63).

Dit wil voorkom of hierdie proses in TswaA verder gevoer word. Na analogie van die selfstandige besitlike voornaamwoorde **myne**, **joune** en **syne** het die volgende variante vorme van die besitlike voornaamwoord wat veral in die omgangstaal dikwels in TswaA gehoor word, waarskynlik tot stand gekom.

Ons wil nie jou lewe en <u>onsne</u> by die gevaar los X ons s'n	(93)
Dit is nie <u>homne</u> nie; dit is <u>haarne</u> X syne/hare	(24)
Na sy dood is al die goed <u>haarne</u> X hare	(SM)
sy moet ken wat is <u>haarne</u> X hare	(TS)
Die een kind is <u>homne</u> X syne	(LG)

In Tswana bestaan die besitskonstruksie uit 'n besitting, 'n besitskakel en 'n besitter, bv.

motse wa kgosi (die stat van die kaptein)

die kaptein se stat

motse wa bona (die stat van hulle)

hulle stat

Hoewel die volgende konstruksie 'n direkte vertaling van die Tswana besitskonstruksie is, kom dit baie min in TswaA voor.

Net vier voorbeelde is opgeteken.

ek hoor net die gehuil <u>van hulle</u> X hulle gehuil	(34)
Toe hoor ek die snaakse gehuil <u>van Sipho</u> X Sipho se	(61)
Hulle se pa het sy ge'like' en die kinders <u>van haar</u> X haar kinders	(IM)
Jy moet opsommings maak vir <u>jou elke vak</u> X elke vak van jou	(23)

Een voorbeeld van die volgende **ouer vorm** is opgeteken.

ek was alleen by die huis met my suster sy kinders X se (34)

6.2.3 Betreklke voornaamwoorde

Ponelis (1985:465) beskryf die funksie van die betreklke voornaamwoord in SA as volg:

- (i) dit kan 'n naamwoordstuk op sigself vorm, dus as onderwerp, voorwerp of lid van 'n voorsetselgroep, of
- (ii) dit kan deel vorm van 'n groter naamwoordstuk waarin dit as kern van 'n deelbepaling, as genitiefsvorm of as deel van 'n **van**-nabepaling optree.

Die betreklke voornaamwoord het gewoonlik betrekking op 'n naamwoordstuk of voorsetselstuk (antesedent) wat vroeër in die sin genoem word. Daarom het die betreklke voornaamwoord altyd 'n anaforiese funksie (Carstens 1998:66).

6.2.3.1 Net drie gevalle waar die betreklke voornaamwoord **wie** in plaas van **wat** gebruik word, is opgeteken.

An se kind wie sy het geaborsie X wat (7)

dit is u wie die radio gemors het X wat (30)

een van die tieners wie is besig met dwelms X wat (52)

6.2.3.2 Die betreklke voornaamwoord **wat** het 'n hoë gebruiksfrekwensie in TswaA. In die volgende gevalle word **wat** gebruik in plaas van die voorsetselgroepe, nl. voorsetsel + **wie** of **wat** + weesgelate voorsetsel.

Ek het 'n kind wat ek nie die pa ken nie X van wie (87)

die man wat hy saam loop, is Jerrie X met wie (24)

net mense wat ek saam sit X met wie (70)

- so 'n anner oupa wat ek hoor hy steel honne X van wie (AO)
 Daar was 'n voëltjie wat sy naam Blouvisvanger is X waarvan die (CM)

In twee gevalle word **waar** in die plek van **wat** gebruik.

- Daar is tye waar 'n mens voel ... (16)
 Daar was 'n tyd waar ek 'n kopseer gekry het (35)

6.2.3.3 Verdere variante konstruksies van die betreklike voornaamwoord/setselskeiding

In die volgende relatiefsinne kom die betreklike voornaamwoord **wat** voor sonder die vaste voorsetsel plus 'n toevoeging van die persoonlike voornaamwoord gekoppel aan die geskeide voorsetsel. Klopper beskryf ook hierdie variasie in die Afrikaans van die Suid-Sotho en skryf dit toe aan moedertaalversteuring (Klopper 1981:246).

- Mahala is die boot wat het hulle altyd gereis met dit X waarmee (3)
 Jy weet moes is die nuwe mode wat baie mense van dit hou X waarvan (81)
 Die straat wat ek met hom gery het X waarmee (38)
 dan doen jy ander goedjies wat jy agter met hulle is X waarmee (86)
 Hy is 'n vriendelik persoon wat jy kan enige ding met hom praat X met wie (44)
 Die broer wat ek van hom gepraat het X van wie (50)
 Daar is baie stout mense wat hy vir hulle laffigheid maak X vir wie (52)
 want hy het 'ie weer mense wat hy sam met hulle sit X met wie (AO)

Net een voorbeeld van **wat** saam met die **genitiefkonstruksie** is opgeteken.

- Gelukkig het die mense wat ek hulle se jard gestamp het X wie se (74)

In die volgende voorbeelde word 'n **betreklige voornaamwoord** plus die **bywoordelike voornaamwoord** gebruik in plaas van die een vorm wat verwys na nielewende entiteite.

- vrae wat jy nie daarvan gelees het nie X waarvan (100)
 Ons kan die dinge doen wat ons later spyt daaroor sal voel X waaroor (72)
 Die belangrikste ding wat 'n mens daaraan moet dink X waaraan (88)
 Eksamen is 'n nagmerrie wat ons so altyd daarmee moet lewe X waarmee (98)

Voorbeelde van **voorsetselweeslating** by die **betreklige voornaamwoord**. Ander voorbeelde is onder (6.1.3) behandel.

- Anders hardloop vir treine wat hulle met reis X waarmee (16)
 al die werk wat jy agter is met X waarmee (55)
 die mooiste vrou wat hy van hou X van wie (CM)

In die volgende voorbeeld is **dit** in plaas van **in** gebruik.

die kamertjie wat haar sustertjie dit slaap X waarin

In die volgende voorbeelde is die voornaamwoord **dit** en **hulle** eintlik oorbodig in die sinne.

- Daar is ook goede wat 'n mens dit nie van hou nie X waarvan (98)
 Die geluk wat God jou gee, moet jy dit nie vernietig nie (4)
 die geluk wat God jou gee, moet jy dit aanvaar (4)
 Die mense wat naby die kop gesit het, het hulle baie seer gekry (39)

6.2.4 Anaforiese gebruik van die voornaamwoord

Volgens De Wet gaan dit hier oor die “herhaling van die onderwerp en die voorwerp van die sin in die preminale vorm” (De Wet 1996:135).

Volgens Setshedi is die “onderwerpskamel in Setswana ’n morfeem wat ’n sintaktiese verband stig tussen die naamwoordstuk en die werkwoordstuk.” Die Tswana is geneig om die onderwerpskamel gelyk te stel aan die Afrikaanse voornaamwoord, byvoorbeeld:

Rre Matshidiso **o** kgona thata Thutaditiragalo.

Letterlik vertaal is dit:

Meneer Matshidiso **hy** is goed baie in Geskiedenis.

Die leerder stel **hy** (Afrikaanse voornaamwoord) gelyk aan **o** (Tswana onderwerpskamel) (Setshedi 1987:37).

De Wet (1996:135) het bevind dat die anaforiese gebruik van die voornaamwoord baie meer in SwAV as in ORA voorkom waar dit meestal **die** is wat anafories gebruik word. Sy skryf dit toe aan moedertaalinterferensie in SwAV. Soos in SwAV word die anaforiese gebruik van die voornaamwoord in TswA net in die onderwerp van die sin aangetref.

Die volgende is voorbeelde wat opgeteken is.

My klein suster <u>sy</u> is ’n leier in die basketbal	(64)
Die kind <u>sy</u> het die geld geëet	(KM)
Die mannikind <u>hy</u> mak vir my stoutigheid	(LG)
en die gras <u>dit</u> was droog	(JS)
Vroeër ’n vroumens by die Tswanas <u>djy</u> mag’ie geleerd geis’et’ie	(RP)
Ek en hierdie moeder <u>ons</u> word toe hospitaal toe geneem	(21)
ek en my drie neefs <u>ons</u> het met ’n bal gekom	(33)
My vriende <u>hulle</u> was nie regte vriende nie	(75)
Ja, die Sotho’s <u>hulle</u> eet honne	(AO)

In die volgende voorbeelde verwys **die** anafories na lewende entiteite, behalwe in een voorbeeld. Hierdie gebruik kom ook dikwels in SA voor.

Hulle kon ook mos gesê het die lat <u>die</u> is da'mos	(JM)
Die mense <u>die</u> kan hulle nie self aanpas nie	(DM)
Die vrou <u>die</u> slaap al	(PM)
Toe vind ek yt die kind <u>die</u> vry	(JM)
Die hele klas <u>die</u> sien Makobe steek'ie ding weg	(JM)
daai ousie <u>die</u> kom	(SM)
Djulle se ma <u>die</u> weet'ie war is djulle nie	(CM)
Mevrou ... <u>die</u> maak dit en hy maak dit	(AM)
die mense wat ... <u>die</u> weet almal wat	(AM)

Bespreking

Om op te som kan gesê word dat voornaamwoordgebruik in TswaA gekenmerk word deur “inkonsekwente **wisseling** tussen **manlike** en **vroulike voornaamwoorde**”, met voorkeur aan die manlike vorm, soos De Wet dit ook in SwAV bevind het (De Wet 1996:129). Ander opvallende kenmerke is die hoë frekwensie van die **se**-besitskonstruksie, **variante betreklike konstruksies** en die **anaforiese gebruik** van die voornaamwoord. Moedertaalinterferensie speel hier 'n oorheersende rol, sowel as kontak met Afrikaanssprekendes, Kaapse Afrikaans, Engels en ORA.

Hoewel daar soms groot verwarring in die gebruik van die manlike en vroulike voornaamwoorde van die derde persoon in TswaA bestaan, is daar feitlik deurgaans 'n patroonmatigheid in die variante voornaamwoordgebruik op te merk.

6.3 NEGATIVERING

Kenmerkend van die ontkenning in SA is die sogenaamde dubbele negatief wat dit van baie ander Germaanse tale onderskei. De Wet (1996:136) bespreek die twee standpunte aangaande die herkoms van hierdie sintaktiese patroon. Een standpunt gee voorkeur aan die teorie dat dit uit die Nederlandse en Duitse dialekte ontstaan het, terwyl 'n tweede standpunt dit aan die invloed van Khoekhoens toeskryf waar die tweede negatiefpartikel wat ná die werkwoord voorkom, gebruik word.

Carstens (1998:55) wys op ander konstruksies waar die ontkenning nie altyd deur 'n dubbele **nie** uitgedruk word nie, bv. Ek ken haar **nie**, asook op konstruksies waar die ontkenning deur gebruik van ander ontkenkende woorde uitgedruk word, bv. Daar is **niemand** tuis **nie**.

Ponelis (1985:367) tref 'n onderskeid tussen “negatiewe sinne” en “sinne met ontkenningsvorme” wat nie altyd negatief is nie aangesien ontkenningsvorme gebruik kan word vir ander semantiese funksies. In die volgende twee voorbeelde het die ontkenningsvorme nie negatiewe waarde nie, maar 'n “uitroepvormende (affektiese) funksie” (Ponelis 1985:368).

Hoe hardloop ons **nie**. (MW)

Hoe slaan hulle **nie** vir ons **nie**. (LM)

In Tswana word die ontkenning gevorm deur onder andere die invoeging van **ga** of **se** net na die onderwerpskakeel, byvoorbeeld

re se bônê X (dat) ons nie sien nie (Ferreira & Malepe 1977:38)

Die dubbele ontkenning is dus 'n vreemde konstruksie vir die Tswana-leerder van Afrikaans. Dit is dus te verstane dat hierdie wyse van negativering probleme sal oplewer, soos blyk uit die hoë frekwensie van weglatings. Engelse invloed speel ook 'n versterkende rol.

6.3.1 Weglating van negatiewe elemente

6.3.1.1 Weglating van die tweede nie

Ek is <u>nie</u> tevrede met dinge wat die ANC gedoen het -	(2)
Daar was <u>nie</u> baie motors -	(8)
die dokter het <u>niks</u> gepraat -	(8)
<u>Nooit</u> op aarde sal ek weer klein word -	(14)
daar was <u>geen</u> mense om vir haar te help -	(25)
Hy het <u>niemand</u> geweet -	(44)
Jy gaan <u>nêrens</u> -	(51)
hulle moet <u>nooit</u> aan ander mense soon ding doen wat ek gedoen het -	(87)
Sy kon <u>nie</u> dink hoe moet sy maak om by die volgende platform te probeer kom -	(PL)
djy kan <u>nie</u> altwee van die vroumense liefhê op dieselfde manier -	(IM)
As ek nou nie so 'n koppie koffie gekry dit in die oggend -	(AS)
Dokter kan maar sien ek makeer <u>niks</u> -	(BK)
om te sê die hande <u>moenie</u> krimp -	(ST)
Hy's <u>nêrens</u> te vinde -	(ET)
Ons ken <u>niks</u> - want die kos was toegeslyt, so ons ken <u>niks</u> 'ie	(MW)

6.3.1.2 Weglating van die eerste nie

Net 'n paar voorbeelde hiervan is opgeteken.

as hulle swanger word en - meer kind soek <u>nie</u>	(24)
ek sal hulle - vergeet <u>nie</u>	(59)
ons gooi daai bloed - yt' <u>ie</u>	(RP)
Ka' jy - sien jy het hom ganoeg gekap -	(PB)

In die laaste voorbeeld kom **geen nie** voor nie, hoewel die sin 'n negatiewe betekenis het.

6.3.2 Variante negatiefkonstruksies met negatief-intensiveerders: eers/eens en skaars

Ponelis (1985:402) beweer dat die meeste NEG-intensiveerders reg voor die ontkenningvorm geplaas word. In TswaA kom die volgende variante konstruksies voor waar eens en skaars as NEG-intensiveerders optree.

Ek het eens nie geweet nie X ek het nie eens geweet nie (12)
eens'ie geëet'ie X nie eens geëet nie (KM)

Fourie (1985:90) het soortgelyke konstruksies in RA opgeteken.

In die volgende voorbeelde kan skaars net so goed met nie/nie eers vervang word.

hy was skaars eens baie diep nie X hy was nie eens baie diep nie (5)
 geld gevra wat ek skaars het nie X wat ek nie het nie (18)
 Daai anties het skaars kans gekry om te praat nie X nie eers kans gekry om te praat nie (BK)
 Die bottel het skaars gebreek nie X nie eers gebreek nie (BK)
 Ons het skaars lank gewag'ie X nie eers lank gewag'ie (BK)
 Hy weet skaars waarvandaanaf kom die kos'ie X nie eers waarvandaanaf kom die kos'ie (MW)
 Ons kan skaars skoonmaak'ie X nie eers skoonmaak'ie (PB)

6.3.3 In die volgende voorbeelde bevat die sinne **te veel negatiewe elemente** wat dui op verwarring in die gebruik van die dubbele negatief wat vir baie 'n vreemde konstruksie is. Hierdie tipe konstruksie is nie heeltemal vreemd in SA nie, byvoorbeeld: **Niemand sê my ook nooit niks nie.**

Ek het nie skaars seergekry nie (16)
 Maar ek het nie skaars niks gesien (16)
 Ek het hom skaars'ie geken'ie (27)
 Ek weet nie eers nie om hoe vir julle dankie te sê nie (14)
 Volgende jaar sal daar nie genoeg werk wees nie vir onderwysers nie (5)
 Jy het nie niks van dit gesê nie (16)

Iemand wat <u>nie</u> by sy ma grootgeword het <u>nie</u> , ken <u>nie</u> hoe lekker dit is nie om 'n ma te het <u>nie</u>	(29)
Ek is jammer om die kar te vat <u>sonder</u> om te kla nie <u>sonder geen</u> toestemming gegee vir my <u>nie</u>	(36) (37)
Daar was <u>nie geen</u> geld om kosse te koop <u>nie</u>	(77)
Ek soek <u>nie</u> die huis <u>nie meer nie</u>	(79)
Toe word hy <u>nie niemand</u> bang <u>nie</u>	(LG)
<u>Niemand</u> rop vir <u>niemand nie</u>	(ST)
<u>Niemand</u> mak vir <u>niemand niks'ie</u>	(ST)
Die een meisiekind ... was <u>nie</u> daar <u>nie</u> toe ons gaan slaap het' <u>ie</u>	(MS)
<u>Niemand</u> het weer sy klere gesteel nie op die draad' <u>ie</u>	(KM)

6.3.4 In die volgende voorbeelde is die **tweede nie voor** die bepaling of bysin geplaas terwyl die woordorde vereis dat dit **daarna** geplaas moet word.

Ek hoop die mense sal nie vergeet <u>nie</u> wat die ANC vir hulle gedoen het X wat die ANC vir hulle gedoen het <u>nie</u>	(12)
en nie kwaai wees <u>nie</u> vir my kinders X nie kwaai wees vir my kinders <u>nie</u>	(14)
Dit was Kersdagtyd so ons kon nie bly wees <u>nie</u> soos ander mense X ons kon nie bly wees soos ander mense nie	(26)
huise wat nie reg is <u>nie</u> vir 'n mens se gesondheid X huise wat nie reg is vir 'n mens se gesondheid <u>nie</u>	(88)

Opsommend kan gesê word dat die gebruik van dubbele negatiefmerkers in SA vir die Tswana-spreker van Afrikaans verwarrend en baie problematies is. Dit lei tot weglating of invoeging van negatiefmerkers. De Wet (1996:136) skryf dit toe aan die invloed van Engels, die feit dat die idiosinkratiese kenmerk van dubbelmarkering probleme oplewer, sowel as die feit dat die tweede negatiefmerker vir die niemoedertaalspreker geen betekenisfunksie het nie en dus nie sin maak nie.

6.4 INFINITIEFKONSTRUKSIE (met **te** of **om te**)

Die infinitief soos dit in Afrikaans voorkom, is 'n erfkonstruksie aangesien dit in Middelnederlands reeds gebruik is (Du Plessis 1984:161). In teenstelling met Nederlands bestaan daar in hedendaagse Afrikaans nie 'n formeel kenbare infinitiefvorm van die werkwoord nie. Uitsonderings is **hê** en **wees** en 'n paar versteende uitdrukkings, byvoorbeeld **te kenne** gee en **te wete kom** (Raidt 1991:220).

Ponelis (1985:431) onderskei in SA tussen die lang infinitiefsin, met onder andere **om** plus die modale partikel **te** byvoorbeeld

Dit is moeilik **om** standpunt **te stel**

en die kort infinitiefsin

Standpunt stel, is moeilik.

In die volgende bespreking van die infinitief in TswaA word hoofsaaklik aandag gegee aan die **om te**-konstruksie. Die infinitiefvorm wat voorkom na hulpwerkwoorde, word in 6.6.3 bespreek. Die volgende voorbeelde is in TswaA opgeteken.

6.4.1 Weglating van **te**

6.4.1.1 Baie voorbeelde is in TswaA opgeteken waar die **te** uit die infinitiefkonstruksie weggelaat word, veral **voor** die **deeltjiewerkwoorde**.

- | | |
|--|------|
| Hulle het besluit <u>om</u> elke aand die krale <u>dophou</u> X om elke aand die krale dop <u>te</u> hou | (1) |
| ons het gereël <u>om</u> daardie dag vroeg <u>opstaan</u> X om daardie dag vroeg op te staan | (28) |
| dan gaan hulle hospital toe <u>om</u> vorms <u>invul</u> vir aborsie X om vorms in <u>te</u> vul | (42) |
| <u>om</u> hier besigheid <u>oopmaak</u> X om hier 'n besigheid oop <u>te</u> maak | (88) |
| Seker ons moet kom sing <u>om</u> onse jeug <u>regmaak</u> X om onse jeug reg <u>te</u> maak | (KM) |
| Ek moet eerste rondloop en sien om my gedagte <u>opmaak</u> X om my gedagte op te maak | (ST) |

6.4.1.2 **Te** word ook frekvent weggelaat as daar **stapeling van werkwoorde** in die infinitiefkonstruksie voorkom. Voorbeelde met die skakelwerkwoorde **kom, loop, gaan** en die modale hulpwerkwoord **kan** is opgeteken.

- om eksamen kom skryf X om eksamen te kom skryf (10)
- My ouers het my geleer om eendag self kan staan X om eendag self te kan staan (14)
- Ek het hulle gevra om vir my by 'n stasie kom haal X om vir my by 'n stasie te kom haal (27)
- Op daardie dag het ek die kar geleen om saam met my vriende 'n bietjie loop rondry
X om ... 'n bietjie te loop rondry (33)
- besluit om ook die berg gaan klim X om ook die berg te gaan klim (28)
- Ek vra toestemming om saam met my vriende gaan uitkamp X om ... te gaan uitkamp (51)
- Gan ons West End toe om suurlamoene gan steel X om suurlamoene te gaan steel (MW)
- Toe gan hy yt om hout gan haal X om hout te gaan haal (CM)

6.4.1.3 **Te** word ook soms tussen die **direkte voorwerp** en die **werkwoord wat daarop volg**, weggelaat.

- om te bid en help vra X om te bid en hulp te vra (1)
- Ma het probeer om die beer te roep en hom stroop gee X om die beer te roep en hom
stroop te gee (19)
- Ek weet dit is nie lekker om 'n inspuiting kry nie X om 'n inspuiting te kry nie (6)
- Baie vrouens het hulle se lewe verloor deur self aborsie maak X aborsie te maak (24)
- ons het die familie uitgenooi om 'n partytjie geniet met ons X om 'n partytjie te geniet (96)
- om suksesvol te wees in 'ie lewe, die familie onderhou X om ... die familie te onderhou (ST)

6.4.1.4 **Ander te-weglatings**

- die gemeente vra om vir hom bid X om vir hom te bid (52)
- daar was polisie om kyk wat daar aan die gang is X om te kyk (13)
- Hulle het my geleer om hoe saam met ander mense praat X te praat (14)
- Pa het besluit om my leer X om my te leer (34)

In die volgende voorbeelde is **om** en die **te** weggelaat.

- Hulle het my geleer ... hoe saam met ander kinders speel X hoe om saam met
 ander kinders te speel (14)
- ge'like' so bankplestiek vol sente vir my sjee X om ... vir my te gee (SM)

6.4.2 Deeltjiewerkwoorde met om ... te

Anders as in 6.4.1.2 word **te** in die volgende voorbeelde wel saam met die deeltjiewerkwoorde gebruik, maar hier word dit **vóór die werkwoord geplaas** en die dele word dus nie deur die **te** geskei nie. Hierdie gebruik van die infinitief is baie kenmerkend van GA.

- dis gevaarlik om daar te opklim X om daar op te klim (28)
- ons probeer om onself te voorberei X om onself voor te berei (90)
- om ons presentjies te uithaal X om ons presentjies uit te haal (96)
- om hierdie probleem te oplos X om hierdie probleem op te los (99)
- ek moet kom vra om saam met hulle te uitstap X om saam met hulle uit te stap (100)

Daar is een voorbeeld opgeteken waarin die teenoorgestelde plaasvind as hierbo. Waar die deeltjiewerkwoord in SA nie geskei word nie, word dit hier wel geskei deur **te** plus die skakelwerkwoord **kom**.

- Ek sal da' kom om uit te kom vind X om te kom uitvind (33)

6.4.3 In die volgende voorbeelde word om te as 'n vaste konstruksie gesien.

Du Plessis (1984:159) verwys ook na hierdie gebruik van die infinitief in GA waar die **om** en **te** in die oppervlakte naas mekaar geplaas word terwyl dit in SA sintakties uiteen geplaas word.

- het nie weer kans om te weghardloop X om weg te hardloop (86)
- wat nie 'n kans gekry het nie om te skool loop nie X om skool te gaan nie (48)

- Dis nie lekker om te geneem word van 'n spook nie X om deur 'n spook geneem
te word nie (55)
- Hulle het tot by die huis gegaan om te my lop rapporteer X om my te loop rapporteer (74)
- het ons die regte papiere om te ingaan X om in te gaan (ST)
- om te die vlooië te doodspyt X om die vlooië dood te spuit (ST)

Soms word die te in hierdie tipe konstruksie ook verdubbel.

Du Plessis (1984:160) vermoed dat hierdie verskynsel in GA 'n latere ontwikkeling is en beweer dat dit moontlik is dat die **te**-toevoeging 'n "drift-verskynsel" in GA is waardeur dit nader aan SA beweeg. De Wet (1996:142) vind dit 'n geldige argument. Die volgende voorbeelde is in TswaA opgeteken.

- om te kan suksesvol te wees X om suksesvol te kan wees (25)
- Ek is baie bly om te jou brief te ontvang X om jou brief te ontvang (25)
- Ek het ... om te aan die einde te slaag X om aan die einde te slaag (68)
- om te die vlooië te doodspyt X om die vlooië dood te spuit (ST)
- dis nooit te laat om te skool toe te gaan nie X om skool toe te gaan nie (ST)
- en die 'carriages' gevat van Betsjoeana om te ons in Buluwayo te gaan gooi
X om ons in Buluwayo te gaan gooi (ST)

Net in twee gevalle is die infinitiefkonstruksie in kombinasie met die verlede deelwoord gebruik.

- om goed vrou gesoek X vrou te soek (57)
- Ek het gesit om die TV gekyk X TV te kyk (46)

6.4.4 In 'n paar voorbeelde wat opgeteken is, kom **woordordevariasie** in verband met die plasing van die **om** in die konstruksie voor. Indien die bywoorde van wyse **hoe** deur die stellende bywoord **so/sodanig** vervang word, is die volgorde korrek, wat daarop dui dat die stelvolgorde veralgemeen word.

- moet die kind leer om hoe 'n pen te vang X hoe om 'n pen vas te hou (8)
- Agter die pak het hulle my gesê om wat te doen X wat om te doen (14)
- Hulle het my geleer om hoe te swem X hoe om te swem (14)
- Hulle het my geleer om hoe saam met ander mense praat X hoe om saam met
ander mense te praat (14)
- Pa het besluit om my te leer om hoe te bestuur X hoe om te bestuur (34)

Bespreking

In TswaA het die variante gebruik van die infinitief-konstruksie 'n hoë voorkoms. Kenmerkend is die **te-weglatings**, die **te-invoegings**, die voorkoms van **om te** as 'n **vaste eenheid** en die **variante plasing** van **te** in die konstruksie.

Opmerklik is dat hierdie variante gebruik van die infinitief dikwels saam met die deeltjiewerkwoord voorkom. Pfeiffer (1980:224) skryf ook die variante plasing van **te** in die gebroke Nederlands van die Franssprekendes aan die Kaap toe aan gebrekkige onderskeid tussen skeibare (deeltjiewerkwoorde) en onskeibare werkwoorde. Volgens Du Plessis (1984:162) lyk dit nie of dit in GA die geval is nie.

Volgens Du Plessis is die variante struktuur van die infinitief "een van die heel duidelikste gemerkte voorbeelde van sintaktiese variasie" in GA. Dit kom feitlik by alle informante voor. Hy verwys na weglating van **te**, die toevoeging van 'n tweede **te** en die naasmekaarplasing van **om** en **te** waar dit in SA geskei word (Du Plessis 1984:159/160).

In Tswana word die infinitief gevorm deur die prefiks **go** vooraan die werkwoordstam te plaas, byvoorbeeld **go dira** (om te werk). Hoewel dit los geskryf word, is dit eintlik 'n voorvoegsel. Die feit dat die infinitief in SA uit twee dele bestaan, naamlik **om + te**, in teenstelling met die infinitief in Tswana, kan tot die verwarring vir die taalaanleerder bydra. Vergelyk ook Klopper (1981:306) in hierdie verband.

6.5 LIDWOORD

In SA tree die bepaalde en onbepaalde lidwoord as voorbepalings by die substantief op. In Tswana besit die selfstandige naamwoord geen formele uitdrukkingmiddel om die bepaalde en onbepaalde lidwoord, soos in Afrikaans, uit te druk nie. **Die man** en **'n man** word slegs deur **monna** uitgedruk (Ferreira & Malepe 1977:31). Volgens Setshedi (1987:50) is bepaalde en onbepaalde lidwoorde in Tswana heeltemal onbekend. Vir die Tswana is lidwoordgebruik dus heeltemal nuut wanneer Afrikaans aangeleer word en die neiging bestaan om lidwoorde in sinne heeltemal weg te laat.

Setshedi verwys nie na die Tswana se kontak met Engels waarin die bepaalde en onbepaalde lidwoord ook voorkom nie. Waarskynlik ondervind hulle ook probleme met lidwoordgebruik in Engels. Die volgende voorbeelde is in TswaA opgeteken.

6.5.1 Weglating van die lidwoord

6.5.1.1 Weglating van die onbepaalde lidwoord

In hierdie tipe variasie kom daar 'n groot mate van patroonmatigheid voor wat betref die substantief waarmee die lidwoord moes verbind het.

Die onbepaalde lidwoord word baie frekwent voor **paar** en **klomp** weggelaat. 'n Moontlike verklaring kan wees dat hierdie tipe konstruksie as meervoudaanduidend beskou word en die 'n dus nie gebruik word nie.

- | | |
|---|------|
| Op 'n plaas het daar <u>paar mense</u> gebly X 'n paar mense | (1) |
| <u>Paar van my klere</u> het my vriende sommer aangetrek X 'n Paar van my kledingstukke | (29) |
| vir <u>paar weke</u> X vir 'n paar weke | (8) |
| Ek het <u>paar dae</u> daar beland X vir 'n paar dae | (48) |
| Ek en anner <u>paar</u> kinnerse X 'n paar ander kinders | (MW) |
| <u>Paar</u> van die mannetjies ôk X 'n paar van die mannetjies | (MW) |

- Toe neem hy paar van daai sakke sam X 'n paar van daai sakke (YL)
 ons is darem nie klompie babas nie X 'n klompie babas (49)
 toe sien ek klomp manniekinders X 'n klomp manniekinders (85)
 Daai vleis was vir jou klomp X vir jou 'n klomp (MG)
 Ek het so klomp goete gedoen X so 'n klomp goete (MG)

Ook by die sogenaamde generiese voornaamwoord 'n mens word die 'n dikwels weggelaat. Hier speel Engelse invloed ook 'n rol. Van der Merwe (1988:129) beweer egter dat albei vorme "gebruiklik en korrek" is; so ook HAT (1994:657).

- Mens moet altyd ... X 'n Mens moet altyd (28)
Mens prat'ie so nie X 'n mens praat nie so nie (BK)
Mens kan as jy net wil X 'n mens kan as jy net wil (JM)
 Koos, mens lag nie so ... nie X 'n mens lag nie so nie (PM)
 Ek gan mos'ie mens trou X mos nie met 'n mens trou (TS)

By **abstrakte selfstandige naamwoorde** word die onbepaalde lidwoord ook soms weggelaat.

- dan kan sy maar aborsie laat doen X 'n aborsie laat doen (4)
 Hulle probeer om beter lewe te beplan X 'n beter lewe (6)
 Ek het nog nooit so ding gedink X so 'n ding (23)
 Later hoor ons gedruis X 'n gedruis (26)
 dit was lang tyd X 'n lang tyd (78)
 As jy probleem kry X 'n probleem kry (93)
 darem daar is inkomste X daar is darem 'n inkomste (55)
 Maar ek het nou nie anner keuse nie X 'n ander keuse nie (BM)

In ander gevalle waar die onbepaalde lidwoord weggelaat word, wil dit voorkom asof die substantief as **onbepaald** beskou word.

daar wat die man nie <u>kind</u> gesoek het nie X 'n kind	(24)
Niemand van die manmense kan <u>kind</u> kry nie X kan 'n kind kry nie	(LG)
gebruik <u>woordeboek</u> vir die woorde X 'n woordeboek	(23)
Sy het ge'like' om met <u>besem</u> te slaan X om met 'n besem te slaan	(SM)
As da' <u>grootmens</u> sterf X as daar 'n grootmens sterf	(RP)
Daar's <u>watgans</u> , daar's <u>makougans</u> X daar's 'n watgans, daar's 'n makougans	(CM)
daar's <u>telefoon</u> 'next door' X daar's 'n telefoon	(KM)

Ander voorbeelde waar die onbepaalde lidwoord weggelaat is.

hy het vir my <u>pakslae</u> gegee X 'n pak slae	(37)
Toe kom da' <u>kwaai wind</u> da'sô X 'n kwaai wind	(PM)
ek wil so <u>mooi groot huis</u> kry X so 'n mooi groot huis	(TS)
so <u>anner tjommie</u> van my X so 'n ander tjommie	(DB)
dar was so <u>anner voël</u> in 'ie woud in X so 'n ander voël	(CM)
Dis <u>net slengwoord</u> X 'n slengwoord	(LG)
Daar was 'n oupa wat <u>schoenwinkel</u> gehad X 'n schoenwinkel	(YL)
toe kom da' <u>brief</u> X 'n brief	(AM)

6.5.1.2 Weglating van die bepaalde lidwoord

In TswaA word die bepaalde lidwoord dikwels **voor** die **oortreffende trap van die adjektief** of die **bywoord** weggelaat in teenstelling met SA wat hier wel **die** gebruik (Carstens 1998:63). Engelse invloed speel hier 'n groot rol in die Afrikaans van die moedertaalsprekers (Donaldson 1991:254). Engelse invloed sal waarskynlik ook versterkend inwerk op TswaA.

<u>Meeste</u> van swart <u>mense</u> was werkeloos X <u>die</u> meeste swart <u>mense</u>	(6)
<u>meeste</u> van <u>kinders</u> loop nie die skool nie X <u>die</u> meeste van <u>die</u> kinders	(6)
Ons het <u>meeste</u> <u>van</u> die minerale in ons land X <u>die</u> meeste van	(12)
Daar waar <u>meeste</u> <u>boere</u> gebly het X <u>die</u> meeste boere	(MW)
Aborsie gebeur <u>meeste</u> in 'n verhouding X <u>die</u> meeste	(24)

Hieronder volg ander voorbeelde waar die bepaalde lidwoord onder **Engelse invloed** weggelaat word.

Jy moenie moeg word om vir <u>Here</u> te bid X vir <u>die</u> Here	(8)
Ons moet <u>Here</u> bedank X <u>die</u> Here dank	(94)
My voete was lam van <u>skrik</u> X van <u>die</u> skrik	(3)
ek was in <u>hospitaal</u> X in <u>die</u> hospitaal	(8)
My kind, <u>lewe</u> is baie swaar X <u>die</u> lewe is baie swaar	(60)
<u>In lewe</u> ek het al plekke gesien X in <u>die</u> lewe	(ST)
Ek was omtrent in <u>moeilikheid</u> X in <u>die</u> moeilikheid	(LG)
ek sal nie meer met <u>trein</u> reis nie X met <u>die</u> trein	(16)

Opmerklik is dat die bepaalde lidwoord dikwels by **tydsbepalings** weggelaat word.

Ek het daar gesit tot <u>volgende dag</u> X tot <u>die</u> volgende dag	(41)
<u>Volgende week</u> het hulle die nommer gewys X <u>die</u> volgende week	(64)
<u>Volgende dag</u> het dit ... X <u>die</u> volgende dag	(MG)
vernaam as dit <u>einde</u> van die maand is X <u>die</u> einde van	(51)
tot <u>einde</u> van die jaar X tot <u>die</u> einde van die jaar	(55)
Dan gan ek net <u>einde</u> van die <u>djar</u> X <u>die</u> einde van die jaar	(BM)

Ander weglatings van die bepaalde lidwoord.

Ek en ander <u>moeders</u> was te agter X <u>die</u> ander moeders	(21)
Hy was nie kwaad oor <u>boete</u> wat ek gekry het X <u>die</u> boete	(33)

Toe gaan <u>manne</u> werk toe X <u>die</u> manne	(41)
die ring met <u>groot diamant</u> X met <u>die</u> groot diamant	(72)
Ek sal my 'family' <u>na Kaap</u> neem X na <u>die</u> Kaap	(94)
Nou hoor ek <u>gapreek</u> da' voor X <u>die</u> gepreek	(PB)

6.5.2 Toevoeging van die lidwoord waar dit in SA nie die geval is nie

6.5.2.1 Toevoeging van die onbepaalde lidwoord

Die onbepaalde lidwoord kom dikwels in TswaA **voor die hooftelwoord** voor, en veral voor die telwoord **een**.

in die kraal van 'n <u>een man</u> X 'n man/een man	(1)
Ek het R6,00 gevra vir 'n <u>een kop</u>	(64)
Twee dinge het gebeur aan my op 'n <u>een dag</u>	(74)
ek het gesê met 'n <u>een been</u> X met een been	(BK)

In 'n paar gevalle kom **dubbele markering** (toutologiese markering) van die grammatiese kenmerk **onbepaaldheid** voor.

Daar's net 'n <u>een</u> wat jy sal nou minder liefhet	(IM)
Daar moet 'n <u>ene</u> wees	(58)
Da' was net 'n <u>ene</u> wat geswem het	(MG)

In die volgende twee voorbeelde word die telwoord plus naamwoord dalk as 'n **eenheid** gesien, bv. as tiensentstuk, wat verklaar waarom die lidwoord gebruik word.

net oor 'n <u>tien sent</u>	(76)
Toe kort ek nog 'n <u>twintig sent</u>	(SM)

Soms word die onbepaalde lidwoord voor 'n **abstrakte substantief** gebruik.

Ek het 'n <u>hoop</u> dat ek julle nie sal teleurstel nie X hoop	(13)
Ek wil 'n <u>toestemming</u> vra X toestemming	(47)
en vir ons 'n <u>informatie</u> gegee X informasie	(30)
Ek het met 'n <u>verbasing</u> gesien ... X verbasing	(91)
Ek moet eerste 'n <u>verskoning</u> vra X verskoning	(46)
Dit maak nie 'n <u>saak</u> nie X saak nie	(AM)

Voor **massanaamwoorde** word die onbepaalde lidwoord ook dikwels ingevoeg.

toe ek 'n <u>wasgoed</u> maak X toe ek wasgoed was	(61)
'n Mense sukkel om 'n <u>geld</u> te kry X	(83)
Ek soek 'n <u>kos</u>	(41)
Toe gan smeer hy 'n <u>wit verf</u>	(YL)

Soms word die onbepaalde lidwoord saam met **substantiewe** in **die meervoud** gebruik.

Dit is nie 'n <u>groot dinge</u> X groot dinge nie	(73)
'n <u>Mense</u> sukkel om 'n geld te kry X Mense	(83)
Hulle dra elke dag 'n <u>skoolklere</u> X skoolklere	(46)
Die rowers het so 'n <u>groot sakke</u> gevat X sulke	(YL)

6.5.2.2 Toevoeging van die bepaalde lidwoord

Toevoegings in hierdie kategorie wat onder **invloed van Engels** plaasvind.

Dit was op <u>die 26 Oktober</u> 1997	(3)
Op <u>die pad</u> na die partytjie	(37)
Op <u>die pad</u> en ek roep net	(BK)

Redundante gebruik van die bepaalde lidwoord by eiename

Dit is die groot vrees wat ons in <u>die Suid-Afrika</u> het	(6)
<u>Die Jeppestraat</u> was vol mense	(75)
<u>Die Spoornet</u> het kombies gestuur	(39)

Toevoeging van die bepaalde lidwoord by abstrakte of nietelbare substantiewe

Dit was <u>die pynlike momente</u>	(16)
deur die gebruik van <u>die dwelms</u>	(31)
Toe vat ek <u>die sand</u> en gooi dit op Siphos se maag	(61)
Hulle het die mense <u>die kos</u> gegee	(89)
Ek hou baie van <u>die sokker</u>	(MP)
sodat ons nie kan <u>die malaria</u> kry	(ST)

Toevoeging van die bepaalde lidwoord by tydsaanduidings

My broer gaan <u>die volgende maand</u> trou	(72)
Hy sal <u>die volgende maand</u> hier wees	(80)
Sy het my gesê dat jy <u>die verlede jaar</u> gedruip het	(66)

Ander voorbeelde waar die bepaalde lidwoord toegevoeg is

Ek het <u>die God</u> gebedank	(83)
Moet nie <u>die ma</u> gaan vertel nie X vir Ma gaan vertel nie	(MM)
<u>Die twee</u> was meisies en <u>die twee</u> was jongetjies	(CM)
Nou <u>die Moeder Makou</u> hy lê op sy blou bed	(CM)
Toe klop hy by <u>die mevrou Makou</u> se hys	(CM)

6.5.3 Verdere variante gebruik van die lidwoord

Die onderskeid tussen bepaalde en onbepaalde lidwoorde maak die gebruik van lidwoorde in Afrikaans vir die taalaanleerder nog ingewikkelder, want die twee lidwoorde word verwar. Die volgende voorbeelde is in TswaA opgeteken.

6.5.3.1 Die word in plaas van 'n gebruik

Góéd gaslaan ... nie <u>die</u> <u>bietjie</u> nie X nie 'n <u>bietjie</u> nie	(KM)
'n Makou is <u>die</u> <u>gans</u> X 'n Makou is 'n <u>gans</u>	(CM)
Die lewe is <u>die</u> <u>speeltoneel</u> X die lewe is 'n <u>speeltoneel</u>	(22)
<u>Die</u> <u>mens</u> se ouers speel 'n belangrike rol in 'n mens se lewe X 'n <u>mens</u> se ouers	(75)
Pa het gister <u>die</u> <u>nuwe</u> <u>motor</u> gekoop X 'n <u>nuwe</u> motor	(34)

6.5.3.2 'n word in plaas van die gebruik

Dit was 'n <u>grap</u> van 'n <u>week</u> X <u>die</u> <u>grap</u> van <u>die</u> week	(12)
Dit was 'n <u>heerlikste</u> <u>koek</u> wat ek ooit geëet het X <u>die</u> <u>heerlikste</u> koek	(13)
Ek kies 'n <u>hasepad</u> X die <u>hasepad</u>	(53)
Toe slat hy my met 'n <u>vys</u> X met <u>die</u> <u>vuis</u>	(LG)
Die kind bly net waai met 'n <u>vinger</u> X met <u>die</u> <u>vinger</u>	(BK)
Katriena het op 'n <u>platteland</u> grootgeword X op <u>die</u> <u>platteland</u>	(PL)

6.5.3.3 Die in plaas van 'n voornaamwoord

In enkele gevalle word die bepaalde lidwoord gebruik waar in SA 'n voornaamwoord gebruiklik is. Opmerklik is dat al die substantiewe wat ná die lidwoord volg verwantskapsbenaminge is of liggaamsdele aandui.

Ons het nie <u>die ouma</u> gebel nie X <u>my</u> ouma	(76)
<u>Die oë</u> is groot X <u>Sy</u> oë	(51)
Hy het met <u>die kop</u> in die water geval X <u>sy</u> kop	(61)
Ons was hartseerlik vir <u>die ma</u> X <u>ons</u> ma	(78)
kom maak hulle die huise vuil met <u>die voet</u> X <u>hulle</u> voete	(78)
Ek het ook seergekry by <u>die</u> kop X <u>my</u> kop	(84)
<u>Die ouma</u> was net te oud X <u>ons</u> ouma	(MW)

Bespreking

Die gebruik van die lidwoord in TswaA sluit hoofsaaklik **lidwoordweglating**, **lidwoordtoevoeging** en die gebruik van die **bepaalde lidwoord** in waar SA die **onbepaalde lidwoord** gebruik en omgekeerd.

Volgens Du Plessis word in GA hoofsaaklik die onbepaalde lidwoord weggelaat. Dit dui daarop “dat hierdie weglating die onbepaaldheid of generesiteit van die N wat op die lidwoord volg, versterk.” Lidwoordweglating in hierdie geval word dus moontliker wanneer die daaropvolgende naamwoord onbepaald is. Die lidwoordweglatingsproses het in GA veel verder gegaan as 'n SA (Du Plessis 1984:123). In sekere opsigte is dit ook die geval in TswaA, maar andersinds verskil TswaA van GA daarin dat ook die bepaalde lidwoord frekwent weggelaat word. Dit kan hoofsaaklik aan moedertaalinterferensie en die meewerkende invloed van Engels toegeskryf word waar ‘the’ dikwels by nominaalkonstruksies ontbreek (Klopper 1981:254).

Kotzé (1984:55) noem dat die bepaalde lidwoord **die** dikwels voor plekname in Kaapse Afrikaans voorkom, bv. in **die** Grassy Park, op **die** Groenpunt.

6.6 DIE WERKWOORD

6.6.1 Die passiefkonstruksie

Die begrip “lydend/passief” dui aan dat passiewe konstruksies nie handeling aandui wat deur hulle onderwerpe uitgevoer word nie (Ponelis 1985:411).

In Afrikaans word die presens by passiewe deur **word** uitgedruk en dit dui aan dat die handeling uitgevoer word, byvoorbeeld

Die pasiënt **word** goed **verpleeg**.

Hierdie tipe passiefkonstruksie het 'n baie lae gebruiksfrekwensie in TswaA. Die volgende voorbeelde is opgeteken.

mense wat huise kry, is mense wat <u>geken word</u>	(88)
Nou <u>word</u> ek nou X-strale toe <u>gevat</u>	(61)
Djy 'jive' nou da' voor wat so <u>gepreek word</u> X waar dit so gepreek word	(PB)
ons mense <u>wort</u> 'ie <u>geleer</u> om te skryf'ie	(AM)
dit <u>word</u> máklik <u>gemaak</u>	(AM)
As jy by die Zoeloes <u>getrou word</u>	(RP)

Konstruksies waar die omskrywingswerkwoorde as gemerkte patroon funksioneer, kom ook voor.

Hulle <u>wil geslaan word</u> ; dan kan hulle die werk doen	(2)
die kosse <u>kan</u> nie <u>gekoop word</u> met min geld nie	(88)
Die mens <u>moet</u> nie <u>gesê word</u> slegte nuus	(43)
Onderwysers <u>moet</u> ook <u>kop toe gevat word</u>	(88)
Voor ons van die tikketbeampte <u>kom wakker gemaak word</u>	(43)

'n Paar konstruksies met die infinitiefvorm **om te** kom ook voor. Dit is egter nie algemene gebruik nie.

Dis nie lekker om te geneem word van 'n spook nie (27)

Dan gaan hulle jou luister, want jy het jou merk gemaak om te geluister word (42)

In SA word die preteritale passief deur die omskrywingswerkwoord **wees** uitgedruk en dui 'n voltooide handeling aan, byvoorbeeld

Die pasiënt **is** goed **verpleeg**.

Hierdie tipe konstruksie kom baie frekwent in TswaA voor, maar in plaas van die **is**-vorm word **was** gebruik om die preteritum aan te dui. Volgens Carstens (1998:323) word die **was**-vorm in die passief net gebruik om voltooidheid in die verlede aan te dui as een handeling 'n ander voorafgaan, byvoorbeeld :

Toe hy daar aankom, **was** die werk reeds voltooi.

Carstens noem verder dat hierdie gebruik egter deur die meeste Afrikaanssprekendes geignoreer word en **is** word gebruik.

Ook in SA word **was** dikwels gebruik om die verlede tyd van die passief uit te druk. Dit kan veral aan Engelse invloed toegeskryf word, byvoorbeeld

Hy **was** beseer (he was injured) in plaas van: Hy **is** beseer (Carstens 1998:324)

Vergelyk ook Donaldson (1991:214).

Die volgende voorbeelde waar die **was**-vorm gebruik word om die preteritum van die passief-konstruksie uit te druk, is in TswaA opgeteken, beide in die geskrewe en in die gesproke taalgebruik. 36 voorbeelde is opgeteken.

Petrol was ingegooi X is (1)

Aborsie was lankal gemaak X is (7)

Ons het toe die vleis en dié was gebraai X is (15)

Toe was ek sommer met 'n yster gegooi X is (27)

Verlede jaar was daar tien mense vermoor X is (49)

- Die debat was gekanselleer X is (MG)
 Nee, ons was geslan by die skool X is (JM)
 'n Vrou was nie toegelaat om ... X is (TS)
 Bruidskat was gebetal en die vroumens was gestel vir my X is; is (ST)

Net twee voorbeelde waar **is** gebruik word om die verlede tyd van die passief uit te druk, is aangetref.

- Nou is dji dan nie gestuur nie (MM)
 In die pad huis toe is ons van 'n polisiekar gestaan X is ons deur 'n polisiemotor voorgekeer (33)

Setshedi verduidelik ook hoe moedertaalinterferensie die gebruik van die passiefkonstruksie beïnvloed. Die omsettingsreëls vanaf die bedrywende na die lydende vorm in Afrikaans en Tswana is vergelykbaar, maar nie identies nie. Die omskrywingshulpwerkwoord **word** kom byvoorbeeld nie in Tswana voor nie. Letterlike vertaling veroorsaak dus verwarring. Daar is ook verwarring tussen die hulpwerkwoord **is** en die kopula **is**. Volgens die Tswanaleerder word die verlede tyd in Afrikaans deur **het** en **was** uitgedruk. Die kopula **is** word dus as die teenwoordige tyd beskou (Setshedi 1987:56). Die volgende voorbeelde gee 'n aanduiding van hierdie verwarring.

- sekerlike rede is toegelaat om aborsie te doen X word (4)
 In Suid-Afrika in aborsie nou is toegelaat X word (9)
 Ek dink vandag is ek doodgeslaan X word (JM)
 Vandag jy's geslaan X word (JM)
 Tien mense het ernstig beseer X is (16)
 Toe word ons 'n week gegaan vir kursus X is ... gestuur (AM)
 Sy was geskiet word X sy is geskiet (57)

Ponelis (1985:411) noem dat die agenslose passief die kenmerkendste tipe is. Net een voorbeeld van 'n agenspassief is in TswaA opgeteken, maar die **deur** is met **van** vervang.

In die pad huis toe is ons van 'n polisiekar gestaan X is ons deur 'n polisiemotor voorgekeer (33)

In SA verskyn **daar** in onpersoonlike konstruksies as onderwerp in verbinding met die omskrywingswerkwoorde **word** en **wees**, byvoorbeeld: Daar word gedans (Ponelis 1985:408). Hierdie tipe konstruksie kom selde in TswaA voor, en indien wel, word **dit** gewoonlik in die plek van **daar** gebruik. Hierdie voorbeelde is ook net by drie segspersone opgeteken.

dit word gebaklei in die straat X daar word gebaklei (38)

Klip word gegooi X Daar word klip gegooi (38)

Hulle wil ga' wa' dit gedrink word X waar daar gedrink word (PB)

Wat dit gesing word, spring hulle drie op X toe daar gesing word (PB)

By oom Anries se plaas word dit drie rand gebetal X word daar drie rand betaal (MG)

Dit word gepreek; da' word gepreek (PB)

Die laaste voorbeeld dui aan dat die SA-variant wel bekend is, maar die TswaA-variant word eers verkies.

Bespreking

'n Kenmerk van pidgins is die afwesigheid van die passiefkonstruksie. In SwAV is net enkele voorbeelde aangetref terwyl in ORA meer voorbeelde opgeteken is (De Wet 1996:146). Die feit dat die passief in TswaA so frekwent gebruik word, moet dus op 'n groter taalbeïnvloeding deur taalkontak dui, byvoorbeeld GA en Engels.

6.6.2 Medewerkwoorde

Ponelis (1985:241) onderskei twee soorte medewerkwoorde in Afrikaans, naamlik die **skakelwerkwoorde** en die **hulpwerkwoorde**.

6.6.2.1 Skakelwerkwoorde

Hier onderskei Ponelis tussen **direkte** en **indirekte** skakelwerkwoorde.

“Die vier indirekte skakelwerkwoorde *lê*, *loop*, *sit* en *staan* met die betekenis van ‘liggaamshouding’ verbind via die bindpartikel **en** met die hoofwoord” (Ponelis 1985:241).

Volgens Raidt is hierdie verbale hendiadis-konstruksie beperk tot die verbinding van bogenoemde vier werkwoorde wat liggaamshouding aandui. Die partikkellose verbinding kom ook voor, maar Raidt beskou dit as substandaard. Die verbale hendiadis met **en** asook die partikkellose verbinding het al van vroeg af wyd verspreid voorgekom en sluit direk aan by volkstaalpatrone van 17de-eeuse Nederlands (Raidt1991:228).

Die **verbale hendiadis-konstruksie** kom baie min in TswaA voor, trouens net een voorbeeld is opgeteken.

by die teller gesit en uithelp (71)

In drie gevalle is die verbale hendiadis-konstruksie wel gebruik, maar **ge-** word ook vooraan die hoofwoord geplaas, waarskynlik na analogie van die gemerkte werkwoordpatroon in Afrikaans.

het hy gesit en gesmul aan die afval (13)

Daarom het hy die hele dag gesit en gestudeer (26)

Ant Salie het gestaan en gesing elke Sondag so hard (27)

Direkte skakelwerkwoorde verbind sonder bindpartikel met die hoofwerkwoord. Volgens Ponelis (1985:241) word die onderskeid tussen die direkte en indirekte skakelwerkwoorde deur weglating van **en** by heelwat sprekers opgehef. Du Plessis (1984:132) bevind dat hierdie verskynsel ook in GA baie algemeen is.

In TswaA is net enkele voorbeelde opgeteken waar die indirekte skakelwerkwoorde **staan** en **loop** sonder die bindartikel **en** as direkte skakelwerkwoorde optree.

Du Plessis (1984:136) bevind in GA dat daar met die weglating van **en** nie net 'n sintaktiese verskil tussen direkte skakelwerkwoorde en hulle hoofwerkwoordkorrelate is nie, maar ook 'n semantiese verskil. Hy ondersoek onder andere die gebruik van **loop** in GA in verskillende semantiese groeperinge op grond van die wyse waarop **loop** met verskillende sintaktiese elemente vervang kan word.

Vervolgens word enkele van die voorbeelde getoets om vas te stel of daar ook in TswaA 'n soortgelyke semantiese verskuiwing plaasgevind het met die weglating van die bindpartikel. As gevolg van die relatief lae voorkoms van **loop** as skakelwerkwoord in TswaA, is net drie semantiese kategorieë aangetref.

A Hier kan **en** sonder beduidende semantiese implikasie ingevoeg word. Dit wil dus voorkom asof ons hier met verbale hendiadis-konstruksies waaruit die bindpartikel weggelaat is, te make het. **Staan** en **loop** behou die werkwoordelike funksie en dui ook liggaamshouding aan.

Ons het lank gestan kyk wat gebeur X Ons het lank gestaan en kyk wat gebeur (76)

Toe loop huil ek nou da' in die hek in X Toe loop en huil ek nou da' in die hek in (SM)

B In hierdie groep kan **loop** deur 'n infinitiefkonstruksie gevolg word en het die betekenis van letterlik "wegbeweeg met die voet".

ek moet hulle se draad moet lop regmaak X ek moet loop om hulle draad reg te maak

(74)

Loop hoor wie sê die mense wie't hom doodgemaak X Loop om te hoor wie
sê die mense wie't hom doodgemaak (PB)

C Hier kan **loop** met **gaan** vervang word en tree toekomsverwysend op.

Lena het gesê my pa loop skel my X Lena het gesê my pa gaan my skel (58)

my eie rekordplate loop maak X my eie rekordplate gaan maak (TS)

Die deiktiese werkwoord **kom** as direkte skakelwerkwoord gebruik, het 'n baie hoër gebruiksfrekwensie in TswaA. Volgens De Stadler (1989:400) dui die werkwoord **kom** op beweging in die rigting van die deiktiese sentrum. Ook as skakelwerkwoord word die werkwoord **kom**, soos in SA, met hierdie letterlike betekenis gebruik.

Die mense moet kom hartloop na die buste toe (MG)

Ek gaan julle hier kom kry (MM)

Sy het al die rektor kom vertel wat gebeur het (20)

daai boetiese wat net kom aankom (SK)

Soos Du Plessis in GA bevind het, is **kom** in TswaA ook 'n merker van sintaktiese variasie en toon die gebruik van **kom** ook 'n veel groter verskeidenheid as in SA. Getoets aan Du Plessis se indeling in GA (1984:134) kan **kom** in TswaA in die volgende semantiese kategorieë ingedeel word.

A In die eerste groep kan **kom** deur 'n infinitief gevolg word. (semanties:met die doel om)

Laat my oom my ma moet dokter toe kom vat X laat my oom moet kom om my ma
dokter toe te vat (79)

dan gan ek net einde van die djar klar kom skrywe X dan gan ek net einde van die djar
kom om klar te skrywe (BM)

Toe kom die trok ons kom haal X toe kom die trok om ons te kom haal (ST)

B In die volgende groep sinne kan **en** ingevoeg word, maar **kom** kan nie deur die infinitief gevolg word nie.

Dan kom gee jy die skuld vir ons X dan kom en gee jy die skuld vir ons (93)

Dan wil mense kom sê X dan wil mense kom en sê (DM)

Hy kom slaan jou sommer so rond X hy kom en slaan jou sommer so rond (JM)

C In die derde groep kan **kom** as direkte sowel as indirekte skakelwerkwoord gebruik word, aangesien **en** sowel as die infinitief ingevoeg kan word.

Iemand gaan kom steel X Iemand gaan kom en steel
Iemand gaan kom om te steel (SK)

Al kom gee hy my raas X Al kom hy en gee my raas
Al kom hy om my raas te gee (AM)

D **Kom** kan ook toekomsverwysend optree en kan dan met **gaan** vervang word.

Alles kom word makliker vir ons X alles gaan vir ons makliker word (26)

Hy het geken dat hy kom sterf X dat hy gaan sterf (51)

as die kinders nou so kom groei X as die kinders nou so gaan groei/groter raak (BM)

alhoewel daar baie skoolwerk kom wees in die dae wat kom X gaan wees (25)

E In ander voorbeelde waar die hulpwerkwoord **het** saam met **kom** gebruik word, wil dit voorkom asof **kom** 'n tydsfunksie vervul en met **ge-** vervang kan word.

Toe ons by die huis kom, kom ek sien dat my pa baie kwaad is X het ek gesien (33)

Dit het my kom byval X het my bygeval (72)

F Aangesien **kom kry** in TswaA so 'n hoë gebruiksfrekwensie het, word dit as aparte groep behandel.

Soms word **kry** in die uitdrukking **kom kry** met 'n letterlike betekenis gebruik, soos in die volgende voorbeelde.

Toe ek da' kom, kom kry ek hom nie (MM)

Eerste moet djy inspuitings gekom kry dit (ST)

In die meeste gevalle kan **kom kry** met 'n ander woord vervang word. Fourie (1985:111) bevind ook in RA dat 'n mens van 'n "samesmelting komkry kan praat wat 'n hoofwerkwoordelike funksie vervul". In TswaA word hierdie kombinasie as 'n handige kompensasiestrategie aangewend in die plek van woorde soos **vind** of **aantref**.

kom kry ek ook die mamba is besig met haar (11)

Dan kom kry djy 'at least' ... (DM)

Wat ons by die hys kom toe kom kry ons onse ma (MW)

Wat ek net inkom, kom kry ons my ma sit in die voorhuis (MM)

Nou daai kant dan kom kry djy da's mense (ST)

As jy da' inkom jy sal kom kry ... (AM)

ek kom kry my ouma het nou vetkoeke gebak (SM)

G In 'n ander groep wil dit voorkom asof **kom** net ingevoeg word om sinskleur te verskaf of na analogie van die ander gebruike van **kom**.

Julle moet my kom sê wat leer die les ons (SK)

ons vriendskap sal nie kom gebreek raak oor so iets nie (18)

Voor ons van die tikketbeampte kom wakker gemaak word (16)

Ek kom huil mos nog'ie (JM)

As ons nou kom loop, nou loop ons 'streit' (ST)

As die dinge kom uitbreek, dan's jou kant skoon (AM)

Gaan as deiktiese werkwoord het die waarde van “beweging weg van die deiktiese sentrum” (De Stadler 1989:401). Ook as indirekte skakelwerkwoord kom **gaan** dikwels in kombinasie met ’n ander werkwoord in hierdie betekenis voor. In TswaA word **gaan** ook met hierdie letterlike betekenis gebruik.

- Hy het in die slagpaal gaan werk (76)
 ek kan dit nie gaan praat nie (AM)
 Dan moe’djy hout ôk by die veld gan hal en vier kom maak (YL)
 Toe gan loop ek skool in Mafikeng (RP)

Soos in SA word **gaan** in TswaA meestal toekomsverwysend gebruik. Volgens Ponelis (1985:244) is **gaan** feitelik sterker as **sal** en kan as “**sal beslis**” geparafraseer word. In TswaA vind daar in die meeste voorbeelde samesmelting van die skakelwerkwoord **gaan** met die hoofwerkwoord plaas. “Skakelwerkwoordsamesmelting tree duidelik aan die lig by inversie” (Ponelis 1985:244). Ook in TswaA is dit die geval.

- Ek is doodseker ek gan doen baie mooi X ek gaan baie mooi doen (RP)
 Wat gan mak ons met daai flesse X wat gaan ons met daai flesse maak (YL)
 Môre ek gaan skryf die eksamen X môre gaan ek eksamen skryf (82)
 Ek het klaar geweet wat gaan koop ek X wat ek gaan koop (83)
 ons gaan ry taxi X ons gaan taxi ry (MM)
 Toe sê sy ons gan gooi mielies in X ons gaan mielies ingooi (YL)
 As ek so by die deur in gan stap X by die deur gaan instap (SM)

Opmerklik is ook die herhaling van **gaan** waar dit toekomsverwysend gebruik word.

- Is daar darem ’n grootmens wat gaan saamgaan (50)
 Ek het gedink ek gaan doodgaan (56)
 En my pa gaan die vleis Saterdagoggend gaan haal (71)
 Ek gat vir hom gou da’ gan kyk (MM)
 óf ek gaan by die heuwelik bly óf gaan ek uitgaan, want as ek nou in my heuwelik bly,

<u>gaan</u> ek <u>doodgaan</u>	(AM)
julle <u>gan</u> da' <u>ingan</u>	(YL)

In 'n paar gevalle word **gaan** saam met die hulpwerkwoord **het** of die tydsbepaler **toe** gebruik om verlede tyd aan te dui.

Ongelukkig het sy teen iets <u>gaan stamp</u> ; sy het <u>gaan val</u>	(20)
Eendag toe <u>gan</u> Vader Makou op hout <u>gan</u>	(CM)
Nou toe <u>gan</u> hy nou ... rond an die hys <u>gan</u>	(CM)
Toe <u>gan</u> gesterwe, <u>gan</u> begrawe X het hy gesterwe; is begrawe	(YL)

'n Verdere variante gebruik van die direkte skakelwerkwoorde in TswaA is die **stapeling van werkwoorde** wat ook kenmerkend van GA is.

My pa moet nou met die ontvangsdame <u>sta' loop prat</u>	(BK)
Ons <u>kom begin</u> krag <u>kry</u> nou	(3)
om die gemeenskap te <u>moet kom</u> help	(17)
Sy aandag is op wat <u>sal moet kom gebeur</u>	(20)
ons vriendskap <u>sal nie kom gebreek raak</u> oor so iets nie	(18)
Voor ons van die tikketbeampte <u>kom wakker gemaak word</u>	(16)
dan <u>kan</u> sy maar aborsie <u>gaan laat doen</u>	(4)
Jy moet hard werk vir jou brood wat jy <u>gan moet eet</u>	(SK)
hulle <u>gan lat trek</u> my hulle se klere an	(RP)
een of ander tyd moet ons almal <u>gaan siek raak</u>	(36)

Ander voorbeelde van **direkte skakelwerkwoorde** wat in TswaA opgeteken is.

Jy moet die dinge <u>stop gebruik</u> X ophou gebruik	(52)
om my ma se maag <u>laat stop werk</u> X laat ophou werk	(80)
Ek het hom daar op die grond <u>los lê</u> X op die grond gelos terwyl hy gelê het	(61)
Lena en Hester het <u>bly gesê</u> X het bly sê	(58)

Opsommend kan gesê word dat, hoewel die gebruik van skakelwerkwoorde in TswaA in sommige opsigte vereenvoudiging is, dit in die meeste gevalle 'n kompleksere sintaktiese, sowel as semantiese sisteem as SA vertoon. Soos uit die bespreking van die skakelwerkwoorde duidelik blyk, beweeg dit verby die letterlike betekenis van blote bewegingswerkwoorde om selfs sinskleur of sprekershouding uit te dra. Vergelyk ook Du Plessis (1984:146) en Fourie (1985:105) in hierdie verband.

6.6.2.2 Hulpwerkwoorde

Ponelis (1985:246) onderskei twee soorte hulpwerkwoorde, naamlik die **modale hulpwerkwoorde** en **hulpwerkwoorde van tyd**. Verledetydspatrone in TswaA is reeds in morfologie (5.5) behandel.

By die gebruik van die modale hulpwerkwoord is daar in TswaA nie van noemenswaardige variasie sprake nie. Die fleksievorme van die modale hulpwerkwoord word wel gebruik.

Hulle moes weer kom kies wie het gewen (83)

Weglating van hulpwerkwoord het

Die weglating van die hulpwerkwoord **het** is 'n opvallende variasiepatroon in TswaA waarvan nie in GA melding gemaak word nie. Moedertaalinloed is dus waarskynlik hiervoor verantwoordelik. Klopper (1981:230) meld dieselfde verskynsel in die Afrikaans van die Suid-Sotho. Hy skryf dit onder andere toe aan die feit dat die predikaatvorm (hulpwerkwoord + verlede deelwoord) vir die Suid-Sotho 'n vreemde konstruksie is en hulle die verlede deelwoord dus as voldoende beskou om die verlede tyd uit te druk. Dit lyk ook in die geval van TswaA na 'n geldige verklaring. Dit is opvallend dat feitlik al die voorbeelde in die geskrewe taalgebruik voorkom.

'n kind wat gekom - deur verkragting (4)

Jy moet die Here bedank omdat jy nie doodgegaan - nie (8)

Aborsie moet nie eintlik daar gewees - nie (9)

want as ek iets <u>gebêre</u> -, vat hy dit	(34)
Ek het so baie geëet dat my suster vir my <u>gesê</u> -	(39)
Ek sou al die probleme eers <u>reggemaak</u> -	(40)
dankie vir jou verbasende brief wat ek verlede week <u>ontvang</u> -	(43)
Dit het 'n rukkie gevat voor ek aan die slaap <u>geraak</u> -	(55)
Dit was 'n oupa wat skoenwinkel <u>gehad</u> -	(YL)

Herhaling van die hulpwerkwoord het

Herhalingskonstruksies is 'n kenmerk van Niestandaardafrikaans (Klopper 1981: 261).

Setshedi (1987:36) skryf hierdie verskynsel toe aan letterlike vertaling van die moedertaalsin in Afrikaans, byvoorbeeld **Morago ga foo (rona) re ne ra ya sekolong** is letterlik vertaal

Daarna ons het skool toe gegaan het

Die **het** aan die einde van die sin verteenwoordig **ra** wat die verhalende wyse van die onderwerpsin is, dit wil sê verlede tyd.

Die volgende is van die voorbeelde wat opgeteken is.

en ander <u>het</u> baie stout gewees <u>het</u> X was baie stout	(27)
ons <u>het</u> dit nie baie kop toe gevat <u>het</u> nie	(33)
al <u>het</u> ek nie gerook <u>het</u> nie	(41)
Ek glo sy gees <u>het</u> in my hart of my gedagte gesit <u>het</u>	(57)
Die volgende jaar <u>het</u> ek by die kollege gegaan <u>het</u>	(59)
vir die pryse wat ek <u>het</u> gewen <u>het</u>	(72)
vra saam wiegoed <u>het</u> die kind vandag gespeel <u>het</u>	(77)
ek <u>het</u> somer hierdie ... hierdie huis somer gestaart' <u>et</u>	(PM)

'n Ander opvallende verskynsel wat in TswaA voorkom, is die **vervanging van die hulpwerkwoord van tyd met is/was** as hulpwerkwoord van tyd in verbinding met die werkwoord **geskrik**.

Die twee <u>is</u> so <u>gaskrik</u>	(PB)
Hy's <u>gaskrik</u>	(SM)
Ek <u>was</u> groot geskrik	(22)
Almal van ons <u>was geskrik</u>	(89)

Die SA-vorm, **ek het geskrik**, kom baie min in TswaA voor. Voorkeur word feitlik deurgaans aan die **is/was**- konstruksie gegee.

6.6.3 Werkwoordfleksie: optrede van **is** en **het** in die **infinitiefkonstruksie ná hulpwerkwoorde**

Is en **het** word gesamentlik as 'n afsonderlike paar behandel aangesien daar opvallende en ooreenstemmende variasiepatrone in TswaA in die gebruik van hierdie twee werkwoorde voorkom.

Volgens Ponelis (1985:191) is produktiewe fleksie in Afrikaans beperk tot die gebruik van **ge**-. Die preteritumvorme **het** oral verdwyn en preteritale fleksie word nog net by 'n paar werkwoorde, onder andere **wees** en 'n klompie modale hulpwerkwoorde aangetref (Ponelis 1985:269). Die funksie van die preteritum is as gevolg van verdringingsprosesse deur die presensvorm en die perfektum oorgeneem (Raidt 1991:219).

Ponelis gee onder andere die volgende hoofvorme van **is** en **het** as voorbeelde van die "resklas werkwoorde met fleksie" (1985:190).

Presens	Preteritum	"Voltooide deelwoord"	Infinitief
is	was	gewees	wees
het	had	gehad	hê

In TswaA, soos ook in GA (Du Plessis 1984:152), word egter 'n hoë frekwensie van fleksiereste by **wees** en **het** aangetref.

Volgens Pheiffer (1996:151) leef die Nederlandse vorme van die infinitief nog net in 'n paar vaste uitdrukkings, soos onder andere **te wete** en **te danke** voort, asook in twee gevalle, naamlik **is - wees** en **het - hê**. Volgens Ponelis (1985:190) is die infinitiefvorm die vorm in die sentrumgrens, byvoorbeeld saam met 'n medewerkwoord:

Sy sal daar **wees**.

Hy wil dit **hê**

Behalwe **wees** en **hê** besit Afrikaans dus geen formeel kenbare infinitiefvorme nie.

Ook in TswaA word die finiete vorme **is** en **het** met 'n baie hoë frekwensie gebruik waar die infinitiefvorm **wees** en **hê** in SA gebruiklik is. Ponelis wys egter ook op die vervanging van die infinitiefvorm **hê** deur **het** by sommige sprekers (Ponelis 1985:191).

Die volgende voorbeelde is in TswaA opgeteken.

- Ek dink dit sal goed is X dit sal goed wees (4)
 Ek hoop net jy sal reg is X wees (8)
 Hulle was so bekommerd as ek sou lam is X wees (27)
 dit sal volgende week klaar is X sal klaar wees (27)
 Dit sou 'n goeie staatspresident is X sou wees (40)
 Dit sal in Langleg is. Pa, dit gaan lekker wees (49)

In bogenoemde voorbeeld kom die TswaA-variant saam met die SA-variant in een sin voor. Die spreker is dus bewus van die SA-vorm, maar beheer die variant beter.

- 'n anner man wat vir hom sal lief is X sal lief wees (IM)
sal dit solike probleem is X sal wees (TS)
 Ek gaan elke dag by jou is X gaan wees (22)
 Ons moet elke dag bly is X moet wees (57)
 Om 'n president te wees, moet jy iemand is wat baie dapper is X moet wees (88)
Moet darem nog plekke is waar hulle verskil X moet wees (JM)
 elke ding moet in sy bak is X moet wees (DB)

Hy <u>mag</u> miskien nie my pa se kind <u>is</u> 'ie X mag nie wees nie	(BM)
Vroeër 'n vroumens <u>mag</u> 'ie geleerd <u>geis</u> 'et'ie X mag nie geleerd gewees het nie	(RP)
Ek <u>wil</u> ook eintlik part <u>is</u> van die bouery X wil wees	(ST)
Ons <u>wou</u> almal die eerste bo <u>is</u> X wou wees	(94)
'n vrou wat nou nie <u>kan</u> ytkykerig <u>is</u> 'ie X kan wees	(SM)
Jy hoef nie bekommer <u>te is</u> nie X te wees	(99)
voor dit te laat <u>wees</u> X voor dit te laat is	(31)
dan <u>sal</u> ons baie <u>het</u> om oor te gesels X sal hê	(4)
geweet dat ek 'n aangename studiejaar <u>sal het</u> X sal hê	(68)
djy <u>sal</u> nou minder as die anner ene <u>liefhê</u> X sal liefhê	(IM)
Ons <u>gaan</u> vanaand 'n disko <u>het</u> X gaan hê	(85)
Hy is 'n mens wat <u>wil het</u> ons <u>moet</u> geleerd <u>is</u> X wil hê; moet wees	(17)
Djy <u>kan</u> nie twee mense op 'n een tyd <u>liefhê</u> 'ie X kan liefhê	(TS)
dit is nou wel reg as ek 'n kind <u>moet het</u> X moet hê	(BM)
Ek is baie bly <u>om</u> die tyd <u>te het</u> X om te hê	(79)
ek <u>beginne</u> die vrou <u>liefhê</u> X beginne liefhê	(BM)
<u>om</u> twee vrouens <u>te had</u> X om te hê	(DM)

6.6.4 Tempus in die kopulakonstruksie met wees

Kenmerkend van hierdie konstruksie in Afrikaans is die groot mate van veranderlikheid of onvastheid. Ponelis (1985:265) noem vyf vorme van hierdie kopulakonstruksie in Afrikaans, naamlik: Jan **was** hier, Jan **was** hier **gewees**, Jan **is** hier **gewees**, Jan **het** hier **gewees** en Jan **kon** hier **gewees het**.

In TswaA is ook heelwat voorbeelde opgeteken waar die koppelwerkwoord wees in die verlede tyd 'n preteritum met **het** neem in plaas van die geflekteerde preteritum **was**.

Dit <u>het</u> moeilik <u>gewees</u> X was	(85)
Toe ek 'n kind <u>gewees het</u> , was ek baie gelukkig X was	(14)
Sipho se maag <u>het</u> rond soos 'n bal <u>gewees</u> X was	(91)

my drome <u>het</u> klaar <u>gewees</u> X was klaar (is vervul)	(64)
Toe hy nog klein <u>gewees</u> <u>het</u> X was	(AM)
As da' iets <u>gewees</u> 'et X was	(AM)
en ander <u>het</u> baie stout <u>gewees</u> <u>het</u> X was	(27)
Daai kop van my wat so pap <u>geis</u> <u>het</u> X was	(BK)

6.6.5 Tempus in die werkwoord het

In Afrikaans verskyn die voltooide deelwoord **gehad** saam met die hulpwerkwoord **het** om verlede tyd aan te dui.

Hy **het** 'n plan **gehad**.

In TswaA word hierdie vorm van die deelwoord baie frekvent met die vorm **gehet** vervang, in die geskrewe sowel as in die gesproke taalgebruik, trouens, in die omgangstaal word die vorm **gehad** baie selde gehoor.

Hy <u>het</u> 'n slegte hart <u>gehet</u> X het gehad	(21)
Boeta <u>het</u> 'n gemiddelde verstand <u>gehet</u> X het gehad	(26)
'n ander man se kop <u>het</u> 'n groot gat in <u>gehet</u> X het gehad	(39)
Ek <u>het</u> net vier rand <u>gehet</u> X het gehad	(81)
Het 'n volstruis 'n groot kop <u>gehet</u> ? X het gehad	(87)
Ons het'ie daai drie rand <u>gehet</u> 'ie X het nie gehad nie	(MG)
Is nou reeds haar suster wat 'n swart broek <u>aangehet</u> 'et X aangehad het	(MS)
Ek <u>het</u> hoop op jou <u>gehet</u> X het gehad	(Om)
Ek <u>het</u> nooit vas geld <u>gehet</u> gister'ie X het gehad	(SM)
Hierdie man <u>het</u> ag vrouense <u>gehet</u> X het gehad	(TS)
en al die goete <u>gehet</u> 'et X gehad het	(RP)

In TswaA het hierdie "vereenvoudigingsproses" nog verder ontwikkel en kom die vorm **dit** in die plek van die hulpwerkwoord **het** baie dikwels voor, veral in die spreektaal, maar **dit** het, soos baie van die ander Afrikaanse taalvorme wat die respondente op 'n mondelinge wyse aangeleer het, ook in die skryftaal inslag gevind. Die proses het waarskynlik soos volg

ontwikkel: In die konstruksie **verlede deelwoord + het**, soos **gehet'et** in TswaA, word die **het** in die omgangstaal as **dit** uitgespreek, aangeleer en ook geskryf. Mettertyd is die **het** in die geval van baie sprekers grotendeels met **dit** vervang en word tans saam met enige ander deelwoordvorm gebruik, soos uit die volgende voorbeelde blyk.

- dit moes seker 'n baie slegte ongeluk gewees dit X moes gewees het (20)
- Eerste moet djy inspytings gekom kry dit X moet gekom kry het (ST)
- sou ek die opvoedingstandaard geverhoog dit X sou verhoog het (25)
- As daar iemand by was, sou dit iets anders gewees dit X sou gewees het (49)
- Nee, ek sou nie da' gepas dit'ie X sou nie gepas het nie (RP)
- My skoonma kon my truggestier dit X kon truggestier het (RP)
- Sy wou gehê dit ek moet die regte geboortedatum afskryf X wou gehad het (CM)
- aborsie wat jou 'opgespoil' dit X 'opgespoil' het (42)
- sy het nie gegaan waar ek haar gestuur dit nie X gestuur het nie (79)
- Toe Katriena ... by my gekom dit X gekom het (PL)
- Dit was die dag dat my ma gesê dit X gesê het (SM)
- Sente wat ons iets gesmeer dit X gesmeer het (SM)
- as ek nou nie so 'n koppie koffie gekry dit in die oggend X gekry het nie (JS)
- Eendag het my ouers my so teleurgestel laat gevoel dit X my so teleurgestel laat voel (28)
- Soos dit altyd gepraat gewees dit dat die blankes ons mense se gelde vat X gepraat is (11)
- Daai kop van my wat so pap geis het X wat so pap was (BK)
- ek hoop dat dit nie soos ons geis dit nie X soos ons gewees het nie (11)
- droom dat ek en die ander geis aan die verdwaal X aan die verdwaal is/was (46)

Bespreking

Hierdie variante vorms van die kopulakonstruksie met **wees** en die hulpwerkwoord **het**, is nie tot TswaA beperk nie, hoewel die hoë gebruiksfrekwensie in TswaA opval.

In sy bespreking van **Straatpraatjes** as vroeë voorbeeld van Alternatiewe Afrikaans haal Pfeiffer (1996:151) die volgende voorbeelde aan waar die verdwyning van die infinitief in

Niestandaardafrikaans “verder deurgevoer is as in die standaardvorm”. Hy haal onder andere die volgende “reëlmatige vorme” aan wat in plaas van die verboë vorme voorkom.

'n man **moet** 'n manel **het** (3/7/1909)

maar hij **sal** seker iets daarvoor **te sê het** (11/3/1911)

dan **sal** hulle alga blij **is** dat Jaffie Toffie gejoin **het**. (11/1/1911)

Volgens Pheiffer is bogenoemde voorbeelde 'n kenmerk van die taalgebruik van Kaapse bruin sprekers.

Wat die perfektum betref, haal hy die volgende voorbeelde aan:

Waas die jong wijn wat da is **gewees het?** (19/6/1909)

Soe **het** ons ma net droog **gewees** (1/1/1910)

hoe hy ... swart kofe **moet gedrink het** (20/11/1909)

die arme Chairman **het** net **moet gehartloop het** (30/7/1910)

Dit blyk dus dat hierdie ontwikkeling 'n historiese proses verteenwoordig (Pheiffer 1996:151).

Uit Kotzé (1984:52) se ondersoek na Afrikaans in die Maleierbuurt blyk dit dat alle hulpwerkwoorde volgens die voorbeeld van **mag** geregulariseer is, soos in: Ek **kan** al **gesien het** en Ek **wil** al die kinders **gestuur het**. Talle voorbeelde waar die hoofwerkwoord **hê** in die infinitief en die verlede deelwoordsvorm tot **het** (en **gehet**) geregulariseer is, is ook aangeteken: Mohammed wil nie **gehet het** dat ...

Jenkinson (1984:234) meld ook dat die voltooid deelwoorde **gehad** en **gewees** baie selde in GA voorkom en met **gehet** en **gewas/gewis** vervang word. Ook Du Plessis (1984:152) noem dat die “veralgemening van die analitiese markering van die verlede tydsvorm” daartoe lei dat die vorm **het gehet** ook by sekere sprekers in GA voorkom.

6.7 SINSVOLGORDE

Woordordevariasie kom baie frekwent in TswaA voor. In SA onderskei Carstens tussen “sinne met 'n sogenaamde hoofsinvolgorde en sinne met die sogenaamde bysinvolgorde omdat die werkwoord in elkeen van dié sinne 'n besondere posisie inneem” (Carstens 1998:40).

Inversieverskynsels: V2-sinsvolgorde

6.7.1 Inversieverskynsels in die hoofsin

Afrikaans is 'n **werkwoord-tweede-taal** (V2-taal). Volgens hierdie **V2-sinsvolgorde** staan die werkwoord wat as spil optree in onafhanklike sinne in SA in die tweede sinsposisie (Ponelis 1985:495). Die gewone volgorde in 'n tipiese enkelvoudige sin is dus:

Subjek(S) + Werkwoord(V) + Res (objek en/of bepalings) (Carstens 1998: 40).

Die volgende sin dien as voorbeeld:

Die seuns (S) studeer (V) saans (Res).

Deur die spil te verskuif uit sy neutrale tweede sinsposisie kan markering deur volgorde bewerkstellig word (Ponelis 1985: 496). Die spil kan aan die sinsbegin geplaas word soos in **suiwer inversie**:

Studeer (V) die seuns (S) saans (Res)?

Die spil kan ook in die tweede posisie geplaas word terwyl die eerste posisie deur 'n aanloop gevul word (**aanloopinversie**) (Ponelis 1985:497), byvoorbeeld

Saans (aanloop) studeer (V) die seuns (S).

Die meeste woordordeverskille wat in TswaA opgeteken is, is waar hierdie inversiereël verontagsaam word en voorkeur aan die V2-volgorde gegee word.

6.7.1.1 Aanloopinversie in enkelvoudige sinne ingelei deur 'n bywoordelike bepaling

Hier word eers gekyk na sinne met **hulpwerkwoorde**. In hierdie voorbeelde verskuif die hulpwerkwoord nie na die tweede sinsposisie ná die aanloop nie, maar behou sy plek ná die subjek soos in die V2-volgorde. **Bywoordelike bepaling van tyd** as aanloop het in hierdie sinne die hoogste gebruiksfrekwensie.

Elke oggend <u>ek het</u> daardie grot gaan kyk	(63)
Uiteindelik <u>ons het</u> in ander taxi geklim	(76)
Skielik <u>my ma het</u> siek geword	(78)
die hele tyd <u>ek het</u> gedink die manniekind is sterk	(LG)
Vantevore <u>ek het</u> 'ie gehyl'ie	(SM)
Later <u>hy sal</u> siek raak	(73)
Daardie dag <u>ek sal</u> dit altyd onthou	(80)
Vorentoe <u>dit sal</u> hartseer wees	(92)
Nou eendag in my lewe <u>ek wil</u> met soon kar ry	(MP)
Tot in die verlede 'n <u>vrou was</u> nie toegelat	(TS)

In enkele gevalle is die aanloop in onafhanklike sinne met 'n hulpwerkwoord 'n **bywoordelike bepaling van plek en modaliteit**.

By die kollege <u>die rektor het</u> vir my genoeg tyd gegee	(48)
by die kerk <u>hulle wil</u> niks doen nie	(KM)
In die dorp in <u>hulle word</u> vasgevang	(KM)
Ongelukkig <u>ek het</u> nie kans gekry	(98)
miskien <u>ek sal</u> nie die werk na hulle toe vat	(AM)

'n Paar voorbeelde met woordordeverskil in die gebruik van **skakelwerkwoorde** is opgeteken.

Na die derde jaar <u>ek gaan</u> 'n onderwyseres wees	(48)
In die oggend in <u>ek gan</u> kyk die skoer	(LG)
Nou <u>ek gan</u> 'n ooreenkoms maak	(TS)
Miskien <u>hulle gaan</u> probeer	(6)

In die volgende voorbeelde word die inversiereël van **hoofwerkwoord** en **subjek** verontagsaam. Soos in die vorige voorbeelde het die **bywoordelike bepaling van tyd** die hoogste frekwensie.

Vandag <u>niemand gee</u> om nie	(4)
Toe <u>ek vra</u> my ouers om my by Kaapstad te kuier	(25)
In my een en twintig jare <u>daar is</u> baie mense	(41)
Verlede jaar <u>my hart</u> was baie seer	(64)
Die laaste tyd <u>ek kry</u> nou haartkloppings	(AM)
Gedurende die Paasnaweek die <u>kerk begin</u> Donderdag	(ET)
Nou daai tyd <u>ek sien</u> sy's nie rustig nie	(PB)
Soos nou <u>hulle hou</u> hulleself so beter	(IM)
Die eerste keer <u>ek was</u> dokter toe	(RP)

In die volgende voorbeelde is die aanloop **bywoordelike bepaling van plek**

Hier in die kollege <u>daar is</u> niemand	(68)
By die skool <u>daar is</u> mense wat verstaan	(98)
Die aand by die kerk <u>ons sing</u>	(PB)
Die hele pad <u>ons praat</u> nou van die moord	(PB)
In die 'Constitution' <u>hulle praat</u> van	(TS)
by ons <u>die lyk kom</u> in die oggend	(RP)
hie'sô 'n <u>vroumens</u> met baie geld is baie gevarlik	(ST)

Die aanloop in die volgende voorbeelde is **bywoordelike bepalings van modaliteit**

Gelukkig <u>ek ken</u> my nommer met 'n kop	(82)
Miskien <u>dit was</u> vir ons beter	(95)
Seker <u>ons moet</u> kom sing	(KM)
in daai trane van my <u>ek soek</u> my goete	(BK)

6.7.1.2 Inversie in saamgestelde sinne ingelei deur 'n bysin

Hier het bysinne deur **as** ingelei die hoogste frekwensie.

Toe die ding gebeur, <u>ek was</u> ook betrokke	(1)
Toe ek probeer uitkom, <u>die stoele het</u> vir my so vasgehou	(56)
As ek net omdraai, <u>ek kyk</u> binne die oë	(2)
As dit reën, <u>motors moet</u> die ligte <u>aansit</u>	(8)
as ek so by die huis sit, <u>ek kry</u> darem al van die bestes	(BK)
As ons klaar die geld gelees't, <u>ek gan</u> loer buidekant	(LG)
as die kinders nou so kom groei, <u>hulle sien</u> mos nou dié dinge	(BM)
As hulle prat van solike ding, <u>die Bybel sê</u> ons moenie	(TS)
as d jy liefde nie ken nie, <u>die geld kan</u> niks maak'ie	(IM)
as ek nie hospital toe gegaan het nie, <u>ek was</u> potte toe	(RP)

Wat word baie frekvent in die plek van **toe** gebruik.

Wat hy trugkom, <u>hy soek</u> mos nou die kos	(MW)
Wat ek nou oener die soufer ytkom, <u>my ouma was</u> bang	(SM)
Wat ek Phatsimang toe kom, eerste <u>ek het</u> getwyfel	(RP)
Wanneer hulle jou nie ken nie, <u>jy sal</u> nooit 'n huis kry nie	(88)
Al is dit moeilik, <u>jy moet</u> maar vasbyt	(55)
Baie mense dink as hulle swanger word, <u>aborsie is</u> die antwoord	(24)
waar daar orde is, <u>alles loop</u> sommer reg	(BM)

6.7.2 Inversie in die bysin

In die vorming van bysinne volg SA gewoonlik nie die V2-beginsel wat geld vir hoofsinne nie (Du Plessis (1984:176). In “die hoofsin staan die werkwoord in die tweede sinsposisie, maar in die bysin staan die werkwoorddeel nader aan die einde van die sin” (Carstens 1998:44). Volgens Ponelis (1985:498) word die V2-beginsel by afhanklike woordorde heeltemal opgehef deurdat die spilwerkwoord na die sentrumgrens verskuif en dus nie in die tweede posisie voorkom nie.

Voorbeeld:

Posisie 1	Posisie 2	Res	Sentrumgrens
Piet	skiet	die kat	
dat Piet		die kat	skiet

Ook in die bysin kom die meeste gevalle van woordordevariasie in TswaA voor waar die V2-beginsel gehandhaaf word en die hulpwerkwoord of hoofwerkwoord nie uit die tweede sinsposisie na die sentrumgrens verskuif nie.

6.7.2.1 Inversieverskynsels ná die voegwoord

Die meeste van hierdie voorbeelde is opgeteken waar bysinne deur onderskikkende **voegwoorde** ingelei word. Van hierdie voegwoorde het **dat** die hoogste gebruiksfrekwensie, naamlik 49 gevalle, teenoor al die ander voegwoorde gesamentlik wat maar 39 voorbeelde opgelewer het.

Die posisie van die werkwoord ná die voegwoord

Ons het gehoor dat die plek <u>het baie skelems</u>	(76)
ek wens dat <u>jy sal</u> altyd aan my skryf	(23)
om mense te oortuig dat <u>hulle moet</u> vir hom <u>stem</u>	(25)
sy was so dom dat <u>sy kan</u> nie <u>dink</u>	(PL)
gevoel dat <u>ek mag</u> nie meer <u>slag</u> nie	(43)
ek het geweet dat <u>ek gaan</u> baie dronk wees	(89)
die gevaarlike is dat <u>dit kos</u> 'n mens se lewe	(52)
Dit leer my dat <u>eendrag maak mag</u>	(SK)
Ek is baie bly waar <u>ek is nou</u>	(13)
ek wil weet hoe <u>gaan dit</u>	(26)
as sy net dink hoe groot <u>het sy</u> nie geskrik nie	(ML)
ek weet nie of ek ooit <u>sal die geld</u> kry	(13)
Ek sal so bly wees as <u>jy kan</u> vir my bel	(93)
jy moet sterk wees as <u>jy wil</u> die wortel uittrek	(SK)
asof <u>djy net kan</u> 'n vlieg trap	(DM)
Toe <u>ek was</u> nog 'n klein seun, ek was baie stout	(75)
Dis hoekom <u>moet ons</u> na hulle luister	(75)
Julle kan maar los omdat <u>ek het</u> gesien	(95)
omdat <u>hy het</u> in die einde gesterf	(92)
omdat <u>dit kan maak</u> iemand se eksamen 'n nare ding	(43)
sodat <u>mense moet</u> na hulle plekke toe gaan	(39)
sodat <u>ons nie kan</u> die malaria kry	(ST)
óf ek gaan in die heuwelik bly, óf <u>gaan ek</u> uitgaan	(AM)

6.7.2.2 Inversie in betreklke konstruksies

Betreklke konstruksies waarin die werkwoord/hulpwerkwoord nie na die sentrumgrens verskuif nie, kom nie so algemeen in TswaA voor as die bywoordelike konstruksies nie. Die meeste betreklke konstruksies kom ná die betreklke voornaamwoord **wat** voor.

die instrumente wat daar <u>word gebruik</u> , was nie rêrig skoon nie	(7)
Hulle is nie die leiers wat <u>ons kan</u> weer lei nie	(12)
Die Staatspresident moet mense kies wat <u>sal vir hom</u> by plekke kan staan	(40)
Dit is die dag wat <u>ek kan</u> nooit vergeet nie	(83)
die goeie nuus wat <u>ek wil</u> jou sê	(26)
net ek en my suster wat <u>moet ons ma</u> verpleeg	(78)
al die dinge wat <u>ons het</u> by die skool geleer	(97)
baie dinge wat maak die lewe lekker	(6)
daar is mense wat <u>verstaan vakke</u> better as hulle onderwysers	(98)
Dit is hulle wat <u>gaan ons</u> hulp	(97)
Hulle het gevra wie se <u>kar was</u> dit	(33)

Du Plessis (1984:179) meld gevalle waar **het** as hulpwerkwoord in Afrikaans wel in die bysin die tweede sinsposisie kan behou, bv. ek weet nie wat **het** hulle dit genoem nie, teenoor
ek weet nie wat hulle dit genoem **het** nie

Volgens Ponelis (1985:530) is die neiging tot onafhanklike volgorde in spontane gesprekstyl, hoewel dit net vir spesifieke leemtevraagsinne en nie betreklke konstruksies geld nie. Ook in TswaA het soortgelyke voorbeelde voorgekom.

vertel hy die anner rowers wat <u>het gebeur</u>	(YL)
weet eintlik nie wat <u>het ek</u> gemaak nie	(AM)
verneem hulle nou wat <u>het eintlik gebeur</u>	(LM)
ek weet wat <u>moet ek</u> daar gaan skryf	(98)

Bespreking

Die hoogste frekwensie voorbeelde van woordordevariasie wat in TswaA voorkom, is waar die V2-beginsel sonder inversie toegepas word.

Setshedi skryf hierdie verskynsel grotendeels toe aan moedertaalinloed. Die moedertaalsin word direk in Afrikaans vertaal (Setshedi 1987:35). Anders as in Afrikaans vind daar in Tswana ook geen verandering in die woordorde plaas wanneer voegwoorde gebruik word nie. Weens gebrekkige doeltaalkennis word die leerder gedwing om op die meer bekende moedertaalsisteem terug te val (Setshedi 1987:49). De Wet (1996:145) noem dat hierdie onveranderlike SVO-volgorde kenmerkend is van intertale en aanleerdersvariëteite. Vergelyk ook Klopper (1981:135).

De Wet (1996:145) beskryf egter ook soortgelyke voorbeelde van woordordevariasie in ORA en Du Plessis bevind dat, as die bysin in GA 'n modale werkwoord as spilwerkwoord bevat, die spilwerkwoord feitlik sonder uitsondering nie uit die tweede sinsposisie na die sentrumgrens verskuif nie. "In GA bly die werkwoord-tweede-beginsel geld vir afhanklike sinne wat 'n modale hulpwerkwoord as spilwerkwoord bevat" (Du Plessis 1984:177).

Volgens Stoltz (1982:94) werk die GpA wat deur baie Afrikaanssprekendes teenoor Afrikataalsprekers gebruik word, versterkend in op woordordevariasie. Verskille tussen die woordorde van Engels en Afrikaans dra verder by tot woordordebeïnvloeding.

HOOFSTUK 7: LEKSIKALE VARIASIE

Die woordeskat, idiome en uitdrukkings van 'n taal – in hierdie geval, 'n taalvariëteit - is 'n beeld van die hele geskiedenis van sy sprekers. Dit sluit hulle woongebied, die aard van hulle bedrywighede, asook hulle kontak met ander groepe in.

“Language is an organism which adapts to the forms and conditions of life in language and speech communities. Its social and cultural diversity is at once the framework and breedingground for variation and change, acquisition and loss, stylistic accommodation and divergence” (Dittmar 1988: viii).

Volgens Conradie kan die individuele taalgebruiker na gelang van sy behoefte of voorkeur woorde gebruik wat die taal reeds bevat, woorde aan ander tale ontleen omdat hulle 'n betekenisnuanse uitdruk wat nie in 'n bestaande woord met dieselfde kernbetekenis aanwesig is nie of hy kan self woorde skep (Conradie 1986:15). Dit geld natuurlik ook vir idiome en uitdrukkings.

Uit die bespreking van die leksikale variasie wat in TswaA voorkom, blyk dit dat die Tswanasprekers die vermoë het om met beperkte middele nuwe woorde, sinne en uitdrukkings te skep hoewel die sprekers in die meeste gevalle nie daarvan bewus is nie.

Vervolgens word die leksikale variasie in TswaA soos volg behandel: eerstens word nuutskeppinge en betekenisverruiming wat in die leksikon voorkom, bespreek, tweedens idiome en uitdrukkings, derdens die invloed van Engels op TswaA en laastens word kortliks na sekere opvallende verskynsels in groepstaal of flaaitaal gekyk.

7.1 LEKSIKON

Volgens Du Plessis (1988:149) is die leksikon van 'n taal "juis die een gebied waaruit die aard van die besondere taalgemeenskap die duidelikste blyk" en hy noem die leksikon van 'n variëteit "die handelsmerk van die gemeenskap" Raidt beweer dat die woordeskat die veranderlikste komponent van die taal is (Raidt 1991:177).

7.1.1 Nomina

7.1.1.1 Nuutskeppings: komposita en afleiding

Die voorkoms van eie woordskeppings by die nomen is reeds in 5.1.3 behandel en hier word dus met 'n paar voorbeelde volstaan.

<u>agterdeurverhouding</u> X skelm verhouding	(21)
<u>bakleistorie</u> X bakleiery : Toe gaan ek by die <u>bakleistorie</u>	(SM)
<u>bedruksiekte</u> X depressie	(10)
<u>bloulamp</u> X flits: My oupa het sy bloulamp gelig	(55)
<u>dronklaper</u> X dronklap	(22)
<u>gooigeld</u> X geld wat bymekaarge"gooi" word en dan kry elkeen van die groep 'n kans om dit te wen.	(Om)
<u>grondmense</u> X gewone mense: Die <u>grondmense</u> sou baie toekomsprojekte gegee word	(40)
<u>kopkrappe</u> X probleme: As dit by die <u>kopkrappe</u> kom (in die eksamen)	(Om)
<u>lyksteen</u> X grafsteen	(Om)
<u>nagson</u> X maan	(39)
<u>oujare</u> X outyd: Julle doen dinge asof dit <u>oujare</u> is	(95)
<u>pakslae</u> X dan kry ek <u>pakslae</u>	
Hierdie gebruik van 'n <u>pak slae</u> kom feitlik sonder uitsondering so voor	(32)
<u>rooikeel</u> X seer keel	(RP)
<u>rookmaker</u> X moeilikheidmaker: Ritter was 'n <u>rookmaker</u>	(10)
<u>skoolbegins</u> X eerste skooldae: Van my <u>skoolbegins</u> af	(23)

<u>skudpapier</u> X kreukelpapier: algemene gebruik na aanleiding van die geluid wat die papier maak as dit opgehang en deur die wind "geskud" word	(Om)
<u>stoelsitter</u> X lui persoon wat net sit	(13)
<u>stoutskool</u> X verbeteringskool (algemeen in omgang)	(Om)
<u>voorlopers</u> X leiers: Hulle is môre <u>voorlopers</u> van Suid-Afrika	(9)
<u>voorsitte</u> X voorste sitplekke: Die taxi is ook <u>voorsitte</u> vol	(23)

7.1.1.2 Die volgende nomina word algemeen in TswaA gebruik of die betekenis is aan die proefgroep bekend. Dikwels word 'n woord wat wel in SA voorkom in TswaA in 'n **ander betekenisverband** gebruik .

<u>dogter/toordogter</u> X dokter/toordokter	(KM)(YL)
<u>entjie</u> X sigaret of die klein stukkie van 'n sigaret wat oorbly as dit klaar gerook is	(Om) (53)
<u>eintjies</u> X eerste tandjies van 'n baba	(Om)
<u>gedruis</u> X geraas: Hulle kom maak <u>gedruis</u>	(JM)
Die <u>gedruis</u> van die kar	(PM)
Julle maak <u>gedruis</u> (in die klas aan leerders)	(SK)
Later hoor ons <u>gedruis</u> van die polisie	(26)

Hierdie gebruik van die woord gedruis is baie algemeen en hoewel dit in SA voorkom met die betekenis van geraas, word dit in SA eerder gebruik om 'n dowwe, vae geraas aan te dui.

<u>gemmers</u> X gemmerbier: Ek hou van drankie soos die <u>gemmers</u>	(AM)(MP)
<u>gesange</u> X liederes	(10)
<u>kopklip</u> X grafsteen: Ons gaan die <u>kopklip</u> opsit	(Om)
Ons gaan 'n <u>kopklip</u> hou	(56)
As die grafsteen onthul word, word daar weer 'n seremonie gehou	
<u>koppe</u> X lokomotiewe van treine: Die <u>koppe</u> het aanmekaar gestamp	(39)
Die mense wat naby die <u>kop</u> gesit het	(39)
<u>latte</u> X swaarde: met daardie skerp <u>latte</u> van hulle	(YL)
<u>liefing</u> X verlief op: Ritter was An se <u>liefing</u>	(10)
<u>lyk</u> X begrafnis: Die <u>lyk</u> het plaasgevind in Johannesburg	(21)

naald X inspuiting: Dokter het my die naald gegee	(44)
Sonder om pille of naald te gebruik	(4)
sement X gips: By die hospitaal het hulle my die sement omgesit	(89)
<u>sitplek</u> X woonplek	(Om)
<u>skaftin</u> X kosblik: Ma het vir my 'n skaftin kos ingesit	(11)
Die gebruik van hierdie woord is nie net in TswaA bekend nie, maar ook in ander dele van die land. Die oorsprong daarvan is aan die navorser onbekend, maar in Nederlands kom die woord <u>schaf</u> ten wat eet beteken voor en die HAT gee <u>skaftyd</u> (etenstyd) en skafuur (etensuur) aan. Waarom die woord in sekere variëteite van SA so sterk posgevat het, kon nie bevredigend nagevors word nie.	
<u>skalkie</u> X klein houertjie waarin drank bedien word	(JM)
skompie X swaai/skoppelmaai	(49)
skroppie X werkie: Ek soek net 'n skroppie	(Om)
<u>sluitel/sluit</u> er X sleutel: die <u>sluitel</u> was in die laai	(31) (97) (LG)
splintjie X klein stukkie seep	(Om)
stappie X 'n entjie wat gestap is: Ek het 'n <u>stappie</u> gevat	(22)
tapyt X linoleum wat 'n vloer bedek	(Om)
Dit word nie vir enige mat gebruik soos in SA nie. Hiemstra (1980:76) maak ook melding van hierdie gebruik van tapyt , maar noem dat dit nie standaardtaal is nie.	
<u>tjembil</u> X skoorsteen	(34)
<u>trappies</u> X voetstap: ek het <u>trappies</u> rondom die huis gehoor	(33)

7.1.2 Adjektiewe

7.1.2.1 Betekenisverandering en/of betekenisverruiming

In TswaA is daar 'n hele aantal adjektiewe wat baie algemeen in 'n ander betekenisverband as wat in SA die geval is, gebruik word. Adjektiewe met die hoogste gebruiksfrekwensie wat so 'n betekenisverandering ondergaan het, is **bly**, **groot**, **klein**, **verloor** (weg) en **vernaam**. In feitlik al hierdie gevalle is daar in Tswana een woord wat vir meer as een verwante begrip gebruik word. Vir **vrolik** en **bly** is daar byvoorbeeld een woord: **-itumelang**. Die twee begrippe word

dus dikwels in TswaA omgeruil. In ander gevalle bestaan daar wel twee aparte woorde in Tswana, soos in die geval van **verloor** (timela) en **verdwaal** (latlhega), maar dit is sinonieme en hulle kan om die beurt gebruik word om dieselfde begrip uit te druk. In Afrikaans word hierdie twee woorde duidelik onderskei (Setshedi 1987:65). In TswaA word die twee woorde albei gebruik om die begrip **weg wees** uit te druk, maar nie in dieselfde konteks as in SA nie.

- By die berg was ons bly X vrolik, gelukkig (28)
- Ek is bly om hierdie brief aan jou te skryf X dit is vir my lekker (Briewe word baie algemeen op hierdie wyse begin) (67)
- Ek is baie bly waar ek nou is X gelukkig (13)
- Gedurende groot pouse X lang (98)
- Ek sien ek is nou groot X volwasse (PM)
- Ek is groot by jou; jy's baie klein X ouer as jy; jy is baie jonk (AM)
- Die een met die groot hare X lang hare (5)
- Toe hoor ek 'n groot geluid van perde wat snork X harde (55)
- Daai vrou wat groter as hom is X ouer as hy is (SM)
- Ons het gedink dat die petorol klare is X op (73)
- Die diesel was klaar X op (MG)
- Wag tot die reën klaar is X opgehou het (53)
- Jy's nog te klein om alleen te loop X jonk (51)
- My ouma is die kleinste van die twee vroue X jongste (SM)(IM)
- Die kinnerse van die klein vrou X jongste (IM)
- Ek was nog baie klein X jonk (AM)(LG)
- Ek skryf vir jou 'n klein lyn X kort briefie (27)

Die kind wat <u>verloor</u> was X weg was	(13)
Pa het gedink die beer is <u>verloor</u> X weg	(19)
'n seun wat <u>verloor</u> is X weggeraak het	(35)
Ek kom kry sy een romp is <u>verdwaal</u> X weg	(70)
Partykeer kry ons dat ander werk <u>verdwaal</u> is X weg	(90)

Nog voorbeelde van adjektiewe wat in TswaA betekenisverandering ondergaan het

<u>baie</u> Dit is <u>baie</u> verskil tussen die skool en die kollege X groot	(68)
'n week is te <u>baie</u> X lank	(97)
<u>beeldskoon</u> : Die bord, die muur was <u>beeldskoon</u> X silwerskoon	(98)
<u>bereid</u> : Ons is <u>bereid</u> om dit te doen X gereed	(33)
<u>diep</u> : Sy was <u>diep</u> in dwelms X erg verslaaf	(47)
<u>dik</u> : Die bosse is baie <u>dik</u> X dig	(15)(ST)
Sy moet nog 'n <u>duk</u> entjie nog aanstap X ver ent	(20)
<u>gesond</u> : Die dag is <u>gesond</u> X mooi	(67)
<u>heeltemal</u> : Toe hy my dorp toe stuur, was hy <u>heeltemal</u> kwaad X baie	(MM)
Ek moet my <u>heeltemal</u> dom hou X baie	(22)
<u>hoog</u> : Ritter was <u>hoog</u> X lank	(20)
<u>hopeloos</u> Moenie <u>hopelose</u> word nie X moedeloos	(8)
Hy was <u>hopeloos</u> en benoud X hulpeloos	(55)
<u>interessant</u> : Dit was 'n <u>interessante</u> pickniek X lekker	(28)
<u>kort</u> : Die geld was te <u>kort</u> vir die taxi X te min	(84)
<u>mooi</u> : Eendag toe hulle <u>mooi</u> begin moeg raak van die elke dag se oppas	
X baie moeg begin raak	(1)
<u>onnodig</u> : Sy wil nie hê ek moet met <u>onnodige</u> vriende uitgaan nie	
X vriende met verkeerde gewoontes	(29)
Watter <u>onnodige</u> mens X wat onnodige dinge doen	(JM)
Hoekom is Mevrouw so <u>onnodig</u> X vra vrae in toets wat hulle nie verwag	
het nie	(Om)

<u>rou</u> : Hy is baie <u>rou</u> X onbeskaaf/swak maniere	(Om)
Die broer was net baie <u>rou</u> X ongehoorsaam	(JM)
<u>rof</u> : Sommer so 'n <u>rowwe</u> swart-en-wit X die swart-en-wit klere was nie netjies nie	(PB)
<u>sat</u> : Ek was amper <u>sat</u> X dood	(RP)
<u>seer</u> : Dit is baie <u>seer</u> om te sien mense doen aborsie X hartseer	(9)
Toe kry hy vir Kassiem met <u>seer</u> wonde X ernstige	(YL)
<u>stout</u> : <u>stout</u> mense wat laffagheid maak X mense wat verkeerde dinge doen	(2)
Sy's dan <u>stout</u> X moedswillig	(DO)
<u>uit</u> : sy oë was groot en <u>uit</u> X het uitgepeul	(23)
sy tande was te lank en <u>uit</u> oor sy mond X het by sy mond uitgesteek	(23)
<u>vorige</u> : Dit was die <u>vorige</u> wiel in die regsekant X voorwiel	(56)
<u>vrywillig</u> : dat sy <u>vrywillig</u> is om te dood vir sy kinders X gewillig	(15)
<u>wakker</u> : Ons sing lekker <u>wakker</u> gesange X lewendige	(ET)
<u>warm</u> : Ek het jou 'n <u>warme</u> brief nou die dag geskryf X hartlike	(57)
<u>weg</u> : My geld is <u>weg</u> X op	(82)
Die tyd is nou <u>weg</u> X om	(84)

7.1.2.2 In die volgende gevalle word **adjektiewe** aangetref wat **nie net so in SA** voorkom nie. Dit is veral voorbeelde van **eie skeppings** en **afleidingsvorme van bestaande Afrikaanse woorde**.

<u>bekykbaar</u> : Die TV is <u>bekykbaar</u> op 'n Woensdag X kan gekyk word/goeie programme	(2)
<u>beroerig</u> : en die skool was so <u>beroerig</u> X oproerig	(90)
<u>bestandig</u> : Ons is <u>bestandig</u> X het 'n verhouding	(LG)
<u>hartsag</u> : Abraham se mense is baie <u>hartsag</u> X saggeard/goedhartig	(17)
<u>hartseerlik</u> : Almal in die huis was <u>hartseerlik</u> vir die ma X hartseer	(78)
Eendag het 'n <u>hartseerlike</u> ding gebeur X hartseer	(77)
Die <u>hartseerlike</u> punt was X hartseer	(36)
<u>kneukerig</u> : Hy is baie <u>kneukerig</u> X nukkerig/knorrig/beneuk	(4)
<u>langsane</u> : <u>langsane</u> plekke X plekke wat langsaan is	(ST)
<u>manierlik</u> : Hy is <u>manierlik</u> X ordentlik/hy het goeie maniere	(35)

<u>meegevoelend</u> : Hy was <u>meegevoelend</u> met mense X simpatiek	(11)
<u>stuks</u> : Die kind is <u>stuks</u> X opstandig (steeks)	(52)
<u>semptiek</u> : Hy was <u>semptiek</u> teenoor die vrou X simpatiek	(70)
<u>uitgedagte</u> : ek was <u>uitgedagte</u> X ingedagte	(76)
<u>verskynbaar</u> : Jan se hare is <u>verskynbaar</u> X kan gesien word/steek uit	(36)
<u>werksamig</u> : Pieter was 'n baie <u>werksamige</u> seuntjie X fluks	(59)
<u>ytkykerig</u> : 'n vrou wat nie kan <u>ytkykerig</u> is 'ie X rondkyk na ander mans	(SM)

7.1.3 Adverba

Daar is sekere modale bywoorde wat van oorsprong kwantore is of kwantifiserende kenmerke het, wat in TswaA 'n baie hoë gebruiksfrekwensie het. Conradie (1994:49) bespreek van hierdie kwantore en voer aan dat dit op verskeie maniere in Afrikaans die vermoë ontwikkel het om, behalwe om hoeveelheid aan te dui, ook nog die spreker se houding ten opsigte van die proposisie uitdruk. Hy bespreek onder andere ('n) **bietjie**, **glad/heeltemal en hoeka/reeds**. Vervolgens sal enkele van die kwantore wat in TswaA voorkom, getoets word aan die semantiese variasie wat Conradie aandui.

Bietjie

In die voorbeelde wat opgeteken is, word **bietjie** nooit saam met die onbepaalde lidwoord gebruik nie. Eerstens druk **bietjie** die spreker se houding as **ongunstig** of **negatief** uit en tree **eufemisties** op.

Ek sien hulle vat <u>bietjie</u> oor in die koerante in X grootliks	(2)
Ek was <u>bietjie</u> bang X taamlik	(67)
Ek het <u>bietjie</u> baie moeilike goete gekry vandag X sommer baie moeilike goed	(S)
Dit lyk of sy's <u>bietjie</u> maal X effens mal	(DO)
Hy was <u>bietjie</u> besope X erg besope	(4)

In die volgende voorbeeld word **bietjie** gebruik om die **direktief te versag**.

Loop loop da' bietjie in die straat rond X loop vir 'n rukkie in die straat rond (PB)

In die volgende voorbeelde verkry **bietjie** prominente **klem** waar **litotes** gebruik word.

Nie biétjie gaslaan nie; góéd gaslaan (KM)

Hy sê nie biétjie nie; baie gasteel (KM)

Ek was bietjie slim met die 'arithmetic' X nogal (LG)

Soms word **bietjie** met die **teenoorgestelde betekenis** van **baie** gebruik.

Die kalf was nog bietjie baie klein X baie klein (JS)

Die ding was bietjie lekker dors X baie dors (JS)

In die ander gevalle word **bietjie** met die betekenis van **effens, taamlik, ongeveer** gebruik, waarskynlik omdat die respondente nie oor die nodige woordeskat beskik nie.

Sy het toe 'n bietjie vinnig gestap X taamlik (20)

Sipho is bietjie kort X redelik/taamlik (61)

Toe probeer ek net met bietjie hardloop X toe hardloop ek net so effens (JS)

Toe hardloop die ding ook bietjie vinnig X so effens vinnig (JS)

Dit was omtrent nou bietjie kwart voor vier X ongeveer (MM)

Baie kom ook dikwels voor in plaas van modale bywoorde wat meer betekenisonderskeidend is.

Ek dink ook baie die NP gaan wen X ek is redelik seker (2)

Ek glo baie jy het die foute uitgevind X ek is seker (18)

Probeer baie om twaalf uur te slaap X probeer hard (23)

Soos ek nog baie onthou X goed onthou (45)

Ek het baie geskrik X groot geskrik (61)

Totaal/totaal nie word baie frekwent gebruik in die plek van SA **glad nie**. Dit vind waarskynlik onder Engelse invloed plaas.

Die ander boek het ek <u>totaal nie</u>	(54)
Sy kom <u>totaal nie</u> skool toe nie	(BK)
Dit was <u>totaal nie</u> 'n lekker lewe nie	(68)
Ek kan <u>totaal nie</u> die plek kry nie	(76)
hulle is <u>totaal nie</u> reg nie	(31)
Hy het totaal van dwelms afhanklik geraak X heeltemal	(31)

Reeds [rəts] met die betekenis van **juis/hoek** wat nie ongewoon in SA is nie, het 'n baie hoë gebruiksfrekwensie in die omgangstaal van TswaA en word ook dikwels as tussenwerpsel gebruik.

om te slag is om daai bloed <u>reeds</u> uit te gooi	(RP)
Is nou <u>reeds</u> haar suster	(MS)
staan die mannetjie wat Queenie <u>reeds</u> gekap het	(PB)
Nee, dan sien hulle <u>reeds</u> ek en sy ...	(PB)
Nou <u>reeds</u> daai rowers wat kom steel	(SK)
dan doen ek my huiswerk terwyl ek nou <u>reeds</u> daai tyd verstaan	(JM)
hy't my <u>reeds</u> gegee	(SM)

Die gebruik van **skaars** het in TswaA 'n betekenisverskuiwing ondergaan en word met die betekenis van **min, amper nie of nie** gebruik. Die sprekers voel wel die negatiewe betekenis aan, maar pas dit anders toe as in SA.

Piet oefen baie <u>skaars</u> X min	(83)
Haar swart-en-wit haal sy <u>skaars</u> uit X haal sy nie uit nie	(BK)
Ons kan <u>skaars</u> skoonmaak'ie X amper nie skoonmaak nie	(PB)
Die bottel het <u>skaars</u> gebreek X het nie gebreek nie	(BK)
Hy weet <u>skaars</u> waarvandaanaf kom die kos'ie	(SK)

Goed word as nuttige plaasvervanger gebruik in die plek van meer spesifieke leksikale items wat nie so bekend is nie, bv. **deeglik**, **behoorlik**.

My pa het my <u>goed</u> geslaan X erg/deeglik	(32)
<u>Góéd</u> geslaan; nie bietjie nie	(KM)
Ons het <u>goed</u> gebaklei X erg/kwaai	(70)
Marie het <u>goed</u> gehuil X baie/lank	(72)
Ek het <u>goed</u> gebid dat die Here my moet help X ernstig	(82)
Toe klap daai boetie hom baie <u>goed</u> X baie deeglik	(DO)

Té word in SA gebruik om 'n oormaat aan te dui, byvoorbeeld: Die man is **te** lui om te werk of Daar is **te** veel foute in die opstel. In TswaA word **té** baie frekwent in die omgangstaal met die betekenis van **baie** gebruik en dan word die woord met skerp beklemtoning uitgespreek.

Ek en ander moeders was <u>té</u> agter X het te ver agter in die bus gesit	(21)
Sy tande was <u>té</u> lank X baie	(23)
Die transport van die lokasie was <u>té</u> skaars X baie	(34)
Ons het <u>té</u> veel gesoek X baie	(77)
Dit gaan <u>té</u> beter X baie	(89)
Die ouma is net <u>té</u> oud X baie	(MW)
Ek is al <u>té</u> op vir jou baie leuense X het genoeg gehad van jou leuens	(IM)

Omtrent soos dit in die volgende voorbeelde voorkom, is nie heeltemal onbekend in SA nie. Die variasie lê eerder in die frekwente gebruik daarvan in gesproke TswaA.

Ek het die mannikind <u>omtrént</u> geslaan X erg/deeglik	(LG)
Hy gee hom <u>omtrént</u> rêrig kopseer X werklik	(LG)
Wat hy trugkom, soek hy <u>omtrént</u> X baie	(MW)
Op 'n kol is my kop <u>omtrént</u> pap X baie pap	(BK)
Hulle lyk <u>omtrént</u> snaaks X baie snaaks	(PB)
Ek was <u>omtrént</u> in moeilikheid X in groot moeilikheid	(LG)

Vernaam word baie dikwels gebruik in plaas van **veral**.

Hierdie gebruik van **vernaam** sonder die bywoordelike uitgang **-lik** soos in **vernaamlik** kom reeds in 1850 in Afrikaans voor (Scholtz s.j.:57). Scholtz ken hierdie gebruik egter uit geen Nederlandse bron nie.

- Daardie dag het die slang mense en diere gepik, vernaam klein kinders (1)
 Die lewe was baie swaar, vernaam vir die swarte mense (6)
 Ek sal nooit daardie ongeluk vergeet nie, vernaam as dit Desember is (8)
 dat sy baie van kinders hou, vernaam Benjamin (15)
 Die pad is nie veilig nie, vernaam as dit einde van die maand is (51)

Ander voorbeelde van adverba in TswaA

- aangenaam: Sy het aangenaam gerus X lekker (11)
agterstebo: Die spook hardloop hom agterstebo X onderstebo (99)
diep: My hart was diep seer X baie seer (87)
droog: Ons almal eet droog X nie gekookte kos nie; net brood (MW)
dun: Jy moet so 'n bietjie dun loop X jou lyf dun hou om deur 'n nou spasie te beweeg (DB)
groot: Die vuur het groot gebrand X hoog (1)
 Ek bid dat God ons vriendskap groot hou X laat voortbestaan (10)
haas: Dit is nie so haas wonderlik nie X nie baie wonderlik nie (48)
heeltemal: Jy moet vir jou heeltemal dom hou X baie dom hou (BK)
heen-en-weer: Ek het jou probleme heen-en-weer gelees X oor en oor (23)
hier-en-daar: Die ding staan tjoupstil en as sy hier-en-daar gaan, dit volg haar X
 heen-en-weer (25)
hopeloos: Ons het later huis toe gegaan hopeloos X moedeloos/sonder hoop (26)
lankal: Die 'ieste eggs'e word lankal geëet X lank tevore (MG)
lelik: Die bus het ook lelik uitgebrand X heeltemal (21)
 Daardie groot bôl gaan my mos lelik omgooi X heeltemal (21)
 Hy raak my lelik gewoond X hy maak misbruik van my (LG)
klaar: Sy moenie nou klaar raak nie X gedaan raak nie (BM)

- mooi: Die goede gaan nie mooi loop nie X gaan nie reg verloop nie (50)
- nog: Hy vertel van die begin af tot nog X tot op daardie tydstip (MM)
- nou-en-dan: Nou-en-dan was Delport nie daar nie X soms (5)
- Die grond kan nou-en-dan sterk wees X soms (SK)
- Jy kry nou-en-dan mense wat'ie werk'ie (SK)
- ontsmaklik: Ek het baie ontsmaklik gevoel toe ek hoor jy lê in die hospitaal X
sleg gevoel (20)
- oor: dit is omtrent dertien jare oor X dertien jaar gelede (56)
- sewe maande oor my ma se dood X na my ma se dood (59)
- Twee weke oor X twee weke later (59)
- oplaas: Oplaas sê die anner een ...
- Oplaas basluit hy om op te staan X uiteindelik (MM)
- plas: Plas gaan julle twee X gaan julle twee liewer (PB)
- presies: As ek geldprobleem het, weet ek presies dat ek susters het wat my sal gee
X weet ek seker (35)
- reg: Nou moet jy jou reg oppas X goed oppas (41)
- As ons reg kyk X goed kyk (88)
- rond: Hulle kom hardloop rond die huis en modders trap X in die huis rond (78)
- seer: Ek het so seer gevoel toe ek hoor jy is in die hospitaal X hartseer (2)
- Ek was baie seer gevoel X hartseer (25)
- skelmpies: Dit was skelmpies koud X baie koud (28)
- skuins: Ek het skuins van jou probleem gehoor X by ander gehoor/ terloops gehoor (49)
- sowat: Maak net 'n plan om sowat rond te kyk X effens/ietwat (90)
- stilletjies: Lees die leesstuk stilletjies deur X stil (PL)
- vaal: Ek gaan nie my bene vaal loop dorp toe om te gaan toyi-toyi nie
X ek gaan my nie vermoei nie/ook letterlik vaal van die stof (AM)
- verlig: Ons is baie by die huis en so maak ek dit vir haar bietjie verlig X ligter (71)

7.1.4 **Werkwoorde**

Sekere werkwoorde het 'n baie hoë gebruiksfrekwensie in TswaA. Die gebrek aan leksikale items lei tot transleksikalisie (Setshedi 1987:66). Die bekende woord word dus met vele betekenisskakerings gebruik. Op hierdie gebied is TswaA baie produktief. Soos in die geval van die adjektief (7.1.2.1) gebruik Tswana dikwels een werkwoord om meer as een begrip uit te druk. So is daar byvoorbeeld een werkwoordstam vir onder andere **lees** en **leer (-bala)**; **kyk** en **soek (-batla)** en **mors** en **verniet (-senya)**. Die verskillende woorde word dan in Afrikaans verwar. Engelse invloed speel ook in baie gevalle 'n versterkende rol, bv. in die verwarring van **ken** en **weet (know)**.

Van die woorde wat die meeste voorkom, is:

Bêre

- maar ons bêre alles voor die Here X dra alles op aan die Here (5)
- Bêre vir jou 'n permanente tyd om te studeer X bepaal /sit eenkant (51)
- Hoekom het hy die persoon wat ons alles bêre ... gevat X wat alles vir ons gegee en opgeoffer het (51)
- Ek bêre dit (geld) gewoonlik in die bank X spaar (71)
- Die tyd wat gebêre was vir die sokkerwedstryd was drie-uur X bepaal/vasgestel is (85)
- Jy moet tyd bêre vir enige vak X wegsit (88)
- Hy bêre die tjalie om sy kaal mouse X plaas die tjalie om haar kaal arms (16)
- Sy het die potte op die stoof gebêre X geplaas om kos te kook (48)
- Elkeen bêre die woord soos hy wil X elkeen gee sy mening (98)
- Ek het die botter op die brood gebêre (Om)
- Bêre die prop in die muur (Om)
- Brian is by die stoutschool gebêre X weggeneem daarheen (30)
- Die taxi bêre jou vlak voor die deur X laai jou af (76)
- Hy bêre hom streit X praat reguit (59)
- Bêre twee stokke die lengte van djou lengte X plaas die stokke ... (ST)

Doen

In gesproke Afrikaans wen **doen** onder invloed van Engels al hoe meer veld, soos die volgende tipe konstruksie illustreer: Kry jy koud? Ja, ek **doen**. (Yes, I do)

ons mag'ie lawwigeit <u>doen</u> 'ie X laf wees nie	(JM)
<u>doen</u> net al snaksegeite X doen allerhande snaakse dinge	(BK)
Moenie aborsie <u>doen</u> nie X laat doen nie	(4)
Hy het altyd skelmgeid <u>gedoen</u> vir ons X skelm opgetree teenoor ons	(58)
'n Ongeluk wat ek <u>gedoen</u> het X gemaak het	(74)
Dit is die laaste keer dat ek so 'n probleem <u>gedoen</u> het X diefstal gepleeg het	(94)
Die drankie wat ons by die lokasie <u>doen</u> X maak	(KM)

Eet

Hulle <u>eet</u> geld en daar is te veel 'crime' X mors	(12)
Ons het die geld <u>geëet</u> X uitgemors	(57)
Die tabak het altwee van Piet se longe <u>geëet</u> X vernietig	(51)
Eksamen <u>eet</u> 'n mens X mergel 'n mens uit	(90)
Sy het die geld <u>geëet</u> X verkwis/uitgemors	(KM)

Gaan word gebruik met die betekenis van **enige soort beweging**.

toe <u>gaan</u> ek; toe <u>gaan</u> ek X hardloop	(JS)
Die trane <u>gaan</u> X loop	(JM)

Ken en **weet** word feitlik deurgaans in TswaA verwar. **Weet** is in 52 gevalle met **ken** vervang, terwyl **ken** net in 4 gevalle met **weet** vervang is. Tswana onderskei nie semanties tussen **weet** en **ken** nie. Beide begrippe word deur een woord, naamlik **itse** uitgedruk. Die Tswanabegrip kan met die Engelse woord 'know' vergelyk word (Setshedi 1987:66).

Ken X weet

ek het uiteindelik <u>geken</u> om te bestuur	(13)
Iemand <u>ken</u> nie hoe lekker dit is nie	(29)
Ek is jou ma; ek <u>ken</u> wat gaan aan in hierdie wêreld	(31)
Ek <u>ken</u> dat die mense wat dwelms gebruik ...	(52)
Mense <u>ken</u> nie waar lê hom geluk	(83)
Ek het mos nou nie <u>geken</u> wat meen die woord "geitjie" nie	(SM)
Nou ek <u>ken</u> mos Dorie is 'n ou-ou mannetjie	(PB)
As iemand net kan <u>ken</u> waar's ons honne	(AO)
<u>Ken</u> dji daar's anner meisiese	(KM)
dan <u>ken</u> hulle dat dit tyd is	(YL)
sy moet <u>ken</u> wat is haarne	(TS)
My pa <u>ken</u> klar ek doen nou my dinge	(BK)
Hy <u>ken</u> ek loop altyd saam met djou	(LG)
Mankinners <u>ken</u> altyd baie meer	(JM)

Weet X ken

Bashin, ek het hom in 1988 <u>geweet</u>	(44)
Ek <u>weet</u> 'n man	(49)
Sipho ... <u>weet</u> ons mos	(MG)
Ons <u>weet</u> Afrikaans goed	(Om)

Kyk X soek

Onder Engelse invloed word **kyk** gebruik waar **soek** ('look for') bedoel word.

Goed, ek sal vir hom ga' <u>kyk</u> da' in'ie dorp X soek	(MM)
Lat ek gou daai man gan <u>kyk</u> X soek	(MM)
Oplaas besluit hy om ... die manne te gaan <u>kyk</u> X soek	(MM)
Toe gan <u>kyk</u> ek onse honne X soek	(AO)

Maak

Soos **doen** word **maak** in die plek van meer komplekse leksikale items gebruik. 21 gevalle waar **maak** met verskillende betekenis optree, is opgeteken. Hier volg 'n paar van die voorbeelde.

As jy aborsie <u>maak</u> , jy maak mis dood X uitvoer	(9)
Toe ek sewe-en-twintig jare <u>maak</u> X geword het	(30)
Die volgende djaar ek <u>maak</u> twintigs X word	(LG)
Ritter het die moord <u>gemaak</u> X gepleeg	(42)
By die hys dan <u>mak</u> ons miskien 'service' X hou 'n diens	(RP)
het ek weer 'n gebedjie <u>gemaak</u> X opgesê	(81)
Da' <u>maak</u> ons 'ie skool'ie X gaan nie skool nie	(MW)
Hy <u>maak</u> vir my stoutigheid X is stout teenoor my	(14)
Sy <u>maak</u> dan die mense lawwigeit X is laf teenoor die mense	(DO)
Hy <u>maak</u> aspris X is moedswillig	(20)
Hulle moet hulle se galoof <u>mak</u> X beoefen/uitleef	(RP)

Praat

Die plaasmense het bymekaargekom om die ding te <u>praat</u> X bespreek	(1)
Nou <u>praat</u> jy leuens X vertel jy leuens	(JM)
<u>Praat</u> vir my 'n resitasie X dra 'n resitasie voor	(BK)
Moet ek my naam <u>praat</u> X sê	(PL)
Elkene kom <u>prat</u> nou daai eerste woord X sê	(ET)

Sit

Hierdie mense is nie my familie, maar net die mense wat ek <u>saamsit</u> X met wie ek saambly	(70)
Ek het net twee jare <u>gesit</u> X by die huis gebly	(IM)

Toe gan <u>sit</u> ek en my man in Delpportshoop X bly/woon	(IM)
Toe't ek ma' da' <u>gesit</u> met daai stendert nege X sonder werk gesit	(AM)
Hulle kom <u>sit</u> die gebed elke dag X kom bid	(RP)
Ons moet nooit ons se moeders in onnodige probleems <u>insit</u> nie X laat beland nie	(60)
Niks sal ons uitmekaar uit <u>sit</u> nie X uitmekaar laat gaan nie	(42)

Staan

Die bestierder het die bus laat <u>staan</u> X die bestuurder het stilgehou	(21)
Die trein het nie by een van die stasie <u>gestaan</u> X stilgehou	(30)
Ons is van 'n polisiekar <u>gestaan</u> X deur 'n polisiemotor laat stilhou	(33)
Ons het by Solly Kramers <u>gestaan</u> X stilgehou	(MG)
Ons het die reën gehoor as die reën <u>staan</u> X ophou	(56)
Wie sal daarvoor <u>staan</u> X verantwoordelikheid aanvaar	(95)

Uithaal word in TswaA baie letterlik vertolk en het 'n baie hoë gebruiksfrekwensie in TswaA.

Hulle sal elke ding wat gesoek word, <u>uithaal</u> X betaal /koop	(27)
Die radio wil glad nie musiek <u>uithaal</u> nie (gebreek) X speel nie	(37)
want kopers <u>haal</u> die geld <u>uit</u> X betaal	(40)
Elkeen moet sy gevoelens <u>uithaal</u> X uitspreek	(40)
die dag as jy swanger word, dan weet jy nie vir wie moet jy <u>uithaal</u> nie X verantwoordelik hou nie	(42)
Ek het vinnig asem <u>uitgehaal</u> X asemgehaal	(55)
Nou wil hy nie die ander vriende <u>uithaal</u> nie X bekendmaak nie	(62)
Ek het baie trane <u>uitgehaal</u> X gehuil	(89)
hulle wou water <u>ythaal</u> X urineer	(MG)
Lyk of mens hard wind <u>uithal</u> X winde laat	(BK)
Noudat Mevrouw dit <u>uitgehaal</u> het, verstaan ons dit beter X bespreek/verduidelik het	(Om)
Hulle was eendag in die TV <u>uitgehaal</u> X gewys	(KM)
<u>Hal</u> djulle <u>yt</u> die mens X sê wie dit is	(JM)

Uitsteek met die betekenis van **opdaag** of **verskyn** word algemeen gebruik, veral in die spreektaal. Hierdie gebruik kan moontlik die gevolg wees van die Tswanawoord vir **opdaag** wat die letterlike betekenis het van **sigbaar raak** of **verskyn**.

- Die wolf wat hulle gevolg het, dit bly verdwyn, dan steek dit weer uit X verskyn weer (4)
 Delport het gesit en wag vir Ritter en Ritter het nooit weer uitgesteek nie X
 opgedaag nie. (9)
 Sy het nooit uitgesteek nie X opgedaag (PB)
Steek die man nie uit nie X daag nie op nie (MM)
 Daardie middag het ek by die huis uitgesteek X opgedaag (MM)

Vat

- die lewe is die speeltoneel wat jou aan moeilike en maklike situasies vat X laat beland (23)
 wie gaan daardie moeilikheid aanvat X oplos (48)
 Ek het dit nie so ernstig gevat nie X beskou nie (55)
 My ma is treg, maar sy kan nie my pa se plek vat nie X inneem (57)
 Uit die water gevat X gehaal (60)
 ons moet hulle raad vat en gebruik X aanvaar (75)
 Ek sal al die mense eenders gevat het X as eenders beskou het (88)
 Hy kan hom (sy ma) nie vat soos hy my ouma gevat het'ie X hy beskou haar nie in
 dieselfde lig nie (BM)
 Nou ek vat net miskien is die ding wat miskien wil verbygaan X beskou dit so (JS)
 Ek kan die onderwyser nie vat'ie X verdra nie (KM)
 Toe vat hulle my standerd drie toe X bevorder (14)
 Ons het onse eie paaie gevat X ons eie koers ingeslaan (MG)
 Dit gaan jou nêrens vat'ie X bring nie (JM)

Kry X uitvind/aantref

Hierdie gebruik van **kry** sluit aan by die gebruik van **kom kry** wat onder die skakelwerkwoorde behandel is (6.6.2.1).

Toe <u>kry</u> ek dat Siphon se voetjie waai in die wind X vind	(60)
Partykeer <u>kry</u> ons dat ander werk verdwaal is X vind	(91)
Ons het <u>gekry</u> die mense is besig X vind dat	(MS)
Ons het <u>gekry</u> dat die studente vir ons wag X vind	(MG)
Hy het <u>gekry</u> ons is vuil X vind	(MW)

Lees X leer

Hierdie twee woorde word in TswaA as sinonieme beskou.

om in 'n kollege te kan <u>lees</u> X leer/studeer	(68)
ons <u>lees</u> al die jaar se werk X leer	(91)
Ons <u>lees</u> al vir die eksamen X leer	(5)

Lees X tel

Volgens Setshedi is daar in die huidige Tswanawoordeskate 'n duidelik onderskeid tussen die werkwoord vir **tel (go bala)** en **lees (go buisa)** hoewel daar vroeër net een werkwoord, naamlik **bala** bestaan het wat beide begrippe in Afrikaans omsluit het. Baie Tswanasprekers beskou die woorde egter as sinonieme (Setshedi 1987:67). Dit wil voorkom asof die segspersone vir hierdie navorsing nie noemenswaardige probleme met hierdie begrippe ondervind nie, want net twee voorbeelde waar die twee werkwoorde verwar word, is opgeteken.

Om mense te kom <u>lees</u> X tel	(36)
Ons lees die <u>geld</u> X tel	(LG)

Loop word vir 'n verskeidenheid betekenisse aangewend. **Loop** word baie algemeen, feitlik deurgaans, gebruik om die begrip vir **gereelde bywoning** uit te druk. In SA bestaan 'n soortgelyke gebruik, byvoorbeeld: Die studente **loop** klas.

Die meeste van kinders <u>loop</u> nie skool nie X gaan nie skool nie	(6)
Ons <u>loop</u> 'private school' X woon privaatskool by	(KM)
Jy moet kerk <u>loop</u> X kerk toe gaan	(PM)
Ek het crèche <u>geloop</u> X crèche toe gegaan	(RP)
Ons <u>loop</u> kollege X woon klasse by by die kollege	(Om)
Sy <u>loop</u> Sondagskool in die dorp X gaan	(Om)
<u>Loop</u> hy koor saam met julle X sing hy saam met julle in die koor	(Om)

Na aanleiding van bogenoemde gebruik het die volgende waarskynlik ontstaan.

Ons het nie straat <u>geloop</u> nie X gereeld in die strate rondgeloop nie	(50)
---	------

Loop word ook in die plek van **ry/reis** gebruik.

ons sal met my vriend se kar <u>loop</u> X ry	(31)
ander mense <u>loop</u> met die karakie X ry met motors	(84)
Ons het <u>geloop</u> met die trein	(39)
Ek het goed <u>geloop</u> terug na die kollege X gereis	(36)
Ons het in die aand <u>geloop</u> X gereis met die trein	(65)

'n Ander gebruik van **loop** is **gaan/saamgaan/weggaan/beweging van een plek na 'n ander**.

Sy moet vir 'n tydjie <u>loop</u> X weggaan	(4)
Hoeveel is julle wat wil <u>loop</u> X gaan uitkamp	(31)
Hulle het vir 'n week <u>geloop</u> X gaan kuier	(37)
Ek <u>loop</u> nie alleng nie X gaan vakansie hou	(45)
saam met wie <u>loop</u> julle X wie gaan saam met julle	(47)

Die prentjie wat saam met die les <u>loop</u> X wat by die les pas/wat saam met die les gebruik word	(PL)
Ons <u>loop</u> saam met watter besitlike naamwoord X watter besitlike voornaamwoord gebruik ons/pas in	(Om)
Ek is baie stil van jy <u>geloop</u> het X vertrek het	(90)
'n Uil is 'n voël wat in die aand in <u>loop</u> X vlieg	(PL)
Ons moet met die tye <u>loop</u> X saamgaan	(98)

Loop met die betekenis van **verloop**. Hier verkry **loop** figuurlike betekenis en kan die volgende voorbeelde feitlik as idiomatiese uitdrukkings beskou word.

Dinge <u>loop</u> nie soos ons verwag het nie X verloop	(21)
Die tyd <u>loop</u> X verloop/gaan verby	(MM)
soos die djaar so <u>loop</u> X verloop/verbygaan	(RP)
Die goete <u>loop</u> nie soos eerste nie X dinge verloop nie meer soos vroeër nie	(AM)
Hulle het hulle lewe met hout gelat <u>loop</u> X hout verkoop om van te leef	(YL)

Mors X verniel/breek/vernietig

Ons kan nie ons goed <u>mors</u> nie X verniel nie	(30)
jy het die radio <u>gemors</u> X gebreek	(30)
Dwelms kan jou lewe <u>mors</u> X vernietig	(45)
Geen mens kan my geleerdheid <u>mors</u> nie X vernietig/ van my wegneem nie	(48)
Hy <u>mors</u> my naam X beswadder my naam	(45)
Die mense moenie die natuur <u>mors</u> nie X beskadig	(31)
ook: Ons moenie die natuur <u>vermorsel</u> nie	(92)
Die koeie <u>mors</u> die tuin X verniel	(33)

'n Baie algemene variant wat ook al in SA, veral onder die jonger sprekers inslag gevind het, is die gebruik van **soek** in plaas van **wil hê/begeer/verlang**.

- Die dokter nou die dae vra of jy soek kind of nie X wil hê (7)
 die present wat ek jare gesoek het X wou hê (15)
 Hy lewe die lewe wat hy nie soek nie X wil hê nie (24)
 vermoor jy die kind wat jy self gaan soek het X wou hê (42)
 Jy probeer indink wat die vrae soek (eksamen) X wat die antwoorde is wat verlang word (100)
 Klomp goeterse soek met daai klomp geld X wil 'n klomp goed hê (BK)
 Ons het'ie drank gesoek'ie X wou nie drank hê nie (KM)
 Hulle soek'ie skool'ie X wil nie skoolgaan nie/ verder leer nie (IM)

Slaap word dikwels gebruik waar eintlik **lê** bedoel word. In Tswana kan die twee begrippe deur een werkwoordstam uitgedruk word, naamlik **-robala**.

- Toe ons by Pa kom, het Pa daar op die grond roerloos geslaap X gelê (19)
 en sy moet by die hospitaal gaan slaap X lê (80)
 Ek het drie dae in die hospitaal geslaap X gelê (71)
 Dan slaap die lyk in die hys in Vrydag X lê (RP)

Vang word ook gebruik om verskeie ander betekenisse weer te gee.

- Die onderwyser moet die kind leer om hoe 'n pen of potlood te vang X vas te hou (8)
 Ek wil julle graag met my hand vang vir hierdie present X hand gee om te bedank (15)
 Ek het my broertjie met die hand gevang, maar hy wil nie hê dat ek hom vang nie X aan die hand geneem, maar hy wil nie hê dat ek hom moet vashou nie (19)
 Die anders sal vir my lag en sê ek word soos 'n baba gevang X behandel (49)
 As hy net liggies gaan vang X vashou (BK)
 Hy vang'ie sy rok'ie X hou nie sy rok vas nie (LG)
 Toe vang hy die draad da'bo X gryp en hou dit vas (PM)
 'n Kruiwa is 'n ding met twee handvatsels om aan te vang X vas te hou (3)

Ander voorbeelde van die gebruik van werkwoorde

Hier word bestaande Afrikaanse woorde in 'n ander konteks as in die SA-gebruik aangewend. Die redes kan wees dat die betekenis van die woorde soms letterlik vertolk word, soms word die betekenis bloot verkeerd verstaan en dan is moedertaal- en Engelse invloed nie uitgesluit nie.

- aangaan: hoe dit aangaan daar by jou skool X gaan (77)
- aanmekaarsteek: Met wie't jy nou aanmeekaargestek X gestry (SM)
- aanspreek: Die sewe woorde van die Kruis wat ons so aanspreek X waaroor ons praat (ET)
- afgee: Hy moes afgee X oorgee in bakleiery (LG)
- Ek het nie hoop afgegee nie X opgegee nie (83)
- afkap: Verlede week is die ligte afgekap X die krag is afgesny (77)
- afstaan: Hy het ons sommer afgestaan X ons nie ondersteun nie (59)
- Hulle voel sleg as hulle jou moet afstaan X moet verkla/vertel wat jy
gedoen het (35)
- Moet my nie afstaan nie, want ek het hoop op jou (60)
- Die ding wat ons afgestaan het, is die buste X in die steek gelaat het (MG)

Hierdie gebruik van **afstaan** in die teenoorgestelde betekenis as **bystaan** kom reeds in 1972 in Afrikaans voor, maar is nie uit algemene Nederlands bekend nie. Vergelyk egter Duits: **einem abstehen** met die betekenis van aan sy lot oorlaat (Scholtz s.j.:106).

- afstry: Die meisie gaan hom afstry X met hom stry (Om)
- Hy het die tas afgestry dat dit syne is
- Is dit die kind wat jy afgestry het X gestry dat dit sy kind is (44)
- (Vgl. Afrikaans: opstry)
- afhaal: Hy't hom hare afgehaal X afgesny (62)
- aftrek: Ek trek my klere af X trek my klere uit (Om)
- bedank: Jy moet die Here bedank X dank (8)
- behandel: Ek het die geld goed behandel X gebruik/bestee (82)

<u>benader</u> : Ene <u>benader</u> hom X nader hom	(MM)
<u>beseer</u> : ons het 'n lang pad geloop sonder dat ons die gevoelens van 'n ander beseer X seermaak	(17)
<u>bespaar</u> : Gewoontlik bespaar ek van die beursiegeld wat ons ontvang X spaar	(71)
<u>bewaar</u> : Ons sal ons <u>bewaar</u> , Pa X oppas	(95)
<u>bly</u> : My suster het nie geweet waar alles bly nie X gebêre word nie	(62)
<u>brand</u> : Dan moet ek mos meer geld <u>brand</u> X uitgee	(52)
<u>bring</u> : Ek het alles aan die kant <u>gebring</u> X gemaak	(79)
<u>dood</u> : Haar vader het <u>gedood</u> X gesterf	(69)
<u>dra</u> : wat jy geleer het, <u>dra</u> net tien persent van die hele vragstel X beslaan	(90)
<u>gaan</u> : Die kerk <u>gaan</u> om drie-uur X begin	(40)
<u>gebore</u> : Die Here het ons <u>gebore</u> ; ons moet leef op die wêreld X geskape	(42)
Hoekom het hulle vir my <u>gebore</u> X hoekom is ek hulle kind	(60)
<u>genees</u> : Hansie was besig om die koei se praam te <u>genees</u> X om die koei se uier te dokter	(36)
<u>goedmaak</u> : Hulle het my lewe <u>goedgemaak</u> X verbeter	(59)
<u>grootbring</u> : Fiela het vir Benjamin goed <u>grootgebring</u> X grootgemaak	(60)
<u>hardloop</u> : Ons hare het begin <u>hardloop</u> X rys	(53)
<u>huil</u> : Die telefoon <u>huil</u> X lui	(20)
<u>insit</u> : ons moet nou probeer punte <u>insit</u> X aanteken	(85)
<u>klaarkom</u> : Ek wil nie hê dat ons vriendskap <u>klaarkom</u> nie X ophou	(38)
<u>klaarmaak</u> : Terwyl jy nog gesond is, <u>maak klaar</u> X hou op jy gebruik iets om jou probleme <u>klaar te maak</u> X op te los	(97)
<u>klaarraak</u> : Die kollegeparty het in Sondagoggend <u>klaar geraak</u> X opgehou Die sokkerwedstryd het <u>klaar geraak</u> X opgehou Laat die nag toe die disko nou <u>klaar raak</u> X ophou	(36) (85) (86)
<u>klim</u> : Dit was die eerste keer dat ek die trein <u>klim</u> X met die trein ry	(39)
<u>knou</u> : Die mielieblaarmatras het haar <u>geknou</u> X seergemaak	(77)
<u>kom</u> : Ek sal met 'coins'e <u>kom</u> X bring	(ST)
<u>koop</u> : My ma het my kant <u>gekoop</u> X gekies	(SK)
<u>kriewel</u> : Ons het <u>gekriewel</u> om die werk klaar te kry X gesukkel/ moes haastig werk	(90)

<u>kry</u> : Daarna <u>kry</u> ek die slaap X raak ek aan die slaap	(64)
My pa <u>kry</u> bly X word bly	(BK)
Ons het die wedstryd <u>gekry</u> X gewen	(85)
<u>kuier</u> : Ons het Kaap Kollege <u>gekuier</u> X besoek	(Om)
Ek <u>kuier</u> my ouma X besoek	(Om)
<u>kyk</u> : Jy sal hom nie ken as jy hom <u>kyk</u> nie X sien	(48)
<u>lê</u> : Ek <u>lê</u> met 'n probleem hier X ek het 'n probleem	(37)
<u>los</u> : Ek weet dat ek my eie geld kan <u>los</u> X verdien	(59)
<u>lui</u> : Die fluit het <u>gelui</u> X is geblaas	(85)
<u>navolg</u> : hartseer en trane sal <u>navolg</u> X volg	(45)
<u>oopmaak</u> : Pa het gaan geld leen om die ligte te gaan <u>oopmaak</u> X laat aanskakel	(77)
<u>oorkyk</u> : Ek vra jou asseblief om dit <u>oor</u> te <u>kyk</u> X te oordink	(45)
<u>opdruk</u> : Is dit die rede waarom jy so <u>opdruk</u> om te gaan X aanhou	(95)
Sy het <u>opgedruk</u> dat ons gaan X aangehou	(Om)
<u>oppak</u> : Net omdat ek saam met haar klere <u>oppak</u> in een hangkas ...	
X saam met haar die hangkas gebruik	(70)
<u>pik</u> : word ek deur die klip <u>gepik</u> X getref	(82)
<u>rondslinger</u> : Paulus sê lat jou hart jou nie <u>rondslinger</u> nie X laat jy nie ontsteld	
word nie	(15)
<u>semsnt</u> : Hulle het my hele liggaam <u>gesement</u> X in die gips gesit	(8)
<u>sê</u> : Vandag gaan ek julle 'n storie <u>sê</u> X vertel	(Om)
<u>sien</u> : Ek <u>sien</u> nie my boek nie X kry nie	(Om)
Die magistraat het hom skuldig <u>gesien</u> X bevind	(62)
<u>sterf</u> : Toe <u>sterf</u> die wolf X gaan die wolf dood (storie)	(23)
<u>skrop</u> : Ek <u>skrop</u> nou in Douglas X werk/skoolhou	(Om)
<u>skud</u> : Ons <u>skud</u> X dans	(DB)
<u>slaan</u> : Hulle <u>slaan</u> die biertjies X begin drink	(Om)
My hart het hard <u>geslaan</u> X geklop	(64)
<u>snoep</u> : Moet my nie die partytjie se koek <u>snoep</u> nie X te min gee	(76)
<u>soen</u> : Vroeg oggend het ons die pad <u>gesoen</u> X in die pad geval/vertrek	(11)
<u>sny</u> : Sy <u>sny</u> hom behoorlik X kyk uit die hoogte na hom	(Om)

- span: Ons span môre weer X begin werk (43)
- spring: Spring 'n reël X laat 'n reël oop (Om)
- staan: Wie sal daarvoor staan X verantwoordelikheid aanvaar (95)
- Die mens moet vir sy foute kom staan X verantwoordelikheid aanvaar (36)
- swaartrek: My pa het baie swaar getrek (57)
- toeslaan: my oë het elke tyd toegeslaan X kort-kort toegegaan/ toegeval (18)
- trugleer: Ek moet dit trugleer X weer leer wat ek vergeet het (ST)
- uitbreek: Dan breek hy uit X dan sê hy (DB)
- uitkom: Die uitslae is laas week uitgekome X bekendgemaak (75)
- uitraak: wat die jaar uitraak X toe die jaar om is (RP)
- Ou Hans raak uit by die skool, want hy was baie oud X verlaat/maak klaar (76)
- uitroep: Dit word nie in diesefde manier uitgeroep nie X uitgespreek nie (11)
- uithaal: Hy haal sy hand uit X hy groet hom (MM)
- uitkom: Hy het probeer praat, maar die woorde wou nie uitkom nie
- X hy kon nie die woorde kry nie (55)
- uitlees: Die onderwyser moet ook die punktuasie uitlees X hardop voorlees (87)
- uitpraat: Sy dink Leda sal uitpraat X vir ander vertel (72)
- Mense moet uitpraat X praat as hulle probleme het (DM)
- uitspat: Daar mag nie 'n woord van dit uitspat nie X uitkom (70)
- uitsien: dan gaan jy die jaar lekker uitsien X die jaar gaan lekker eindig (100)
- uitstap: ons gaan uitstap X veld toe gaan/gaan kampeer (100)
- toe het my broer uitgestap X die huis verlaat/begin werk (MM)
- uitwerk: Toe begin ek uitwerk X uit die huis uit gaan om te werk (LG)
- val: Toe laat ek moed val X ek het moed verloor (54)
- Ek hoop jy sal in jou fout val X jy sal jou fout erken (38)
- vassteek: Daar steek altyd iets vas as ek jou wil bel X daar val iets voor (91)
- verdwaal: Die kombi het in die hele pad verdwaal X oor die hele pad gery (56)
- verloor: 'n kind wat nege jare gelede verloor het in Knysna se bosse X weggeraak het (15)
- verplaas: Die plaas se mense het van die dag verplaas na 'n ander plaas toe X verhuis (1)
- verskeur: Ons huil, ons verskeër ons X raak emosioneel (ET)

- wees: Ons het in dieselfde straat groot gewees X grootgeword (44)
 Ek het begin bang wees X word (55)
 Ek kom wees nou dom X ek hou my dom (Om)
- weggooi: Jy moet nie moed weggooi nie X verloor (55)
 Hy het nie hoop weggegooi nie X verloor nie (60)
- wegdwaal: Hoekom het die romp skielik weggedwaal X weggeraak (70)
- weghardloop: My vriende het gesê ek moet weghardloop met die motor X
 vinnig wegry (74)
- wegsteek: Delport en An het by die plek gaan wegsteek X wegkruip (25)
 Hulle moes nou wegsteek X wegkruip (YL)
 Ek het nie geweet wat die jaar vir my weggesteek het nie X ingehou het nie (16)

In baie gevalle ontstaan **kontaminasievorme** waar twee woorde of uitdrukkings gelyktydig in die segspersoon se gedagte is en dan as 'n nuutskeping na vore kom.

- aandwing: Ek sal jou aandwing om voort te gaan X aanraai/aanmoedig en dwing (55)
- aandraai: Ek sal daar by jou aandraai X aankom en 'n draai maak (39)
- aangee: Laat ek maar aangee X ingee en aangaan (CM)
- grootgroeï: Ek sal nie my kinders laat grootgroeï nie X grootword en groei (29)
- hard byt: Ons skryf Biologietoets en nou moet ons baie hard byt X hard leer en vasbyt (90)
- ondergaan: Dis 'n kort gebeurtenis wat my broer ondergaan het X ondervind
 en deurgegaan (MM)
- oorgebruik: Dit kan 'n mense doodmaak as jy dit oorgebruik X oordoën en misbruik (48)
- toesluit: Hy moes sy oë toegesluit het X toegemaak en gesluit (YL)
- uitlê: om eiers uit te lê X uit te broei en lê (87)
- vashou: hou vas daar X hou moed en vasbyt (90)
- verwonder: Die kinders het nou verwonder wat gaan aan X gewonder en was
 verwonderd (62)
- omdompel: 'n Paar studente wil die hele kollege omdompel X omkeer en in
 die moeilikheid dompel (PL)
- vassluit: Ons het die deur vasgesluit X gesluit X vasgemaak (55)

7.2 UITDRUKKINGS

TswaA is 'n weerspieëling van die kreatiwiteit van die sprekers in die skep van eie uitdrukkings en dit verleen aan hulle taalgebruik 'n ekspressiwiteit en oorspronklikheid wat die luisteraar dadelik opval.

7.2.1 Soos in SA word baie uitdrukkings aangetref waarin **liggaamsdele** 'n rol speel, moontlik omdat waar gevoelens of emosionele reaksies uitgedruk word, die liggaam 'n belangrike rol sal speel.

Bors

- As jy daar uitgaan; loop met jou bors uit X hou jou kop hoog (49)
- My bors brand uit X ek kan nie wag om iets te vertel nie (45)
- Jy kan jou bors uitpraat X sê wat jy op die hart het/ wat jou hinder (Om)

Duim

- Mense moet altyd duim vasbuit X 'n mens moet altyd moed hou (28)
- (Vergelyk SA: duim vashou)

Hande

- Hy het begin handevol raak X ledig raak (62)
- Ronde hande hê X onhandig of lui wees (Om)
- Hy vat dit met die een hand X hy glo dit nie heeltemal nie (47)

Hare

- Toe my hare gekremp het X ek was baie bang (99)
- Dit maak dat my hare krimp X ek word baie bang (vir 'n spook) (99)

Hart

Ek gaan my <u>hart</u> vasmaak X ek gaan nie hartseer word en huil nie (Vergelyk SA: my hart verhard)	(Om)
Die vrou het nie met sy hele <u>hart</u> gesit nie X sy was ongemaklik	(72)
Toe hoor ek my pols tik in my <u>hart</u> X ek was baie bang	(98)
As jou <u>hart</u> tik, moet jy bid X as jy bang is, moet jy bid	(98)
Ek voel baie bekommerd, maar ek probeer om my <u>hart</u> sterk te maak X ek probeer om sterk te wees	(87)
My <u>hart</u> stort bloed vir jou X ek is baie jammer vir jou	(41)
Dit voel of my <u>hart</u> koud trek X ek het groot geskrik	(Om)
My <u>hart</u> is wit gemaak met die koor se musiek X dit het my diep ontroer	(94)
Laat jou <u>hart</u> jou nie rondslinger nie X moenie ontsteld wees nie	(15)
Moenie krom <u>hart</u> sit'ie X moenie bekommerd wees nie	(46)
Jou hart is té <u>krom</u> vir my X jy bekommer jou te veel oor my	(Om)
Ek sit met 'n <u>krom</u> hart X ek is baie bekommerd	(Om)
Hy het sy <u>hart</u> toegemaak X wou nie help nie	(60)
Preke wat diep in die <u>hart</u> lê X preke wat 'n mens diep raak	(ET)
Haar <u>hart</u> het nou gaan staan X sy was gerus	(PB)
Sy <u>hart</u> het gaan rus X hy was gerus	(BK)
Ons <u>harte</u> skrik ons skoon uit X skrik baie groot	(MS)

Kop

Sy <u>kop</u> is half X verstandelik gestrem/stadig van begrip	(69)
Die kind is <u>halfkop</u> X verstandelik gestremd	(Om)
Hy is <u>botterkop</u> X stadig van begrip	(Om)
Sy bly <u>taaikop</u> X wil nie luister nie (Hierdie uitdrukking is ook in GA opgeteken)	(51)
Jy maak my <u>kop</u> warm X jy maak my deurmekaar	(31)
Ek het <u>kop</u> gestaan X weet nie wat om te doen nie	(19)

- kop toe vat X steur jou nie daaraan nie/neem dit nie ernstig op nie, byvoorbeeld
 Ek het hulle nie kop toe gevat nie (54)
 Ek het nie my ouers kop toe geneem nie (15)
 My pa vat dit nie kop toe nie (BK)
 Hy het my met sewe houes op die kop geslaan X dit was vir my baie moeilik
 (ook gesê van 'n moeilike vraestel) (JS)

Maag

- My mag sny X my maag pyn (Om)
 Jy's nog 'n boepens X nog 'n klein kindjie (Om)
 Toe val 'n groot kol in my mag X ek was baie benoud (75)
 Hy trap hom in die maag X hy vat sy vrou/meisie af (Om)
 Net so iets om die maag te houvas X iets om te eet (Om)

Mond/bek

- In die mond mors X in die rede val (Om)
 Hy is 'n rand se bek en 'n halvesent se krag X gesê van 'n grootprater wat nie
 veel uitvoer nie (Om)
 Hulle kan nie hulle monde toemaak nie van die koek wat tant Sannie vir my gebak
 het nie X hulle kan nie ophou praat nie (13)
 Ek kan nie my mond hier toemaak nie X onvriendelik wees nie (AM)

Nek

- Piet is 'n stywe nek X hy is hoogmoedig (54)

Neus

- Ietsie wat onder die neus gaan X iets om aan die lewe te bly/om te eet? (28)

Oë

- Hulle praat oop oë as hulle nie van 'n ding hou nie X hulle praat reguit (44)
- Ek kom saam met jou oog na oog spreek X onder vier oë (49)
- Hulle het oog aan ons huis gesit X ons huis dopgehou (89)
- Dit was vir my 'n les om nie by soon plekke sonder om oë oop te maak te ry nie X om goed te kyk (13)

Ore

- Ek was bekommerd dat dit my pa se ore sal raak X dat hy daarvan sal hoor (38)
- My ore raak nou langer X ek luister goed (MM)
- Elke een het sy ore oopgemaak X almal het goed geluister (53)

Skouer

- Hoekom het hy die persoon wat ons alles bêre by haar skouer gevat? X Hoekom het hy die persoon wat vir ons alles gedoen en beteken het, laat sterf? (54)

Tande

- Die tanne is vanoggend toe X die persoon lag nie; hy/sy is kwaad of onvriendelik (Om)
- Ek staan vanoggend met wit tandjies voor Mevrou X ek is verleë/wil 'n guns vra (Om)
- Ek en my suster staan bek vol tanne X weet nie wat om te sê nie (80)
- Toe staan ek mond vol tand X kan niks sê of doen nie (100)
- Ons het begin verskrik staan daar met tande vol in die mond (99)

Voete

- Ek sal eendag in julle voete loop X Julle voorbeeld volg (68)
- Hulle kom maak die huis vuil met die voet X voete (68)

- Na die begrafnis het ek gedink om op my voete te staan X om op my eie voort
te gaan/op my eie voete te staan (33)
- Ek hardloop platvoet da' na jou toe. Ek loop soek vi' djou (24)

Vuis

- Hulle swaai vuisse X hulle baklei (16)

7.2.2 Soos met die leksikon die geval is, hou die uitdrukkings wat in TswaA gebruik word, direk verband met die **gewoontes, omstandighede, gebruike, lewenswyse en ervarings** van die respondente, asook die breër taalgemeenskap waarin hulle beweeg. Die uitdrukkings wat voorkom en gebruik word, word onder bepaalde hoofopskrifte ingedeel.

7.2.2.1 Studentelewe, studies, eksamen

- Om eksamen te skryf, voel net soos 'n mens teen die sterk stroom van die breë rivier
baklei as jy wil oorgaan (100)
- Eksamen het baie liefdes afgeskeid, want meisies kry nie meer kans om saam
met hulle liefding te gesels nie (89)
- Eksamen is nie beddegoete waaraan almal kan slaap nie (100)
- As dit nou by die kopkrappe kom X moeilike probleme (39)
- Wiskunde is my krank X ek sukkel daarmee (55)
- Sodat ek nie 'n kwelling optel gedurende die Aardrykskundeklas nie X probleme
ervaar nie (51)
- Deur langmoed en uithouvermoë kan jy die jaar lekker uitsien X lekker
klaarmaak (100)
- Die eksamen was nie pap en vleis nie X nie maklik nie (98)
- Die kollege is nie pap en melk nie X nie maklik nie (12)
- Die kinderse wil'ie slag nie en daar's nie pille nie X niks wat daarvoor help nie (66)
- Ek praat my yt X weet nie wat om verder te sê nie (37)
- Ons koor het rook gemaak X baie lekker gesing (23)

Hulle doen rougeit vir die onderwyser X gedra hulle sleg teenoor die onderwyser	(11)
Die kollegespanne het hulle nie wind gegee nie X nie teenstand gebied nie	(Om)
Waar trap ons nou X waar lees ons nou/hoe ver het ons gevorder in die boek	(Om)
Jy kan jou werk ken in en uit X baie goed ken	(100)
Kryt afwas X partytjie hou na die proefonderwys	(Om)
Hierdie vak trap 'n vrou teen haar nek X dit is baie moeilik	(Om)
Ons gaan môre om tienuur ons penne neersit X klaar eksamen skryf	(Om)
Al die doene en late van die roman agtervolg vir hom X al die gebeure in die roman wentel om hom	(9)
Jy moet hard studeer; dan sal jy die lig kry X dan sal jy duidelikheid kry	(88)
Maklik gly jy X jy sal maklik agter raak	(91)
Hy gee my tien latte X tien houes met die lat	(77)
Ek het lelik mat getrap X ek is deur die hoof uitgetrap in die kantoor	(Om)

7.2.2.2 Ouderdom, siekte en dood

Sy is al af van die almanak af X sy is baie oud	(78)
Sy briekmerke het voor die hemel gelê X hy was baie naby aan sy dood	(Om)
Hy het 'n broeklosmaak gehad X hy het diarree gehad	(64)
Dermellende het my in die kleinhuisie laat kuier X diarree	(34)
Hy het nie liggaam nie X hy is baie maer	(55)
Hy't by die potte gaan draai X hy was amper dood (n.a.v. die groot potte kos wat by die begrafnis gekook word)	(16)
Hy was amper potte toe X amper dood	(Om)
Ek was amper sat/zat X amper dood	(RP)
Die 'sinus' is op hom voete; hy vat my weer	(90)
Hy't uitgesny X hy is dood	(97)
'n Spook is 'n dooie mens se asem wat nie lekker geslaap het nie	(53)
hartvallende siekte X 'n hartaanval	(10)
Die hoogbloed was ook hoog X hoë bloeddruk	(80)
My vriendin se broer lê platsiek op sy bed	(75)

- Hy was toe amper sleg X baie siek (YL)
 die man was amper weg X amper dood (YL)
 Die laaste twee uitdrukkings kom ook in SA voor, veral onder ouer persone

7.2.2.3 Dwelm- en drankmisbruik

- Hulle se 'result'e is baie bitter. Jy moet maar jou voet wegvat van dit af X bly weg van dwelms af (31)
 Sy was diep in dwelms X diep betrokke (47)
 Jy mors jou liggaam X jy verniel jou liggaam (49)
 Dwelms sal jou brein mors X dit sal jou verstand vernietig (50)
 Dit maak 'n mense baie arm, want dit werk met geld X dit is duur (49)
 As jy nie ophou nie, jy sal baie ver beland en jy sal baie hartseer is en trane sal voorlê X jy sal baie probleme hê en hartseer en trane sal volg (49)
 Dwelms het baie mense onder die grond gesit X se dood veroorsaak (50)
 Die dagga het altwee Piet se longe geëet. Hy is vir jou brandmaer gekrimp X altwee sy longe vernietig (51)
 Dwelms gooi die mense se manier baie ver X dwelms veroorsaak afwykings in mense se gedrag (52)
 Hulle kan 'n mens se kop laat meng X deurmekaarmaak (92)
 Dwelms is die middels wat jou verstand verbrand X wat jou verstand vernietig (92)
 Dwelms gaan jou toekoms afsny X dit gaan jou toekoms vernietig (92)
 Hulle gaan jou loopbaan vermoor X dit gaan jou loopbaan vernietig (92)
 Die persoon wat dwelms invat, is net soos die mens wat 'n koppoeier vat sonder kopseer X die persoon wat dwelms gebruik, is net soos iemand wat 'n hoofpynpoeier drink sonder dat hy dit nodig het (93)
 Hulle straf jou voor jy doodgaan X dit veroorsaak lyding voor jy sterf (95)
 Dwelms eet 'n mens bietjie-bietjie binne X vernietig 'n mens se ingewande geleidelik (20)
 Vertel hom van die bitter smaak van dwelms X nagevolge (95)
 As die rooi smaak kom X rooklus (Om)
 Hy is dors om te rook X lus om te rook ((Om))

Bierluise X benaming vir persone wat die drank wat in die sjebeens gemaak word, drink	(CM)
Kaalgat X soort drank wat in die lokasie gedrink word	(CM)
As hy die rook kom vee, moet hy die drank ook kom vee X gesê van die minister aangaande die verbod op rook	(Om)

Die volgende is uitdrukings vir dronk wees.

Toe's ons maar so in onse kleintjies in X taamlik dronk	(DB)
Ons was almal in die bottel in	(15)
Hy het doodgedrink X baie gedrink	(YL)
Hy is morsdronk	(56)
Hy is gekook	
Hy is, of loop swaaiboude	
Interessant is die voorkoms van 'n soortgelyke uitdrukking, naamlik met die boud wees (als een man met de bout is) vir dronk wees in 'n Afrikaanse brief van 1851 (Scholtz: s.j.:110).	
Hy is tannenat	
Hy is natgespat	
Hy is sopnat	
Hy is lekker natgespuit	

7.2.2.4 Die volgende uitdrukings in verband met **swangerskap** is algemeen bekend.

Hoog bo veertien	
Sy het gelam X geboorte gee	
Sy is 'n groot kruise/sy stoot kruise/sy is 'n kruise	
Sy is Kaap toe	
Sy is dik	
Sy is op die paal	
Sy het omgeval	
Sy het in die slagyster geval	

Sy is onfris	(AM)
om swanger te raak is 'n siel ding, al lyk dit vir ons soos 'n vleis ding X dit is 'n geestelike belewens, al lyk dit soos 'n vleeslike ervaring	(24)
om daardie mag uit te haal X om 'n aborsie te laat doen	(7)
Kinders wat nie gepa is nie X wat nie weet wie hulle pa is nie	(12)

7.2.2.5 Uitdrukkings in verband met die **gevangenis**

Die volgende is algemeen bekend onder die studente.

In die groenpak wees: Ek was hartseerlik om my ma se kind in die groenpak te sien	(33)
Hy's by die bougroep	
Hy is in die vierhoeke	
Hy is 'n duifie	
Hy is in die rooidak	

7.2.2.6 Uitdrukkings om **tydsaanduiding** uit te druk

het ek goed gewerk <u>tot die vandag week</u> X tot die huidige week	(68)
tot <u>hier vandag</u> toe	(KM)
tot <u>dié nou vandag</u> toe	(KM)
<u>elke na skool</u>	(LG)
Dit het net 'n <u>een dag</u> geword X eendag	(LG)
Toe kom <u>weer 'n dag</u>	(LG)
Toe's dit al so ' <u>to five</u> '	(SM)
Ek <u>gaan</u> vyf en twintig X ek word vyf en twintig	(BM)
Hy is agtien <u>in jare</u>	(17)
Hy kom <u>ou aand</u> by die huis X laat in die aand	(4)
<u>ou nag</u> X laat in die nag	(12)
Ons het in die <u>groot nag</u> teruggekom X laat in die nag	(53)(67)

7.2.2.7 Persoonsname, verwantskapsbenaminge en aanspreekvorme

Die gebruik van die woord **mens** waar SA eerder 'n **voornaamwoord** of die term **persoon** sou gebruik, is baie algemeen.

<u>die mens</u> X nee, <u>die mens</u> is nie verkeerd nie X persoon	(AM)
Hier staan die meneer en hier praat <u>die mens</u> nou X die seun	(JM)
Hal djulle uit <u>die mens</u> X openbaar die skuldige	(JM)
Watter onnodige <u>mens</u> X iemand wat onaanvaarbare dinge doen	(JM)
<u>Daai mens</u> gaan sê ek en jy is bestendig X die persoon	(LG)
Nee, <u>die mens</u> is ouer as djy X die vrou	(LG)

<u>vroumens</u> X vrou: Aborsie is 'n baie lelike ding vir 'n <u>vroumens</u>	(4)
'n <u>Vroumens</u> se werk is by die hys te bly	(RP)

Ander verwysings na vroue:

<u>moeders</u> X vroue: 'n ander vet <u>moeder</u> het ook probeer	(21)
<u>ousie</u> X ouer suster	

Na mans/seuns word as volg verwys:

manmens, manniekind, seunkind, oompie, pappatjie
'n prins is 'n koning se seunkind

7.2.2.8 Stryery, bakleiery of ander negatiewe elemente

Ek is 'n <u>aanmekaarsteker</u> X moeilikheidmaker	(SM)
Nou lyk dit so mens <u>steek</u> hulle <u>aanmekaar</u> X veroorsaak moeilikheid tussen hulle	(JM)
<u>appelswaai</u> X baklei met die vuis	(55)
Hy maak my <u>des</u> X hy maak my kwaad	(LG)
Hy vat lang <u>draaie</u> X praat nie reguit nie	(34)
My kind, die <u>duiwel</u> is besig met die mense se harte	(31)
Dan breek tien <u>duiwels</u> uit X daar is groot moeilikheid	(12)

Die <u>duiwel</u> het uit sy nes gekom X moeilikheid	(37)
Ek hoop jy sal in jou <u>fout</u> val X jou fout erken	(77)
Hy het nog <u>klein gedagte</u> X hy is kinderagtig	(87)
Ons wil nie jou lewe by die <u>gevaar</u> los nie X in gevaar stel nie	(93)
As jy nie luister nie, gaan jy in 'n grote <u>grot</u> inval X in groot moeilikheid beland	(45)
Sy maak die <u>huis klein</u> vir hulle X sy stry en baklei baie	(DO)
Sy maak die <u>huis toe</u> vir hulle X stry	(DO)
Die derde mense sal haar <u>trou inbreek</u> X 'n derde persoon sal haar huwelik verongeluk	(65)
<u>Slaan</u> hom sommer met 'n <u>klap</u> X 'n klap gee	(MG)
Ons <u>klits</u> nie <u>saam</u> nie X kom nie klaar nie	(13)
Max het An met baie <u>koeële gegooi</u> X geskiet na haar	(7)
Jy sal jou <u>krank</u> kry X moses teëkom	(33)
Dit lyk vir my ek het die <u>leeu</u> aan die stert gevang X moeilikheid veroorsaak	(21)
Hulle gaan my in die <u>modder</u> insteek X my naam beswadder	(76)
Ek het gehuil, toe laat ek <u>moed val</u> X moed verloor	(54)
Iemand <u>ondertoe vat</u> X benadeel	(88)
Hy is sommer 'n <u>klein bietjie niks</u> X onbeduidende mannetjie	(45)
Dinge doen wat <u>uit die pad uit</u> is X verkeerde dinge doen	(96)
Ek het al die jare <u>vrot pap</u> gevreet X onder 'n misverstand verkeer	(17)
Ons <u>prat'ie saam'ie</u> X met mekaar nie	(IM)
Jy't nou <u>sand in jou pap</u> gegooi X die saak versleg	(Om)
Dit sit <u>nie reg in haar siel</u> nie X sy voel nie lekker oor iets nie	(24)
Sy kry <u>strepe</u> X sy doen eienaardige dinge	(DO)
Haar <u>streep</u> is op X haar kop is nie reg nie	(DO)
Hy is <u>suinig</u> met die <u>waarheid</u> X versagting vir hy vertel leuens	(56)
Hulle <u>sy-sy</u> so X hulle stry	(IM)
Een <u>vrot tamatie</u> gaan die hele boks mors X een persoon wat verkeerde dinge doen gaan almal beïnvloed	(89)
Ek <u>huil</u> nou <u>an die tou</u> X aanhoudend	
(Hierdie uitdrukking is met dieselfde betekenis in die HAT opgeneem.)	

7.2.2.9 Oorblywende uitdrukkings

Die <u>jong perde</u> het die krag, maar die <u>ou perde</u> ken die pad X luister na ouer persone se raad	(Om)
Op die val van 'n <u>hoed</u> gebeur X baie vinnig gebeur	(36)
Die <u>hond</u> het hom gebyt X hy dra nuwe skoene	(Om)
Sy staan <u>vol in haar rok</u> X geset	(65)
Sy is <u>liggaamsvol</u> X geset	(23)
Die <u>klippe</u> was nog <u>sag</u> X dit was nog maklik	(18)
Dit maak nie 'n <u>merrie</u> met 'n <u>vul</u> nie X dit maak nie saak nie	(55)
Hulle gooi julle in dieselfde <u>pot</u> X oor een kam skeer	(56)
So het ek <u>potte gevang</u> toe my ma siek was X kos gekook	(79)
Ek het 'n paar <u>los dinge</u> kom <u>vasmaak</u> X 'n paar onafgehandelde sake kom afhandel	(Om)
Hulle is môre <u>voorlopers</u> van Suid-Afrika X leiers	(9)
My woorde kan nie in die <u>water</u> val nie X jy moet luister	(52)

7.2.3 Die studente hou daarvan om **Afrikaanse idioome** in hulle skriftelike werk te gebruik, aangesien hulle dit op skool aanleer en dit blykbaar as goeie skryfstyl beskou word om idioome te gebruik. Die idioome wat gebruik word, kan in die volgende kategorieë ingedeel word: Elk van die kategorieë word met 'n aantal voorbeelde geïllustreer. Vir die onderrigssituasie is hierdie voorbeelde van belang en daarom word die volgende voorbeelde hier weergegee.

7.2.3.1 Die idioom word effens **verdraai** deur byvoorbeeld net 'n woord by te voeg of weg te laat, of

7.2.3.2 **twee idioome word verwar** en saamgevoeg, of

7.2.3.3 die **konteks** waarin die idioom gebruik word, is **onvanpas**, of

7.2.3.4 die idioom word **letterlik** vertolk.

7.2.3.1 Die idioom word **verdraai deur die toevoeging of weglating van 'n woord(e)**.

- Om altyd wil 'n appel skil X wil altyd 'n appeltjie skil (33)
- As jy daar gaan, loop met jou bors uit X stoot jou bors uit (7)
- hom lewe is langs die draad X sy lewe hang aan 'n draadjie (51)
- 'n Ware vriend staan met jou tussen dik en dun X staan jou by in dik en dun (35)
- Hy gaan my in die hand in kry X in die hande kry (LG)
- My oom het gesê hy sal huis toe gaan en sy wond lek X sy wonde lek (22)
- Jy weet tog wat die hart van vol is, loop die mond oor X loop die mond van oor (45)
- Dit help nie om eiers te tel voor die hoenders gebroei het nie X om die kuikens te tel voor die eiers uitgebroei is nie (JS)
- Moet nie 'n graf grou vir jouself nie X 'n graf grawe vir jouself nie (95)
- ek kies 'n hasepad X ek kies die hasepad (53)
- Die eksamen is om die hoek X om die draai (95)
- om Staatspresident te wees is nie 'n kind se speletjies nie X nie kinderspeletjies nie (88)
- ek kan nie kop of stert kry nie X uitmaak nie (72)
- dat jy jou kouse moet opstoot X kouse moet optrek (43)
- jy moet jou kouse optel X optrek (54)
- Jy is nog nat agter ore om uit te kan kamp X nog nat agter die ore/te jonk (92)
- Die volgende oggend het ons weer op pad geval X in die pad geval (18)
- Na 'n week val ek in die slagyster X trap ek in die slagyster (raak swanger) (87)
- Die arme ouma was in die tamatiestraat X in tamatiestraat (55)
- Ou tiekie roes nie X ou liefde roes nie (56)
- Vir tou opgooi is die volgende opgeteken:
- Jy moenie tou afsit nie (43)
- Ek het nie tou ingegooi nie (60)
- Jy moet nie tou afgooi nie (91)
- Tou ingee (20)
- Die mense skeur aan hulle broeke X dit gaan broekskeur (eksamentyd) (98)
- Spyt kom agterna X spyt kom te laat (31)

Jy loop skryf 'n vak wat jy nie altyd saam met dit in een vuur sit nie X julle sit nie langs een vuur nie (90)

Ek het in vlieënde punte geslaag X met vlieënde vaandels (32)

7.2.3.2 Twee idiome of uitdrukkings word **verwar**

Ons moet baie hard byt X hard leer en vasbyt (90)

Hy wil hê dat almal dans as hy sy vingers roer X almal moet na sy pype dans en as hy sy vingers klap (4)

Mense moet altyd duim vasbyt X vasbyt en duim vashou (28)

Jy weet nie of jy die paal sal behaal nie X die paal sal haal en sukses sal behaal (98)

7.3.2.3 Die **konteks** is **onvanpas**

Op daardie oomblik was sy tussen die boom en die bas X sy het nie geweet wat om te doen nie (55)

Sy het op die daad in die veld doodgegaan X skielik (11)

'n Groot donkie het in 'n kits gekom X skielik (55)

My oupa, my leier, my sak en pak is dood X my alles/wat alles vir my beteken (23)

die gesterf is 'n hartseer ding wat aan Rap en sy maat gebeur X almal gaan sterf (23)

Ek wil studeer, want dit is nie Jan Rap en sy maat se wedstryd te speel nie

X nie enige Jan Rap en sy maat kan slaag nie (54)

7.2.3.4 Idioom word **letterlik vertolk**

Nou is die tyd om lekker te eet wat jy geplant het X om die vrugte te pluk (nadat die eksamen geslaag is) (27)

Nou die dag het gekom daarmee moet ons lekker vrugte eet X die dag het aangebreek waarop ons die vrugte van die harde werk kan pluk (na die eksamen) (75)

Moenie laat jou kouse by die gronte gaan nie X jy moet jou kouse optrek (53)

7.2.4 Vergelykings

Ek het sommer soos 'n hond se neus so koud geword van die skrikkerij	(35)
Geld is soos gaar kos X jy het dit vandag en môre soek jy daarna.	(24)
'n grap is beter as 'n klap X dit is beter om 'n grap te maak as om te baklei.	(79)
Die mense was soos stof X baie mense	(84)
Mense sonder geleerdheid is soos 'n papier wat die wind in die kante waai	(47)
So maar soos 'n stok	(49)
So waar as die wet	(57)
So skaars soos 'n 'chinese policeman'	(Om)
Morsdronk X baie dronk	(Om)
Taptoe X Die hoof se deur is heeldag <u>taptoe</u> (Dit word baie algemeen gebruik.)	(Om)
Hulle pas bymekaar soos 'n nael en 'n vinger.	(60)

7.2.5 Reduplikasie

Reduplikasievorme kom dikwels in TswaA voor. Volgens Raidt behoort reduplikasievorme in Afrikaans tot die daaglikse omgangstaal en kom feitlik nooit op skrif voor nie. Sy beskryf reduplikasievorme as komposita wat deur 'n vinniger tempo as gewone herhalings en 'n eenheidsaksent gekenmerk word. Die Afrikaanse reduplikasie is klaarblyklik die produk van oorgeërfde patrone en taalversteuring op die Nederlandse patroon gebaseer, terwyl die hoë frekwensie van die Maleise reduplikasie versterkend op die gebruik daarvan kon ingewerk het (Raidt 1991:225). Die volgende is voorbeelde wat in TswaA waargeneem is. 'n Paar gevalle het ook in die skryftaal voorgekom.

Sy kyk my so <u>bly-bly</u> aan X sy bly my so aankyk	(ET)
My voete wou <u>bly-bly</u> van die rotse afgly X my voete wou kort-kort van die rotse afgly	(67)
Dorie is 'n <u>ou-ou</u> mannetjie X baie ou mannetjie	(ET)
<u>Goed-goed</u> , ma' vertel jou storie	(24)
Ek <u>krap-krap</u> hier op die grond	(BK)
Hulle wil my so <u>trek-trek</u>	(BK)

Net so <u>nat-nat</u>	(KM)
Ek <u>paai-paai</u> hier en ek <u>paai-paai</u> daar X ek probeer die vrede bewaar	(PL)
Hulle <u>sy-sy</u> so X hulle wil baklei/stry	(IM)
Ons het getraai om daar weg te loop <u>sukkel-sukkel</u>	(3)

7.2.6 Argaiëse uitdrukkings/woorde

'n Aantal **argaiëse uitdrukkings en woorde** wat in SA nie baie onder jongmense gehoor word nie, is ook opgeteken. Dit is begryplik aangesien baie van die jong mense by grootouers grootword soos wat dit uit die vertellings blyk. In baie van die gevalle is die grootouers Afrikaanssprekend en word Afrikaans op hierdie manier aangeleer.

Die studente struwel nog so X stry (Om)

In SA word **struwel** in die afleidingsvorm **struweling** gebruik, maar in Nederlands het die werkwoordvorm **streuvelen** wel voorgekom (Boshoff & Nienaber 1967:622).

aanmekaarsteek X moeilikheid maak (SM)

Hierdie vorm is in 1851 opgeteken met die betekenis van "in twist brengen". Vandag is die SA-gebruik "aanmekaar wees" met die betekenis van rusie maak of baklei (Scholtz: s.j.:27).

die man was amper weg X dood (YL)

Jy sal jou krank kry X jou moeilikheid teëkom (11)

Jy't my kranklik gemaak X siek gemaak/seergemaak (LG)

Party grappe is onbruikbaar X nie geskik om te vertel nie (Om)

(Vgl. ook Oranjerivierafrikaans: die kinders van vandag is onbruikbaar)

koker X neus (DO)

kooi X bed (Om)

katel X bed: Die katel was so hard (83)

toet X toe: Toet ek die troue gekry het (AM)

twee was jongetjies X seuns (CM)

Hulle is my pertiërs X so oud soos ek (PB)(LG)

Dan bring ek mudsak tee X goiingsak (AM)

'n boom met lekker <u>skade</u> X skaduwee	(22)
My pa is <u>oorle</u> ' X oorlede	(IM)
Die kind is so <u>stuks</u> X hardkoppig (steeks)	(82)

In die ondersoek na die kenmerke van TswaA het dit aan die lig gekom dat daar nog vele semantiese en sintaktiese aspekte is wat ondersoek kan word, soos die tipiese formuleringspatrone van TswaA, omslagtige stelwyse, omskrywings in plaas van die gebruik van komposita, herhaling om aanhoudende handeling uit te druk, die oormatige gebruik van **en**, **toe** en **nou**, asook tipiese woordordepatrone. Dit kan egter dien as data vir 'n verdere ontginning van hierdie variëteit.

7.3 DIE INVLOED VAN ENGELS

Dit is vanselfsprekend dat Engels 'n groot invloed op die taalgebruik van die Tswanastudente sal hê aangesien hulle daaglik kontak met Engels as onderrigmedium in die skole het. Hulle woordeskatkennis van Engels strek dus baie wyer as dié van Afrikaans.

'n Ander bydraende faktor is die feit dat die Afrikaans waarmee die Tswana van Kimberley in die daaglikse omgang te doene kry, ook al sterk onder Engelse invloed deurgeloopt het. Donaldson (1991:14) beskryf die invloed van Engels op Afrikaans soos volg: "I would even go so far as to suggest that the influence of English has now reached a degree where Afrikaners cannot be completely fluent in Afrikaans without a knowledge of English to a greater or lesser degree; in order to be completely articulate in all fields they need to be able to draw on both national languages".

Stoltz (1982:112) bevind ook dat Engelse woorde en uitdrukkings in GpA baie volop is en feitlik by alle sprekers voorkom, veral in die stedelike gebiede. Die verklaring wat gegee word, is dat die Afrikaanse ekwivalent vir die Engelse woorde ook min deur die Afrikaanssprekendes self gebruik word en ook omdat die sprekers van GpA weet dat die sprekers van die ander taalgroep Engels beheers, word Engelse woorde gebruik.

7.3.1 Direkte ontlening

Een van die kompensasiestrategieë wat leerders gebruik by gebrekkige beheersing van die doeltaal is **kodewisseling** (De Wet 1996:60). Hoffmann onderskei tussen **kodewisseling** (code-mixing) en **kodevermenging** (code-switching). Sy verwys na verskeie sienings in hierdie verband en kom tot die gevolgtrekking: "Switches occurring at the lexical level within a sentence (intra-sentential switches) are referred to as 'code-mixes' and 'code-mixing'. On the other hand, changes over phrases or sentences (inter-sentential) including tags and exclamations at either end of the sentence, are called 'code-switches' and 'code-switching'" (Hoffmann 1991:104).

As bogenoemde uiteensetting in ag geneem word, word in TswaA hoofsaaklik van kodevermenging (code-mixing) gebruik gemaak. Die proefpersone maak gebruik van die struktuurwoorde in Afrikaans totdat 'n meer spesifieke leksikale item benodig word en dan word die Engelse ekwiwalent gebruik. Baie min voorbeelde waar daar oor sinne heen na Engels verwissel word, is opgeteken. Slegs waar van die direkte rede gebruik gemaak is, het dit plaasgevind.

Hierdie verskynsel is nie uniek aan TswaA nie, aangesien dit ook op groot skaal in die taalgebruik van Afrikaanssprekendes voorkom. Soms maak die Tswanastudente van Engelse leksikale items gebruik as kennis van die Afrikaanse woordeskat ontbreek, maar heel dikwels vir effek of uit gewoonte. Dit geskied hoofsaaklik onbewustelik, veral in ontspanne gesprekvoering met mekaar. Soos Donaldson tereg bevind: "Efficiency in communication and not purity of the medium of that communication, is the main concern of the average speaker" (Donaldson 1991: 42). Hierdie verskynsel word ook na die skryftaal deurgevoer.

7.3.1.1 Soms word die woorde **onveranderd** oorgeneem. Die volgende voorbeelde het voorgekom. Die hoogste frekwensie kom by naamwoorde en werkwoorde voor. Hier volg 'n paar van die vele voorbeelde wat gereeld voorkom.

Naamwoorde

En daar is te veel ' <u>crime</u> '	(12)
Dit lyk asof ek in 'n ander ' <u>planet</u> ' is	(15)
My kind, die ' <u>devil</u> ' is baie besig met die mense se harte	(31)
Hulle het dit as 'n ' <u>sin</u> ' gesien	(42)
In die ' <u>Constitution</u> '	(TS)
Katriena het vier ' <u>bags</u> '	(PL)
Die ' <u>rent</u> ' is betaal	(PM)
Rupert het die ' <u>tendency</u> ' om 'n meisie te vergeet	(DO)
Ons eet net ' <u>strictly pickled fish</u> '	(ET)
As dit ' <u>fighting</u> ' is, is dit ' <u>fighting</u> '	(DO)
Sy het daai ' <u>profession</u> ' van haar gedrink	(KM)
Ek is die ' <u>first born</u> '	(KM)
Ek moet 'e ' <u>way</u> ' ytmak om hys toe te gan	(LG)
Hy het die ' <u>trip</u> ' nie so baie geniet nie	(MG)
Hulle was net gou Delpport toe vir 'e ' <u>funeral</u> '	(AO)
Elke Woensdag met djou rooi ' <u>tie</u> '	(DB)
Dis daai ' <u>adolescent stage</u> '	(LG)
ek gaan weer so-en-so 'n ' <u>date</u> '	(BM)

Werkwoorde

Iemand wat ons van baie ' <u>like</u> '	(DB)
djy ' <u>jive</u> ' nou da' voor	(PB)
' <u>Start</u> ' die motor nou	(MG)
Hulle ' <u>irritate</u> ' ons so	(KM)
djy ' <u>tape</u> ', Mevrou	(KM)
Jy moet vir Pappie ' <u>watch</u> '	(BK)
Ek ' <u>wave</u> ' net met 'e vinger	(BK)
Hy ' <u>beat</u> ' nog baie jongmense	(DB)

jy kan sien sy ' <u>stress</u> '	(BM)
Ek kan dit nie weer ' <u>controll</u> 'ie	(JM)
toe gan die familie en gan ' <u>bail</u> ' hom yt	(IM)
Vandag mense kan nie ' <u>trust</u> 'ie mekaar	(25)

Verdere voorbeelde van direkte oorname van Engelse woorde.

Ek wonder of Koos die pa is ' <u>or</u> ' Jerry	(4)
Aborsie sal maak dat ons 'n baie ' <u>abnormal</u> ' toekoms het	(24)
want dit is ' <u>illegal</u> '	(52)
Katriena was baie ' <u>nervous</u> '	(PL)
Dan kry jy ' <u>at least</u> ' jou probleem is verlig	(RP)
Ons eet net ' <u>strictly pickled fish</u> '	(ET)
' <u>since</u> ' die nuwe Suid-Afrika laat ons nou toe	(TS)

Getals- en tydsaanduidings word feitlik sonder uitsondering in Engels verskaf. Die verskil in die manier waarop Afrikaanse en Engelse getalle "gelees" word, is vir die studente verwarrend. Hulle is meer vertrouwd met die Engelse ekwivalente as gevolg van skoolonderrig en gebruik dit liever.

Ons gaan ' <u>once</u> ' huis toe	(PB)
Ons het so ' <u>bout one</u> '-goed by die kerk gegaan	(PB)
stenderd ' <u>nine</u> '	(AM)
toe ' <u>nineteen ninety three</u> ' toe kom da'	(AM)
so ' <u>to one</u> ' gaan slap	(MS)
van ek so ' <u>three o'clock</u> ' gestuur is	(KM)
Toe Kariena daai ' <u>December holidays</u> ' by my gekom dit	(PL)
Die aartappelse was ' <u>seven bob</u> '	(SM)
' <u>June</u> ' maand	(JM)

7.3.1.2 Soms vind direkte oornam van Engelse leksikale items plaas, maar die **uitspraak van die woorde word verafrikaans**. In die geskrewe voorbeelde word dit in die spelling weerspieël.

Werkwoorde

Ek het <u>gefeint</u>	(56)
Ek sal hard leer om te <u>pas</u> X slaag	(60)(53) (KM)
Die groep <u>miks</u> X meng	(67)
Ons het <u>getraai</u> om daar weg te loop	(3)
Dokter wat <u>getrein</u> vir dit	(9)
Mense wat <u>geryp</u> is	(9)
Nou my broertjie om so van dinge te <u>laaik</u>	(MM)
Hy moet jou nie <u>rop</u> nie	(BK)
<u>Staart</u> die bus	(MG)

Naamwoorde

Ons het Pa in die <u>ven</u> ingesit	(19)(72)
tot ek die mense se <u>jard</u> stamp	(21)(74)
sit die <u>stamp</u> op die brief	(Om)
<u>bettries</u> 'e	(KM)
<u>ieste</u> ' 'eggs'	(ET)
ek hou van <u>miestres</u>	(LG)
Toe steek ek my oener die <u>soufer</u> weg	(SM)
Toe kyk hy an sy man se <u>fouter</u>	(CM)
<u>skippa/skiepa</u> X T-hemp	(12)

Adjektiewe en adverbia

Nee, dis <u>orraait</u> , Pappa	(BK)(AM)
---------------------------------	----------

verduidelik dat ek net vir <u>temporar</u> werk	(71)
Die gebruik van <u>streit</u> vir <u>reguit</u> word baie in die omgangstaal gehoor.	
sê hulle <u>streit</u>	(BK)
Toe draai die kalfie <u>streit</u> na die waterkriep toe	(JS)
Meneer Potgieter was baie <u>streit</u>	(AM)
dan gan djy net so <u>streit</u>	(KM)

7.3.1.3 Oorname van Engelse woorde met morfologiese verandering

Meervoude

die polisie geroep om te kom die ' <u>statement</u> 'e vat	(16)
Hulle het ' <u>drip</u> 'e in	(84)
Hulle se ' <u>result</u> 'e is baie bitter (dwelms)	(31)
'n mens kry skielik ' <u>stress</u> 'e	(90)
om die ' <u>slip</u> 'pe terug te neem X betaalstrookies	(54)
gaan by die ' <u>hostels</u> 'e	(KM)
Ken djy ' <u>fits</u> 'e	(KM)
My pa koop vir my ' <u>guava juice</u> 'e	(BK)
Die mense het hulle se ' <u>stuff</u> 'e gekoop	(MG)
As jy ' <u>moods</u> 'e het	(AM)

Verlede tyd

dit is jy wat jou <u>opge</u> 'spoil' het	(42)
daar waar die 'navy's <u>ge</u> 'train' word	(ST)
Hy't sommer so <u>ge</u> 'stage'	(MG)
Toe ... het die manne hom <u>ge</u> 'spot'	(MM)
Katriena het my <u>ge</u> 'meet'	(PL)
Hy't my <u>ge</u> 'underpay'	(RP)
ek het altyd <u>ge</u> 'like' om my ouma te pla	(SM)
Ek is mos klaar <u>ge</u> 'engage'	(LG)

Afleiding

Hulle (die kinders) is so 'jam'merig X so klouerig (BK)

Hierdie morfologiese inbedding van leenwoorde het 'n baie hoë gebruiksfrekwensie in Kaapse Afrikaans, veral by jonger sprekers in sekere informele registers. Volgens Kotzé vorm dit deel van 'n wyer ontleningspatroon "waardeur ontleende items ook sintakties en foneties binne die Afrikaanse sisteem geakkommodeer word" (Kotzé 1984:57).

7.3.2 Direkte vertaling van Engelse woorde/uitdrukkings

Soms vind verdere verwerking van die woorde plaas.

Nomina

hoe belangrik is die <u>edukasie</u>	(2)
die kinders die nodige <u>implemente</u> gee vir geleerdheid	(47)
Dit was die pynlike <u>momente</u> X oomblikke	(16)
<u>kontrol</u> van die kombi X beheer/kontrole	(56)
<u>medisynbord</u> X 'medicine board'	(6)
die tien <u>kommandemente</u> X gebooie	(42)
die <u>wêreldkoppie</u> X wêreldbeker	(45)
<u>wielestoel</u> X rolstoel (wheel chair)	(89)
<u>hoofmeester</u> X skoolhoof (head master)	(33)
<u>lewenstorie</u> X lewensverhaal (life story)	(MM)
<u>bankplestiek</u> X banksakkie van plastiek	(SM)
<u>rekordplate</u> X plate	(TS)
<u>vingerprent</u> X vingerafdrukke	(72)
emosionele <u>instabiliteite</u> X emosionele onstabiliteit	(100)
haar eie <u>responsibiliteite</u> X verantwoordelikhede	(BM)

Voornaamwoorde

dit is <u>al</u> X alles	(4)
<u>al</u> wat jy geleer het X alles	(90)
en die <u>anders</u> gaan roep X ander	(15)
die <u>anders</u> sal vir my lag X ander	(49)

Werkwoorde

As die skole <u>toegaan</u> X sluit	(9)
Later <u>patrol</u> daar 'n polisiemotor verby X patrolleer	(20)
Die tafel was ook mooi <u>gelê</u> X gedek	(32)
Dit <u>vat plek</u> in die boot X vind plaas	(5)
om die trein te <u>kontroleer</u> X beheer	(39)
toe ek net <u>meen</u> ek gaan verby X dink	(54)
die trein te <u>vang</u> X haal	(84)
Die tyd kan 'n mens <u>vang</u>	(100)
sal Ma my nie <u>afsit</u> as ek iets vra nie X weier/wegwys	(51)
My ma en my pa het <u>geseparaat</u> X geskei	(57)
sal my geld <u>depositeer</u> in my bank X belê	(82)
Ek weet dat ek my geld kan <u>los</u> X verloor	(59)
want is ek wat die ongeluk <u>gekos</u> het X veroorsaak het	(61)
Sy <u>lyk</u> so om op 'n rekening te koop X hou daarvan	(SM)
Ek <u>roep</u> hom nie meer Dokter nie X noem	(BK)

Voorsetsels

<u>Agter</u> die pak het hulle my gesê om wat te doen X na die pak	(14)
Ek kyk <u>agter</u> die stout kinders X kyk na	(78)
<u>Agter</u> elke halfuur X na elke halfuur	(54)
<u>Agter</u> skool X na skool	(67)

Uitdrukkings

<u>Al hierdie tyd</u> het my pa my geleer X die hele tyd	(13)
'n kind wat <u>verloor</u> het X weggeraak	(15)
Ek <u>sien voor</u> om jou weer te ontmoet X sien uit daarna (look forward to)	(19)
Probeer <u>so beste soos jy kan</u> X so goed as wat jy kan	(25)
Hy het my beveel om <u>neer te sit</u> X om te sit	(34)
Ek wens ek kan saam met jou <u>oog na oog</u> spreek X onder vier oë spreek (see eye to eye)	(49)
Ons <u>kyk voor</u> na die byeenkoms X sien uit na	(75)
Jy het net <u>in tyd</u> gekeer X betyds	(PM)
Ek kry darem <u>al van die bestes</u> X alles van die beste	(BK)
Ek het <u>skool begin</u> in St Peters in X begin skoolgaan	(AM)
Celia het <u>agter my gemaak</u> X na my geslaag	(AM)
Hulle <u>nodig</u> nou 'n nuwe pa X benodig	(CM)
Nodig word feitlik deurgaans in die plek van benodig gebruik.	

Behalwe die talle voorbeelde van die gebruik van Engelse woorde en uitdrukkings, is Engelse invloed ook duidelik merkbaar in die grammatikale sisteem van TswaA, byvoorbeeld die weglating van die tweede **nie** in ontkeningskonstruksies, voorsetselgebruik en die gebruik van **was** in plaas van **is** in die passiefkonstruksie. In die bespreking van die morfologiese en sintaktiese kenmerke van TswaA is telkens na die invloed van Engels verwys en hier sal dus nie verder op hierdie aspek ingegaan word nie.

Die voorkoms van leenwoorde uit ander tale, soos die T1, is in die data van TswaA tot die minimum beperk sodat dit nie 'n aparte bespreking regverdig nie.

7.4 FLAAITAAL

'n Bespeking van TswaA sal nie volledig wees indien daar nie na die gebruik van **flaaitaal** of **sleurtaal** verwys word nie. Dit is egter 'n studieveld op sy eie en daarom sal dit net kortliks aangeraak word. Die voorbeelde word nie sintakties of morfologies ontleed nie; slegs 'n paar semantiese kategorieë word ondersoek.

Flaaitaal of elemente daarvan word wel soms deur sommige van die studente in hulle omgangstaal gebruik, maar as hulle daarvoor uitgevra word, is hulle onwillig om te erken dat hulle dit ken en gebruik en verwys daarna as “**sommer sleng**”, “**tsotsitaal**”, “**Afrikaans van die strate**” of “**Afrikaans van die Kas**” (lokasie). Alhoewel hulle nie daarmee geassosieer wil word nie omdat hulle dit nie as “goeie” Afrikaans beskou nie, is die hele proefgroep met hierdie vorme bekend.

Volgens Schuring (1983:120) is flaaitaal 'n sleurtaal ('slang'), dit wil sê 'n verskynsel tussen **geheimetaal** ('cant') en **omgangstaal** ('colloquial language'). Die grense tussen sleurtaal en flaaitaal en omgangstaal is vloeiend en dit is dus moeilik om presies vas te stel wat as sleurtaal en wat as omgangstaal beskou moet word. Die studente is self nie altyd bewus daarvan as hulle flaaitaal gebruik nie.

Die data vir hierdie oppervlakkige ondersoek is hoofsaaklik bekom uit **vraelyste** wat deur die proefgroep ingevul is en data wat in die omgang en in die klaskamer deur die navorser opgeteken is. Net die data wat 'n hoë gebruiksfrekwensie toon, sal hier weergegee word.

Flaaitaal kan in verskillende semantiese kategorieë ingedeel word.

7.4.1 Gebruik van eiename

Tipies van flaaitaal is die veelvuldige gebruik van **eiename** (Schuring 1983:125). Ook in TswaA word eiename gebruik om metafories na spesifieke eienskappe of kenmerke van

persone of voorwerpe te verwys. Dit is te verstane dat hierdie tipe benamings baie veranderlik is.

'n Oros X 'n baie vet persoon

'n Zola Budd X iemand wat baie vinnig hardloop

'n Pavarotti of 'n Whitney Houston X iemand wat baie mooi sing

'n Tiekie X 'n baie kort persoon

'n Einstein X 'n baie slim persoon

'n Voortrekker X 'n baie ou man

'n Vasco da Gama X 'n lang onderbroek

Laasgenoemde twee benamings het waarskynlik in die skole ontstaan na aanleiding van illustrasies in die Geskiedenis-handboeke.

John Vorster of Sun City X gevangenis

'n Black Maria X lykswa

Java(s) X koffie of tee (nie sterk drank nie)

7.4.2 Gebruik van getalwoorde

'n Ander verskynsel in flaaitaal is die sogenaamde **getalwoorde** (Schuring 1983:125). Hierdie tipe verwysings kom ook in die gevangenis voor. Van die studente ken hierdie benamings, maar of dit algemene gebruik is, is onseker.

Die volgende voorbeelde is opgeteken.

Jy gaan six nine of jy ga' slat 'n six nine X gaan toilet toe

'n two eight/twenty eight X 'n homoseksuele persoon

two seven X hy is 'n moordenaar

two six X sakgeld

die 'big five' X hulle dra nuus oor

7.4.3 Gebruik van hoofletters om 'n woord voor te stel

Sy is die M in X sy is die moer in (baie kwaad)

sy is na die F X 'funeral'

my M(ê)m X my ma

7.4.4 Die leefwêreld van die spreker

Vir sake wat in **die leefwêreld van die township-inwoner** belangrik is, is daar gewoonlik 'n groot aantal **sinonieme**. Die volgende is van die voorbeelde wat in TswaA opgeteken is.

7.4.4.1 Verwantskapsbenaminge

sieza/siza X suster

bra/bla X broer

ouzalie/oumama/ou gal/ta.nie/mamakgolo/ou Magrizza X ouma

outoppie/madala/outata X oupa

my toppie/die Zappie/my taima X pa

my Zalie/my zult/my mêm X ma

7.4.4.2 Persoonsbenaminge

Kenmerkend is hier onder andere die gebruik van **verwantskapsbenaminge om na nieverwante persone te verwys**, soos onder andere uit die volgende voorbeelde blyk. Verkleinwoorde word ook baie gebruik in hierdie benaminge.

bok(ke)/piece/dol/cherrie X meisie(s)

oukie(s)/boetie/laaitie X seun(s)

tjommie/maatjie/matie X vriend

oompie/pappie/pappietjie X manspersoon

Die volgende **persoonsname** is ook opgeteken.

'n dikmame X 'n vet persoon

'n 'small'ie X 'n klein persoon

marendi X sy kop is nie reg nie

hy is 'n skuurkop X hy word gou kwaad

7.4.4.3 Die gereg en daaglikse bedrywighede

die Magatas/gatas/Gabas/pêrre/die 'system' X polisie

die kouk/rooidak/in die vierhoeke X gevangenis

'n loed/'shark'/'blade'/Jood/Chicco/'n 'agent' X skelm

kapkar/'hippo'/'pick up' X polisievangwa

witpyp/jiffie(se)/mabara X dagga

'n foe/fu/witbeen X sigaret

'n gounie X mes

gangsters (op Afrikaans uitgespreek) X bendelede

vleislorrie X ambulans

sement/'ice cream' X gips

die 'gravy'/die 'system' X die regering

boere/bleekvelle/lanies X blankes

ching/tjienge/zak/kwatshas X geld

gêdle X motor

skôrô-skôrô X ou motor

'rubbers'/raras X skoene

nca joewish(jewish) X mooi klere

sgel X skool

'n khêma X kamer

'n stuka [stuka] X etiket op klere (gedra sodat die handelsmerk kan wys)

'n stêppie/wys-my-gat X baie kort broekie wat meisies dra

drêdse X haarstyl (afgelei van die Engelse 'dreadlocks')

7.4.4.5. Enkele van die ander voorbeelde van flaaitaal wat in TswaA opgeteken is.

Werkwoorde

biza X uithelp/leen (Kan jy nie 'n man met 'n paar sentetjies biza nie)

'chip' X gaan (Sy 'chip' kamer toe)

dief/tjiep X steel (om te dief)

doepel X platslaan (Ek sal jou doepel)

'duck'/dak/latha X sterf

duik X op skuld koop (Ek duik 'n brood)

'gage' X eet (Ons gaan nou 'gage')

hark X by 'n meisie kuier, veral net vir een aand (Hy gaan hark)

plant/ponk X begrawe

pliet X aanlê/kuier (die kêrel pliet by die meisie)

sop X skuld maak (Ek sop aartappels)

taai-taai X deftig aantrek

zag X te min kos gee/snoep

Adjektiewe en adverba

getjaf wees X honger wees (Hulle is getjaf)

gesat wees X treurig wees

sat X dooierig/gevrek (Jy is sat)

'blind' in die betekenis van baie word dikwels in die omgangstaal as volg gebruik:

Ek het 'blind' werk X baie werk

Dis iets wat my hart 'blind' seermaak

My ou 'gal' was 'blind' siek

Die volgende **uitdrukkings** kom dikwels voor. Soms is dit moeilik om te besluit of dit onder flaaitaal tuishoort, en of dit bloot 'n omgangsregister is.

Moenie my vir 'n 'one' vat nie X moenie my onderskat nie

Iemand zinkkop sit X bedrieg

Ons gaan vanaand by jou trap X kom kuier/kom partytjie hou

Om iemand posman toe te stuur X om hom te verkul

Dis net 'n maagtrap X dit is nie ernstig nie; dit moet so wees

Hy's boksbananas X hy hou van baie meisies

'n nca gieg [gik] X 'n lekker partytjie

Hy het rolletjie X hy is ryk

daai jamse X daardie tyd/toe

Ek kom 'meet' sy khala nog X ek vind sy huil nog

Wat ek nca 'notch' X toe ek goed kyk

Bespreking

Kenmerkend van flaaitaal is die veranderlikheid daarvan. Sekere woorde en uitdrukkings vind inslag en bly voortbestaan, terwyl ander ontstaan en weer verdwyn. As 'n sekere woord te bekend geraak het en nie meer eksklusief is nie, moet 'n ander weer geskep word. Schuring (1983:129) beweer dat flaaitaal 'n sisteem van reëls is "wat gerig is op taalverandering en taalontwikkeling".

'n Ander opvallende kenmerk van flaaitaal is die onsekerheid oor die spelvorme wat onder die proefpersone bestaan. Dit is te verstane as in ag geneem word dat hierdie taalvorm feitlik net mondeling gebruik word. Volgens Schuring is Afrikaans die basilek van flaaitaal aangesien die sintaktiese en morfologiese sisteem asook die grootste persentasie van die woordeskat met Afrikaans ooreenstem (Schuring 1983:130). Engels en die betrokke Afrikatale speel ook 'n belangrike rol.

HOOFSTUK 8: SLOT

8.1 Inleiding

In hierdie studie is van die veronderstelling uitgegaan dat die Tswanastudente wat as proefgroep gebruik is, in 'n taalsituasie verkeer waar hulle gedurig aan taalkontak met verskeie tale en variëteite daarvan blootgestel word. 'n Ondersoek na die grammatikale en leksikale komponente van hulle gebruik van Afrikaans toon die invloed van hierdie taalkontak.

Die doelwitte van die ondersoek wat in hoofstuk 1 uiteengesit is, word duidelikheidshalwe weer gegee.

Hierdie ondersoek het ten doel om:

1. die Afrikaans van 'n groep Tswanastudente aan die Phatsimang Onderwyskollege in Kimberley te ondersoek en 'n beskrywing daarvan te gee op grammatikale en leksikale vlak;
2. die tipiese kenmerke en patroonmatighede van TswaA vas te stel;
3. die geskrewe en gesproke vorme van hierdie taalvorm met Standaardafrikaans te vergelyk om vas te stel of ons inderdaad hier met 'n variëteit te make het;
4. om die invloed van kontak met ander tale en variëteite daarvan (ontlening en taalversteuring) op die ontstaan en voortbestaan van dié taalvorm te probeer vasstel ten einde 'n volledige beeld te gee van die faktore wat hierdie variëteit help vorm het;
5. 'n databasis saam te stel wat in die onderrigsituasie gebruik kan word.

8.2 Bevindings

'n Korpus van data is uit die geskrewe sowel as uit die gesproke taal van die proefgroep verkry. Daarna is dit op grammatikale en leksikale vlak ondersoek, beskryf en met Standaardafrikaans en ander taalvorme waarmee hulle in kontak is, vergelyk. Tipiese kenmerke van TswaA is

geïdentifiseer, sowel as voorbeelde van moedertaalinterferensie en invloed van Engels, Onranjerivierafrikaans en Kaapse Afrikaans daarop.

Tipiese kenmerke van TswaA

Uit die ondersoek blyk dit dat daar tipiese kenmerke is wat op morfologiese, sintaktiese en leksikale vlak in TswaA aangetoon kan word. Dit kan soos volg saamgevat word.

Variasie op die **morfologiese vlak**: Op die gebied van meervoudsvorming bestaan die opvallendste verskynsels uit weglating of toevoeging van meervoudsuffikse wat van die SA-gebruik verskil. Hoewel meervoudsvorming in TswaA in vele opsigte baie wisselvalligheid vertoon, bv. die willekeurige gebruik van meervoudsuffikse, is daar op ander gebiede 'n groot mate van patroonmatigheid, soos die frekwente gebruik van die dubbele meervoudsformans. Opvallend is ook die gebruik van die **goed**-konstruksie waar SA van die **hulle**-konstruksie gebruik maak, asook die hoë voorkoms van die leë superordinaat **spanne**. Verkleinwoorde, veral die dubbele diminutief, word baie frekvent gebruik en voorbeelde van deflektering by die verkleinwoorde – die verlies van die kongruerende diminutiefsuitgang na “klein,” kom ook dikwels voor. Op die gebied van kompositavorming en fleksie- en afleidingsgeleding is die sprekers van TswaA baie produktief, maar hulle taalgebruik is ook idiosinkraties en onvoorspelbaar. Vergelykingskonstruksies kom baie selde voor. By die werkwoord is die hiperkorrekte prefigering van **ge-** in vorming van die perfektum en die plasing van **ge-** by deeltjiewerkwoorde die opvallendste kenmerke. Van woordsoortelike meerfunksionaliteit word dikwels gebruik gemaak om te vergoed vir die gebrek aan woordeskatitems.

Sintaktiese variasie word gekenmerk deur **weglating** en **toevoeging** van sintaktiese elemente wat van SA verskil wat die gebruik van voorsetsels, negativering, die infinitief en die lidwoord betref. Die volgende verskynsels is ook kenmerkend van die sintaktiese patroon van TswaA: Die voorsetselgebruik word gekenmerk deur voorsetselkeuses wat van SA verskil en die **saam met-** en **vir-**konstruksies wat frekvent gebruik word. Opvallend van die voornaamwoordgebruik in TswaA is die willekeurige wisseling tussen manlike en vroulike voornaamwoorde, die hoë gebruiksfrekwensie van die **se**-besitskonstruksie, variante betreklike

konstruksies en die anaforiese gebruik van die voornaamwoord. **Negativering** in SA is vir die Tswana problematies. Negatiefkonstruksies met negatiefintensiveerders wat van SA verskil, kom voor, asook konstruksies met te veel negatiefelemente. Die **infinities**konstruksie word dikwels in TswaA gebruik. Kenmerkend is die voorkoms van **om te** as 'n vaste eenheid en die variante plasing van **te** in die infinitiefkonstruksie. Probleme word ook ondervind met die keuse van die bepaalde of onbepaalde **lidwoord** soos wat dit in SA gebruik word. Die **passief**konstruksie word dikwels onder Engelse invloed gebruik, maar die verledetydsvorm **is** van SA word feitlik deurgaans deur **was** vervang. Die hoë voorkoms van die skakelwerkwoorde **loop** en **gaan** is kenmerkend van TswaA asook die frekwente gebruik van die finiete vorme **is** en **het** waar SA die infinitiefvorme **wees** en **hê** gebruik, en die hoë frekwensie van die swak verlede deelwoord **gehet** naas **gehad** van SA. Wat **sinsvolgorde** betref, geniet die **V2-beginsel** voorkeur in TswaA.

Kenmerkend van die **semantiese variasie** in TswaA is die vermoë tot eie skeppings wat komposita en afleiding betref, asook 'n besondere vindingrykheid in die skep van uitdrukkings en idiome. Bestaande leksikale items in SA ondergaan betekenisverruiming in TswaA as gevolg van 'n gebrekkige woordeskat. Hierdie ontoereikende taalbeheersing lei ook tot omslagtige omskrywings en stelwyses. Engelse invloed blyk uit die neiging tot kodewisseling aangesien die Engelse leksikale items dikwels meer bekend is as die Afrikaanse woord, veral op sekere terreine, soos tydsaanduiding.

8.3 Gevolgtrekkings

Die hipoteses wat in hoofstuk 1 gestel is, is soos volg:

1. Die Tswanas van Kimberley praat 'n vorm van Afrikaans wat op verskillende linguistiese vlakke van Standaardafrikaans verskil.
2. Daar is linguistiese kenmerke wat hierdie groep sprekers as 'n gemeenskap bind. Hierdie kenmerke word op onder andere die morfologiese, sintaktiese en leksikonvlak aangetref.

3. As oorwegend niemoedetaalsprekers van Afrikaans vertoon die vorm van Afrikaans wat hulle gebruik kenmerke van aanleedersvariëteite.
4. Hierdie groep sprekers verkeer in 'n kontaksituasie met sprekers van Standaardafrikaans, gepidginiseerde Afrikaans, Engels, Griekwa-Afrikaans asook Kaapse Afrikaans, en TswaA weerspieël hierdie kontak
5. Moedertaalinterferensie vind neerslag in hulle gebruik van Afrikaans.

Hierdie variëteit weerspieël ook die invloed van taalkontak met ander tale en variëteite van tale. 'n Vergelyking met **Griekwa-Afrikaans** bring ooreenkomste op morfologiese en sintaktiese gebied aan die lig, bv. die gebruik van **-se**-meervoudsvorme, die hoë voorkoms van verkleinwoorde, veral die dubbele diminutief, perifrastiese graadbywoorde (meer en mees) in vergelykingskonstruksies, die hiperkorrekte **ge-** by verledetydvorming (gevertel), vooropplasing van **te** in die infinitiefkonstruksie (te uithaal) en stapeling van die skakelwerkwoorde **loop** en **gaan**.

Voorbeelde van sommige konstruksies, soos die gebruik van **is** en **het** in infinitiefkonstruksies in plaas van **wees** en **hê** en die swak verledetydsvorm **gehet** in plaas van **gehad**, dui op kontak met beide Kaapse Afrikaans en Griekwa-Afrikaans aangesien dié variante 'n hoë gebruiksfrekwensie in beide variëteite het.

Die invloed van **Engels** is veral duidelik uit onder andere die weglating van die tweede **nie** in ontkeningskonstruksies, die weglating van die bepaalde lidwoord, anomale voorsetselgebruik en die talle voorbeelde van willekeurige kodewisseling wat voorkom.

TswaA is ook 'n aanleedersvariëteit en vertoon gevolglik tipiese **intertaalkenmerke**, byvoorbeeld perifrastiese markering in getalsaanduiding en verkleining, opheffing van geslagsonderskeiding in die preminale sisteem, die lae voorkoms van vergelykingskonstruksies, tipiese analitiese vorme soos setselskeiding en die hoë voorkoms van die onveranderlike SVO-sinsvolgorde. Gebrekkige beheersing van die doeltaal lei ook tot

'n vereenvoudigde styl en registeraanwending. Ander tipiese intertaalkenmerke soos bv. die afwesigheid van passiefkonstruksies en kopolakonstruksies is nie kenmerkend van TswaA nie wat blykbaar dui op gereelde kontak met moedertaalsprekers van Afrikaans.

Hierdie variëteit vertoon ook baie voorbeelde van **moedertaalinterferensie**. Direkte vertaling van die moedertaalpatroon lei byvoorbeeld tot anaforiese gebruik van die voornaamwoord saam met die naamwoorde van die onderwerp en opvallende woordordeverskille met SA.

8.4 Slotopmerkings

“Die sosiokulturele betekenis van Niestandaardafrikaans en Standaardafrikaans is oor die algemeen in konflik met mekaar” (Webb 1991:19). Die heterogeniteit van Afrikaans is 'n wesenskenmerk van die taal. Hierdie heterogeniteit bring egter ook praktiese probleme mee, veral vir die taalonderwyser of dosent. Aan die een kant moet die leerders se kennis van standaardvorme van die taal uitgebou word sodat hulle in alle situasies effektief kan kommunikeer, maar aan die ander kant moet erkenning gegee word aan die variëteit waardeur die leerders kommunikeer en moet die taalonderrig van so 'n aard wees dat die vitaliteit en spontaniëteit van die variëteit behoue bly. Trudgill stel dit soos volg: “irrational, unfavourable attitudes towards vernacular, nonstandard varieties can lead to *dialect death*” (Trudgill 1995: 179).

Die houding wat die taalonderwyser en -dosent teenoor die variëteit openbaar, is dus van die uiterste belang. In hierdie verband beweer Webb (1991:14) dat baie onderwysers ten onregte glo dat kinders wat 'n niestandaardvorm van Afrikaans praat, kognitief en kultureel agterlik of onderontwikkel is. Ander glo weer daar is net een soort Afrikaans wat as die korrekte vorm beskou word en wat dan oral afgedwing moet word. In hierdie verband beweer Trudgill: “if children suffer because of their nonstandard language, this is due to the attitudes society as a whole, and perhaps teachers in particular, have to language of this type” (Trudgill 1995:186). Daar moet dus begrip, waardering en verdraagsaamheid gekweek word teenoor niestandaardtaalvorme as komplekse taalsisteme in eie reg.

Trudgill (1995:179) kom tot die gevoltrekking dat individue die reg het om voort te gaan om hulle niestandaardtaalvorm in informele situasies te gebruik terwyl die standaardvorm as skoolvak en as die lees- en skryftaal onderrig word. Bykomend kan die leerders dan 'n studie maak van hul eie variëteit en dit met die standaardtaal vergelyk. So word belangstelling in hulle eie dialek as 'n wettige en interessante taalvorm aangewakker en dit help die leerders om 'n vermoë tot kodewisseling te ontwikkel.

Webb (1991:121) onderskryf hierdie siening en voer aan dat die skoolleerplan vir Afrikaans ook voorsiening moet maak vir 'n "kennis van en insig in die dialektiese aard van Afrikaans, die linguistiese en sosiokulturele geskiedenis van Afrikaans en die sosiokulturele stand van Afrikaans as geheel t.o.v. al sy vorme". Die regte en voorregte van sowel Kaapse as Oranjerivierafrikaans moet deur sowel die onderwysowerhede as die taalonderwysers erken en eerbiedig word (Webb 1991:21). Hierdie siening impliseer dat die Afrikaansonderwyser 'n deeglike kennis moet hê van die struktuur en die funksionele verskille wat tussen die verskillende vorme van Afrikaans bestaan. "For the best results it requires that the teacher should have some knowledge of the linguistic correlates of social stratification and of the child's dialect" (Trudgill 1995:186).

Taalkundiges soos Van Rensburg (1992:192) beveel selfs aan dat wisselvorme soos die volgende in 'n *gedemokratiseerde nuwe Afrikaans* geakkommodeer kan word; vorme wat almal in Tswana-Afrikaans baie produktief is.

1. die adjektiefvariante sonder *-e* aan die einde, bv. 'n vinnig motor;
2. die gebruik van *het* naas die standaardvorm *hê* in bv. ons wil die kind terughet;
3. die gebruik van *is* naas die standaardvorm *wees*;
4. variasie ten opsigte van infinitiefkonstruksies, bv. om te werk soek, en
5. die hoë frekwensie van swak verlede deelwoorde soos *gehet* naas *gehad*.

Giles et al (1977) soos aangehaal deur Appel en Muysken (1987:33) beweer dat die vitaliteit van 'n linguistiese groep bepalend is vir die oorlewing van die groep as gesamentlike entiteit in 'n intergroepkonteks. Hoë vitaliteit sal dus waarskynlik lei tot behoud of selfs verskuiwing na uitgebreide gebruik. Uit die studie van TswaA blyk dit dat, as die variëteit aan hierdie kriterium

gemeet word, dit 'n variëteit met hoë vitaliteit is, aangesien dit 'n uitgebreide gebruik het oor 'n hele taalgemeenskap deur lede van die taalgemeenskap uit alle sosiale lae. Sekere kenmerke van die variëteit soos dié wat deur Van Rensburg genoem word, is selfs besig is om na hoër funksies, soos beleidstukke van die onderwysdepartement te beweeg; dit word ook oor die radio en televisie gehoor. Hierdie variëteit kan dus 'n besliste bydrae lewer tot die verryking van Standaardafrikaans.

Hierdie verhandeling bied 'n volledige databasis van TswaA wat as vertrekpunt kan dien vir die taal- en studiemateriaal in die onderrig van die vak Afrikaans aan die Phatsimang Onderwyskollege.

8.5 Moontlike terreine vir verdere studie

- 1) 'n Empiriese studie om vas te stel of daar ná 1994 met die politieke verandering in die land 'n noemenswaardige verandering in die houding van die Tswana teenoor Afrikaans plaasgevind het en die implikasies daarvan op die onderrig van Afrikaans in Kimberley en omgewing.
- 2) 'n Vergelykende studie van die Afrikaans van jonger en ouer lede van die Tswanagemeenskap in Kimberley en omgewing, veral wat semantiese variasie betref.
- 3) 'n Vergelykende studie van die taalgebruik van moedertaalsprekers en tweedetaalsprekers van Afrikaans onder die Tswana.

BYLAAG 1 : OPSTELLE EN TRANSKRIPSIES

Voorbeelde van skriftelike data

Eksamen – 'n nare ding

Eksamen is nie beddegoete waaraan almal kan slaap nie. Om eksamen te skryf voel net soos 'n mens teen die sterk stroom van die breë rivier baklei as jy wil oorgaan. Die vakke is net te klomp. Jy weet nie waar om te vang of te los nie. Jy kan jou goed berei, maar as jy in die klaskamer sit en die woorde wil nie kom nie, dan smag dit of jy kan doodgaan.

Jy kry 'n nare gevoel as daar vroe verskyn op die vraestel wat jy nie daarvan gelees het nie. Dit lyk of dit swart word voor jou en jy probeer indink wat die vroe soek, maar daar is geen lig nie; jy kan van niks dink nie. Jy begin om rond te loer en dink jy sal die antwoorde sien, maar die bord, die muur is beeldskoon. Jy staan met mond vol tand omdat die tyd gaan verby en die tyd kan mens vang.

Op die laaste kom daar die tyd van uitslag. Die uitslag is meer slegter as jy nie deur is nie en jy weet dit is as gevolg van luiskap dat jy nie die paal behaal het nie.

Eksamen is 'n nagmerrie op meeste onthalwe, maar as jy jou goed voorberei het en 'n goeie selfvertroue het, dan gaan jy dit maak deur dik en dun, deur al die frustrasies van die einde eksamen; deur al die emosionele instabiliteite, maar deur langmoed en uithouvermoë gaan jy die jaar lekker uitsien en die jaar klaar word.

As ek ons nuwe staatspresident was

Om staatspresident te wees, is nie 'n kind se speletjies nie. Dit is 'n belangrike tak, so om 'n president te wees, moet jy iemand is wat baie dapper is en ook slim. 'n Mens nodig baie dinge om op dardie stoel te sit. Die president wat nie aanvaar sy posisie as 'n beroep, sou nie deurkom nie.

Sou ek nou die staatspresident gewees is, sal ek eers begin om die ekonomie van die staat opgebou. As die staatsekonomie reg staan, dan is dit makliker vir die staatspresident om sy beloftings te vol maak, bv. mense werke te gee, huise bou, ens.

Ek sou al die mense eenders gevat het en met een hand vang ek sal niemand ondertoe gevat het nie. Elkeen sal nou regte het om hulle gevoelings uit te haal, oudmense en jongmense. Elkeen is vry om te sê as hy nie bly is met iets nie.

Ek sal skole gebou dit vir die swart mense en wit mense. As ons dit net kan reg kyk, ons sal sien dat daar min huise is vir die mense wat nie geken word nie en die mense wat ordenklike erfe kry, is mense wat geken word. Daar is so baie mense wat nie huise het nie anders slaap in parke. Dit is onmenslik om so te lewe sonder huis en kos.

Daar is baie mense wat help van die staat af nodig. Die grondmense sal baie projekte gee word en die hele mense sal hard werk. Die mense se salaris moet opgaan, want die kosse kan nie gekoop word met min geld nie en ons wil ons kinderse 'n betere geleerdheid gee.

Ek sal ook die gesondheid en die opvoedingstandard geverhoog dit. 'n Land sonder edukasie is baie donker. 'n Mens kan nie die toekoms sien in so 'n land nie. Om die ekonomie hoog te maak, moet jy regtig samewerking het van die buitelandse plekke, soos Japan.

As 'n mense gekies word om 'n staatspresident te word, hy moet weet dat dit is 'n roeping; hy moet daar wees vir mense om hulle bly te maak.

'n Busongeluk

Die onvergeetlike ondervinding toe ek betrokke was, was toe ek en ons kerkmense ons predikant gaan begrawe het. En die lyk het plaasgevind in Johannesburg in Zierbekom. Ons se predikant se naam was menneer Modise van die International Pentecostal Church. Ons se harte was baie seer om iemand soos hom te verloor.

Ons het 'n bus gehier en Jo'burg toe gery. Die bus het net reg gery tot ons in Jo'burg inkom. Toe ons net met die kerk se yard inkom, het mense ons van byte af geskree en gesê dat die bus rook uitkom. Gewoonlik sit die vaders voor in die bus in en die moeders agter. Die bestuurder het die bus laat staan en die vaders het uitgespring met hulle bagasie en paar moeders. Hulle was so geskrik, hulle het nie eers gedagte gekry om ons te help nie. Ek en ander moeders was te agter, maar ek was jonker as die ander moeders, so het ek met die venster uitgespring en 'n ander vet moeder het ook probeer, maar sy het af geval met haar mag en sy het baie seer gekry.

Ons bagasie het gebrand en die bus het ook lelik uitgebrand laat die dak inval. Ek en hierdie moeder ons word toe hospital toe geneem. Ek het net baie geskrik. Hulle het hierdie moeder 'n operasie gemaak.

Ons het nie die lyk gesien nie. Hulle het 'n ander bus gestuur om ons Kimberley mense te kom vat. Maar hierdie moeder het agter gebly. Ek sal nooit hierdie ondervinding vergeet nie.

'n Sokkerwedstryd

Ons sal 'n sokkerwedstryd kom het teen 'n ander skool in ons stad. Die wedstryd sal plaas kom vind in die stadium Saterdag. Dit sal 'n groot sokkerwedstryd tussen ons span die Magalie en Swartbokskool is.

Ons was almal gereed vir dit, want ek het gehoor almal daarvoor praat. Dit was Vrydag toe ons afrigter ons sê wat om te doen en hou te speel.

Die Saterdag se dag het met blydskap vir ons gekom. Ons se spankaptein het ons gesê ons moet kalm wees en niks fris nie. Die tyd wat gebêre was vir die sokkerwedstryd was drie-uur. Daar was krioel mense by die sokkerveld en hulle het gesing. Daar was 'n groot geraas soos elke een hom dingetjie van raas wou toets.

Drieuur het die wedstryd begin. Die Swartbokke het eerste begin die bol skop van die middelveld. Ons het gespeel toe is daar nog nie 'n kant wat die bol in die net bring nie. Die keerman van die Swartbokke het te goed gespeel en dit het moeilik gewees om doele te kry. Die kaptein het ons gevra ons moet probeer punte aanteken, maar hy het ook geken dat die Swartbokspeler is baie sterk in die stad in sokker.

Daar was vyf minute oor toe een van Swartbok 'n fout maak en een van ons span laat val. Die fluit het gelui en ons het 'n direk skop gekry. Ons het een van ons beste skopper gevra om dit te skop. Hy het dit in die hoek van die pal ingesluit. Die wedstryd het klaar geraak met een vir ons en nul vir Swartbok. Ons was baie bly want ons het die wedstryd gekry en ons het 'n troffie gewen.

Nomo se wraak (gedig)

Nomo en Tshanibezwe was beste vriende. As ander een kry seer, ander een ook. As Nomo lag, Tshanibezwe ook was bly. Loop hulle saam by die swemkuil, loer hulle die jong fris meisies as hulle swem. Nomo en Tshanibezwe ploeg by hulle se akkers. Oes die goue graan. Gedurende winter loop saam in die winter met hulle se klomp beeste. Hulle het saam bier gedrink en vleis gebraai totdat eendag iets verkeerd gebeur.

Nomo se vader was meer beroemd. Tshanibezwe se pa het na die opperhoof man gegaan en daar leuens vertel oor Nomo se pa. Die opperhoof kom saam met ander mans met assegaie en brand al die goeters by Nomo se stad en Nomo se pa was ook dood.

Toe Nomo alles hoor het hy gaan kyk en alles was nie daar nie. Hy het gedink aan hulle beeste want hy was die enigste een wat kon 'n meisie met soveel lobola uithaal. Dit was baie seer en aanvaarlik was dit nie. Hy het teruggegaan na die berge toe, vol van haat in hom hart in. Hy het beplan om Tshanibezwe dood te maak omdat hom vader hom eie vader doodgemaak het. Hy wil hê hom pa moet voel die pyn wat hy ook gevoel dit .

Hy het Tshanibezwe in die bosse gekry. Hy het hom gehelp om 'n vuurtjie te maak. Tshanibezwe het gemaak asof niks het gebeur nie. Op die einde het hy vir hom vriend doodgesteek in die bors.

Nomo het rondgedwaal. Hy het rustelose nae gehad. Hy was heeltemal nie rustig nie. In die einde skielik kry Nomo pyn van laaste liggaamsterkte. Hy span al sy vleisbundels saam en maak homself dood. Dit bewys dat om 'n wraak te maak is nie goed nie, want God ken enigiets. So alles is in hom krag.

Brief aan vriend om te waarsku teen dwelms.

Beste Buks

Ek is bly vir hierdie geleentheid om vir jou mee te skryf. Ek hoor jy gebruik ook dwelms en ek wil jou van Piet vertel.

Jy weet mos Piet het dagga gebruik, nou is hy in die hospitaal. Die dagga het altwee van Piet se longe geëet, die ander long is pikswart en die ander een is nie heeltemal swart nie. Hy is vir jou brandmaer gekrimp, die oë is groot, hy is vreeslik siek. Ons wag net lat ons hoor hy is dood, want hom lewe is langs die draad. Hy kry 'n vreeslike pyn as hy hoes. Hom baba is hom eentlik bang, want hy lyk skoon soos 'n spook, hy is nou lig in kleur. Ek sê jou Buks, sy briekmerke het al voor die hemel gelê.

Ek vra laat jy asseblief nie weer dwelms gebruik nie. Jou suster is baie bekommerd daaroor. Onthou, spyt kom agterna.

Jou maat

Stanley

TRANSKRIPSIES VAN GESPREKKE, VERTELLINGS EN ONDERHOUDE

Inligting by die lees van die transkripsies.

Daar is so ver as moontlik by gewone skrif gehou en slegs waar dit nodig geag is, is die fonetiese transkripsie in vierkantige hakies agter die woord geplaas.

'...' dui Engelse of Tswanawoorde en uitspraak aan, bv. ge'mix'

Indien die Engelse woord se spelling of uitspraak by Afrikaans aangepas is, word dit sonder aanhalingstekens aangedui, bv. ieste 'eggs'.

"..." dui aan dat die spreker die direkte woorde van 'n persoon in die vertelling gebruik.

j binne 'n woord dui palatale klanke aan, byvoorbeeld in die woord **gjeld**

: binne 'n woord dui 'n besondere lang klank aan

Klem of uitgerekte uitspraak word byvoorbeeld as volg aangedui: liéééf

Die verskillende spreekbeurte word met die voorletters van die spreker aangedui. **OV** dui die onderhoudvoerder se spreekbeurte aan.

Transkripsies van die volgende gesprekke en vertellings word hier weergegee:

- | | | |
|----|--------------------|---------------------------------|
| 1. | Priscilla Babuseng | Moord op Dorie |
| 2. | Lizzie Gaoagwe | Lastige skoolkind |
| 3. | Beverley Khosholo | Raakgery |
| 4. | Kesebonye Mothibi | Omgewing waar ek woon |
| 5. | Tebogo Sehomo | Bespreking oor meer as een vrou |
| 6. | John Serati | Deur 'n koei gejaag |

1. **MOORD OP DORIE - PRISCILLA BABUSENG**

Dit was by die East ... e ... Paasnaweek, ja. Nou toe's ek nou by die kerk nou. Ek vra my suster mooi: "Oueenie" - ons het twee kuiergaste eerste van Bloemfontein - ek vra my suster mooi: "Oueenie, nou gaan ons'ie vanaand kerk toe nie?" Oueenie sê: "Nee, ek moet die mense uithaal, Thumi. Ek moet hulle mos uitvat." Nou as jy hulle so uitvat, jy vat hulle mos ... Mevrou sien mos, dis Bloemfonteinmense; hulle wil ga' wa' dit gedrink word, ma' dis meisiekeners. Die een is kleiner as my; die een is my pertiers. Nou, hulle wil drink nou. Hulle kan'ie nog wil kerk toe gaan nie. Oueenie sê: "Ek vat hulle uit." Ek sê: "Oueenie, ga' jy nie kerk toe nie?" Oueenie sê: "Nee, djy ken dan. Ek ga' ... ek ga' djou by die kerk kry."

Nou toe maak ek klaar. Toe ga' ek kerk toe. Ons trek swart en wit aan. Haar swart-en-wit haal sy skaars uit om my te wys sy sal'ie uitsteek'ie.

Die aand by die kerk ons sing, sing, sing, sing. Sy't nooit uitgesteek'ie. Tienuur in die aand - ek het klaar vergeet van haar - hier sien ek nou hier kom drie wille meisies ... vrouens by die kerk in. Mevrou wiet, sommer so 'n rowwe swart-en-wit, so snaks. Hulle lyk omtrént snaks. Hulle se oë blink; die hare is nie weer gekam'ie; sommer net baret opgesit. Nou wonder ek nou wat gaan aan met hulle, maar ek sing nou; dink nou, seker hulle is nou weer dronk. Nou sing ek.

Nou, daai tyd ek sien sy's nie rustig nie; sy's onrustig. Sy kyk my so bly-bly aan. Wat dit gasing word, spring hulle drie op, kom sit hier by my. Ek sit mos nou da' by die koor. Kom sit hulle drie nou hier langs my. Nou hoor ek gapreek da' voor. Nou sê Oueenie: "Thumi!" Dit word gepreek. Ek sê: "Sjijt! Sjijt!" Ek dink net, seker hulle is nou gadrink mos en sê hulle moet stilbly. Ek luister nou; da word gepreek.

Wat dit gesing word, kom sy so na my toe. Sê: "Ek het'e mens doodgemaak." Jô, Mevrou, ek skrik. Ek sê: "Waar?" Hy sê: "Nou, nou, nou, hier in'ie straat" Ek sê: "Met 'n wat?" Hy sê: "Met'e klip." "Wat'et jy hom gemaak?" Hy sê: "Ek het hom gekap. Ek

het hom gelaat val, sien dji? Wat hy val, toe kap ek hom.” Nou vra ek hom: “Wie’s dit?” Hy sê: “Dis Dorie.” Nou ek ken mos; Dorie is ’n ou-ou mannetjie. Ek sê: “Hê’jy vir Dorie doodgemak?” Hy sê: “Ja.” Ek sê: “Oueenie, hoe ga’ jy nou maak?” Hy sê: “Ek wil hê dji moe’die polisie sê ek was by die kerk.” Ek sê: “Is jy seker?” Nou ek vra hulle vrae. Die twee is so gaskrik. “Het iemand vir Queenie gasien dat hy daai mens doodkap?” “Nee, niemand, ons het rondgekyk. Wat ons hom los lat hy stillê, hartloop ons gou huis toe. Toe trek ons gou an.”

Hulle’t nou my aand bederf. Ek sit so. Ek sê vir Queenie ... Queenie sê: “Kom ons ga’ nou huis toe. Ek sê: “Nee, luister hier, dji ‘jive’ nou da’ voor. Wat so gepreek word, jy moet so da’ voor Moruti dans dat hulle jou kan almal sien jy was in’ie kerk. As ek die polisie sê, da’ moe’dji ook jou storie sê. Dan kan hulle ma’ die predikant kom vra.” Nou Oueenie bly net da’ verby die predikant gemaak. Sy’s gaskrik, Mevrou, sien. Sy klap nie hande met haar hele hart’ie. Sy’s so gaskrik. Ek is ook so gaskrik.

Nou roep ek haar weer: “Queenie, hoekom het jy hom lank gekap? Ka’ jy sien jy het hom ganoeg gekap; toe moe’jy hom los” “Nee, ek het gadink hy’t gefeint. Sien jy, toe ek hom so skud, wee’ jy, toe lê hy doodstil; hy sê niks. Toe hartloop ons weg.” Ek is gaskrik, jong, Mevrou. Daai tyd, ek sien so twaalfuur, ek sê hom. Queenie sê: “Die Moruti het my nou ganoeg gesien.” Ek sê: “Sien jy, word nou gapreek; jy moet nou verbygan da’ wa’ dit gapreek word. Ga’ sommer so verby; maak lat jy gaan yt. Dan ga’ ons jou da’ buite kry. Dan gaan ons ‘once’ huis toe.”

Nou wat dit so gapreek word, dis mos stil. Die hele mense kyk mos vorentoe. Da’ ga’ jy sommer verby die twee mense wat so preek. Die ene preek; die ene tolk. Sy loop da’ verby hulle; sy ga’ uit. Nou waar dit gesing word, gaan ons drie nou uit. Die hele pad ons praat nou van dié moord. “Nou he’ hulle jou rêrig nie gesien nie?” “Mm-e, niemand.”

Wat ons by die huis kom, sy kan’ie slap’ie, die hele aand. Ons het so ‘bout’ ‘one’goed by die kerk gegaan. Nou Queenie kan’ie slap’ie. Sy bly net so, as die karre verbygaan,

sê: “Daar’s’ie speurders! Daar’s’ie speurders!” Ek sê: “Lê d jy net. As hulle djou kry, d jy slaap. D jy sal sê d jy was nooit weg’ie. D jy kom van die kerk af.”

Nou, in die oggend in, vroeg, staan sy op. So sesuur maak sy my wakker: “Hei, loop loop da’ bietjie in’ie straat rond. Loop hoor wie sê die mense wie’t hom doodgemak. Ek sê: “Nee, e ... e ... ek is bang. Net’ou kry sy suster vir my, dan sla’ hulle vir my vir djou part. Ek gat’ie uit die huis uit.”

Ons kan skaars skoonmaak’ie; ons bly net reël hier onderlangs. My magoed weet’ie wat reël ons’ie. Queenie sê: “Plas,” - hy sê nou vir my en nou die ander Bloemfonteinmeisiekind - “gaan julle twee.” Ek sê: “Nee, dan sien hulle reeds ek en sy. Dan sê hulle ek was saam met haar. Gaan d jy saam met haar. Die mense sal nou kom sê hy’s dood, so soos die mense verbygaan winkel toe en trug.”

Nou stuur sy nou vir my uit: “Gaan vra hulle, ken hulle nie wie’s dood nie.” Nou roep ek hulle nou: “Hoor hier, hei! Ek hoor daar’s iemand dood. Ken d jy nie wie?” “Nee, niemand is dood nie.” “O.” Kom weer in’ie huis in. “Nee, ek hoor hulle ken nog nie. Ma’ die polisie ga’ nie kom nie.” As die karre verbygaan, sy bly gaan nou.

Nou daai tyd - die deur is toe - klop da’ iemand. Nou wat ons die deur oopmaak, staan die mannetjie wat Queenie réeds gekap het, hier in die kombuisdeer. Hy’s kwaad; hy staan so. Queenie sê: “Sien jy, Dorie, ek het jou amper doodgemaak. Jy moet sê dankie. Ek het jou amper doodgemaak. Jy moe’ dit’ie weer doen’ie. Jy moet dit nie weer probeer nie.” Nou sê Dorie nou: “Ek gaan jou steek, Queenie, want ek sien jy slat manne.” Nou sê Queenie: “Nee, man, ek was toe kwaad. Kan jy ook wil my niggie gryp, hé! Ek het jou amper doodgemak. Jy moet dit nie weer doen nie.”

Nou, haar hart het nou gan staan, want sy sien Dorie ... Dorie ... Dorie lewe nou.

2.. **LIZZIE GAOAGWE - LASTIGE SKOOLKIND**

LG My naam is Lizzie Gaoagwe. Ek gaan djulle 'n storie vertel van my ... van my jongsdag af. Toe begin ek uitwêrk. Ek het eers ... ek het gebegin werk, toe was ek 19 jaar oud, op daai plase van Stillwater. Ek het da' skoolgehou. Eendag toe mak ons nou vir die skole ... toe maak ons vir die skool geld. Nou da' was nou groot kinnars op daai skool. Ek was nog baie klein; toe dra nog so kort rokkietjies. Toe was da' kinnars in standerd ses; da' was so 'n anner manniekind. Sy naam was Djakop. Dié manniekind, elke na skool sy gan na my kamer toe. Sy sê ek moet hom nou matematiek leer. Ek was bietjie slim met die 'arithmetic'. Nou, ek het 'ie natiesie toe gevat om te sê dié manniekind wil sam met my vry, maar ... skoolkind! Elke dag na skool - sy los net lat 'ie ander djuffrouense loop; dan gaan na my klaskamer toe, want ek was nog baie djonk. Toe 'like' ... toe hou ek van sam met die kinderse so speel gedurende die pouse. As die kinderse so by die ... by die speelgrond speel, ek gan ôk saam. Ek gan speel saam met hulle. Dié wat bôl skop; ek gan skop saam met hulle. Nou toe dink die mannetjie ek is sy pertier. Djy's nog 'n klein kind!

Nou toe mak ons nou die skoolgeld. Ons mak 'n konsart, nou die konsart in die aand in. Die hoof sê ek moet by die deur stan. Lyk my die manniekind gan uit; hy krap ... hy gan stan by die donkerte. Ek vat 'ie natiesie nie. Nou toe, toe was nou so drie-uur se kant. Nou die mense gan mos nou nie weer in die konsert nie. Elkeen kan mos nou vry gan. Ons lees die geld; ek en die anner onderwysers. As ons klaar die geld gelees't, ek gan loer buidekant. Dit is sleg da buidekant. Net as ek net kan uitgan, da's hy weer da' buite. Toe sê ek weer so 'n anner onderwyser, meneer Lecwidi. Ek sê: "Meneer, as die konsert ytgan, ek gan sam met djou loop." Hy roep, hy sê: "Nee, nee, nee, nee, Djuffrou. Ek het 'n ... ek het iemand. Nou daai mens gan sê ek en djy is bestandig." Ek sê: "Nee, dis 'ie so nie." Maar toe, toe het ek dié man van my, meneer Gaoagwe. Toe het hy nie konsart toe gekom, daai dag 'ie. Ek was omtrênt deurmekaar, want Djakop hy soek nét vir my. Toe mak ek 'n plan om te sê: ek moen 'e 'way' eitmak om huis toe te gan. My huis was 'ie so baie ver da' wat ek gebly het 'ie, net daar, dit was net so langs die bosse. Toe kyk ek hom. Hy sit agter die boompie. Nee, hy dja my. Ek hartloop dat my skoene se hak uit ...

stukkend is. Toe los ek die skoene sommer stukkend. Toe los ek die skoene. Nou die mannikind, toe tel hy die skoene.

In die oggend in ... ek gaan kyk die skoene. Ek het net gou die sluitel ... ek het net die sluitel ... ek het sommer die sluitel ytgehaal. Toe maak ek hom die deur toe; sluit ek hom. Hier binne, net so gaskrik. Ek bly net by die venster. Ek is nou in die moeilikheid en die mense hulle is bietjie ver, die ander kamer. Die mense hulle het lank geslaap. Ek meen, al kan ek skree; niemand gaan my hoor'ie. Sê, die mannikind moet tog'ie daai venster inkom'ie.

Ek het'ie daai dag geslap'ie. Tot sewe-uur toe gaan hy so op en af, al om die venster, bly klop. Ek bly net: "Ek ... ek maak die warm water vir jou. Ek kom gooi jou! Ek kom kook jou!" Daai's niks te doen'ie. Hy bly net klop. "Maak oop die deur. Hier's jou skoene. Kom vat jou skoene." Ek was omtrênt in moeilikheid van daardie dag af.

Die volgende oggend toe gaan ek na die voorman van die plas. Toe gaan sê ek hom van dié mannikind. Toe sê die mannikind: "Nee, ek hou van miestres. Ek kan niks daaraan doen'ie." Sê: "Nee, die mens is ouer as jy." Sê: "Nee, hy's'ie ouer as ek'ie. Hy speel saam met ons da'sô. Al spring hy, hy vang'ie sy rok'ie. Hy vang al die goeters an. Die's 'n klein kind." Ek sê: "Nee." Toe vra die voorman vir my: "Hoe oud is jy, Djuffrou?" "Ek is neëntien jaar. Die volgende jaar maak ek twintigs." Nou die mannikind was agtien jaar. Toe sê hy: "Nee, it doesn't count." Ek sê: "O, Hene."

Nou toe sê ek vir myself, ek gaan nie weer die mannikind help met iets nie; met sy somme nie, want as ek ... miskien ek doen die somme hier; hy lyster my nie. Nou toe word ek somme bang. By die skool, ook in die dag in, toe word hy nie niemand bang nie. Hy gee ook nie eens om nie. Hy gaan na my klaskamer toe. Hy gaan as hy my net sien, da' is ek in die klaskamer; hy gaan na my klaskamer toe. Naderhand toe, as hy net inkom, nee, hy maak my net dés.

OV Hoe maak hy jou?

LG Ek wil'ie prat'ie. "Des" is kwaad, ja. Dis net slengwoord, Mevrou. Ek hou my net sterk as hy naby my kom.

Toe word die skoolkomitee ook gesê om te sê die manniekind hy mak vir my stoutigheid. Toe sê so anner een van die ouerse om te sê ek moet die manniekind slat. Ek sê: "Joe, 'n manniekind?" Nee, hulle sê ek moet die manniekind op die stoel sit; ek moet hom slan soos 'n kind. Ek sê: "Nee, joe! Hy gan my in die hand in kry en my dja."

Dit het net 'n een dag geword; toe word ek nou kwat. Toe sê ek: "Nee, man, die manniekind sien ek is hom bang. Hy rak my lelik gewoond." Ek loop nou. Dis nou ná skool. Dit was op 'e Vrydag. Toe sê ek, nee, ek sal so 'n anner plas gan keuer. Dit was so plase, plase, plase, Renosterkloof en wat. Toe sê ek die Renosterkloof se kinnners om te sê: "Nee, na skool dié naweek ek gan kuier da' djulle se ouers. Toe sê die kinnners: "Nee, reg Juffrou." Ek gan pak nou my klere in in die sak in. Hier klop hy. In my huis in. "Nee, ek is lief vir djou, Juffrou." Die water is op die 'primusstove'. Ek kyk die water; ek sê: "Ek gan tronk toe gan." Toe kom hy na my toe; toe gryp ek hom. Ek het daai dag rêrig gesien om te sê ek kán 'n manniekind slan. Ek het die manniekind omtrént geslan dat hy self skree: "Hou! Hou!" Toe sê ek: "O, die hele tyd ek het gedink die manniekind is sterk. Hy's bank." Toe baklei ons; rêrig, rêrig; ons baklei. Toe slat hy my met'e vys; toe slát ek hom met'e vys. Toe hy slan my; ek slan hom. Naderhand toe kry ek sy band nou; vat ek an sy band. Toe wil die manniekind ... ek het hom só vasgedruk lat hy swel. Mar, naderhand, die laste, toe voel ek rêrig spyt. Toe vat ek hom ma' self dogter toe; met my eie geld. Toe gan vat ek hom. Toe sê daai buur'uncle' om te sê: "Nee, Djeeffrou, hy't homself gemaak. Dis'ie dji nie." Toe sê ek: "Nee, man, ek voel ma' spyt, want dis'e kind by my." Ek is net een jaar ouer as hom, ma' ek weet'ie wat soek hy by my nie. Bly net; hy sê net: "Nee, it doesn't count. Dji's my pertier. 'n Vroumens word gou oud." Ek sê: "Nee, ek word'ie so gemak'ie. Dji kan'ie sê dji kan sam met my vry en ek vry sam met djou nie. Djou broer ..." Hy sê: "Nee, Judgement is'ie my broer nie. Ek ken hom nie van toegaans nie." Nee, ek het die manniekind só geslan dat hy - die arme kind - naderhand afgee. Maar toe vat hulle hom dogter toe, mar ek het toe mar daai dogter gepetal.

Hy het mos al eenkeer vir Judgement gesien om te sê die eerste tweelings van my ... toe sê hy vir Judgement die een kind is homne; een kind is Judgement s'n. Hy kan nie twee kinderse kry nie. Toe sê Judgement: "Nee, dit het mar net gekom mos van my familie af en van Lizzie se familie af. Hulle kry mos dan tweelinge." Toe sê hy: "Nee, dis'ie djou kinnerse nie; dis my kinnerse." Toe sê ek hulle altwee niemand van die manmense kan kind kry nie. Ek het kinnerse, want ek het daai paar mande geloop ek gee alleen drink. Djulle staan mos dan'ie op'ie. Is my kinnerse; is'ie djulle s'n nie. Niemand van djulle het kinnerse nie. In die aand in djy mak hom wakker. Dan sê hy: "Nee, man, ek gan werk toe." Hy vat net die kind net so 'n bietjie. Miskien die kind is siek; die kind kan mos dan'ie prat'ie. Djy, die ma, djy lê net 'n bietjie; djy skrik weer wakker. Hy sê hy's moeg, mar hy sê die kind is homne. Dissie sy kinderse nie.

3. **RAAKGERY - BEVERLEY KHOSHOLO**

Luister djulle nou. Dis djulle se storie dié. Ja, Mevrou, ek was winkel toe gastier en nou toe ek terugkom van die winkel af, loop ons toe, toe's ons drie; ek en so anner twee meisies. Toe ons nou so afkom, sien ek net da' spring hulle uit die pad uit en ek ... van skrik hardloop ek ongelukkig toe in die koembie in. Die koembie gooi my toe hie'deer. Jong, was nog vir asyn en vierhoutjies en sigarette gastuur en 'change'. Die hele goed val hie' af. Maar ek het so seergekry, maar jong, spring da' vinnig op.

Die mense vra my: "Hei, he'jy seergekry?" Ek sê: "Haya, die 'change'." Ek soek my sente hier op'ie grond; tel my sigarette op. Ek sê: "Waar's my ..." - die bottel het skaars gebreek - "bring julle my bottel." Ek huil, maar in daai trane van my ek soek my goete. "Bring julle ..." - die geld kort nog. Ek krap-krap hier op die grond, Mevrou. Da' kry ek toe die geld ... my hele goeters gasoek. Toet ek hulle klaar gakry het, laai daai twee vrouens my in die koembie in. Hulle vat my nou huis toe. Nou die een vrou ken wa' bly ek, dié wat sy man 'n speurder is. Nou die ander een se man is 'n polisie. Hulle twee sam. Hulle vat my gou hys toe.

By die hys aankom, my twee vriende het reeds ... my vriende hulle het reeds vooruit gaspring, gahardloop en by die huis gan sê lat ek nou gestamp is van die koembie. Nou wat ek by die hys kom, is my ma klar kwaad. Hulle het ook ... lyk my hulle het ook gasê die koembie ga' my nou hys toe bring, want my ma is klar kwaad. Maar my ma sien ek kan op my twee bene stan. En daai antie sê nou: "Nee, ons gat haar gou hospitaal toe vat", maar my pa en ma sê: "Nee, niks'e hospitaal toe vattery nie Ek wil niks hoor'ie." Sê toe my pa: "Djy kan sien hoe kom die kind by die hospitaal." Daai anties dja my ma hulle da' yt die hys yt. "Ga' djulle! Uit is djulle!" Die arme anties het skaars kans gekry om te prat of te sê: "Nee, ons het'ie aspris gemak'ie. Die kind het ... het by die motor gehardloop."

Da's die anties toe weg. Nou sit ons nou toe da'. My pa loop bel die ambulans da' by die kerk. Kom die ambulans. Toe kom ons by die hospitaal. My twee knieë het seergakry en hier by my heup het ook seergakry; by my linkerheup het ek ook seergakry; my kop het 'n pap hou; pap plekkie. Op 'n kol is my kop omtrént pap, Mevrouw. Nou sê... nou word ek nou X-strale toe gevat. Nee, dis darem nie gebreek nie. Net 'n skyfie in die ander knie. Dis reg, toe gan ek hys toe.

Nou toe sit ek by die hys. Gan ek soms skool toe, mar ek loop nog so mankerig, mar gan ek darem altyd skool toe. Gan ek skool toe ... ek was in standerd twee. Gan ek skool toe.

Eendag kom da' 'n brief aan by die hys. Die polisie was nooit by ons nie. Nee, hulle het al die verklaring gevat by my. Nou toe kom hulle nie weer nie. Nou kry ons skierlik net 'n brief wat kom van da bo af van die hoog offisiere af. Daar's'ie saak'ie ... die saak is uitgagooi. Ek het heelyd nooit skool toe gagaan nie; net reggesit, en toe sê my pa: "He-e, daai's'ie daai ding'ie." Nou my pa vat nou daai kop van my wat so pap geis het; maak hom nou 'n groot ding, sien Mevrouw. Hy sê: "Dié kind gan'ie weer skool toe nie." Nou sê hy my: "Djy gan'ie weer skool toe nie; bly by die huis" en hy sê nou my susters: "Kyk, as die mense vir Tots kom soek, djulle sê hulle streit, kyk, Tots is mal; hy gan'ie yt die hys yt nie."

Ek moet net so in 'ie huis in sit, maar was darem lekker, want as ek so in die huis in sit, ek kry darem al van die bestes. Nou sit ek toe in die huis in. Hulle ... ek ga' nie weer skool toe nie. My pappa hartloop net rond met daai brief. Hy gaan da' by die derdeparty. Hy hartloop net met daai brief. Kry ons weer 'n anner brief wat sê ek moet ma' da' voor die 'O.K' gaan; da' by die NBS. Ek sien nou ... ek kan nie mooi onthou wat da' staan nie, maar da' was ook witpakkemanne of die prokureur - ek ken nie wat was dit nie. Nou toe gaan ons nou da'.

Nou kry ons weer 'n brief, Mevrouw. Lyk my dis nou van hulle af; van daai oom af. Ons moet nou Johannesburg toe gaan, Hillbrow toe, ek en my pa. Ons ry, ons gaan nou Djohannesburg toe. Op die pad en ek roep net. My pa moe'net bly koop. As die trollieman so verbygaan en hy tok so an onse deur, dan wil my pa nie oopmak nie. Ek sê: "Maak oop, Pappa, ek wil koop. Dis'ie oompie wat verkoop daai. Maak oop, maak oop lat ons kan koop." Pappa koop net vir my, want hy wil hê ek moet tog nou die regte ding doen. Sê hy: "Totsi, moenie versjeet'ie; jy moet jou heeltemal dom hou. Jy moet jou onnosel hou as ons da' aankom." Sê ek: "Nee, dis orraait, Pappa." Hy vertel my so, gee my so punte wat ek moet mak nou. Ons loop nou. In Johannesburg kom, klim ons af. Nou ons loop toe tot by daai Hillbrow. Gaan ons da' in. Die gebou is baie mooi, Mevrouw. Solike groot glasse, as dji hier trap, jy kan jou da' sien en da' en da'. So mooi, so ronne glasse, so baie mooi. Nou da' kan die ontvangsdames ... hulle's klomp, seker stuk van ses, so 'n groot plek. Sit hulle da' en my pa gaan. My pa moe'nou met die ontvangsdame sta' loop prat.

Ek haal my toertjies klar uit, my pa het my klar gesê: "As ons net inkom, jy moet klar begin met jou streke." Jong, ek het nog my skoolskoene aan; die skoolskoene wat hierso vandaan is. Jong, Mevrouw, ek doen da' die wonderlike goeterse. Kyk my so in die glas in, dan draai ek my weer so heen en weer in 'ie glas in. Daai mense kyk my so, hulle glimlag so vir my. Hulle sien ek is mos nou mal. My pa prat met hulle. My pa ken klar ek doen nou my dinge. Hulle kyk so in 'ie lug. My pa vat dit'ie kop toe as hulle so 'smile' met my nie. Hy praat sy ding met hulle.

Nou daai tyd loop sit ek. Lyk my hulle vra hom vat my koppie nie reg nie, maar ek kyk net hom, dan kyk hy weer trug. Ek meen my pa kry bly, jong, ek sien ... lyk of sy hart het gaan rus. Sy hart is rustag.

Nou daai tyd gan sit my pa da. "Tots!" Hy hou hom kwaai. "Kom sit!" Gan ek so op 'n drafstappie na hom toe, ma' dis eenklik nie ver nie. Nou kom ek en ek góói my so op daai soufers. Nou daai soufers, Mevrou, ek hoor nou toe hulle mak so ... hulle mak so ... lyk of mens há:rd wind uithal. Nou my pa het'ie omgee die eerste keer wat ek my so hard opgooi nie. Lyk my hy't verwag nou ek sal nou stilsit. Nee, wat ek so ... toe maak ek nou aanhoudend dat dit so aanhoudend so raas. Ek sien my pa word daai tyd nou vervelig. Hy sê: "Man, Tots, jy sal mak ... jy gan mak lat hulle dink dis ekke. Moenie so baie op die goeters sukkel."

Nou roep die dokter my. Nou ondersoek hy my. Kyk, vra my of dit nog seer is hie'. Dis lánkal gesond - lyk my of die koembie my so onderstebo gestamp het, weet Mevrou. "Ja, dis nog baie seer." Dokter sê ek moet da' op'ie stoel klim. As hy net liggies gaan vang, sien Mevrou, skree ek: "Nee, man, eina, eina!" Ek roep hom nie weer dokter nie. "Nee, man, djy gat my seermaak. Nee, djy kan my nie wil so hard druk nie. Djy hoor dan dis so seer hier. Djy wil my wragtiewaar hard druk. Nee, djy ga' my seermaak." Die dokter sê: "O, jammer, jammer." Die dokter sê: "Nou moe'djy op daai stoel klim. Dan moe'djy so met een been afspring." Ek sê, ja. Ek hou my eers 'n bietjie so 'confusing', dommerig. Ek spring so met my altwee voete op. Dokter sê: "Nee, ek het gesê met 'n één been." Ja, nou gat ek djou wys. Nou klim ek weer op die stoel. Die een been land ek reg maar met dié been - hy't net so geskywe, maar hy's reg. Nee, ek land'ie met hom nie. Laat sukkel die dokter met dié been van my. Nou sien die dokter mos die kind het seergekry, want anders sou sy darem geland het. Sê die dokter: "Nee, dis reg. Ons kan ma' gan."

Toe loop ons. Roep hy weer my pa in. Praat hy en my pa. Toe kom my pa uit. Nou sê my pa vir my in die pad: "Lyk my jy't baie mooi gewerk, want die dokter prys jou dan.

Die dokter sê daai hou het 'n kwaal in jou kop gemaak. Jy gat'ie weer regkom nie. Sien jy, ons het hulle nou klaar." My pa weet mos ek is reg. Nou het ons hulle kla'.

Die skoolprinsipaal het ook die brief ingesit. Die skoolprinsipaal het my mos nooit gasien nie. Hy't net die brief kort geskryf om te sê, nee, die mens is rêrig mal, want sy kom totaal nie skool toe nie. Toe stuur hulle die papiere weg. Gaan ons nou terug trein toe. Op pad stasie toe: die horlosielekkers, die 'dummy'lekkers; dis net ek wat hulle net wys met die vinger. My pa is nou so bly, want die dokter het hom nou gasê lyk my daai kwaal sal'ie kan ytgaan yt my yt'ie. Sal net so ... so onnoselrig en mallerig bly. So daai nagmerries gat ek aanhoudend kry.

Net wat ons nou by die huis kom - ons het skaars lank gewag'ie - laat roep hulle nou my pa. Toe gee hulle hom nou 'n tjek van R800. R800 is mos 'n klomp sjelt. Toe's my pa nou omtrént bly. En ek was toe weer klar trug skool toe. Skaars die hele jaar ... nee, ek het'ie al die eksamens geskryf'ie, net halfpad, maar toe vat hulle my standerd drie toe. Kry ek nou daai sjelt, die R800.

En Desembermaand, die drie en twintigste moes ek da' by daai prokureer gaan. Dan kom ons nou bymekaar met al die onnosele kinders. Nou hulle is rêrig onnosel en ek is nou normaal. Nou daai vrou, wit vrou, moet my nou die pop gee. Bring hy vir my die beer en sê: "Haai!" Nou verveelt hy my so, Mevrouw, want ek makeer niks en hierdie mal mense ... dan ek bly by my suster. My suster sê: "Gan sit da' by die kinders, lat hulle sien jy's rêrig mal." Ek sê: "Nee, daai kinders maak my kwat." Mevrouw sien, hulle is net so 'jam'merig. Hulle wil my so trek-trek. Ek word kwaad, dan maak ek so; ek gaan yt hulle yt. Sê hulle: "Haai!" Toe gee hulle nou my pop en bôl - daai wat só maak - en speelgoed. Toe gaan ek huis toe. Toe sê hulle ek moet elke djaar kom. Ek het net daai een djaar gekom - rêrig te vervelig da; gan ek'ie weer'ie.

4. OMGEWING WAAR EK WOON – KESEBONYE MOTHIBI

KM Ek bly hier in Kimberley; hier in Vergenoeg. Ek het grootgeword hier in Kimberley, Mevrou, en ek het skool geloop da' in St Dominics. Mar in primêre skool; toe doen ek standerd vyf. Mevrou, da's baie goeterse wat da' gebeur'et. En nou nog, ek kan nie daai mense aanvaar nie; daai onderwyseresse, want wat gebeur het, is, dit was Vrydagmiddag toe die een van die leerlinge ... een van die leerlinge het gesê sy geld het geverloor. Hierdie leerling, toe sê sy ek het sy geld gevat, sien, sy 'uniform' se geld gevat. Sy het die geld in sy sak ingesit. Mevrou, daai dag toe was my hart baie seer. Toe sê die onderwyseres: "Nee, ons gaan roep die poliesmanne met die honde." Toe sê ek ... want, regtig, ek het'ie die geld gevat'ie. Die .. die prinsipal was'ie da' nie.

Die volgende dag - toe gan ons hys toe - volgende dag toe kom ek sam met my oom, want my oom was net by die hys. Toe gan ek met my oom skool toe. Toe sien hulle my sam met my oom. Toe word hulle verbaas. Hulle het gedink ek sal'ie sam met my ouerse skool toe bring'ie. Die prinsipaal - toe hoor hy nou eers van'ie gister se stories. Toe's hy baie verbas. Toe vra sy vir hom: "Hoekom het dji nie gasê nie; vir my gevertel oor die gebeurtenis van gister?"

Toe prat hulle; toe prat hulle; toe prat hulle. Dié kind, sy het die geld geëet, Mevrou. Nou, ek ... want ek het sy sak gevat by anner klas toe. Nou dit lyk of ek het die geld gevat. Tot hier vandag toe, Mevrou, ek kan nie daai onderwyser vat'ie, Mevrou, want ek was geslan. Góéd gaslaan, Mevrou; nie die bietjie nie. Ek het snot en trane gehuil.

(OV lag) Dis'ie om te lag'ie, Mevrou. Goed geslaan, Mevrou. Hier in'ie stêre, Mevrou. Toe kon ek nie eers ...

OV Sommer nog voordat hulle seker is.

KM Kyk, ek was swart. My, my kleur. Toe sê hy: "Hierdie swart meisietjie, sy het die geld." My hart was baie seer. Tot hier vandag toe, Mevrou, my hart is net so seer. 'Since' daai

dag, Mevrou, doen ek net my werk, Mevrou. My toetse het ek goed gepas. Hulle was baie verbaas. Die einde van die jaar toe pas ek, gan ek St Boniface toe, standerd ses toe, St Boniface toe nou. Mevrou, daai was baie lekker. Ons was nie eers geslaan nie. Die broerse was baie goed by ons, Mevrou, saam met die susters. Ons het goed geleer tot by 'standard' ag.

Toe kom mos nou die boikótte nou, Mevrou, 'nineteen eighty nine'. As hulle so kom, Mevrou, hulle kom met staalrate. Hulle kom mak gedruis: "Kom djulle yt die klas! Kom djulle yt die klas yt!" Toe kom ons yt; toe gan ons hys toe daai dag. Toe gan die hele goeterse so verby. Toe gan ons hyse toe.

Maar, Mevrou, nou daar's baie verandering. Die leerlinge wat nou dar is, hulle is 'ie gesond'ie. Ek weet 'ie; hulle word gevang. Hulle doen rougeit vir die onderwyser, Mevrou. Ek gan altyd; ek gan kuier altyd daar, maar die standard van leer, Mevrou, is nog daar. Hulle word goed geleer.

Mevrou, ken djy wat, ek het 'n ouma mos en 'n oupa. Hulle lewe nog. My oupa is 79 en my ouma is 74. Ek bly sam met hulle. Hulle is so, Mevrou ... djy ken mos hoe's die oumas en die oupase. Die oupa vertel ons altyd stories, van sy ... toe sy nog jonk ... Hy sê eendag toe ... toe ... toe ... sy by die myn ... by die 'mine' ...

OV Het hy daar gewerk?

KM Ja, in Johannesburg. Nou altyd sy klere was gasteel, Mevrou. Hy sê nie net bietjie nie; baie gasteel. Toe eendag loop sy so in die veld in, toe kry sy 'n 'khuu' ... nie 'n 'khuu' nie, Mevrou, 'n 'tortoise', 'n skilpad. Toe vat sy die skilpad; toe gan sy by die hostelse. Toe sit sy die 'khuu' daar. Toe slag sy vir die 'khuu'. Toe roep sy vir al sy vriende, want sy het werk ... het werk om te doen. Sy dogter, die toordogter het gesê sy moet die 'khuu' slag en homself werk. Hy sê die hele mense het da' gestan en gekyk. Sy het daai 'khuu' se dermse ytgehal en die eierse ge'mix' en ge'mix'. Toe vat sy die 'khuu' se dop; toe sit sy daai mengels an daai; toe gooi sy op sy kop. Daai mense het

gaskrik. Toe sê: 'Savuma; savuma.' Sy sê 'since' daai dag, Mevrou, niemand het weer sy klere gesteel nie op die draad'ie. Hulle was bang vir die toordogter. Mevrou, ons het só gelag; ons het só gelag. Hy sê toe's hulle jong was, hulle was baie stout. Hy sê hulle het altyd by die plas gegaan om die appelse en die lamoense gaan steel en die drywese gan steel. Da' kom rapporteer die boer van die plaas by sy ouerse. Hy sê sy pa het hulle gaslaan, Mevrou, góéd gaslaan. Nou sê sy nie gaslaan nie; hy't ons gemóker; nie bietjie nie. Die outydse mense, Mevrou, ek hou van hulle.

Hei, Mevrou. Mar nou die drank wat ons by die lokasie doen, Mevrou. Dié van bettriese en ...

OV Wat is bettriese?

KM Hulle sit bettriese in, Mevrou. Dis pynappel, dis brood. Het dji nie in'ie TV nou laas gesien nie, Mevrou? Toe sê 'n ouma, ou, ou, ou ouma, as sy nie daai ... daai drank gedrink het'ie, sy hele liggam djiék vir die hele aand.

OV Nou wat sit hulle in?

KM Pynappel, brood en daai swart goeterse van betterie, Mevrou.

OV Daai suur?

KM Ja, Mevrou, hulle sit dit in.

OV Nou is dit dan nie giftig nie?

KM Baie giftig, Mevrou. As dji eendag nodig ... soos in Vrydag, vandag. Dan ry dji so ... Nee, die pad, dan gan dji net so streit. Daar's 'n groot ... daar's 'n groot ... in John Daka by Donkerhoek ... daar's 'n groot 'shanty', Mevrou. Daai 'shanty' ... daai mense... As dji net so - dié beker is nog groot, Mevrou - 'n klein skalkie drink, Mevrou.

OV Skalkie?

KM Hulle roep dit skalkie, Mevrou. Hulle gooi dit in blikkies, klein blikkiese. Dan drink hulle dit. Hulle sit da'sô vir die héle dag ... óu oumas en oupase, Mevrou. Dan lê hulle net so in'ie pad in, dronk, dronk. Die man en'ie vrou, hulle loop nogal sam. Dan slap hulle in'ie pad in. Dié drank ... Hulle sê as hulle nie gadrink het'ie; o, hulle djiék; hulle djiék. Hulle noem hulle bierluise.

OV Jy praat nou van baie dinge waarvan ek nie weet nie.

KM Die lewe word anders, Mevrou, en die jongspanne doen verskriklike goeterse, baie verskriklike goeterse. En daar's niks, die jongmense verander nie. Ek moet iets doen vir die jongspanne, maar by die kerk hulle wil niks doen nie; niks, niks, niks.

Ek het eentlik eendag 'n braai gemaak, Mevrou, vir onse jeuge van onse kerk, die blok. Ek is in blok sewe. Mevrou, net met my eie geld. Mevrou, toe maak ek 'n braai. Toe die grootmense van die kerk, toe 'donate' hulle drienke, Mevrou. Ons het'ie drank gesoek'ie, Mevrou, net drienke en 'biscuit'e, vleis en pap en 'salad'te. Ken dji daar's anner meisiese, Mevrou? Hulle is my pertierse. Ou, ou, ou, Mevrou. Pertymale kry ek so jammer. Van'ie drank, Mevrou. Ouer as dji, Mevrou. Daai drank maak djou báie oud. Oud, oud, oud. Dan sien dji sy loop met die kind net so klein; dan abba hy nog die klein ene. Hoe vorder hy? Hulle wil'ie eers 'clinic' toe gaan vir daai 'free injection' nie. Hulle wil'ie.

OV Nou's daar nog vigs ook.

KM Die vigs, Mevrou. Mevrou, baie (fluister) ... Ek weet van anderse, Mevrou ...dji 'tape', Mevrou, ek kan nie sê nie. Hulle is baie, Mevrou. Mevrou, skakel af, dan sal ek praat.

5. **TEBOGO SEHEMO - GESPREK OOR MEER AS EEN VROU**

- TS Ek wil trou. So een vrou of na twee, 'since' die nuwe Suid-Afrika lat ons nou toe. So, as dit moontlik is, wil ek twee vrouens hê. Enige vrae?
- IM Sê my nou, soos jy sê, as dit moontlik is, dji soek twee vrouense. Sê my nou, een van daai vrouense, nè, hy voel intussen, nee, mar dié man hy gee my nie liefde nie. Dan soek hy 'n anner man. Sal jy dit kan vat? Ek meen, dji kan 'ie twee mense op 'n een tyd liefhet'ie.
- TS Ek meen, maar ons is in 'ie nuwe Suid-Afrika. In die 'Constitution' hulle praat van ons is geregtig om dit te doen, maar as ek die geld het - maar nou ek gaan 'n ooreenkoms maak met my vrou voor ek ... met my eerste vrou 'or' voor ek vir haar ook sal trou en ek gat haar my verlange ma' vertel. Verstaan jy?
- IM Na sy toegestem het om te sê, ja, ek sal met jou bly; jy kan iemand anders vat. Dan voel jy om te sê, nee, maar dié man gee my nie liefde nie; ek soek 'n ander man wat my die volle liefde gee.
- TS Ek het al klaar geantwoord, want, ek meen, in die begin gan ek met djou gesels. Ek meen, tot in die verlede 'n vrou was nie toegelat om - tot in die Bybel ook - 'n vrou was nie toegelat om meer as een man te hê nie, mar 'n man soos - ons kan dit vat van godsdienst ook af - Abraham - hulle en Moses-hulle. Hulle was geregtig om vrouense te hê.
- OV Maar kyk wat toe gebeur het; hulle het altyd baklei.
- SM Deesdae het vrouense mos ôk so regte soos hulle twee. So hy kry mos nou 'n vrou da' byte; dan kry ek my man da' byte; dan's dit die tweede man en tweede vrou.

TS Maar ek dink hy's mos'ie in die 'Constitution', daai van vrouens nie. Da' ga' djy gearrester word.

SM Vir wat? Nee!

TS Dis mos nou die ooreenkoms, mense, wat ek gesê het. Ons gan - voor ek haar trou, ook ek gan haar vertel wat is my planne. Kyk nou, ek gan har nie trou nie ... ek gan nie twee vroumense trou as ek nie geld het'ie.

IM Sê my nou, trou djy omdat djy te veel geld het, of trou jy dalk om te sê jy's lief vir my en die vrou ôk.

TS Dit is nog deel van my kultuur.

IM Nee, man, maar ek meen om te sê djy kan nie altwee van die vrouense liefhê dieselle tyd en op dieselle manier. Ek meen da'... da' is 'n verskil. Jy sal 'n anner een meer as die anner een liefhê.

TS Nee, dit gan iets ook keer dat ek nie kan moeg word vir jou nie. Ek ... ek meen, ek gan nie 'like', kyk, as iets moet gebeur so ... as dit so gebeur ...

IM Dit meen om te sê as jy die vrou nie meer 'like' nie dan jy moet hom los om te sê sy moet 'n anner man wat vir hom sal lief is soos - ek meen, as djy lief is vir iemand dan is djy lief vir hom al ... dit mak'ie sak'ie, al kan djy sy goete nie verstan'ie.

TS Jy't nie nodig. Hierdie man het agt vrouense gehet. (wys prent)

OV Hoe lyk hy nou? Lyk hy nog so goed?

TS Hy's oorlede.

- SM Om 'n tweede vrou te kry, hy moet mar liewerste 'n vrou kry wat ouer as hom is; wat nou nie kan ytkykerig is'ie. Dan moet hy nog 'n vrou vat. Daai vrou wat hy so vat wat groter as hom is, dan moet hy klaar getroud is en het hom man miskien gesterwe of die huwelik het'ie uitgewerk'ie. Hy moet solike vrou vir hom tweede vrou vat.
- TS Maar, Mevrouw, die vrou gan my trou as hy my liefhet; mar as hy my nie liefhet'ie sy gan my nie trou nie en as ek alles vertel het van my verlange dan gan sy ook self verstan. As sy nie verstan nie, dan bedoel dit sy het my nie lief'ie. As sy my liefhet, gan sy verstan alles wat ek sê.
- SM Die tien gebooie sê djy mag'ie - ek ken dit'ie in Afrikaans nie -
- TS Kom ek djou vertel. As hulle prat van solike ding, die Bybel sê ons moenie ... e ... hulle bedoel as hulle sê moenie daai 'sin' maak as djy 'n vrou het. Dan moet djy weer anner vrou trou nie - 'n ongetroude vrou - ek meen, ons prat van 'n ongetroude vrou. Daai's nou 'n 'sin', verstan djy? Kyk, as ek voel om te sê, ek beginne die vrou liefhet, dan kan ek mar nog prat met haar: "Kyk, ek wil trou; nie 'n 'sin' maak'ie."
- IM Soek djy nie kinnners'ie?
- SM Vra!
- TS Klomp. (Gelag)
- IM My oupa het twee vrouense gehad. Verstan djy? My eie pa se ma is die kleinste vrou. Wat gebeur dit; wat gebeur dit, die groot vrou se kinders het gevoel om te sê die klein vrou ... hulle se pa het sy ge'like' en die kinders van haar ge'like'. Verstan djy? Nou da's 'enmity' tussen ons, verstan? Vyandskap. En nou nog, ons sukkel, want my pa is doodgemaak van die ander vrou se kinnners, verstan djy? En ek voel om te sê dis'ie reg'ie, want as djy twee mense vat, verstan djy, daar is 'n een wat djy sal nou minder as die anner ene liefhet. En nou, as da' kinnners is, hulle sien dit, verstan djy?

- TS Wag eerste, die ding is: ons kommunikeer; ons kommunikeer. As ons nie kommunikeer nie, dan sal solike goete ondervind. Ek meen, kyk as ek twee vrouense het, ek moet hulle bymekaarbring soos 'n familie. So, as ek hulle uitmekaar uit bring, daai gat die oorsak nou bring om te sê...
- IM Nee, luister, hulle het saamgebly. Die hele groot familie, verstaan dji? En hulle het hulle se goetes, die anders, die groot vrou se kinders. Hulle het gevoel om te sê hulle soek'ie skool'ie. Verstan dji? Hulle het winkels; hulle het alles. Mar nou die klein vrou se kinnere; hulle is geleerd en daai tipe so ding. Nou, in hulle se ouderdomme - ek weet'ie wat het gebeur - verstan dji? Mar dié wat nou my pa doodgemak het, het gevoel om te sê, daai wat nou skoolgegaan't, hulle se pa se erfors gevat en hulle skool toe gestuur. Soos nou hulle hou hulleself nou so beter as hulle en daai tipe goed wat ek'ie ken nie, verstan dji? Mar ek meen om te sê, Tebogo, dji kan waantoe gan, as dji twee vrouense het, da' sal 'n verskil is.
- TS Mar nou, die ding is, hoekom sê ek so. In die nuwe Suid-Afrika da' is nou moontlik om te trou, mar dit gan net ahang of dji geld het en nou as dji eerste vrou trou en dji het geld ... daar's 'n sekerlike bedrag; daar's 'n sekerlike bedrag wat ek sal skryf op my vrou. En as ek die tweede vrou trou, ek loop maak ook vir haar 'n sekerlike bedrag na as ek dood is. Verstan dji? Dis'ie te sê net ek gan die geld net so los'ie. Elke vrou moet haar eie ... sy moet ken wat is haarne, verstan dji? Nou as 'n vrou nie ken wat is haarne nie, sal dit solike probleme is.
- SM Geld is nie die belangrikste ding nie. Wat tel, is liefde. Daar's mense wat baie arm is, wat niks het'ie, maar hulle het liefde. So as dji liefde nie ken nie, die geld kan niks maak'ie.

6. DEUR 'N KOEI GEJAAG - JOHN SERATI

Ja, kyk e ... eendag my ... my ma het my so van die goete gevertel da' wat gebeur so in die beitelandse plekke - so vêêr in daai Bophutatswana-omgewing. Sy't dinge so ... so van die ... die ... toornaarse daarsô.

Nou eendag toe ek da' skool geloop - daar was toe ek nog my standerd sewe en ag gedoen het - ma' ek dink was 'nineteen eighty seven' - dis reg - ek is van die skool af en die pad is lánk. Ek is honger, man. Ek dink net hoe om by die hys te kom. Ek loop, ek loop so. Ek is allenag, ek het die mense agter gelos. Nou toe ek nog so loop, ek sien net hier langsam die pad daar is 'n bees en 'n kalfie. Die kalf was nog bietjie baie klein en die gras dit was drooog - die reën het'ie geval daai tye nie. Nou ek loop so; ek vat'ie die ding natiesie nie. Ek loop, ek loop, ek dink net van hys en ek dink net my eie kop se goete. Nou ek so loop, toe sien die ... die ... die koeie. Net, ek ... ek vat hom'ie so nie. Toe gaan ek. Net toe ek nog so loop, ek voel net hie's iets ... hie's iets wat hier agter my kom hygel-hygel. Ek sê ma net, ek kyk agter, ek kyk so agter. Ek sien hier kom die ding. Nou, ek vat net miskien is die ding wat miskien wil verbygaan. Nou ek sien hier kom hartloop, hartloop, hartloop net so 'n 'jog'ie; 'jog, jog, jog'. Toe skeuf ek yt die pad yt dat hy kan verbygaan. Ek sien die ding toe volg my. Ek sê: "Nee, ma' die ding kan'ie ... so ma'kie." Ek denk nou dis nou ver van'ie hys af en ver van'ie skool af. Net toe loop ... toe, toe skuif ek na die ding. Hy ga' na my toe. Net toe probeer ek net met bietjie hartloop. Ek wil net sien, ga' hy vinnig hartloop, of wat. Nee, toe begin ek hartloop; toe hartloop die ding ook bietjie vinnig. Toe hartloop hy bietjie vinniger. Toe hartloop ek bietjie vinniger. Toe sê ek: "Nee, man, die ding jaag my nou so." Nou ek dink hier langsam die sypaadjie is'e heuning. Ek sien hie's ook pêre hie' annerkant. Ek dink nou, nee, man, ek het al gehoor pêre kan duik en hulle skop. So ek kan'ie so oorspring'ie. Ek moet net vér, vér hartloop huis toe.

Nou, toe gaan ek, toe gaan ek, en ek voel ek word moeg, maar ek dink net van die toordery wat my ma va' gevertel het. Toe sê ek: "Nee, ek gaan. Ek sal nooit hie'sô staan'ie. Net toe hartloop ek, toe hartloop ek. Nou, toe ek die draad kry wat ek moet

oorspring om by die lokasie te kom, was da' ook 'e wit pad. Nou, die wit pad, da' was 'ie mense da'sô nie. Nou, ek dink net miskien - ek wil net, sal die ding tot by die hys djaag. Nou, toe hartloop ek net, toe hartloop ek net, toe hartloop ek net. Net toe ek klaar oorgespring het, toe gaan die deng, toe draai die kalfie streit na die waterkriep toe. Toe hy water gane drink. Ek was so geskrik.

Toe kom ek by die hys. En ek hyg so. So, nou die mense vra: "Nou wat gan an me'djou?" Ek sê: "Nee, ek het bietjie baie moeilike goete gekry vandag." Hulle vra my: "Wat was 'it?" "Nee, 'n koei het my gejaag. Ek het mos gehoor hie' word getoor hie'sô." "Nee, man, die ding was net bietjie lekker dors. Dit het niks gebeur van so te hartloop."

Bylaag: 2

VRAELYS

Merk met 'n X waar van toepassing

Ouderdom:	
-----------	--

Geslag:	M	V
---------	---	---

In watter dorp woon u ?	
-------------------------	--

Het u in Kimberley grootgeword ?		
----------------------------------	--	--

In watter dorp het u skoolgegaan ?	
------------------------------------	--

Etniese groep:	Vader	
	Moeder	
	U Self	

Opvoedkundige kwalifikasies van ouers	Vader	
	Moeder	

Huidige inkomste van gesin:	Onder R1000,00 per maand	
	Meer R1000,00 per maand	
	Meer R2000,00 per maand	

Huistaal (die taal wat u in die huis praat)	
---	--

Tweede taal	
Derde taal	
Watter taal praat u die beste ?	

Praat u Afrikaans met u vriende ?	nooit	soms	dikwels	altyd

Het julle 'n naam vir die Afrikaans van die strate ? Wat is dit ?

Watter ander name ken of gebruik julle vir die volgende / of hoor julle in die strate :

1. Name vir persone

ma	
pa	
ouma	
oupa	
oom	
tante	
jonger broer	
jonger suster	
jou ma se ouer suster	
witmense	
vriend	
polisie	
regering	
onderwyser	
'n manspersoon	
'n vrou	
'n seun	
'n meisie	

2. Iemand wat

dronk is	
wie se kop nie reg is nie	
baie dom is	
baie slim is	
baie skelm is	
dwelms gebruik	
baie sterk is	
mooi kan sing	
grootpraat	
gou kwaad word	
in die tronk is	
'n baie klein persoon	
'n baie ou man	
'n baie ou vrou	
'n swanger meisie	

3. Wat noem julle die volgende:

dagga	
'n sigaret	
wyn / drank	
bier	
koffie / tee	
dwelms	
polisievangwa	
lykwa	
deftige motor	
ou motortjie	
sinkhuis	
die tronk	
'n troue	
'n begrafnis	
grafsteen	
taxi	
om te sterf	
geboorte/gebore te word	

4. Ken jy die volgende uitdrukkings: Antwoord eers ja/nee. Sê dan wat jy dink dit beteken.

1. My ore raak nou langer. _____

2. Sy maak die huis klein vir hulle. _____

3. Hy maak my des. _____

4. Ek sop aartappels. _____

5. Sy breekmerke het voor die hemel gelê. _____

6. Die jong perde het die krag, maar die ou perde ken die pad. _____

BIBLIOGRAFIE

AITCHISON, J. 1998. *Language change: progress or decay?* 2nd ed. Cambridge: University Press.

ALATIS, J.E. (ed.). 1970. *Bilingualism and language contact*. Washington: Georgetown University Press.

ALLEN, H. B. & LINN, M. D. (reds.). 1986. *Dialect and language variation*. London: Academic Press, Inc.

APPEL, R. & MUYSKEN, P. 1987. *Language contact and bilingualism*. London: Edward Arnold (Publishers) Ltd.

AU, K.H. 1993. *Literacy instruction in multicultural settings*. Orlando: Harcourt, Brace & Jovanovich Publishers.

BADENHORST, P.J. 1989. 'n *Empiriese ondersoek na die stand van Afrikaans onder die Tswanas van Kimberley*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

BENNETT, W.A. 1968. *Aspects of language teaching*. London: Cambridge University Press.

BEZUIDENHOUT, W.J. 1991. 'n *Studie van hedendaagse Oosgrensafrikaans*. M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

BLOOMFIELD, L. 1933. *Language*. New York: Henry Holt.

BLOUNT, B.G. & SANCHES, M. (eds.). 1977. *Sociocultural dimensions of language change*. New York: Academic Press, Inc.

BOONZAIER, W.J.C. 1982. *Die spreektaal van Piketberg*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

BOSHOFF, S.P.E. & NIENABER, G.S. 1967. *Afrikaanse etimologieë*. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

BOTHA, R.P. 1978. *Generatiewe taalondersoek: 'n sistematiese inleiding*. Kaapstad: HAUM.

BOTHA, T.J.R. (red.). 1975. *Taal en teken: bundel opgedra aan prof. G.S.Nienaber op sy sestigste verjaarsdag*. 2de uitg. Pretoria: Academica.

BOTHA, T.J.R. (red.). 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. 2de uitgawe. Pretoria: Academica.

BROWN, H.D. 1887. *Principles of language learning and teaching*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

BRUWER, J.P. 1956. *Die Bantoe van Suid-Afrika*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel.

CAMERON, T. & SPIES, S.B. (reds.). 1986. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.

CARSTENS, W.A.M. 1998. *Norme vir Afrikaans: enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. 3de uitg. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.

CLAASSEN, G.N. & VAN RENSBURG, M.C.J. (reds.). 1983. *Taalverskeidenheid: 'n blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria: Academica.

COETZEE, A.J. (red.). 1981. *Hulsels van kristal*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

COMBRINK, J.G.H. 1990. *Afrikaanse morfologie*. Pretoria: Academica.

CONRADIE, C.J. 1986. *Taalgeskiedenis*. Pretoria: Academica.

CONRADIE, C.J. 1994. Van hoeveel tot houding: oor die subjektivering van enkele Afrikaanse kwantore. In: OLIVIER, G. & COETZEE, A. (reds.). *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans*. Pretoria: Southern Boekuitgewers.

COOPER, R. L. & SPOLSKY, B. (eds.). 1991. *The influence of language on culture and thought*. Berlin: Mouton de Gruyter.

COUPLAND, N. & JAWORSKI, A. (ed.). 1997. *Sociolinguistics: a reader and coursebook*. London: Macmillan Press.

DE KLERK, W.J. 1968. *Die aard van dialektiese verskeidenheid in Afrikaans*. D.Lit.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

DE KLERK, W.J. 1981. *Inleiding tot die semantiek*. Durban: Butterworth en Kie (SA) (Edms) Bpk.

DE STADLER, L.G. 1989. *Afrikaanse semantiek*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers (Edms.) Bpk.

DE VILLIERS, M. 1958. *Afrikaanse klankleer*. Kaapstad: A.A. Balkema.

DE WET, A.S. (s.j.) *Die indirekte voorwerp in Afrikaans: semantiese en sintaktiese perspektiewe*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

DE WET, A.S. 1996. *Swartafrikaans as 'n aanleedersvariëteit in die Vrystaat: 'n studie aan die hand van intertaalteorie*. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

DIL, A.S. (ed.). 1976. *Variation and change in language: essays by William Bright*. Stanford, California: Stanford University Press.

DITTMAR, N. & SCHLOBINSKI (eds.). 1988. *The sociolinguistics of urban vernaculars*. Berlin: Walter de Gruyter & Co.

DONALDSON, B.C. 1991. *The influence of English on Afrikaans*. Pretoria: Academica.

DREYER, H. 1986. *Die beskrywing van Kaapse Afrikaans as 'n variëteit van Afrikaans*. M.A.-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

DULAY, H., BURT, M. & KRASHEN, S. 1982. *Language two*. Oxford: Oxford University Press.

DU PLESSIS, H. 1983. Taalvariasie in die Afrikaans van Johannesburgers. In: CLAASSEN, G.N. & VAN RENSBURG, M.C.J. (reds.). *Taalverskeidenheid: 'n blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria: Acadamica.

DU PLESSIS, H. & DU PLESSIS, T. (reds.). 1987. *Afrikaans en taalpolitiek: 15 Opstelle*. Pretoria: HAUM.

DU PLESSIS, H. 1988. *Variasietaalkunde*. Pretoria: Serva-Uitgewers.

DU PLESSIS, H. 1990. *Sintaksis*. 3de uitg. Pretoria: Academica.

DU PLESSIS, H. 1994. Taalkontakvariasie in Afrikaans. In: OLIVIER, G. & COETZEE, A. (reds.). *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans*. Pretoria: Southern Boekuitgewers.

DU PLESSIS, L.T. 1986. *Afrikaans in beweging*. Bloemfontein: Patmos.

EKSTEEN, L. & PRETORIUS, R. 1983. *Afrikaans: objek en metode*. Pretoria: J.L. van Schaik (Edms) Bpk.

EKSTEEN, L. 1984. *'n Beeld van Afrikaanse woorde: kort stukke oor die woordeskat uit die radiorubriek Weeklikse Woordeboek*. Pretoria: Academica.

EKSTEEN, L. 1985. *Woord vir woord: kort bydraes oor die woordeskat van Afrikaans*. Johannesburg: Macmillan Suid-Afrika (Uitgewers) (Edms.) Bpk.

ELLIS, R. 1992. *Understanding second language acquisition*. Oxford: Oxford University Press.

ERASMUS, P.A. 1978. *Die sosiale organisasie van die Hurutshe ba ga Shuping*. Ongepubliseerde M.A-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje Vrystaat.

ESTERHUYSE, J. 1986. *Taalapartheid en Skoolafrikaans*. Emmarentia: Taurus.

FASOLD, R.W. (ed.). 1983. *Variation in the form and use of language: a sociolinguistics reader*. Washington: Georgetown University Press.

FASOLD, R.W. 1984. *The sociolinguistics of society*. Oxford: Blackwell Publishers.

FASOLD, R.W. 1994. *The sociolinguistics of language*. Oxford: Blackwell Publishers.

FERGUSON, C.A. 1996. *Sociolinguistic perspectives: papers on language in society, 1959 – 1994*. Oxford: Oxford University Press.

FERREIRA, J.A. & MALEPE, A.T. 1977. *Tswana-leerboek*. 2de uitg. Pretoria: J.L. van Schaik (Edms) Bpk.

FOURIE, J.J. 1985. *Aspekte van die Afrikaans van Riemvasmakers*. Ongepubliseerde M.A-verhandeling. Potchefstroom: PU vir CHO.

FROMKIN, V. & RODMAN, R. 1988. *An introduction to language*. 4th ed. Fort Worth: Holt, Rinehart and Winston, Inc.

GOUWS, R.H. 1989. *Leksikografie*. Pretoria: Academica.

GREBE, H.P. 1998. Teoretiese uitgangspunte oor taalverandering: 'n diktomie. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*. 16(3): 96-111.

GUMPERZ, J. J. 1971. *Language in social groups*. Stanford: California.

HIEMSTRA, L.W. 1980. *Die juiste woord*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Bpk.

HOFFMANN, C. 1991. *An introduction to bilingualism*. New York: Longman Inc.

HOLMES, J. 1998. *An introduction to sociolinguistics*. London: Longman.

HUDSON, R.H. 1980. *Sociolinguistics*. Cambridge: Cambridge University Press.

JACOBS, M. & STERN, B. 1955. *General anthropology*. 2nd ed. New York: Barnes & Noble, Inc.

JENKINSON, A.G. 1984. Morfologie. In: Van Rensburg, M.C.J. (projekleier).

JOHNSON, M.B. 1984. Galeshewe, swart woongebied. *Fidelitas: inligtingstuk van die Ontwikkelingsraad, Noord-Kaap*, 9:6-11.

KALANTZIS, M., COPE, B. & SLADE, D. 1989. *Minority languages and dominant culture: issues of education, assessment and social equity*. London: Falmer Press.

KEMPEN, W. (s.j.) *Woordvorming en funksiewisseling in Afrikaans*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bpk.

KEMPEN, W. 1982. *Samestelling, afleiding en woordsoortelike meerfunksionaliteit in Afrikaans*. Kaapstad: Nasou Beperk.

KEMPEN, W. 1984. *Voorsetselverbindings in Afrikaans*. Kaapstad: Nasou Beperk.

KLOPPER, H.C. 1986. *'n Karakterisering van Dorstrandafrikaans*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

KOTZÉ, E.F. 1984. Afrikaans in die Maleierbuurt: 'n Diachroniese perspektief. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 24(1):41-71.

LABOV, W. 1978. *Sociolinguistic patterns*. Oxford: Basil Blackwell.

LANHAM, L.W. & PRINSLOO, K.P. (eds.). 1978. *Language and communication studies in South Africa: current issues and directions in research and inquiry*. Cape Town: Oxford University Press.

LEECH, G. 1990. *Semantics: the study of meaning*. 2nd ed. Penguin Books.

LE ROUX, J.J. 1923. *Oor die Afrikaanse sintaksis*. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.

LE ROUX, T.H. 1968. *Afrikaanse taalstudies*. 11 de uitg. Pretoria: J.L. van Schaik, Bpk.

LINKS, T. 1989. *So praat ons Namakwalanders*. Kaapstad: Tafelberg- Uitgewers Beperk.

LYONS, J. (ed.). 1973. *New horizons in linguistics*. Penguin Books.

LYONS, J. 1990. *Language and linguistics: an introduction*. Cambridge: Cambridge University Press.

LYONS, J. 1992. *Introduction to theoretical linguistics*. Cambridge: University Press.

MACKEY, W.F. & ORNSTEIN, J. (eds.) 1979. *Sociolinguistic studies in language contact: methods and cases*. The Hague: Mouton Publishers.

MAKROPLAN. 1995. *Behuisingsagterstand en sosio-ekonomiese profiel van sekere laer inkomste woongebiede*. Kimberley.

MAYLUM, P. 1989. *A history of the African people of South Africa: from the early Iron Age to the 1970s*. 3rd ed. Claremont, Cape: David Philip.

MILROY, J. 1992. *Linguistic variation and change: on the historical sociolinguistics of English*. Oxford & Cambridge: Blackwell.

MOILOA, J.J., GILDENHUYS, J.G. & EMSLIE, C.F. 1987. *Dikapuo. maela, idiome. spreekwoorde, idioms. proverbs*. Kaapstad: Via Afrika Limited.

NIENABER, P.J. (red.) 1965. *Taalkundige opstelle*. Kaapstad: A. A. Balkema.

ODENDAL, F.F., HAUPTFLEISCH, D.C. & LOUBSER, J.E. (reds.) 1974. *Taalkunde - 'n lewe*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Bpk.

ODENDAL, F.F. 1985. *Aspekte van taal*. 2 de uitg. Goodwood: Nasou Beperk.

OLIVIER, G. & COETZEE, A. (reds.) 1994. *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans*. Pretoria: Southern Boekuitgewers.

OMER-COOPER, J.D. 1989. *History of Southern Africa*. Claremont: David Philip.

PAMPALLIS, J. 1991. *Foundations of the New South Africa*. 2nd Ed. Cape Town: Maskew Miller Longman (Pty) Ltd.

PEIRES, J. 1986. Die ontstaan van swart politieke gemeenskappe. In: CAMERON, T. & SPIES, S.B. (reds.). *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.

PHEIFFER, R.H. 1980. *Die gebroke Nederlands van Franssprekendes aan die Kaap in die eerste helfte van die agtiende eeu*. Kaapstad: Academica.

PONELIS, F.A. 1985. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: J.L. van Schaik (Edms) Bpk.

PONELIS, F.A. 1988. Afrikaans en taalversteuring. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 28(2):119-149

PRESTON, D.R. 1989. *Sociolinguistics and second language acquisition*. Oxford: Basil Blackwell.

PRIDE, J.B. & HOLMES, J. (eds.). 1974. *Sociolinguistics*. Penguin Education.

PRIDE, J.B. 1979. Sociolinguistic aspects of language learning and teaching. Oxford: Oxford University Press.

PRINSLOO, K.P. & VAN RENSBURG, M.C.J. (reds.) 1984. *Afrikaans: stand, taak, toekomst*. Pretoria: HAUM.

PütZ, M. (ed.). 1994. *Language contact and language conflict*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.

RAIDT, E.H. 1991. *Afrikaans en sy Europese verlede*. 3de uitg. Nasou Beperk.

RAIDT, E.H. 1994. Enkele aspekte van taalverandering. In: RAIDT, E.H. *Historiese taalkunde: studies oor die geskiedenis van Afrikaans*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

RAIDT, E.H. 1994. *Historiese taalkunde: studies oor die geskiedenis van Afrikaans*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

RIVERS, W.M. 1981. *Teaching foreign-language skills*. 2nd ed. Chicago: The University of Chicago press.

ROBERTS, B. 1984. *Kimberley: turbulent city*. Claremont, Cape: David Philip, Publisher (Pty).

ROMAINE, S. (ed.) 1982. *Sociolinguistic variation in speech communities*. London: Edward Arnold.

ROMAINE, S. 1989. *Bilingualism*. Oxford: Basil Blackwell Ltd.

ROMAINE, S. 1994. *Language in society: an introduction to sociolinguistics*. Oxford: Oxford University Press.

SAPIR, E. 1921. *Language: an introduction to the study of speech*. New York: Harcourt, Brace & World, Inc.

SAVILLE-TROIKE, M. 1997. The ethnographic analysis of communicative events. In: COUPLAND, N. & JAWORSKI, A. (ed.) *Sociolinguistics: a reader and coursebook*. London: Macmillan Press.

SCHERER, K. R. & GILES, H. (eds.) 1997. *Social markers in speech*. Cambridge: Cambridge University Press.

SCHOLTZ, J. DU P. 1970. *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu: verdere voorstudies tot 'n geskiedenis van Afrikaans*. Kaapstad: Nasou Beperk.

SCHOLTZ, J. DU P. 1980. *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

SCHOLTZ, J. DU P. 1981. *Taalhistoriese opstelle: voorstudies tot 'n geskiedenis van Afrikaans*. 2de uitg. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

SCHOLTZ, J. DU P. (s.j.) *Afrikaans uit die vroeë tyd: studies oor die Afrikaanse taal en literêre volkskultuur van voor 1875*. Kaapstad: Nasou Beperk.

SCHURING, G.K. 1983. Flaaitaal. In: CLAASSEN, G.N. & VAN RENSBURG, M.C.J. (reds.) *Taalverskeidenheid: 'n blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria: Academica.

SELINKER, L. 1972. Interlanguage. *international review of applied linguistics*, 10:209-231.

SETSHEDI, C.M. 1987. *Versteuringspatrone in die Afrikaans van die Tswanasprekende*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

SHILLINGTON, K. 1985. *The colonisation of the southern Tswana 1870 - 1900*. Braamfontein: Ravan Press (Pty) Ltd.

SHILLINGTON, K. 1992. *History of Southern Africa*. Harlow: Longman.

SMITH, D. M. & SHUY, R.W. (eds.). 1972. *Sociolinguistics in cross-cultural analysis*. Georgetown: Georgetown University Press.

SPIES, S.B. (reds.). *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.

STANDER, M. 1990. *Sosiolinguistiese variasie en aspekte van die fonologiese en grammatiese realisering daarvan in Afrikaans*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje Vrystaat.

STANDER, M. & JENKINSON, A.G. 1993. Geïnstusionaliseerde taal binne 'n nuwe bedeling. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 11(1) : 30-37.

STANDER, M. 1998. *Die Afrikaans van T2-onderwysers in Qwaqwa – 'n gefossileerde intertaal?* Ph. D.- proefskrif. Sebokeng: Vista University.

STEYN, J.C. 1980. *Tuiste in eie taal: Die behoud en bestaan van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

STOLTZ, E. 1982. *Gepidginiseerde Afrikaans in wit-swart-interaksie*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Randse Afrikaanse Universiteit.

SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS. 1976. 1875-1975: *Studies oor die Afrikaanse taal*. Johannesburg: Perskor-Uitgewery.

THOMASON, S.G. & KAUFMAN, T. 1991. *Language contact, creolization, and genetic linguistics*. Oxford: University of California Press.

THOMPSON, L. 1990. *A history of South Africa*. Sandton: Radix.

TRUDGILL, P. 1992. Editor's preface. In: MILROY, J. *Linguistic variation and change: on the historical sociolinguistics of English*. Oxford & Cambridge: Blackwell.

TRUDGILL, P. 1995. *Sociolinguistics: an introduction to language and society*. 3rd ed. Penguin Books.

TRUDGILL, P. & CHESHIRE, J. (eds.). 1998. *The Sociolinguistic reader: Volume 1: multilingualism and variation*. London: Arnold.

TYRRELL, B. & JURGENS, P. 1983. *African heritage*. Johannesburg: Macmillan.

VAN ASWEGEN, H.J. 1989. *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*. Pretoria: Academica.

VAN DER MERWE, E.G. 1989. *Die ontwikkeling, stand en toekoms van Afrikaans in SWA/Namibië*. D. Lit.- proefskrif. Potchefstroom: PU vir CHO.

VAN DER MERWE, H.J.J.M. (red.). 1971. *Vroeë Afrikaanse woordelyste*. Pretoria: J.L. van Schaik Bpk.

VAN DER MERWE, H.J.J.M. (red.). 1977. *Afrikaans: sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: J.L. van Schaik Bpk.

VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1977. Taalbeïnvloeding en taalvermenging. In: VAN DER MERWE, H.J.J.M. (red.). *Afrikaans: sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: J.L. van Schaik Bpk.

VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1988. *Die korrekte woord: Afrikaanse Taalkwessies*. Pretoria: J.L. van Schaik Bpk.

VAN DYK, T.J. 1982. *Die Afrikaans van Xhosa-sprekers: Uitspraakprobleme by vokale*. Ongepubliseerde M.A.- verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

VAN JAARSVELD, G.J. 1985. *Semantiek*. Pretoria: Academica.

VAN RENSBURG, C. 1992. Die demokratisering van Afrikaans. In: WEBB, V.N. (red.) 1992. *Afrikaans ná apartheid*. Pretoria: J.L. van Schaik (Edms) Bpk.

VAN RENSBURG, C. 1994. Die ontstaan van Afrikaans in 'n intertaal konteks. OLIVIER, G. & COETZEE, A. (reds.). *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans*. Pretoria: Southern Boekuitgewers.

VAN RENSBURG, M.C.J. 1983. Inleiding: die bestudering van taalvariante. In: CLAASSEN, G.N. & VAN RENSBURG, M.C.J. (reds.). *Taalverskeidenheid: 'n blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria: Acadamica.

VAN RENSBURG, M.C.J. 1983. Nie-standaardvorme, variasiepatrone en Afrikaans uit die vorige eeu. In: CLAASSEN, G.N. & VAN RENSBURG, M.C.J. (reds.). *Taalverskeidenheid: 'n blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria: Acadamica.

VAN RENSBURG, M.C.J. (projekleier) 1984. *Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare*. Ongepubliseerde verslag van R.G.N.-ondersteunde ondersoek.

VAN RENSBURG, M.C.J. 1989. Soorte Afrikaans. In: BOTHA, T.J.R. (red.). *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. 2de uitgawe. Pretoria: Academica.

VAN WYK, E.B. 1966. Woordvormversteurings in die Afrikaans van die Bantoes. *Taalfasette: Taalkongresverhandelinge*, deel 2: 27- 48.

VAN WYK, E.B. 1974. Ontlening tussen Afrikaans en die Bantoetale. In: ODENDAL, F.F., HAUPTFLEISCH, D.C. & LOUBSER, J.E. (reds.) 1974. *Taalkunde – 'n lewe*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Bpk.

VAN WYK, E.B. 1983. Gepidginiseerde Afrikaans. In: CLAASSEN, G.N. & VAN RENSBURG, M.C.J. (reds.). *Taalverskeidenheid: 'n blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria: Acadamica.

VAN ZYL, D. 1986. *Die ontdekking van rykdom*. Kaapstad: Don Nelson.

WEBB, V.N. 1983. Die taalwetenskap as sosiale wetenskap. In: CLAASSEN, G.N. & VAN RENSBURG, M.C.J. (reds.). *Taalverskeidenheid: 'n blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria: Acadamica.

WEBB, V.N. & BEUKES, A. (reds.). 1991. *Eerstetaalonderrig in die soeklig: 'n verkenning vanuit taalkundige perspektief*. Pretoria: Academica.

WEBB, V.N. (red.) 1992. *Afrikaans ná apartheid*. Pretoria: J.L. van Schaik (Edms) Bpk.

WEINREICH, U. 1964. *Languages in contact*. London: Mouton & Co.

WEST, M. 1984. *Abantu: an introduction to the Black People of South Africa*. Cape Town: C. Struik.

WILLAN, B. 1984. *Sol Plaatje: a biography*. Johannesburg: Ravan Press (Pty) Ltd.

WOLFSON, N. 1989. *Perspectives: sociolinguistics and TESOL*. New York: Newbury House Publishers.

OPSOMMING

In hierdie studie word die Afrikaans van 'n groep Tswanastudente (TswaA) van Phatsimang Onderwyskollege in Kimberley ondersoek. Die proefgroep verkeer in 'n taalsituasie waarin hulle gedurig aan taalkontak met verskeie tale en variëteite blootgestel word. 'n Ondersoek na die grammatikale en leksikale verskynsels in hulle taalgebruik weerspieël hierdie kontak.

Die doel van hierdie studie is om 'n beskrywing van die variëteit TswaA te gee op morfologiese, sintaktiese en leksikale vlak, die tipiese kenmerke daarvan vas te stel en dit met Standaardafrikaans te vergelyk. Die rol van Engels en variëteite soos Griekwa-Afrikaans en Kaapse Afrikaans word ook nagespeur. Die databasis wat daargestel word, bied waardevolle materiaal vir die onderrigsituasie.

In hoofstuk 2 word 'n kort historiese agtergrond van die Tswana gegee om sodoende die invloed wat die verloop van hulle geskiedenis op hulle taalgebruik en taalvoorkeure gehad het, toe te lig. Enkele sosio-ekonomiese en linguistiese gegewens aangaande die Tswanataalgemeenskap word ook verstrek. In hoofstuk 3 word die navorsingsprosedure uiteengesit.

Die variëteit TswaA is hoofsaaklik die produk van taalkontak; gevolglik word in hoofstuk 4 by taalverandering, met spesifieke verwysing na taalkontakprosesse, naamlik ontlening en taalversteuring as gevolg van onvoldoende taalverwerwing, stilgestaan. Die intertaalteorie, moedertaalinterferensie in T2-aanleer, taalverskuiwing en pidginisering word vervolgens bespreek. Daarna word gekyk na die redes vir taalverskuiwing, asook die prosesse waardeur taalverandering deur 'n gemeenskap versprei. Ten slotte word 'n kort oorsig gegee van die wyse waarop hierdie kontaksituasie in TswaA neerslag vind.

In hoofstukke 4, 5 en 6 word die geskrewe en gesproke data wat van die proefgroep verkry is, op morfologiese, sintaktiese en semantiese vlak ondersoek en beskryf. Beduidende verskille met Standaardafrikaans, asook ooreenkomste met Griekwa-Afrikaans en Kaapse Afrikaans word aangetoon. Op morfologiese vlak word meervoudsvorming, verkleining en

kompositavorming, fleksie en afleiding ondersoek. Sintaktiese variasie word aan die hand van die gebruik van voorsetsels, voornaamwoorde, negativering, die infinitief, die lidwoord, asook sekere opvallende verkynsels in sinsvolgorde en werkwoordgebruik, bespreek. Die semantiese vlak word gekenmerk deur die hoë voorkoms van komposita, afleidings en eie skeppings, asook vindingryke eie uitdrukkings. Bestaande leksikale items in SA ondergaan betekenisverruiming in TswaA as gevolg van gebrek aan die nodige woordeskat .

Tipiese kenmerke wat in TswaA vasgestel is, weerspieël die invloed van kontak met ander variëteite en tale. Kontak met Griekwa-Afrikaans blyk uit ooreenkomste op morfologiese en sintaktiese vlak, byvoorbeeld die dubbele diminutief, die hiperkorrekte **ge-** by verledetydvorming, vooropplasing van die **te** in die infinitiefkonstruksie en die stapeling van die skakelwerkwoorde **loop** en **gaan**. Konstruksies wat tipies is van Kaapse Afrikaans, maar wat ook in GA voorkom, en wat 'n baie hoë gebruiksfrekwensie in TswaA het, is die gebruik van **is** en **het** in infinitiefkonstruksies teenoor **wees** en **hê** en die swak verledetydsvorm **gehet** teenoor **gehad** in SA.

Die invloed van Engels blyk uit talle grammatikale verskynsels, soos onder andere die weglating van die tweede **nie** in ontkenningkonstruksies, voorsetselgebruik, die gebruik van **was** teenoor **is** by die verlede tyd van die passiefkonstruksie, asook uit talle voorbeelde van ontlening en willekeurige kodewisseling wat voorkom.

TswaA is ook 'n aanleedersvariëteit en vertoon tipiese intertaalkenmerke, byvoorbeeld perifrastiese markerings in getalsaanduiding en verkleining, opheffing van geslagsonderskeiding in die pronominale sisteem, tipiese perifrastiese vorme soos setselskeiding en die hoë voorkoms van die onveranderlike SVO-sinsvolgorde. Uit die afwesigheid van ander tipiese intertaalkenmerke, soos die hoë voorkoms van passief- en kopulakonstruksies blyk dit dat hierdie variëteit reeds ontwikkeling en uitbreiding ondergaan het.

Moedertaalinterferensie lei byvoorbeeld tot direkte vertaling van die moedertaalpatroon soos blyk uit 'n spesifieke anaforiese gebruik van die voornaamwoord en opvallende woordordeverskille met SA.

Hierdie bevindinge kan dien as databasis en as vertrekpunt in die onderrigsituasie aan die Phatsimang Onderwyskollege.

SUMMARY

This study examines the Afrikaans of a group of Tswana students (TswaA) at Phatsimang College of Education in Kimberley. The sample group live in a language situation in which they are constantly exposed to contact with various languages and varieties. A study of grammatical and lexical phenomena in their usage reflects this contact.

The aim of this study is to produce a morphological, syntactical and lexical description of the TswaA variety, to determine its typical characteristics and to compare it with Standard Afrikaans and with other languages, such as English, and dialects such as Griqua Afrikaans and Cape Afrikaans. The data base thus compiled can be used in the teaching situation at the college.

A short historical background of the Tswana is provided in Chapter 2 in order to explain the influence of the course of their history on their use of language and language preferences. Some socio-economic and linguistic information regarding the Tswana language community is also provided. Chapter 3 outlines the research procedure.

The TswaA variety is predominantly the product of language contact; therefore special attention is paid in Chapter 4 to language modification with specific reference to language contact processes, namely borrowing and interference resulting from incomplete language assimilation. After this, interlanguage theory, mother tongue interference in L2 acquisition, language shifts and pidginisation are discussed. Then the reasons for language shifts, as well as the processes by which language modifications spread through a community, are examined. Finally, the effect of this contact situation on TswaA is briefly reviewed.

In Chapters 5, 6 and 7 the written and spoken data obtained from the sample group are examined and described from the perspectives of morphology, syntax and semantics. Significant differences from Standard Afrikaans, as well as points of correspondence with Griqua Afrikaans and Cape Afrikaans are indicated. With regard to morphology, the formation of plurals, diminutives and compounds, flexion and derivation are examined. Syntactic variation is discussed with reference to prepositions, pronouns, negation, the infinitive, the article and certain striking phenomena in verb

use and word order within sentences. With regard to compounds and derivations, the creation of new words is characteristic of the semantic variation in TswaA, as is ingenuity in the creation of own expressions. Existing South African lexical items undergo broadening of meaning in TswaA to compensate for limited vocabulary.

Typical characteristics found in TswaA reflect the influence of contact with other varieties and languages. Contact with Griqua Afrikaans is evident in morphological and syntactic correspondence, for example, the double diminutive, the hypercorrect *ge-* in the formation of the past tense, foregrounding of the *te* in the infinitive construction and the heaping up of the connectives *loop* and *gaan*. Constructions which are typical of Cape Afrikaans, but also occur in GA, and which have a high frequency in TswaA, are the use of *is* and *het* in infinitive constructions instead of *wees* and *hê* and the weak past tense form *gehet* instead of *gehad*.

The influence of English is apparent in numerous grammatical phenomena, such as the omission of the second *nie* in negative constructions, the use of prepositions, the use of *was* in place of *is* in the past tense of passive constructions, as well as in the many instances of derivation and borrowing and arbitrary code switches that occur.

TswaA is also a learner variety and reveals typical interlanguage characteristics, for example periphrastic marking in the indication of number and diminution, elevation of gender differentiation in the pronominal system, typical periphrastic forms such as prepositional division and the high frequency of unaltered SVO word order. However, from the absence of other typical interlanguage characteristics such as a high frequency of passive and copulatory constructions, it would seem that this variety has already undergone development and extension.

Mother tongue interference leads, for example, to direct translation of the mother tongue pattern, as can be seen in the anaphoric use of the pronoun and noticeable differences in word order from Standard Afrikaans.

These findings can serve as a data base and as guidelines in the teaching situation at the Phatsimang College of Education.